

DIE FINANSIERING VAN LANDBOUKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA.

deur

CHRISTIAAN HENDRIK POSHOFF

Proefskrif aangebied ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die graad

DOCTOR COMMERCIÏ (EKONOMIE/GELD-EN BANKWESE/BEDRYFSEKONOMIE)

In die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe
aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

PROMOTOR: Prof. dr. D.J. Viljoen

POTCHEFSTROOM

DESEMBER 1971.

DANKBETUIGING.

By voltooiing van hierdie studie wil ek graag my dank betuig teenoor die persone en instansies wat deur hulle bydraes die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het.

Aan Prof. D.J. Viljoen my opregte dank vir sy ervare leiding as promotor.

in Besondere woord van dank vir die verskeie koöperateurs in die praktyk met wie besprekings van tyd tot tyd gevoer kon word wat tot groot voordeel in hierdie studie toegepas kon word.

My dank aan die kantoor en personeel van die Registrateur van Koöperasies, asook die van die Landbank, wat my van groot hulp was by die verkryging van die benodigde statistiek.

Graag wil ek hier melding maak van die gewaardeerde aanmoediging en hulp wat ek van wyle Prof. F.J.J. Coetzee met hierdie studie tot met sy dood ontvang het.

Bowe al egter my dank aan Hom wat my tot hierdie arbeid bekwaam het en in Sy groot liefde en genade altyd bygestaan het.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1

DOEL EN METODE VAN DIE STUDIE

1.1	Inleiding	1
1.2	Aard en doel van die studie	1
1.3	Indeling van die studie	2
1.4	Afbakening van die studieveld	3
1.5	Algemeen	4

HOOFSTUK 2

DIE AARD EN OMVANG VAN 'N KOÖPERASIE

2.1	Inleiding	6
2.2	Die wese van 'n koöperasie	9
2.2.1	Die markeconomie as basis van 'n koöperasie ...	11
2.2.2	Ontstaan van die koöperasie	14
2.2.3	Doel van 'n koöperasie	15
2.2.3.1	Primêre doel	15
2.2.3.2	Sekondêre doel	20
2.2.4	Koöperasie as hulporgaan	24
2.2.5	Die juridiese status van 'n koöperasie	27
2.2.5.1	Juridiese status na buite	28
2.2.6	Koöperasie en wins	30
2.2.7	Die aktiwiteite van 'n koöperasie	33
2.3	Verskil tussen 'n koöperasie en 'n winsonderne- ming	37
2.4	Samevatting	39

HOOFSTUK 3

DIE LEER VAN DIE KOÖPERATIEWE FINANSIERING

3.1	Inleiding	41
3.2	Omskrywing van die begrip finansiering	41
3.3	Die doel van die finansieringsproses	44
3.4	Die aard van die koöperatiewe produksieproses ...	45

DIE LEER VAN DIE KOÖPERATIEWE FINANSIERING (VERVOLG)

4.1	Die koöperatiewe kapitaalbehoefte en die termyn daarvan	70
4.2	Die uitgangspunt by koöperatiewe finansiering ..	72
4.3	Optimum finansieringsplan	81
4.4	Die praktiese implementering van die koöperatiewe finansieringsmodel	89
4.5	Likiditeit en die finansieringsplan	99
4.6	Solvabiliteit en die finansieringsplan	102
4.7	Samevatting	104

HOOFSTUK 5DIE RAAMWERK WAARBINNE DIE LANDBOUKOÖPERATIEWE FINANSIERING GESKIED 106

5.1	Inleiding	106
5.2	Die landbouprysprobleem a.g.v. vraag- en aanbodtoestande	107
5.2.1	Aanbodgedraginge van landbouprodukte	107
5.2.2	Vraaggedraginge van landbouprodukte	110
5.2.3	Die landbouprysprobleem	111
5.2.4	Vraag- en aanbodelastisiteit van individuele landbouprodukte	112
5.2.4.1	Vraag- en aanbodelastisiteit gelyk aan mekaar	112
5.2.4.2	Die praktiese verloop van die spinnerakteorie	113
5.2.5	Die invloed van die landbouprysprobleem op die finansieringsplan	115
5.3	Landboumeganisasie en die duur van die produksieproses onder toestande van algemene ekonomiese uitbreiding en inkrimping	116
5.4	Die invloed van landbougroei en algemene ekonomiese ontwikkeling	119
5.4.1	Inleiding	119
5.4.2	Die invloed van ontwikkelinge aan die vraagsy (bemarkingsy)	120
5.4.3	Die invloed van ontwikkelinge aan die vraagsy op die finansieringsplan	124
5.4.4	Ontwikkelinge aan die produksiesy (aanbodsy) ..	125
5.4.5	Ontwikkelinge aan die produksiesy op die finansieringsplan	127

5.4.6	Die mededingstruktuur in die landbou	130
5.4.7	Die invloed van die mededingingstruktuur op finansiering	133
5.5	Die invloed van die landboubemarkingsrade	134
5.5.1	Inleiding	134
5.5.2	Doel en werking van die beheerrade	134
5.5.3	Invloed van die eenkanaalvasteprysskemas op die finansieringsplan	140
5.5.4	Invloed van die eenkanaalpoelskemas op die fi- nansieringsplan	141
5.5.5	Invloed van die vloerprysskemas op die finan- sieringsplan	142
5.5.6	Invloed van die kwotastelsel van wymbemarking op die finansieringsplan	143
5.5.7	Invloed van die bemarkingsmetode van wol op die finansieringsplan	143
5.5.8	Samevatting oor die invloed van die beheerrade	143
5.6	Samevatting	144

HOOFSTUK 6

DIE KOÖPERATIEWE FINANSIERINGSVORME 146

6.1	Inleiding	146
6.2	Die koöperatiewe finansieringsvorme	146
6.2.1	Aandelekapitaal	146
6.2.2	Reserwes	153
6.2.3	Roterende kapitaal	157
6.2.4	Lenings	162
6.2.4.1	Algemeen	162
6.2.4.2	Landbanklenings	163
6.2.4.3	Handelsbanklenings	171
6.2.5	Huurkoopfinansiering	172
6.2.6	Huurfinansiering	174
6.3	Samevatting	175

HOOFSTUK 7

DIE TOETSE VIR KOÖPERATIEWE FINANSIERING 177

7.1	Inleiding	177
7.2	Uitgangspunte by analisemetodes	177

7.3	Analisemetodes gebruik	181
7.4	Vergelykbaarheid van die verskeie koöperasies in die groepe en juistheid van die afdelings	182
7.5	Groottegroep per tipe produkgroep	184
7.6	Samevatting	186

HOOFSTUK 8

DIE FINANSIERING VAN LANDBOUKOÖPERASIES

IN SUID-AFRIKA

188

8.1	Inleiding	188
8.2	Die finansiering van koringkoöperasies in Suid- Afrika	188
8.2.1	Inleiding	188
8.2.2	Die aard van die koöperatiewe koringbedryf ..	189
8.2.2.1	Seisoensverloop	189
8.2.2.2	Samestelling van die omset van koringkoöpe- rasies	191
8.2.2.2.1	Groep A	191
8.2.2.2.2	Groep B	193
8.2.2.2.3	Groep C	193
8.2.2.2.4	Alle koringkoöperasies	193
8.2.3	Kapitaalstruktuur van koringkoöperasies	194
8.2.3.1	Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt .	195
8.2.3.1.1	Groep A	195
8.2.3.1.1.1	Eie kapitaal	195
8.2.3.1.1.2	Vreemde kapitaal	196
8.2.3.1.1.3	Totale kapitaal	196
8.2.3.1.2	Groep B	197
8.2.3.1.2.1	Eie kapitaal	197
8.2.3.1.2.2	Vreemde kapitaal	198
8.2.3.1.2.3	Totale kapitaal	198
8.2.3.1.3	Groep C	199
8.2.3.1.3.1	Eie kapitaal	199
8.2.3.1.3.2	Vreemde kapitaal	199
8.2.3.1.3.3	Totale kapitaal	199
8.2.3.2	Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt	200
8.2.3.2.1	Groep A	200

8.2.3.2.1.1	Eie kapitaal	200
8.2.3.2.1.2	Vreemde kapitaal	200
8.2.3.2.1.3	Totale kapitaal	200
8.2.3.2.2	Groep B	201
8.2.3.2.2.1	Eie kapitaal	201
8.2.3.2.2.2	Vreemde kapitaal	201
8.2.3.2.2.3	Totale kapitaal	201
8.2.3.2.3	Groep C	202
8.2.3.2.3.1	Eie kapitaal	202
8.2.3.2.3.2	Vreemde kapitaal	202
8.2.3.2.3.3	Totale kapitaal	202
8.2.4	Likiditeit van die koringkoöperasies	202
8.2.4.1	Groep A	202
8.2.4.2	Groep B	203
8.2.4.3	Groep C	204
8.2.5	Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op finansiering	205
8.2.6	Samevatting	207
8.3	Die finansiering van die mieliekoöperasies	208
8.3.1	Inleiding	208
8.3.2	Aard van die koöperatiewe mieliebedryf	208
8.3.2.1	Seisoenale verloop van die mieliekoöperasies	209
8.3.2.2	Samestelling van die omset van mieliekoöpe- rasies	211
8.3.2.2.1	Groep A	211
8.3.2.2.2	Groep B	211
8.3.2.2.3	Groep C	211
8.3.2.2.4	Alle mieliekoöperasies	211
8.3.3	Kapitaalstruktuur van mieliekoöperasies	212
8.3.3.1	Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt ..	212
8.3.3.1.1	Groep A	212
8.3.3.1.1.1	Eie kapitaal	212
8.3.3.1.1.2	Vreemde kapitaal	213
8.3.3.1.1.3	Totale kapitaal	213
8.3.3.1.2	Groep B	214
8.3.3.1.2.1	Eie kapitaal	214
8.3.3.1.2.2	Vreemde kapitaal	214
8.3.3.1.2.3	Totale kapitaal	214

8.3.3.1.3	Groep C	215
8.3.3.1.3.1	Eie kapitaal	215
8.3.3.1.3.2	Vreemde kapitaal	216
8.3.3.1.3.3	Totale kapitaal	216
8.3.3.2	Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt	216
8.3.3.2.1	Groep A	217
8.3.3.2.1.1	Eie kapitaal	217
8.3.3.2.1.2	Vreemde kapitaal	217
8.3.3.2.1.3	Totale kapitaal	217
8.3.3.2.2	Groep B	218
8.3.3.2.2.1	Eie kapitaal	218
8.3.3.2.2.2	Vreemde kapitaal	218
8.3.3.2.3	Groep C	219
8.3.3.2.3.1	Eie kapitaal	219
8.3.3.2.3.2	Vreemde kapitaal	219
8.3.4	Likiditeit van die mieliekoöperasies	220
8.3.4.1	Groep A	220
8.3.4.2	Groep B	220
8.3.4.3	Groep C	221
8.3.5	Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering	221
8.3.6	Samevatting	224
8.4	Die finansiering van die tabakkoöperasies	226
8.4.1	Inleiding	226
8.4.2	Die aard van die koöperatiewe tabakbedryf ...	226
8.4.2.1	Seisoenale verloop	226
8.4.2.2	Samestelling van die omset	227
8.4.2.2.1	Groep A	227
8.4.2.2.2	Groep B	229
8.4.2.2.3	Alle koöperasies	229
8.4.3	Kapitaalstruktuur van die tabakkoöperasies ..	230
8.4.3.1	Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt .	230
8.4.3.1.1	Groep A	230
8.4.3.1.1.1	Eie kapitaal	230
8.4.3.1.1.2	Vreemde kapitaal	231
8.4.3.1.1.3	Totale kapitaal	231
8.4.3.1.2	Groep B	232
8.4.3.1.2.1	Eie kapitaal	232

8.4.3.1.2.2	Vreemde kapitaal	232
8.4.3.1.2.3	Totale kapitaal	233
8.4.3.2	Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt	233
8.4.3.2.1	Groep A	233
8.4.3.2.1.1	Eie kapitaal	233
8.4.3.2.1.2	Vreemde kapitaal	234
8.4.3.2.1.3	Totale kapitaal	234
8.4.3.2.2	Groep B	235
8.4.3.2.2.1	Eie kapitaal	235
8.4.3.2.2.2	Vreemde kapitaal	235
8.4.3.2.2.3	Totale kapitaal	236
8.4.4	Likiditeit van tabakkoöperasies	236
8.4.4.1	Groep A	236
8.4.4.2	Groep B	237
8.4.5	Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op finansiering	237
8.4.6	Samevatting	240
8.5	Die finansiering van die sitruskoöperasies	241
8.5.1	Inleiding	241
8.5.2	Aard van die koöperatiewe sitrusbedryf	241
8.5.2.1	Seisoenale verloop	242
8.5.2.2	Samestelling van die omset	244
8.5.2.2.1	Groep A	244
8.5.2.2.2	Groep B	244
8.5.3	Kapitaalstruktuur van sitruskoöperasies	244
8.5.3.1	Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt ..	244
8.5.3.1.1	Groep A	244
8.5.3.1.1.1	Eie kapitaal	245
8.5.3.1.1.2	Vreemde kapitaal	245
8.5.3.1.1.3	Totale kapitaal	246
8.5.3.1.2	Groep B	246
8.5.3.1.2.1	Eie kapitaal	246
8.5.3.1.2.2	Vreemde kapitaal	246
8.5.3.1.2.3	Totale kapitaal	247
8.5.3.2	Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt	248
8.5.3.2.1	Groep A	248
8.5.3.2.1.1	Eie kapitaal	248

8.5.3.2.1.2	Vreemde kapitaal	248
8.5.3.2.1.3	Totale kapitaal	249
8.5.3.2.2	Groep B	249
8.5.3.2.2.1	Eie kapitaal	249
8.5.3.2.2.2	Vreemde kapitaal	249
8.5.3.2.2.3	Totale kapitaal	250
8.5.4	Likiditeit van die sitruskoöperasies	250
8.5.4.1	Groep A	250
8.5.4.2	Groep B	251
8.5.5	Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering	251
8.5.6	Samevatting	254

HOOFSTUK 9

DIE PRAKTIESE FINANSIERINGSVERLOOP VAN LAND- BOUKOÖPERASIES (VERVOLG)

9.6	Die finansiering van die wynkoöperasies	256
9.6.1	Inleiding	256
9.6.2	Aard van die koöperatiewe wynbedryf	256
9.6.2.1	Seisoenale verloop	258
9.6.2.2	Samestelling van die omset	259
9.6.3	Kapitaalstruktuur van die wynkoöperasies	259
9.6.3.1	Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt ..	259
9.6.3.1.2	Vreemde kapitaal	260
9.6.3.1.3	Totale kapitaal	260
9.6.3.2	Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt	261
9.6.3.2.1	Eie kapitaal	261
9.6.3.2.2	Vreemde kapitaal	261
9.6.3.2.3	Totale kapitaal	262
9.6.4	Likiditeit van die wynkoöperasies	262
9.6.5	Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering	262
9.6.6	Samevatting	267
9.7	Die finansiering van die suiwelkoöperasies	268
9.7.1	Inleiding	268
9.7.2	Die aard van die koöperatiewe suiwelbedryf ...	269

9.7.2.1	Seisoensverloop van die suiwelkoöperasies .	269
9.7.2.2	Samestelling van die omset	270
9.7.2.2.1	Groep A	270
9.7.2.2.2	Groep B	270
9.7.3	Kapitaalstruktuur van die suiwelkoöperasies .	273
9.7.3.1	Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt .	273
9.7.3.1.1	Groep A	273
9.7.3.1.1.1	Eie kapitaal	273
9.7.3.1.1.2	Vreemde kapitaal	274
9.7.3.1.1.3	Totale kapitaal	274
9.7.3.1.2	Groep B	274
9.7.3.1.2.1	Eie kapitaal	275
9.7.3.1.2.2	Vreemde kapitaal	275
9.7.3.1.2.3	Totale kapitaal	275
9.7.3.2	Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt	276
9.7.3.2.1	Groep A	276
9.7.3.2.1.1	Eie kapitaal	276
9.7.3.2.1.2	Vreemde kapitaal	276
9.7.3.2.1.3	Totale kapitaal	276
9.7.3.2.2	Groep B	277
9.7.3.2.2.1	Eie kapitaal	277
9.7.3.2.2.2	Vreemde kapitaal	277
9.7.3.2.2.3	Totale kapitaal	277
9.7.4	Likiditeit van die suiwelkoöperasies	277
9.7.4.1	Groep A	278
9.7.4.2	Groep B	278
9.7.5	Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering	278
9.7.6	Samevatting	282
9.8	Die finansiering van die vleiskoöperasies	284
9.8.1	Inleiding	284
9.8.2	Aard van die koöperatiewe vleisbedryf	285
9.8.2.1	Seisoensverloop	285
9.8.2.2	Samestelling van die koöperatiewe vleisbe- dryf	285
9.8.3	Kapitaalstruktuur van die vleiskoöperasies ..	288
9.8.3.1	Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt .	289

9.8.3.1.1	Groep A	289
9.8.3.1.1.1	Eie kapitaal	289
9.8.3.1.1.2	Vreemde kapitaal	289
9.8.3.1.1.3	Totale kapitaal	289
9.8.3.1.2	Groep B	290
9.8.3.1.2.1	Eie kapitaal	290
9.8.3.1.2.2	Vreemde kapitaal	291
9.8.3.1.2.3	Totale kapitaal	291
9.8.3.2	Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt	292
9.8.3.2.1	Groep A	292
9.8.3.2.1.1	Eie kapitaal	292
9.8.3.2.1.2	Vreemde kapitaal	293
9.8.3.2.1.3	Totale kapitaal	293
9.8.3.2.2	Groep B	293
9.8.3.2.2.1	Eie kapitaal	293
9.8.3.2.2.2	Vreemde kapitaal	294
9.8.3.2.2.3	Totale kapitaal	294
9.8.4	Likiditeit van die vleiskoöperasies	294
9.8.4.1	Groep A	294
9.8.4.2	Groep B	295
9.8.5	Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering	295
9.8.6	Samevatting	298
9.9	Die finansiering van die wolkoöperasies	299
9.9.1	Inleiding	299
9.9.2	Aard van die koöperatiewe wolbedryf	300
9.9.2.1	Seisoensverloop van die wolkoöperasies	301
9.9.2.2	Samestelling van die omset	303
9.9.3	Kapitaalstruktuur van die wolkoöperasies	303
9.9.3.1	Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt ..	303
9.9.3.1.1	Eie kapitaal	304
9.9.3.1.2	Vreemde kapitaal	304
9.9.3.1.3	Totale kapitaal	304
9.9.3.2	Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt	304
9.9.3.2.1	Eie kapitaal	304
9.9.3.2.2	Vreemde kapitaal	305
9.9.3.2.3	Totale kapitaal	305

9.9.4	Likiditeit van die wolkoöperasies	306
9.9.5	Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering	307
9.9.6	Samevatting	308

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS 311

10.1	Inleiding	311
10.2	Die aard en omvang van 'n koöperasie	311
10.3	Die aard en omvang van koöperatiewe finansiering	314
10.4	Die eksterne invloede op die finansieringsplan	323
10.5	Die koöperatiewe finansieringsvorme	326
10.6	Die praktiese verloop van die koöperatiewe finansiering	331
10.6.1	Koringkoöperasies	331
10.6.2	Mieliekoöperasies	333
10.6.3	Tabakkoöperasies	335
10.6.4	Sitruskoöperasies	336
10.6.5	Wynkoöperasies	337
10.6.6	Suiwelkoöperasies	338
10.6.7	Vleiskoöperasies	340
10.6.8	Wolkoöperasies	341
10.6.9	Algemene neiging by landboukoöperatiewe finansiering	342
10.7	Aanbevelings	343

G R A F I E K E .

BLADSY

1.	Denkbeeldige kapitaalbehoefte van 'n landboukoöperasie met slegs een bemarkingsaktiwiteit (in R100,000)	50
2.	Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbehoefte van 'n landboukoöperasie wat twee produkte bemark (in R100,000)	54
3.	Denkbeeldige kapitaalbehoefte van 'n koöperasie wat twee produkte bemark en boerderybenodigdhede en produksiekrediet aan lede verskaf ...	60
4.	Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbehoefte van 'n koöperasie	83
5.	Denkbeeldige voorbeeld van die optimum finansieringsplan van 'n koöperasie	86
6.	Prysindekse van landbouprodukte en boerderybenodigdhede (1947/48 - 1949/50 = 100)	128
7.	Landbankseisoenslenings aan koringkoöperasies vir verskeie jare	190
8.	Korttermyn landbanklenings aan alle koöperasies toegestaan vir boerderybenodigdhede	192
9.	Seisoenslenings aan mieliekoöperasies deur die Landbank vir verskeie jare	210
10.	Landbankseisoenslenings aan tabakkoöperasies vir verskeie jare	228
11.	Landbankseisoenslenings aan sitruskoöperasies vir verskeie jare	243
12.	Landbankseisoenslenings aan wynkoöperasies vir verskeie jare	257
13.	Landbankseisoenslenings aan suiwelkoöperasies vir twee jaar	272
14.	Landbankseisoenslenings aan 'n groep vleiskoöperasies vir 'n aantal jare	286
15.	Landbankseisoenslenings aan wolkoöperasies vir 'n aantal jare	302

FIGURE

BLADSY

1.	Die wese van 'n koöperasie	10
2.	Die individuele lede voor koöperasie	19
3.	Die individuele lede na koöperasie	19
4.	Kapitaalbehoefte by gelyktydige aanskaffing van duursame kapitaalgoedere	63
5.	Kapitaalbehoefte by opeenvolgende aankoop van duursame kapitaalgoedere	63
6.	Produksie- en prysgedraginge van 'n landbouprodukt met gelyke vraag- en aanbodelastisiteit, na ver- steuring van die prysewewig	112

Tabulle.

Bladsy.

I. Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbehoefte van 'n bemarkingskoöperasie met slegs een bemarkingsaktiwiteit	49.
2. Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbehoefte van 'n bemarkingskoöperasie wat twee produkte op seisoensgrondslag bemark.	54
3. Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbehoefte van 'n koöperasie wat twee produkte bemark en boerderybenodigdhede en produksiekrediet aan lode gee.	60
4. Kapitaalbehoefte van vier masjiene met verskil in lowensduur.	67
5. Denkbeeldige voorbeeld van die gemiddelde totale omsetposisie van 'n landboukoöperasie as basis vir die aanpasbare roterende fonds beginsel.	92
6. Denkbeeldige voorbeeld van die totale gemiddelde omsetposisie van lid I as basis vir die aangepaste roterende fonds beginsel.	92
7. Denkbeeldige kapitaalbehoefte per fisiese en waarde-eenheid van 'n landboukoöperasie as basis vir die aanpasbare fonds beginsel.	93
8. Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbydrae van lid I gebaseer op die aanpasbare roterende beginsel.	94
9. Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbydrae van lid I aangepas met die roterende kapitaalbeginsel.	95
10. Persentasieverdeling van die verskeie tipes kosteposte in landboukoöperasies in die V.S.A.	110
11. Indekse van produksie-insette in die Amerikaanse landbou in 1910 en 1950 (1935-1939 = 100).	118
12. Uitgawes aan voedselsoorte as 'n persentasie van die totale voedseluitgawes van blankes as beswaarde gemiddelde van 10 stedelike gebiede vir November 1955 (as persentasie)	123
13. Rentekoerse vir seisoenslenings van die Landbank	167
14. Minimum oortrokke bankrekoning rentekoerse van handelsbanke	168
15. Rentekoerse vir langtermynlenings van die Landbank aan koöperasies	170
16. Omsettotale per tipe en in totaal per produk en per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965	

17.	Omset per tipe en in totaal per produk per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965, as 'n persentasie	349
18.	Balansstaatposte per produk per groottegroep en in totaal op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965	350
19.	Reserwes per tipe en in totaal, asook lopende uitgawes per produk per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965	353
20.	Ledetotale per produk en per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965	354
21.	Kapitaalstruktuur per produk per groottegroep en in totaal op 'n drie jaar basis van 1953-1965	355
22A	Onderverdeling van lenings en vlottende bates per produk per groottegroep vir 1966	358
22B	Onderverdeling van die roterende kapitaal per produk en per groottegroep vir 1966	358
23.	Persentasieverdeling van reserwes per tipe per produk en per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965	359
24.	Opbetaalde aandelekapitaal as persentasie van die ingeskrewe aandelekapitaal per produk per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965	360
25.	Totale reserwes as 'n verhouding tot ingeskrewe en opbetaalde aandelekapitaal per produk en per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965	361
26.	Balansstaatposte per R100 omset per produk en per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965	362
27.	Balansstaatverhoudinge per produk per groottegroep op 'n drie jaar basis vanaf 1953-1965, uitgedruk as 'n verhouding	365

HOOFSTUK 1DOEL EN METODE VAN DIE STUDIE1.1 Inleiding

Wat die leer van die algemeen koöperatiewe, veral die landboukoöperatiewe finansiering aanbetref, bestaan daar lank reeds 'n behoefte aan 'n diepgaande ondersoek wat nie net die praktiese finansieringsverloop sal beskrywe nie, maar wat dit ook normatief kan beoordeel. So 'n studie is eerstens nodig omdat, wat die landboukoöperatiewe finansiering aangaan, daar nog nie duidelikheid oor die geldigheid of die doeltreffendheid van die huidige praktyk bestaan nie. Tweedens bestaan daar 'n mate van onduidelikheid oor die langtermynmaak en die finansiële behoeftes van die landboukoöperasies en of hulle wel die mas sal kan opkom. Derdens, en miskien die belangrikste, is so 'n studie van belang omdat daar dikwels in die praktyk geen normatiewe benadering ten opsigte van die koöperatiewe finansiering en die beoordeling daarvan, veral soos gesien teenoor die winshandel, bestaan nie. Hierdie beginselverskille word dikwels nie in ag geneem nie, of anders slegs as verskille van tegniese aard gesien, wat dan fundamentele oordeelsfoute by koöperatiewe finansiering kan meebring. Hierdie studie is 'n poging tot 'n bydrae in dié verband.

1.2 Aard en doel van die studie

Uit die aard van 'n koöperasie, netsoos enige ander ondernemingsvorm, is die praktiese doel om goedere en/of dienste voort te bring, op 'n kontinue basis. Om hierdie doel effektief te kan bereik, hang baie van die finansiering van die onderneming af, daar finansiering 'n belangrike hulpmiddel by die koöperatiewe bedrywigheid is.

Om die verloop en eise van die landboukoöperatiewe finansiering te kan verstaan, moet dit binne die raamwerk van die praktiese situasie gesien word waarbinne dit moet geskied. Dit bepaal nie net die aard van die finansieringsproses nie, maar ook die omvang daarvan. Die finansieringsfunksie word byvoorbeeld deur die volgende faktore beïnvloed:

1) die aard, omvang en verloop van die koöperatiewe aktiwiteit;

- 2) die inkomste- en uitgawevloei van die koöperasie;
- 3) die verskillende bates se lewensduur (dus die termyn van die kapitaalbehoefte);
- 4) die omsetsnelheid van die kapitaal;
- 5) die invloed van die konjunktuur;
- 6) die huidige toestand en ontwikkeling op die geld- en kapitaalmarkte;
- 7) die algemene ekonomiese (en veral landbou-ekonomiese) situasie, veral onder toestande van ekonomiese groei;
- 8) die invloed van die staat, veral as 'n leidinggewende en/of korrektiewe mag in die ekonomiese situasie van die land;
- 9) die bedryfsgrootte van 'n koöperasie (veral ten opsigte van sy praktiese werking) en
- 10) die finansieringsvorme beskikbaar vir die finansiering van die finansiële behoeftes.

Al hierdie faktore is van belang by die analise van die praktyk van landboukoöperatiewe finansiering in Suid-Afrika. Daarom moet ons in hierdie studie eers die koöperatiewe finansieringsproses in die algemeen beskryf, daarna let op die inwerking van bogenoemde praktiese faktore, en daarna moet die verkreë model met die praktiese finansieringsverloop by die koöperasies vergelyk word. Uit die aard van die saak is dit prakties onmoontlik om al die genoemde faktore in detail hier in aanmerking te neem; dit is ook nie nodig vir die afleidings wat gemaak moet word nie.

1.3 Indeling van die studie

Wat die metode en indeling van hierdie studie aanbetref, is dit deels 'n teoretiese en deels 'n toegepaste studie gebaseer op die praktiese finansieringsmetode onder die heersende ekonomiese toestande. Alvorens daar dus met die praktiese analise begin word, is daar eers 'n teoretiese normbenadering nodig. Dit begin met hoofstuk 2 wat oor die aard en omvang van 'n koöperasie handel en die basis vir die verdere verloop van hierdie studie vorm. Nie alleen word in hierdie hoofstuk getrag om die ware aard van 'n koöperasie te definieer nie, maar ook om aan te toon wat 'n koöperasie alles kan en mag doen.

In hoofstukke 3 en 4 word hierdie koöperatiewe aard en beginsels dan by die finansieringsbeginsels aangepas. Hieruit

word dan die beginsels van koöperatiewe finansiering afgelei. Dit vorm dan die model waaraan die praktyk van koöperatiewe finansiering getoets kan word. Nie alleen word hier getrag om die ware aard van die koöperatiewe finansiering te vind nie, maar ook om die verskille met die winsfinansiering, veral die praktyk daarvan, te kan aantoon.

In hoofstuk 5 word aandag aan die algemene raamwerk waarbinne die koöperatiewe finansiering moet optree, gegee. Uit die aard van die saak het gesonde finansiering nie net die minimum koste ten doel nie, maar ook die langtermyn voortbestaan van die koöperasie. Daarom moet die invloed van al die betrokke faktore op die koöperatiewe finansieringsmodel nagegaan word. Hieronder val veral die aard van die landboubedryf, die invloed van die gold en kapitaalmarkte, die invloed van landbou-ekonomiese groei, en dan veral die invloed van die staat via die be-merkingsrade op die aanbevole model van finansiering. In hoofstuk 6 word oorgegaan tot 'n bespreking van die finansieringsvorme wat in die praktyk tot die beskikking van die koöperasie is.

'n Bespreking van die verskeie metodes om die koöperatiewe finansieringspraktyk te ontleeë ten einde te kan vasstel in welke mate die praktyk met die teoretiese beginsels ooreenstem, vind in hoofstuk 7 plaas. Hierdie metodes word veral gebruik om die kapitaalstruktuur te ontleeë, asook die kapitaalbydrae per omsot. In hierdie ontleding word veral van die natuurlike-jaar-metode uitgegaan.

Nadat daar in hoofstukke 3 tot 7 aandag gegee is aan die koöperatiewe finansieringsmodel, en die inwerking van die praktiese toestande daarop, word hoofstukke 8 en 9 gewy aan die ontleding van die finansiering van koöperasies soos dit werklik in die praktyk plaasvind, geklassifiseer in produktegroepe en grootte-groepe. In die slothoofstuk word daar dan stilgestaan by 'n samevatting en aanbevelings. Sodoende sal daar getrag word om tot 'n vergelyk tussen die praktiese en teoretiese analise van die koöperatiewe finansieringsproses te kom.

I.4. Afbakening van die studieveld.

Uit die aard van die saak kan ons nie landboukoöperatiewe finansiering, en veral nie die praktiese aspekte daarvan, na behore ontleeë indien ons al die landbouprodukte as 'n geheel moet neem nie. So 'n totaliteitsiening bring dikwels probleme

mee omdat die verskillende produkte onder verskillende toestande bemark word. Daarom moet daar 'n produkgewyse skeiding wees. Verder kan ook nie alle landbouprodukte wat koöperatief gehanteer word in hierdie studie ingesluit word nie; dit sou dan 'n te breë veld van ondersoek meebring. Die praktiese ondersoek is dus slegs tot mielies, koring, vleis, suiwel, sitrus, tabak, wyn en wol beperk. In werklikheid word meer produkte gedek, aangesien die meeste koöperasies met heelwat meer produkte te doen het. Die betrokke indeling geskied slegs volgens die hoofproduk wat gehanteer word. 'n Breër bespreking van die afbakeningskriteria en die werklike afbakening self word in hoofstuk 7 gegee.

Die voor die hand liggende rede vir hierdie afbakening spruit uit die feit dat daar geen sinvolle praktiese analise, veral nie van die toepassing van die koöperatiewe beginsels, gemaak kan word indien ons al die produkte as 'n totaal neem nie. Deur die afbakening per tipe en die indeling per groottegroep word probeer om die gebruik van gemiddeldes meer sinvol te maak, en meer in ooreenstemming met die werklikheid te bring. Selfs hierdie indeling sal ook nog probleme meebring deurdat geen twee koöperasies se toestande dieselfde is en in die geheel in ooreenstemming met die gemiddelde van die groep sal wees nie.

1.5 Algemeen

Hierdie studie dek 'n groot aantal uiteenlopende landboukoöperasies. Daarom sal die bevindinge in die geheel nie noodwendig op al die landboukoöperasies in die betrokke groep van toepassing wees nie. Hierdie ondersoek moet dan ook slegs as 'n inleidende ondersoek na die koöperatiewe finansiering gesien word. Dit moet mettertyd opgevolg word met 'n detail studie per produktegroep waarin die besondere behoeftes en die probleme van die afsonderlike koöperasies in die groep meer aandag kry. Die huidige studie is slegs op gemiddeldes per produktegroep gebaseer. Hierdie saak is belangrik, omdat die seisoensverloop 'n bepalende faktor by landboukoöperatiewe finansiering is, en die seisoen nie by alle koöperasies in die groep dieselfde is nie. Die rede vir die verskil is dat aanverwante produkte, wat van 'n baie kleiner omvang as die hoofproduk is, ook bemark word. Bewus van die feit dat 'n analise wat slegs op die statistiek berus hierdie probleme kan meebring, is daar getrag om die

te oorkom met ondersoek en samesprekings ter plaatse. Heelwat afleidings in hierdie studie berus dan ook op inligting verkry uit die samesprekings met koöperateurs van die betrokke produkte, waardeur die interpretasie van statistiese inligting dikwels 'n groter werklikheidskarakter gekry het. 'n Verdere ontbrekende faktor in hierdie studie is die vraagstuk van finansiële kontrole. Alhoewel dit 'n onderwerp is wat slegs aanverwant aan hierdie studie is, is dit tog van primêre belang by finansiering. In hierdie studie word dit slegs oppervlakkig aangeraak. Eers nadat 'n studie van hierdie aanvullende aspekte onderneem is, sal ons 'n redelik volledige studie van landboukoöperatiewe finansiering hier te lande hê.

'n Verdere belangrike probleem wat met die praktiese studie ondervind is, is dat die kapitaalstruktuur grootliks uit ekonomiteitsoogpunt (dit wil sê volgens die metode van finansiering) benader kon word, maar dat daar nie baie aandag aan die finansiële struktuur uit 'n doelmatigheidsoogpunt (dit wil sê volgens die doel van finansiering by 'n koöperasie) gegee kon word nie. Laasgenoemde behels veral 'n studie oor die aspek in hoeverre die lid se finansiering van die koöperasie in ooreenstemming met sy omset is. By gebrek aan geskikte syfers kon hierdie aspek van die studie slegs op gemiddelde syfers per lede-aktiwiteit gedoen word, dit wil sê per omset.

HOOFSTUK 2.

DIE AARD EN OMVANG VAN 'n KOÖPERASIE.

2.I. Inleiding.

Daar is in die loop van jare al heelwat pogings deur deskundiges en ander aangewend om die ware aard van 'n koöperasie te ontleed en te omskrywe. Sommige van hierdie pogings was van 'n suiwer wetenskaplike aard en objektief, andere weer meer subjektief ter regverdiging van soms nie-ekonomiese denke en praktyke. Die gevolg hiervan is 'n ryke oes aan 'n verskeidenheid van denke en definisies wat heel dikwels tot onversoenbare standpunte aanleiding gee. Dit is bykans 'n onmoontlike taak om die opvattinge van al die skrywers in hierdie verband in die bestek van hierdie hoofstuk na te gaan, ten einde tot die omskrywing van die wese van 'n koöperasie te kom. Ons sal dus hier net 'n kort opsomming van die ontwikkeling van die begrip koöperasie weergee.

Die ontwikkeling van die koöperatiewe denke kan hoofsaaklik in drie fases ingedeel word, naamlik die sosio-reformatoriese fase, die juridiese fase en die ekonomiese fase. Die sosio-reformatoriese fase, wat veral in die praktyk deur die opkoms van die koöperatiewe beweging in Europa gekenmerk was, het saamgeval met die koms van die Industriële Rewolusie in Engeland. Terselfdertyd vind ons ook die opkoms van die rasionalisme en die idee van die ekonomiese liberalisme wat staatsonthouding aan die ekonomie en die idee dat die heil van die gemeenskap geleë is in die nie-inmenging in die handeling van die individu, gepropageer het. Die teorie van die onsigbare hand¹⁾ wat die ekonomie van 'n land self sou reël en reguleer, is tiperend hiervan. In die praktyk het die ontwikkelde ekonomiese teorie van "les harmonies économiques", soos deur Bastiat ontwikkel, nie aan die kenmerke en verwagtinge van die voorstanders van die vrye ruilverkeershuishouding voldoen nie. Nie alleen het dit konsentrasie van ekonomiese mag in die hande van 'n paar enkelinge gebring nie, maar het dit ook tot onnoembare ellende aanleiding gegee. Die sosio-reformatoriese fase moet dan ook gesien word as 'n reaksie op hierdie toestande. Veral gelci deur Owen en sy volgelinge soos Blanc,

1) Smith, A. An inquiry into the nature and causes of the wealth of nations. Methuen Co. Ltd., London, 1925, p.421.
 2) Heller, W. Grundprobleme der Volkswirtschaftslichen Theorie, Budapest, 1931. p. 12.

Fourier en andere, het hulle begin soek na 'n ander ordening van die ekonomiese lewe. Tiperend van hierdie fase is die siening van Owen wat 'n voorstander was van 'n soort koöperatiewe sosialisme waarin arbeid, grond en kapitaal sou saamwerk in kolonies wat op selfvoorsiening gerig is. Koöperasie, wat vir hom alle fasette van die mens se lewe van die wieg tot die graf moes behartig, was dus 'n middel tot vervanging van die kapitalisme.

Alhoewel hierdie fase in die koöperatiewe denke nie veel konstruktiefs tot die begrip van wat 'n koöperasie is bygedra het nie, en daarby baie utopies van aard was, leef die idees van Owen nog voort in die sosialistiese lande. Ons vind dit vandag nog in sekere teorieë oor koöperasie as 'n soort van lewenswyse getipeer.

Die tweede ontwikkelingsfase in die koöperatiewe denke is veral deur 'n juridiese benadering tot die begrip koöperasie gekenmerk. Dit volg uit die feit dat koöperasies in die tweede helfte van die vorige eeu soos paddastocle opgeskiet het, en die wetgewers moes daarmee rekening hou. Jacob¹⁾ en Kaufmann²⁾ kan veral as die verteenwoordigers van hierdie fase gesien word. Die uitgangspunt by hierdie fase was dat die koöperasie 'n vereniging van persone is, soos gestel teenoor 'n vereniging van kapitaal. Hoewel hulle in 'n sekere sin van die reformatoriese fase afgowyk het, was hulle teorieë nog grootliks op die Owenistiese hervormingsidee gebaseer, hoewel Kaufmann as 'n latere eksponent van hierdie fase meer as 'n suiwer ekonomiese orgaan binne die kapitalisme wou sien.

Tot hierdie stadium is die omskrywing van 'n koöperasie egter hoofsaaklik op praktiese voorbeelde gebaseer, en was daar min sprake van 'n analitiese teorie in dié verband. So bevind Emelianoff³⁾ so laat as 1942 dat van die drie-en-twintig toe reeds bestaande definisies nie twee ooreenstem nie, en dat van die ses-en-veertig beginsels wat dié drie-en-twintig definisies behels, slegs drie beginsels by meer as vyf van hierdie definisies ooreenstem.

1) Jacob, E. Volkswirtschaftliche Theorie der Genossenschaften. Berlin, 1913.

2) Kaufmann, H. Die Stellungnahme der Sozialdemokratie zur Konsumgenossenschaftsbewegung. Hamburg, 1911.

3) Emelianoff, I.V. Economic Theory of cooperation. Washington D.C., 1948, pp. 27-28.

Die ekonomiese fase word gekenmerk deur 'n ekonomiese analise van die begrip koöperasie. Hierdie fase het begin met die verskyning van die werk van Valenti¹⁾, is verder uitgebrei deur die baanbrekerswerk van Liefmann²⁾, en het uiteindelik gekulmineer in die genoemde werk van Emelianoff, wat as die "magnum opus" van die wetenskaplike denke oor die begrip koöperasie gesien kan word. Die verskillende sienings in hierdie fase kan weer in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik die Amerikaanse en Duitse skole, wat dan ook vandag die tradisionele verdeling van die begrip koöperasie vorm. Tot die Amerikaanse skool behoort Emelianoff as sy grondlegger, met Robotka, Phillips, Kaarlehto, Ohm en Ter Woorst as sy volgelinge. Tot die Duitse skool behoort Draheim, Henzler, Valko en Frietema.

Die Amerikaanse skool sien die koöperasie as 'n vorm van onvolledige integrasie tussen selfstandige ekonomiese subjekte. Ter Woorst³⁾ som die siening soos volg op: "Hierbij integreert de samenwerkingsvorm slechts één of meer taken of functies van de bedrijfs-of gezinshuishoudingen en laat deze voor al het overige volkomen zelfstandig. Ook in deze gedachtengang word een dualisme gesignaleerd, echter dit word toegeschreven aan de onvolledigheid van de integratie. Enerzijds namelijk ten aanzien van de externe betrekkingen- is de coöperatie zelfstandig, anderzijds echter- ten aanzien van de interne relaties met de samenwerkende economische subjekten-is ze afhankelijk". Dit gaan by hierdie skool dus suiwer om die ekonomiese aard van die koöperasie as 'n onselfstandige hulpbedryf aan die lede. By hierdie siening wil ek my aansluit.

By die Duitse skool word die klem veral gelê op: "...die Doppelnatur aller Genossenschaften: sie sind Personenvereinigungen und Betriebswirtschaften(Geschäftsbetriebe)"⁴⁾. As vereniging van persone is die koöperasie 'n sosiologiese organisme wat volgens Draheim⁵⁾ berus op wisselwerkinge waarvan die karakter oorwegend ekstra-ekonomies is. Dit word gedra deur

1) Valenti, C. L'associazione cooperativa contributo all teoria economica della cooperazione. Modena, 1902.

2) Liefmann, R. Die Unternehmungsformen. Stuttgart, 1923.

3) Ter Woorst, G.J. Cooperatie als vorm van ekonomiese organisasie. Van Mastrigt en Verhoeven N.V., Arnhem, 1966. p. 16.

4) Henzler, R. Die Genossenschaft eine fördernde Betriebswirtschaft. Essen, 1957. p. 22.

5) Draheim, G. Die Genossenschaft als Unternehmungstyp. Göttingen, 1952. p. 16.

dinge soos 'n gevoel van isolering, die solidariteit van die nood, die drang tot selfhandhawing by die individu, naasteliefde, goeie buurskap ens. As gemeenskaplike bedryf sal die koöperasie weer ekonomies georiënteerd wees en moet dit ekonomies rasioneel optree om in sy doel te kan slaag. Hiervolgens kan ons dus die "homo economicus" en die "homo cooperativus" langs mekaar in die koöperasie vind.

Vir doeleindes van hierdie hoofstuk sal ons ons hoofsaaklik bepaal by ons eie siening in dié verband, wat nou by die van die Amerikaanse skool aansluit. Dat 'n omskrywing van wat 'n koöperasie behels nodig is, is duidelik, want daarsonder sal die implikasies van die koöperatiewe finansiering moeilik begryp kan word.

Die vraag na wat 'n koöperasie is, sal in hierdie hoofstuk aan die hand van die skematiese voorstelling in figuur I behandel word. In figuur I word van die standpunt uitgegaan dat die koöperasie 'n onselfstandige hulporgaan ter bevordering van die lede se ooreenstemmende ekonomiese belange is. Koöperasie geskied hier met die primêre doel om vir die varkboerdery se bemerkingsaspek 'n hoër prys op die mark te beding (in hierdie geval is die vloei vanaf die lid via die koöperasie na die mark), of om byvoorbeeld vir die boer goedkoper produksiebenodighede aan te koop (in hierdie geval is die vloei vanaf die mark via die koöperasie na die lid). Hierdie primêre doel kan hier slegs oor die langtermyn slaag indien dit op die sekondêre doel van markbeïnvloeding via die groepsverband van die lede berus. Verder blyk dit uit Figuur I dat die koöperasie se juridiese status na die ledekant onselfstandig is, terwyl dit na die marksy selfstandig is.

Hierdie drie fasette in figuur I, naamlik die doel van 'n koöperasie, koöperasie as onselfstandige hulporgaan en die juridiese status van 'n koöperasie, vorm die vernaamste aspekte van ons bespreking van die aard van 'n koöperasie. Daarna moet ons let op die belasbaarheid al dan nie van 'n koöperasie. Ten slotte kom ons by die vraagstuk of 'n koöperasie soos in figuur I getipeer slegs byvoorbeeld beperk is tot die bemerking van die betrokke lede se varke en of dit nie terselfdertyd as 'n hulporgaan vir die ander bedryfsaktiwiteite van die betrokke lede kan geld nie.

2.2 Die wese van 'n koöperasie.

Die wese van n koöperasie.

Bedryfs-en verbruiks-
huishoude.

		Finansier	Produksie	Arbeid	Bemarring
Boer A	Varkboerdery				
	Beesboerdery				
	Saaiboerdery				
	Verbruikshuishoude				
Boer B	Varkboerdery	Finansier	Prod.	Arbeid	Bemarring
	Sakeman				
	Beesboerdery				
	Verbruikshuishoude				
Boer C	Varkboerdery	Finansier	Prod.	Arbeid	Bemarring
	Beesboerdery				
	Verbruikshuishoude				
	Tabakboerdery				
Boer D	Varkboerdery	Finansier	Prod.	Arbeid	Bemarring
	Beesboerdery				
	Melkboerdery				
	Verbruikshuishoude				

Onselfstandige optrede na lods-
kant, gebaseer op die proporsio-
naliteitseis.

Onselfstandige hulporgaan
ter bevordering van die
lods se oorsienstemende
ekonomiese belange


Koöperasie

Self-
standi-
ge optre-
de na
marksy.

Primêre doel
Markbeïnvloeding via prysverho-
ging of kosteverlaging of verkry
van beter voordele.

Sekondêre doel

Teennag op die mark via die
lods as groep oor die kort-
sowel as die langtermyn.



In- en verkoopsmarkte.

2.2.I. Die markeconomie as basis van 'n koöperasie.

Die kernvraag by al die ekonomiese handelinge van die mens is om sy relatief skaars behoeftebevredigingsmiddele ten beste aan te wend. Dit staan bekend as die ekonomiebeslissing. Selfs al bestaan daar geen georganiseerde ekonomiese stelsel in 'n land nie, geld hierdie feit nog. In die bestaansekonomie (die sogenaamde Robinson Crusoe-ekonomie), hoewel daar nog geen sprake van 'n georganiseerde ekonomiese stelsel is nie, moet die individu ook trag om die relatief skaars behoeftebevredigingsmiddele tot sy beskikking so aan te wend dat dit sy behoeftes maksimaal sal bevredig. Hier is die individu instaat om al sy ekonomiese aktiwiteite self te verrig en te beheer. Namate die aard en omvang van hierdie ekonomiebeslissing ogter toeneem, byvoorbeeld deurdat ruilhandel tussen die verskeie individue ontstaan, ontstaan daar 'n algemene behoefte tot ordening van die ekonomiese aktiwiteite in so 'n land. Dit word aangehelp deur spesialisasie.

Basies kan hierdie ekonomiese onderneming volgens twee alternatiewes geskied. Die eerste is waar die ordening aan die vrye werking van die vraag en aanbod, dus die prysmeganisme, oorgelaat word. Die tweede vorm is waar die ordening van alle ekonomiese aktiwiteite in oen sentrale plan saamgetrek word. Alle ekonomiese aktiwiteite word dus gereël en beheer volgens hierdie sentrale plan. By hierdie ordeningsbegrip, naamlik die sentraalgeleide ekonomie, pas die begrip koöperasie soos in figuur I uiteengesit nie in nie, aangesien ons by die koöperasie juis uitgaan van die individuele optrede, vry van 'n sentrale plan. Daarom kan 'n koöperasie eintlik net onder die kapitalisme funksioneer.

As 'n onbeplande ekonomie word die kapitalisme gekenmerk deur die volgende:

- 1) die produksiefaktore (grond, arbeid en kapitaal) is privaatbesit van die individu en die produksie vind plaas deur die privaatinisiatief van die individu. Die individu is dus vry om die produksiefaktore aan te wend volgens eie goeddunke, en die aanwending daarvan word gelei deur die winsmotief.
- 2) inkomste word deur die individu in geldelike vorm ontvang deur die verkoop van die dienste van produksiefaktore en van die verkryging van wins wat uit die produksie van goedere en dienste voortvloei.

- 3) die individuele lede van die stelsel besit 'n keusevryheid ten opsigte van spaar en investering, verbruik en beroep.
- 4) die kapitalisme funksioneer nie volgens 'n sentrale plan van die staat nie. "Market prices ¹⁾, on which the decisions of producing units are based, are as a rule, not set by the government; under competitive conditions they are the result of market forces." Die prysvormingsproses wat op die ekonomiese aksie van produksie en verbruik van die individuele lede van die ekonomie via vraag en aanbod berus, is dan ook sentraal by die werking van die kapitalisme.

Uit die voorafgaande kenmerke blyk dit dat alles om die ekonomiese aktiwiteite van die selfstandige individu draai. Emelianoff ²⁾ sê dan ook: "If the competitive economy is an exchange economy and, therefore, a price economy, it also is a individualistic economy, in the sense that a society is dissociated into separate economic bodies or economic individualities functioning under the competitive price regime ... If the price is the central and pivotal fact in the existing economic system as its basic functional characteristic, the concept of economic individual or economic unit is obviously just as cardinal a structural attribute of such system. The economic units are the subjects of all the wealth-getting and wealth-using activities of men in the existing economic order." Hierdie ekonomiese individu definieer hy dan soos volg: "An economic unit or economic individual is an economic body admittedly complete and sufficiently integrated for individual existence economy-independent (in condition of exchange economy-interdependent) economic functioning."

Alhoewel die individuele ekonomiese eenheid die kern is waarom alle aktiwiteite in die kapitalisme draai, hoef hierdie ekonomiese eenheid nie noodwendig 'n fisiese individu te wees nie. In die praktyk is dit grootliks slegs die geval by die familie-eenheid. Die individu koppel sy ekonomiese aktiwiteite dikwels in samewerking met ander individue, aan 'n instelling, met die beter werking van die betrokke aktiwiteit ter behoeftebevrediging as doel. Kollektiewe ekonomiese optrede is vandag aan die orde van die dag en neem dikwels groot afmetings aan, byvoorbeeld die moderne maatskappyvorm. Hierdie kollektiewe optrede wat spruit uit die beginsel van die mees ekono-

1) Halm, G.N. Economic systems. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1961. p. 36.

2) Emelianoff, op. cit., p. 47.

miese aanwending van die individu se skaars behoeftebevredigingsmiddels, kan geskied met beter produksie of verbruik as doel, of die meer rasionele aanwending van 'n produksiefaktor byvoorbeeld kapitaal, soos in die geval van 'n aantal boere wat 'n implementekoöperasie stig, omdat die individuele aankoop van die implemente deur elke boer afsonderlik nie ekonomies geregverdig kan word nie.

Hierdie kollektiewe ekonomiese optrede kan ook as 'n ekonomiese eenheid getipeer word, omdat dit ook die "wealth getting" en "wealth using" ten doel het.¹⁾ Hulle bly egter op een of ander wyse aan die individu gekoppel ('n maatskappy kan nie 'n mens word nie). Emelianoff²⁾ sê dan ook: "Actually acquisitive and spending functions are combined in economic individuals, and their correlations in economic units give firm ground for the classification of these units and for orientations". Die einddoel van die kollektiewe aksie is dus om die ekonomiese beslissing uit te voer, maar die onmiddellike (materiële) doel verskil by elkeen. Dit bring dan ook 'n verskil in die ekonomiese struktuur en die juridiese status van hierdie georganiseerde eenheid mee. Daarom kan ons 'n koöperasie soos in figuur I beskryf, nie by die sentraalgeleide ekonomie kry nie, omdat dit daar nie aan die selfstandige ekonomiese individu gekoppel kan word nie. Dit volg omdat die ekonomiese beslissing slegs deur die sentrale plan geneem word en daar dus geen plek of nodigheid vir die individu oor is om beslissings in hierdie verband te neem.

Daar hierdie "wealth getting" en "wealth using" die totale ekonomiese aktiwiteite van die individu omvat, moet ons kortliks op die aard daarvan let. Die "wealth using" beteken behoeftebevrediging. Die mense het byvoorbeeld behoeftes aan huisvesting, finansiering, kleding, voedsel, opvoeding, higiëne en gesondheid, die geestelike funksie, maatskaplike verhoudinge, voorsiening vir die toekoms en ontspanning. Die mens sal hierdie behoeftes self deur eie handeling probeer bevredig, of oorgaan tot die produksie van goedere en dienste wat dit kan bevredig. Omdat die aktiwiteite in 'n ruilekonomie plaasvind, kry ons dat as gevolg van die spesialisasie nie alle ekonomiese eenhede op produksie konsentreer nie, maar dat sommige op die verkoop van hulle produksiefaktore in die produksieproses spesialiseer (byvoorbeeld die verkoop van arbeid). Die opbrengs word dan gebruik om die geproduseerde

1) Emelianoff, op.cit., p.47.

2) Ibid, p.41.

goedere en dienste aan te koop. Die opbrongs van hierdie verkope vloei weer terug na die produsente, sodat hulle weer opnuut kan produseer.

Die ekonomiese lewe van 'n land kan dus gesien word as 'n kringloop tussen produksie en verbruik, dus die geld-goederekringloop. Aan die een kant sal produksie-eenhede (of individue of groepe daarvan wat in een of ander organisasievorm saamwerk) as kern wees, met verbruikseenhede (enkellinge of 'n groep enkellinge in 'n organisasievorm saamgesnoer vir beter behoeftebevrediging) aan die anderkant. Ons kan hierdie stroom tussen produksie en verbruik ook in bedryfskolomme indeel. Elke kolom bestaan uit die reeks opeenvolgende stadiums wat grondstowwe ondergaan op die weg vanaf die produsente tot by die uiteindelijke verbruikers waarvan elke afdeling 'n bedryfs-tak vorm. ¹⁾ Elk van hierdie bedryfskolomme word weer onderverdeel, byvoorbeeld die boerderybedryfskolom bestaan uit produksie, bemarking, verwerking en verkope. Namate spesialisasie vorder kry ons nog verdere onderverdelings van die bedryfskolom. Al die bedryfskolomme saam sal die hele maatskaplike of volksproduksie aantoon.

Uit die voorafgaande en uit figuur I is dit duidelik dat 'n koöperasie vir 'n sekere ekonomiese doel gestig word deur selfstandige ekonomiese individue, en dat dit alleen in 'n vrye ekonomiese orde kan funksioneer. Alvorens ons dus die aard en omvang van 'n koöperasie kan omskryf, moet die doelcindes waarvoor 'n koöperasie gestig word nagegaan word.

2.2.2. Ontstaan van die koöperasie.

Die ontstaan van die eerste suksesvolle koöperasie gedurende die tydvak van die Industriële Rewolusie in die vorige eeu, het midde in die bloesityd van die rasionalisme en die klassieke liberale stelsel van privaatbesit, vryheid van oorkoms, winsstrewes en die negering van die vorming van ekonomiese magsblokke aan die vraag-of aanbodkant geval.

Die staatsonthouding aan die ekonomiese lewe het 'n skeeftrekking van die ekonomiese orde meegebring, wat ekonomiese magsgroepe en gevolglik uitbuiting laat ontstaan het. Hierdie magsblokke het juis as 'n uitvloeisel van die vrye mededinging

1) Rädcl en Roynders, (red.) Inleiding tot die bedryfseconomie. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1965. p.15.

ontstaan, omdat die ondernemers mededinging via groepsvorming wou uitskakel, Hierdeur het die individuele markbeïnvloeding deur veral die arbeiders en die boere onmoontlik geword, en hulle is dan ook dikwels uitgebuit soos wat dit die geval in die dorpie Rochdale was. Daar het toe by hierdie inwoners die behoefte ontstaan om deur middel van samewerking 'n mag op die mark te skep om hulle die ekonomiese belange daardeur te bevorder. Die ou Rochdale pioniers het dan ook die koöperasie gestig as 'n ekonomiese orgaan om hulle aankope teen meer realistiese pryse en van 'n beter kwaliteit te kry, en om sodoende 'n mag teen die handelaar, wat hulle so uitgebuit het, te vorm. Dit vorm dan ook die doel waarom hulle 'n koöperasie gestig het.

2.2.3. Doel van 'n koöperasie.

Uit die voorafgaande kom twee aspekte na vore, naamlik eerstens dat hulle die prys op die mark wou beïnvloed deur tweedens 'n teenmag op die mark te vorm. Dit vorm die primêre en sekondêre doel van 'n koöperasie, en dit is beide ekonomies van aard. Die primêre doel is om as markbeïnvloedende mag by wyse van prysverhoging of die verkryging van beter prysvoorwaardes of vir die verkryging van laer pryse by aankope op te tree. Die gedagte van die ekonomiese voordele van die lid, wat in die praktyk gewoonlik die hoofrede is waarom lede by die koöperasie aansluit, vloei direk hieruit voort.

Die sekondêre doel behels dat hierdie lede as 'n demokratiese groep op die mark optree om sodoende die primêre doel van beter ekonomiese voordele vir die lede te laat slaag oor die kort- sowel as die langtermyn. Die primêre doel, naamlik ekonomiese voordeel, kan moeilik bereik word as die groep nie saamstaan as 'n magsfaktor om hierdie voordele af te dwing nie. Elk van hierdie twee doelstellings sal nou nagegaan word.

2.2.3.I. Primêre doel.

Om die wese van die primêre doel te verstaan is dit nodig om daarop te let dat die samelewing uit baie individuele bedryfshuishoudinge bestaan wat elk 'n eie ekonomiese eenheid vorm, met 'n eie regs persoonlikheid wat gewoonlik onafhanklik van mekaar bestaan en met mekaar kompeteer. Dit is vandag juis hierdie afhanklikheid in 'n interafhanklike stelsel wat

dikwels meebring dat die ekonomiese aktiwiteite nie op die doelmatigste manier geskied nie; dikwels omdat die voordeligste (optimum) omvang van die aktiwiteite nie bereik kan word nie.

Daar bestaan egter in die bedryfswêre die verskynsel dat die individuele bedryf in sy strewing na optimumwinsts neig om slegs daardie funksies in die bedryfswêre te verrig wat dit die doelmatigste kan doen en om die ander funksies wat dit nie so voordelig kan verrig nie, na ander instansies af te stoot. Byvoorbeeld, indien die bestaande kapasiteit van 'n bedryf nie sy bemarkingsfunksie teen die laagste koste kan verrig nie, kan besluit word om dit na 'n ander instansie af te stoot waar die beste bedryfsgrootte wel bestaan om hierdie funksie teen die laagste koste te kan verrig. Hierdie differensiasie met die gevolglike integrasie¹⁾ geskied dus met 'n beter kapasiteitsbenutting as doel. Die afskeiding van byvoorbeeld die bemarkingsfunksie na 'n koöperasie deur die talle klein huishoudinge is 'n voorbeeld van die strewing om hierdie funksie doelmatig te laat verrig.

Hierdie samevoeging (as 'n vorm van integrasie) van 'n ekonomiese aktiwiteit om sy funksie sodoende optimaal te kan vervul kan volgens Emelianoff²⁾ op drie wyses geskied, naamlik: 1) deur die uitbreiding van bestaande ekonomiese groothede; 2) deur samesmelting en konsolidasie, of 3) deur die koördinasie van die aktiwiteit van bestaande ekonomiese eenhede.

Dit is duidelik dat die eerste tipe volumevergroting behels. By die tweede vorm verloor die ekonomiese eenhede hulle ekonomiese selfstandigheid, iets wat by die derde vorm nie gebeur nie. Hierdie laaste vorm sal in wese net ontstaan indien die eerste vorm, wat die uitbreiding van 'n bestaande onderneming impliseer, of die tweede vorm wat die stigting van 'n geheel nuwe ekonomiese eenheid impliseer, in die bestaande markvorm die afgesplitste ekonomiese funksie nie tot bevrediging van die individu kan verrig nie, en die derde vorm dit meer bevredigend of teen 'n laer koste kan doen.

Hierdie integrasie-aspek het nie net die koste-aspek

1) Differensiasie en integrasie word hier bedoel in die sin van afstoting, en daarna samevoeging van gelyksoortige funksies in die bedryfswêre.

2) Emelianoff, op. cit., p.92.

van beter benutting ten doel nie, maar ook om risiko's te verminder. In die huidige markkekonomic van onvolledige mededinging en groter spesialisasie en meganisasie word die risiko-element verbonde aan kapitaalinvestering al groter. Hierdie twee hoofaspekte van die integrasieproses, te wete die strewe na 'n optimumgrootte en die vermindering van die risiko van die belegde kapitaal, speel vandag 'n groot rol in die ekonomie, veral waar die individuele bedryfshuishouding se afsonderlike handelinge klein is. Onderworpe aan hierdie faktore en die strewe na maksimum behoeftebevrediging of winsmaksimalisasie as doel, besluit elke individuele huishouding in watter mate dit sy ekonomiese funksies self moet verrig of afskei, asook in welke vorm dit moet geskied. Voorlopig kan beweer word dat die koöperasie so 'n vorm van funksie-afskieding is. Welke tipe, sal nou nagegaan word.

Die individuele onderneming, byvoorbeeld die boer, moet 'n groot verskeidenheid van ekonomiese funksies in die bedryfskolom verrig. Noodwendig sal nie al die funksies ewe doelmatig verrig kan word nie, omdat die omvang van die individuele boerderyeenhede te klein is. Die ondernemers(boere) besluit dan, volgens die derde metode hierbo genoem, tot die samevoeging of koördinasie van bepaalde aktiwiteite van hulle ekonomiese eenhede (boerderye) deur middel van 'n koöperasie. Die bepaalde bedryfsaktiwiteite waarvan die optimumverrigting te hoog vir die individuele boer is, word nou saam met die van ander boerderyeenhede op 'n gemeenskaplike basis verrig. In die koöperasie, wat as 'n vorm van funksie-afskieding geskied, kan die funksie nou meer doelmatig en voordelig verrig word, terwyl dit selfs uitgebou kan word om byvoorbeeld bo en behalwe die verkoop van produkte ook die verwerking daarvan te onderneem.

Dit is belangrik om daarop te let dat slegs sekere bedryfsaktiwiteite deur die boer aan die koöperasie oorgedra word. Die ander aktiwiteite word nog soos gewoonlik deur die boer onderneem met die gevolg dat hy as individu nog in volle beheer van sy ekonomiese eenheid is, sonder om sy individuele selfstandigheid prys te gee.

Die beginsel soos hierbo aangetoon met betrekking tot die primêre doel van die koöperasie en toegepas op die landbou, is ook van toepassing op al die verskillende soorte koöperasies, naamlik:

By 'n bemarkingskoöperasie word die bemarkingsfunksie van die declnemende individuele ekonomiese eenhede op die koöperasie afgeskuif om dan deur gesamentlike optrede en deur vergroting van die omvang, die optimum verrigting daarvan te verkry en die koste van bemarking te verminder. Hierdie aksie kan in die algemeen gesien word as kosteverlaging, en dit sal meewerk om die verskil tussen koste en opbrengs te vergroot.

By 'n verwerkings-(produksie-)koöperasie gaan dit om die verdere uitbouing van die bemarkings- en die aankoopfunksie. Sover dit bemarking betref, word die aksie voordeliger gemaak vir die lid deur dit in 'n verwerkte vorm te bemark, terwyl daar by die aankope van boerderybenodigdhede of deur selfvervaardiging van die benodigdhede kosteverlaging te weeggebring kan word.

By dienskoöperasies word die verskaffing van 'n bepaalde diens soos finansiering, assuransie, elektrisiteitsvoorsiening, mediese dienste, behuising en talle ander op 'n gesamentlike basis op die koöperasie afgeskuif. Die doel is dus beter bevrediging van die behoeftes van die individuele ekonomiese individue op 'n gesamentlike basis. Deur die optimum verrigting daarvan deur middel van die koöperasie word, afgesien van die voordeel van die diens op sigself, ook kosteverlaging in die hand gewerk.

Dit is belangrik om daarop te wys dat prysverhoging en/of kosteverlaging nie net die korttermynposisie behels nie, maar dat dit tot 'n groot mate met die oog op die langtermyn geskied. Dit is dan ook verstaanbaar, want die lid stel normaalweg nie net belang in die verkryging van 'n eenmalige wins of kostevoordeel nie, maar eerder in die verkryging van hierdie voordeel oor die langtermyn.

Terloops mag die aandag daarop gevestig word dat die voorafgaande teoretiese analise hom nou by die stelsel van verpoeling aansluit, maar aan die anderkant dat die prysverhogende funksie van die koöperasie in botsing met die vaste-pryskema van sommige beheerrade kom. Hierdie wetlike reëling van die vaste pryse verswak net die werking van die koöperatiewe beginsel, maar verander dit nie. Slegs die breër ekonomiese raamwerk waarbinne die koöperasie in die praktyk moet optree, het daardeur verander, maar nie die koöperatiewe

wesensaard self nie.

Hierdie koöperatiewe aard en die primêre koöperatiewe doel van markbeïnvloeding deur die strewe na hêr pryse of laer koste kan ook op die volgende wyse verduidelik word. Ter Woorst stel dit soos volg voor waar twee boere self voer produseer om hulle varke te voer en te bemark.

Figuur 2.

Die individuele lede voor koöperasie.


Onderneming A	Aankoop van kuns- mis	Produksie van graan	Voer van varke	Verkoop van varke
------------------	-----------------------------	------------------------	-------------------	----------------------

Onderneming B	Aankoop van kuns- mis	Produksie van graan	Voer van varke	Verkoop van varke
------------------	-----------------------------	------------------------	-------------------	----------------------

Elkeen van hierdie aktiwiteite kan gesien word as 'n funksie of kapasiteitsonderdeel van die totale individuele onderneming (of boere in die voorbeeld). Die gebroke lyn tussen die bedryfsonderdele toon die ekonomiese gebondenheid van die onderdele binne die onderneming aan. Die deurstroming tussen die afdelings geskied sonder die tussenkoms van 'n mark, iets wat eers na die laaste stadium bykom. Indien die selfstandige ondernemings A en B met mekaar ooreenkom om gesamentlik die verkoop van die varke te behartig, ontstaan figuur 3 in die verband. Dit is logies dat lyn X (figuur 3) 'n dinamiese lyn is wat na links sal skuif sodra die lede besluit om meer van hierdie funksies koöperatief te onderneem.

Figuur 3.

Die individuele lede na koöperasie.



2.2.3.2 Sekondêre doel

Uit die voorbeeld van die bemarkingsfunksie ter illustrasie van die primêre doel volg dat dit by die koöperasie wel om die individu gaan, maar dan as deel van die groep. As die enkeling nie deur die groep optree nie, kan hy dikwels (behalwe as hy 'n baie groot boer is) nie die mark self sodanig beïnvloed om die primêre doel te laat slaag nie. Die groepsverband (die sosiale aspek) is besonder belangrik, want 'n sterk groepsverband onder die lede is 'n noodsaaklike voorvereiste vir suksesvolle ekonomiese optrede. Die rede hiervoor is tweeledig. Eerstens vereis die afnameplig van die koöperasie dat dit al die aangebode produkte van al die lede moet neem, selfs ten tye van groot oorskotproduksie. Dit volg uit die aard van 'n koöperasie dat dit nie die produk van die lid inkoop nie en dus nie volle beheer daarvoor het om daarmee te maak wat dit wil nie. Dit beteken dat die koöperasie baie moeilik vir die lid kan sê wanneer en hoeveel hy van die produk nodig het. Tweedens, omdat die koöperasie ten opsigte van die bemarking met die winsonderneming verskil wat volle beheer oor die produk na aankoop verkry en dit dus kan koop of verkoop wanneer die mark daarvoor gunstig is, moet meeding, kan ontroue lede ten tye van oorproduksie groot skade aanrig. Die houding dat die lid slegs van die koöperasie gebruik maak indien dit vir hom voordelig is, byvoorbeeld om ten tye van oorskotte sy beste produkte aan die winsonderneming te verkoop en die res dan op die koöperasie af te laai, maak dit onmoontlik vir die koöperasie om sy ekonomiese funksie ten beste te kan verrig.

In dié verband is die siening van Ladd ¹⁾ van toepassing. Hy sê: "There are then two kinds of bargaining power. The first stems from advantages that can be offered to the other party for accepting your terms. The second stems from the ability to make the other party worse off if he does not accept your offer." Die eerste tipe mag noem hy "bargaining gain" en die tweede "bargaining pain power." Die koöperasie sonder 'n sterk groepsverband kan nie die tweede vorm, wat byvoorbeeld die weerhouding van die lede se produkte van die mark behels, uitoefen nie. Sodoende kan 'n monopolie aan die vraagkant die primêre doel van die koöperasie verydel. 'n Aantal melkboere

1) Ladd, G.W. Agricultural bargaining power. Iowa State University Press, 1964, p. 14.

in 'n sekere gebied bemark byvoorbeeld hulle melk koöperatief, maar hulle verteenwoordig nie al die boere in die omgewing nie. Gestel aan die ander kant dat die koper van die melk, wat die melk vars aan die publiek lower of dit verwerk na botter en kaas, die enigste koper daarvan in die omgewing is. Die boere se koöperatiewe mag is nie baie sterk in hierdie situasie nie. As hulle nie die fabrikant se prys wil aanvaar nie, sal hy wel melk by die ander nie-koöperatiewe lede te koop kry. Daar sal dan nie veel van die prysverhogende funksie van die koöperasie terug kom nie. Indien die koöperasie egter oor die totale aanbod van melk in die omgewing beskik, stel dit hom in staat om met 'n dreigement van nie-lowering of self selfverwerking van die lede se melk, beter voorwaardes vir die lede van die fabrikant af te dwing. Daarom behoort verwerking ook tot die koöperatiewe funksie. Waar hierdie sosiale band nie sterk is nie, moet ons met Galbraith^{I)} saamstem: "The cooperative is a loose association of individuals. It cannot control the production of its members and, in practice, it has less than absolute control over their decision to sell...a strong bargaining position requires ability to wait-to hold some or all of the products."

Hierdie sterk groepsverband (met lojale lede) as vereis- te vir geslaagde optrede oor die langtermyn, word deur Butz²⁾ beklemtoon: "In more recent years the competition for the farm market has grown more intense, margins on many products have been squeezed and it became more difficult for cooperatives to show the dramatic per unit saving formerly demonstrated.... the problem is particularly acute in marketing where many farmers apparently have the idea that successful marketing involves several cents per bushel or several dollar per hundred-weight over the current market price. There may be isolated cases where this is possible. But in general, improvements in marketing are going to be measured in terms of nickels, dimes and quarters, not dollars."

Die werking van hierdie sosiale aspek (groepsverband) van die koöperasie in die praktyk word duidelik deur die uitbetaling van die opbrengs by die stelsel van verpoeling geïllustreer. Suiwer ekonomies gesien behels die koöperatiewe taak

I)Galbraith, J.K. American capitalism: the concept of countervailing power. London, 1952. p.116.

2)Butz, D. Farmers in the market economy. Iowa State University press, 1964. p.229

om te strewende na 'n hoër prys by bemerking, dat dit slegs prakties korrek is indien die opbrengsprys duidelik en maklik toegedeel kan word na elke lid so oorspronklik aangebode produkte in dieselfde verhouding as wat die poelstelsel dit bo die voor- skotprys verhoog het. Prakties is dit byna onmoontlik. Indien die opbrengs van die poel egter nie op hierdie wyse toegedeel word nie, is dit nog nie in stryd met die koöperatiewe aard nie. Die lid sluit juis aan omdat die gesamentlike aksie via die poel vir hom byvoorbeeld beter bemerkingsvoordele verseker. Deur die doelbewuste verpoelingsaksie verloor die individu se produkte juis 'n mate van hulle individualiteit. Dit is wel ekonomies doelmatig dat die opbrengsprys na elk van die oorspronklik aangebode produkte toegedeel word, maar dan slegs indien dit prakties moontlik is. Dit sal ook net nodig wees waar die produkte in kwaliteit van mekaar verskil, en dan ook net wanneer die verskillende kwaliteite nie apart van mekaar verpoel kan word nie.

Hierdie teenmag via die groepsverband, is nie net om suiwer ekonomiese redes van belang nie. Juis as gevolg van die belangrikheid van die groep kry dinge soos die demokrasie en hulp aan my ekonomies swakkeres naaste weer nuwe betekenis. So sô Steenekamp¹⁾ "Die dienste van 'n koöperasie het nie net ten doel om die lede materiëel sterker te laat staan nie, maar direk en indirek dra dit ook by tot die innerlike geestesgesteldheid van sy lede. Ware koöperasie skop daardie atmosfeer waarin onderlinge hulp en naasteliefde kan ontkiem, ontwikkel en versterk voortgaan. Eiebelang, afguns en hebsug is dan ook eienskappe wat beveg word en geen bestaansreg in die koöperatiewe atmosfeer het nie."

Om hierdie rede is die bewering wat oor die verdeling van die opbrengs van die poelstelsel gemaak is, logies. Daarom is die toepassing van die praktyk van een man een stem ook nie verkeerd nie. Die sosiale aspek van koöperasie behels tog in sy wese dat alle lede gelyke behandeling in die koöperasie sal geniet. Hierdie faset kan ons dan ook die nie-ekonomiese doel van koöperasie noem.

Hieruit volg dan ook 'n verdere kenmerk van die sosiale aspek van koöperasie. Omdat die lede die uitoefening van die primêre doel binne die groepsverband nastreef, kan die indi-

1) Steenekamp, F.J.L. Landboukoöperasies in Suid-Afrika 1900-1960. Ongepubliseerde D.Comm.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1963. p. 374.

viduele lid se wil nie in elke situasie geld nie. In belang van ekonomiese effektiwiteit moet die individu se voorkeure soms ten behoeve van die groepsvoorkeur agterweë bly, om sodoende die primêre doel te laat slaag. Om hierdie rede is die vereniging van persone by die koöperasie van groot belang, en moet die demokratiese wil van die lede, soos later gesien sal word, altyd geld. Daarom is 'n saak soos bestuurselfstandigheid van die amptenary onder die dekmantel van ekonomiese effektiwiteit, iets wat geheel in stryd is met die aard van 'n koöperasie.

Daar moet egter nie gekonkludeer word dat die sosiale aspek van die koöperasie die oorheersende en die bepalende is nie. In die moderne ekonomie moet die koöperasie homself op ekonomiese gronde kan regverdig. Dit is in die eerste instansie geen welsynsorganisasie vir 'n deel van sy lede, sodat hulle op die ekonomies sterkere lede kan teer nie. Die groepsvorming by koöperasie is primêr tot die ekonomiese voordele-motief te herlei, en sekondêr tot sosiale motiewe van helpmekaar en naasteliefde. In die verband beweer Abma ¹⁾ dat die koöperatiewe gesindheid vandag al meer die gevolg en nie meer die oorsaak van die koöperatiewe aktiwiteit is nie. Deur die eie ekonomiese voordeel word die lid na koöperasie getrek, waar hy dan via die groep eerstens homself, en tweedens sy medeboer ekonomies vooruit help. Laasgenoemde is 'n neweproduk van sy deelname in die groep in sy strewe na eie ekonomiese voordeel. Hieruit volg dan ook dat die genoemde siening van die Duitse skool waar die "homo cooperativus" (die koöperatiewe gesindheid) en die "homo economicus" (die ekonomiese gesindheid) tegelykertyd langs mekaar in die koöperasie kan bestaan, nie die ware aard van 'n koöperasie tipeer nie. Wel is hierdie twee aspekte beide in die koöperasie teenwoordig, maar die sosiale aspek is ondergeskik aan die ekonomiese en is die gevolg daarvan. Ons moet egter nooit die sosiale aspek van koöperasie, naamlik die gedagte van helpmekaar maar met die behoud van elkeen se individualiteit, met die verabsoluttering daarvan verwar nie. Koöperasie bly primêr 'n ekonomiese hulporgaan vir sy lede en nie iets wat die hele mens omsluit of die kapitalisme wil hervorm soos wat dit die sienings van Owen en Blanc was nie.

1) Abma, E. Leiding en leden in landbouwcoöperaties. J.A. Boom en Zoon, Meppel, 1962, pp. 64 -- 65.

'n Voorbeeld van hierdie allesomvattende siening van koöperasie kry ons byvoorbeeld by die arbeidsproduksiekoöperasie. Emmering¹⁾ sê dan ook ten opsigte van hierdie soort koöperasie: "Zij nemen hun gansche werkvermogen in beslag. De verbruiksvereniging daarentegen vragen de belangstelling hunner leden slechts voor zoover zij koopers zijn en dan nog slechts voor zoover zij koopers zijn van een zeker aantal produkten; het overschot hunner werkvermogen blijft ten dienste van het kapitalisme." Daarenteen vind ons in die volgende stelling van Müller²⁾ 'n goeie voorbeeld van die oorbeklemtoneing van die sosiale aspek van 'n koöperasie, wat koöperatisme genoem kan word, en tot die sosiaal hervormende denke oor wat 'n koöperasie is, behoort. Hy sê: "want indien de coöperatie gelijk heeft met haren leerstellingen ten aanzien van het wezen, de ontwikkelingsmogelijkheid en de strokking der beweging van het coöperatief verbruik, indien de socialisatie der productiemiddelen werkelijk op grootte schaal mogelijk is zonder sociale revolutie, zonder de dictatuur van het proletariaat, zonder gedwonge onteigening, indien de coöperatie werkelijk instaat is op den duur het kapitalistische regime met al zijn gebreken te veranderen en te hervormen, zijn scherpe klasse-tegenstellingen te vervangen door een algemene organisatie der verbruikers, dan is de theorie van den klassenstrijd verkeerd... omdat zij de arbeidsklasse verhinderd den juisten weg te volgen, die haar in werkelijkheid naar haar bevrijding leidt".

Uit die voorafgaande blyk dit dat die koöperasie 'n taak het om vir sy lede te vervul. Wat die aard van hierdie taak is, en of die koöperasie dit as 'n selfstandige orgaan uitvoer of nie, moet nou nagegaan word. Daarna moet in 'n volgende afdeling op die juridiese status van 'n koöperasie gelet word.

1.2.4. Koöperasie as 'n hulporgaan.

Om die vraag te kan beantwoord wat die aard van die taak is wat die koöperasie vervul, moet ons na die betekenis van die funksie van aktiwiteitsafskieding kyk.

1) Emmering, J. Neutrale en sosialistiese coöperatie. E. v.d. Velde, Amsterdam, 1917. P. 86.

2) Müller, H. Het beginsel der neutraliteit in de verbruikscoöperatie. Basel, 1962. p.63.

Die lede van 'n koöperasie bestaan uit individuele ekonomiese eenhede wat los van mekaar optree en selfstandig is, elkeen met sy eie private huishouding asook een of meer bedryfsaktiwiteite met as basis dieselfde funksie, maar ook weer met verskillende onderlinge verhoudinge tot mekaar (sien figuur 1). Hierdie funksie van die gesins- of bedryfsaktiwiteite kan volgens die funksionele beskouing veral in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik eerstens die bestuursfunksie (of die ekonomiese of die beheerfunksie) en dit behels gesins- en/of bedryfsleiding. Die taak van die bedryfs- (cf gesins-) leier omsluit veral beplanning, organisasie, aktivering, en beheer. Tweedens is daar die operatiewe of bedryfsfunksies (of die tegniese uitvoeringsfunksie) wat die werklike verrigting van die bedryfsaktiwiteite behels ten opsigte van die bedryf. Die vestigings-, tegniese-, personeel-, finansiële-, regs-, kommersiële en navorsingsfunksies word in die verband onderskei (sien punt 2.3). 'n Gedeelte, een of selfs meer as een van hierdie gelyksoortige bedryfsfunksies word na die koöperasie oorgedra.

Soos in punt 2.2.3.1 gestel is, bestaan die derde vorm van samewerking soos deur Emelianoff genoem uit die samevoeging van bepaalde aktiwiteite van bestaande ekonomiese eenhede, sonder dat hulle individuele ekonomiese selfstandigheid ten opsigte van die ander aktiwiteite geraak word. Dit is dus slegs die bedryfsfunksie van die bepaalde bedryfsaktiwiteit wat na die koöperasie oorgedra word terwyl die lede nog die bestuursfunksie daarvan bly behou en om dit op 'n gesamentlike basis met die ander lede te beoefen. Al word die verkoopsfunksie by bemerking nou gesamentlik verrig, bly dit nog ekonomies (ten opsigte van die bestuur daarvan) aan die ander funksies van die boer verbind. Die boere besluit nie om saam te boer of om hulle bedrywe te laat saamsmelt nie, maar slegs om een funksie van hulle produksieproses tesame te doen. Ten opsigte van al die ander funksies van die boerdery bly die boer selfstandig. Hy bepaal self die bedryfsgroette van sy boerdery, die kwaliteit van sy vee, wat hy hulle gaan voer, en wanneer hy hulle gaan bemark, alhoewel sy bemarkingskoöperasie adviserend in dié verband kan optree. Alleen die bemarkingsfunksie, wat 'n essensiële onderdeel van sy bedryf is, doen hy nie self nie. Hy kap egter nie hierdie funksie af of dra dit aan die handelaar oor nie, hy voer slegs hierdie funk-

sie saam met sy medeboere uit. Dit beteken dat hierdie koöperasie ekonomies (dus ten opsigte van sy bestuur) aan die lid (of die direksie as sy gedelegeerdes) verbonde bly. Alleen tegnies, dus ten opsigte van die operatiewe of bedryfsfunksie, is daar 'n oorgang ter uitvoering van die operatiewe funksie self. Dit is die wese van 'n koöperasie.

In hierdie verband sê Ter Woorst¹⁾: "Uit die feit derhalwe dat die betreffende markfunksie als het ware technies deur die beide ondernemingen word afgesplits, mag nie word gekonkludeer dat daarmee ook die gebondenheid (aan die lid ten opsigte van die bestuursfunksie) verlore sou gaan. Waren dat naamlik dit geval dan sou er een volkome differentiatie van verkoopfunksies ontstaan naer een selfstandige onderneming". Dat selfstandigwording nie die geval is nie, word bewys deur die hofsak tussen die Perskeraad en Langeberg koöperasie in die Kaapse Hooggeregshof.²⁾ Die regter het naamlik bevind dat Langeberg nie verplig is om die vaste minimumprys van die Perskeraad as voorskot aan sy lede uit te betaal nie, daar Langeberg nie die vrugte van sy lede inkoop nie, maar slegs as die lede se verkoopsagent in hierdie verband optree.

Dit beteken dat die koöperasie nie op homself en los van die lede gesien kan word nie; as die lede wegval, val die koöperasie ook weg. 'n Mens kan jou wel die lede sonder die koöperasie voorstel, maar nie andersom nie. So beweer Lambers³⁾ "De lede ondernemingen of huishoudingen coördineren slechts bepaalde ekonomiese funksies of taken, die essensieel tot die eigen gezins- of bedryfsaktiwiteite behoren. Op deze wijze tracht men het ekonomiese eenheden te verbeter en niet dat van die coöperatiewe organisasie". Deurdat die lid slegs die operatiewe aspek van die funksie delogeer, kan die koöperasie geen ander taak as hulpmiddel vir die lid hê nie; sy doel kan dan ook nie verskil van die van sy lede nie. Daarom kan die koöperasie nie ten opsigte van die lid in 'n inkoopverhouding staan nie, want die koöperasie en die lid bly in die ekonomiese sin van die afgeskeie funksie geïntegreerd. Hierdie onselfstandigheid as ekonomiese hulpporgaan bepaal dan ook nie net die doel van die koöperasie nie, maar ook sy kenmerke en juridiese struktuur. Omdat die regsbevoegdheid van die koöpera-

1) Ter Woorst, op.cit., p.30.

2) Anoniem. Langeberg wen hofsak oor perskeprys. Die Landbouweekblad, Jaargang 50, II Junie 1968. p. 25.

3) Lambers, H.W. Over de institusionele mark. Rede, Rotterdam, 1958, p.3.

sie in die praktyk, wat tog uit sy ekonomiese doel voortvloei, 'n skynbare botsing met die begrip van 'n koöperasie as 'n onselfstandige hulporgaan meebring, moet ons vervolgens op die juridiese status van 'n koöperasie let.

2.2.5. Die juridiese status van 'n koöperasie.

Die vraag ontstaan of, gesien die onselfstandige aard van 'n koöperasie, dit dan in werklikheid nie met regs persoonlikheid bekleed moet word nie. In die praktyk gebeur dit tog wel. Die oplossing lê in die tweeslagtige aard van 'n koöperasie. Ten opsigte van sy lede staan 'n bemarkingskoöperasie soos ons gesien het byvoorbeeld nie in 'n inkoopverhouding nie, en tree dit dan ook nie selfstandig teenoor sy lede op nie. In dié verband gedra die koöperasie hom dus soos 'n bedryf.^{I)} Na buite tree hierdie koöperasie egter op 'n inkoop- of verkoopsmark op.

I) Die verskil tussen onderneming of bedryf kan, na aanleiding van die werk van Thierry, naamlik 'Algemene ekonomie en bedryfseconomie (G.W. van der Wiel en co., Arnhem, 1963, pp. 12-15) soos volg uiteengesit word: Uitgaande van die selfstandige individuele bedryfshuishouding en die ekonomiteitstrewesien hy die bedryf as 'n produksiesel, 'dus elke eenheid waarin in die ruimste sin geproduseer of waarde geskep of toegevoeg word. Hy definieer die bedryf as: "een op kontinuïteit ingestelde organisasie, waarin een door het ekonomiese gezichtspunt beheerste systematiese kombinasie van produktiefaktore plaatsvindt, teneinde de maatskappelijke voortbrenging te dienen." Die wesenkenmerke van die bedryf is vir hom die strewesien na ekonomiteit; dit maak nie saak of dit om die behaal van 'n wins gaan en of dit slegs ter vervulling van byvoorbeeld 'n diens soos vuilgoedverwydering in 'n dorp gaan en van buite bekostig word nie. Onder onderneming verstaan hy: "een op kontinuïteit ingestelde selfstandige organisasie met het doel door het produceren en verkopen van goederen en diensten winst te maken, daarbij anticiperend op toekomstige behoeften". Die onderneming tree dus selfstandig en vir eie rekening in die ruilverkeershuishouding op. Die strewesien na ekonomiteit word hier die strewesien na wins.

Om enigsins aan sy doel te beantwoord, kan die koöperasie nie vir elke aksie na buite eers al die lede bymekaarbring om hul- le toestemming daarvoor te verkry nie. Ten opsigte van die inkoop- of verkoopmarkte of buitepersone tree die koöperasie juridies selfstandig op en gedra die koöperasie hom dus soos 'n selfstandige onderneming. Ter Woorst ¹⁾ stel hierdie tweeslagtigheid soos volg: "Ze is namelijk enerzijds zelfstandig ten opzichten van de markten, echter anderzijds direkt economisch afhankelijk van de deelnemende gesins- en bedrijfshuishoudingen. De tweeslagtigheid ontstaan doordat die eisen die de onderneming stelt kunnen afwijken van de eisen die het bedrijf stelt. In dit verband is het met name het bedrijfskarakter der coöperatie, dat ten zeerste beïnvloed kan worden door buite economische faktoren."

2.2.5.1 Juridiese status na buite

Hier gaan dit veral oor die koöperasie se optrede op die inkoop- en verkoopmarkte. Soos reeds gemeld, tree die koöperasie selfstandig na buite op. Dit volg veral uit die eise van die moderne ekonomie wat verhoed dat die bestuur eers al die lede vir elke beslissing bymekaar moet roep soos wat dit die geval was by die ou kunsmisbestelverenigings in die vorige eeu. Die al meer selfstandige optrede van die bestuur, onder druk van ekonomiese omstandighede, beteken nog geen verselfstandiging van die koöperasie via sy amptenare nie.

Dat die argument ten opsigte van bestuursselfstandigheid net oënskynlik is, kan die beste geïllustreer word aan die hand van die inkoopfunksie. Deurdat die lid sy inkoopfunksie uit 'n tegniese oogpunt afgeskei het, moet die lid derhalwe juridiese mag aan die koöperasie gee vir optrede op die inkoopsmark. Die koöperasie word dus met regspersoonlikheid bekleed om die inkoopfunksie namens die lede te verrig. Indien die koöperasie nou byvoorbeeld ten opsigte van die aankope begin standaardiseer, geskied dit slegs omdat dit sy taak as hulporgaan vir die lid beter wil uitvoer. Dit kom daarop neer dat die koöperasie sy lid se behoefte ondersoek, dit dan teen die verskeie make op die mark toets, en dan die gewildste en mees praktiese maak vir sy lede in voorraad sal hou.

1) Ter Woorst, op. cit., p. 35.

Hierdie praktyk van standaardisasie wat met die koöperasie se regs persoonlikheid saamhang, beteken nog nie bestuurselstandigheid nie, want die lid verloor nie alle seggenskap oor sy aankope nie. Indien die besware van die lede teen die bestaande praktyke van standaardisasie groot genoeg is, kan die lede dit op die algemene jaarvergadering verwerp. Solank die bestuur se optrede in ooreenstemming is met die meerderheidsgevoel onder die lede, handel die bestuur nog nie selfstandig nie. By die koöperasie tree die lid tot die groep toe en by die uitoefening van die groep se gesamentlike aktiwiteit is dit logies dat die lid se wil ondergeskik gemaak word aan die groepswil. Dit maak geen verskil of hierdie groepswil op die jaarvergadering te voorskyn kom en of dit deur middel van lideskakeling gepeil word of via die weg van die direksie as die verteenwoordigers van die lede nie. Die swak bywoning van jaarvergaderings is verder geen aanduiding van bestuurselstandigheid nie. Dit kan ook beteken dat die lede tovrede is met die ekonomiese voordele (soos byvoorbeeld verteenwoordig deur die praktyk van standaardisasie) wat die koöperasie aan die lid lewer en dat die optrede van die koöperasie dus nog in ooreenstemming met die meerderheidswil onder die lede is. Dit moet egter toegesê word dat hierdie nie-belangstelling dikwels lede-afvalligheid in die hand kan werk en in vrye hand ten opsigte van standaardisasie deur die koöperasie via sy amptenare se bestuursaktiwiteite kan verselfstandig. Daarom het skakelwerk by veral die groter koöperasies belangrik geword.

Die praktyk dat die wet vandag koöperasies toelaat om met beperkte aanspreeklikheid te registreer, word verder aangegryp om te bewys dat die koöperasie nie in 'n afhanklikheidsverhouding met die lid staan nie, maar dat dit as 'n selfstandige onderneming funksioneer. Beperkte aanspreeklikheid by 'n koöperasie kan egter nie hierdie betekenis hê nie. 'n Koöperasie tree na buite op 'n mededingende mark op, en as gevolg van die afnameplig vergroot die bemarkingsrisiko's baie. Dit is onbillik om te verwag dat die boer hierdie bemarkingsrisiko's, wat grootliks buite sy beheer is omdat die funksie in die hande van 'n gehuurde amptenarekorps is, wat selfstandig na buite kan optree, sy ander funksies in die boerdery, byvoorbeeld produksie, onnodig in gevaar moet stel. Hierdie toeweging van beperkte aanspreeklikheid moet dan ook gesien word

as 'n soortgelyke geval as staatsteun aan die industrië via invoerbeheer, ens.

Hierdie wetlike toegewing neem egter nie die feit weg dat die strewe daar moet wees dat die lede se risikodraging en kapitaalbydrae in verhouding met hulle totale aktiwiteite deur middel van die koöperasie moet wees nie. Dit word die koöperatiewe proporsionaliteitseis genoem. Die term proporsionaliteitseis moet hier nie met die bedryfsekonomiese begrip van die mees gunstige verhoudings verwar word nie. Koöperatiewe proporsionaliteit eis dat daar 'n ooreenstemming tussen die lid se omset deur die koöperasie en sy kapitale bydrae tot die koöperasie moet wees.

Dit moet egter duidelik verstaan word dat hierdie proporsionaliteitseis slegs 'n ekonomiese doelmatigheidseis en nie 'n beginsel van koöperasie is nie. Of die lede onderling reël dat slegs die rykste lid al die kapitaal en dus die kapitaalrisiko dra, en of elke lid proporsioneel met sy omset bydra, is slegs 'n saak van besighedspraktyk (metode) en nie van 'n koöperatiewe beginsel nie. Omdat die koöperasie 'n ekonomiese organisasie is met 'n ekonomiese doel, is dit ekonomies doelmatig of normatief (dus uit 'n suiwer sakeoogpunt) dat die proporsionaliteitseis sover moontlik moet geld. As 'n lid geen kapitaal bydra nie maar tog in al die voorregte van die koöperasie deel, kan die koöperasie dikwels nie oor die langtermyn slaag nie, tenspyte van die feit dat die koöperasie ook 'n sosiale faset van hulp aan my naaste het. Koöperasie is nie in die eerste instansie 'n liefdadigheidsorganisasie nie. Netso is die metode om die surplus volgens die lid se ondersteuning te betaal, geen beginsel van die koöperasie nie, maar net 'n gesonde sakepraktyk. Die beginsel is daarin geleë dat die surplus na die lede toegedeel word, al kry een lid in die proses die totale surplus. Daarom is die praktyk van differensiële bonusse waar 'n koöperasie byvoorbeeld verskeie tipes produkte of kwaliteitsgrade bemark, nie onkoöperatief nie. Dit is eerder nader in ooreenstemming met die ekonomiese aard van 'n koöperasie.

2.2.6. Koöperasie en wins.

Tot dusver het ons 'n beeld van die ware koöperatiewe aard probeer weergee. Om vas te stel in hoeverre die beeld sui-

wer is moet ons, uitgaande van die onselfstandigheid van 'n koöperasie, die ekonomiese resultate spruitende uit die primêre doel aan die beweerde koöperatiewe doel te toets. Dus, indien byvoorbeeld 'n bemarkingskoöperasie aan die einde van die finansiële jaar 'n positiewe verskil tussen die opbrengs van die bemarkingsaktiwiteit en die koste daaraan verbonde toon, is dit nie as gevolg van die koöperasie se strewe daarna nie. Indien wel, kan dit as 'n wins aangemerkt word.

Ons het reeds gesien dat 'n koöperasie geen selfatandige ekonomiese eenheid is wat op homself winsstrewend is nie. Fundamenteel beskou is wins die positiewe verskil tussen 'n bepaalde produksie-opbrengs en die koste aangegaan om hierdie opbrengs te verkry. Indien ons die koöperasie vanuit sy ekonomiese doel sien as 'n onselfstandige hulpbedryf ter verbetering van die ekonomiese posisie van die lede, hetsy byvoorbeeld by die bemarking 'n hoër prys te beding of by inkope 'n laer prys aan die lede te bied, is die ontstaan van enige wins (surplus van byvoorbeeld verkoopprijs bo koste) onskeibaar van die verdeling van hierdie surplus. As die bemarkingskoöperasie slegs bedoel is as 'n hulp om die prys (en die wins) van die lid te verbeter, kan hierdie surplus (wins) tog nie aan iemand anders as die lid behoort nie. Daarom behoort die ontstane surplus outomaties aan die lede. Indien hier sprake van inkomstebelasting is, is hierdie inkomste slegs by die lede belasbaar. Slegs by nie-ledehandel, byvoorbeeld indien 'n handelskoöperasie goedere aan non-lede lewer, ontstaan daar 'n markverband tussen die koöperasie en die non-lid, en is daar dan sprake van 'n wins by die koöperasie self, en gevolglik ook 'n belastingverpligting aldaar. Sulke non-lede-aktiwiteite dra dus direk by tot die selfstandigmaking van die koöperasie. Transaksies wat onder die bemarkingswet van 1937 plaasvind, kan egter nie in hierdie lig gesien word nie. Die belastingvrystelling aldaar spruit in die praktyk uit die feit dat die koöperasie instrumenteel in die staat se beleid is vir ordelike bemarking van landbouprodukte. Uit die aard van die saak vorm dit egter 'n aparte saak van groot omvang wat nie in die bestek van hierdie hoofstuk oor die koöperatiewe model tuis hoort nie. Ten opsigte van die surplus by 'n koöperasie moet egter nie die denkfout gemaak word dat die koöperasie 'n surplus moet toon om sy bestaan te regverdig nie. Uit die doel van 'n koöperasie is dit duidelik dat 'n koöperasie netsoos enige

ander bedryfvolgens die ekonomiteitsprinsipe moet optree (sy aard as hulpbedryf vir die lid eis dit), maar dit beteken nog nie dat hy na 'n wins moet streef nie. Die koöperasie se doel as onselfstandige hulpbedryf vir die lid verval nog nie indien daar nie 'n surplus ontstaan nie, mits die ekonomiese voordele van byvoorbeeld 'n laer inkoopprys direk by aankope aan die lid gegee is. Die koöperasie vervul dan juis sy funksie ten beste, want die lid kry die behaalde voordele uit die groepsaktiwiteit direk.

Die saak kan ook anders benader word. Omdat dit die koöperasie se doel is om beter behoeftebevrediging vir sy lede te besorg, gaan dit by hierdie hulporgaan fundamenteel slegs om die dek van sy koste. As die gladde verloop van die koöperasie se sake in die praktyk, of irrasionele optrede van die bestuur in hulle aksies na buite minders as die werklike kostebedrag daarvoor van die lid vra, is en bly die so ontstane surplus in die koöperasie 'n neweproduk van sy handelinge, wat direk en in geheel aan die lid behoort en by die lid belasbaar is. Byvoorbeeld, indien 'n koöperasie wat lede se produkte op 'n poelgrondslag op 'n sterk mededingende mark bemark en na afhandeling van die eerste poel slegs die kostes verhaal en die res van die poelopbrengs aan die lid uitbetaal, kan dit administratiewe probleme meebring. Gestel daar kom 'n haakplek met die tweede poel en die koöperasie moet die produkte vir 'n tydperk opberg. Indien 'n gedeelte van die vorige poel se opbrengs nie agterweë gehou is nie, sal hier probleme ontstaan vir die gladde werkverrigting van die koöperasie. Om hierdie tipe probleme te oorkom, is die skepping van 'n surplus by die koöperasie nodig. Indien veral die nie-bepaalbare koste in die koöperasie, spruitende uit die risiko-element van die koöperatiewe aktiwiteit, bekend is, kan die lid die volle korting op die aankoopprys en die volle markprys by verkope direk kry. Slegs omdat dit nie prakties moontlik is om volledig kennis te hê van die administrasiekoste van die koöperasie as hulporgaan aan die lid nie, ontstaan daar noodgedwonge 'n surplus, en nie omdat daarna gestrewe word nie. Daar moet egter nie hieruit afgelei word dat 'n groot surplus by 'n koöperasie noodwendig verkeerd is nie. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die bestaande handelspraktyke (en mededingingspraktyke), informele prysbinding of die vrees vir die gevolge van oormatige mededinging met sterk konkurrente dwing om ten opsigte van die

inkoop van artikels vir die lede dieselfde prys as die winshandel daarvoor te vra. Die surplus bo koste wat sodoende ontstaan, is 'n neweproduk van die koöperatiewe optrede; dit behoort nog aan die lede en nie aan die koöperasie nie, is dit by die lede belasbaar. Indien hierdie surplus egter uit non-lede-aktiwiteite ontstaan, is dit die resultaat van selfstandige optrede by die koöperasie en as sodanig belasbaar by die koöperasie.

2.2.7 Die aktiwiteite van die koöperasie

Uit die voorafgaande en uit figuur 1 ontstaan dan die vraag of dit nie wenslik is dat al die ekonomiese aktiwiteite van die lede, naamlik dié van die vark-, melk-, mielie-, en tabakboerdery asook sy behoefte aan huisbenodigdhede (verbruikshuishouding), onder een dak in dieselfde koöperasie saamgevoeg moet word nie.

Fundamenteel gesien kan ons redeneer dat die koöperasie enige funksie mag verrig wat as 'n funksie van sy lede geld en wat prakties in 'n koöperasie saamgesnoer kan word. Dit is egter duidelik dat so 'n siening in die praktyk heelwat probleme kan veroorsaak. Veronderstel byvoorbeeld die varkbemarkingskoöperasie hou ook 'n boerderybenodigdhede-afdeling aan vir sy lede, maar dat 'n groot aantal sitrusboere slegs vir die aankoop van boerderybenodigdhede lid van hierdie koöperasie is. In die praktyk kan dit gebeur dat dié vrugteboere beheer oor die bemarkingsaktiwiteite van die varkboer kan uitoefen indien hierdie sitrusboere as 'n magsgroep op die algemene jaarvergadering optree. Dit sal veral gebeur indien ons die situasie van een man een stem in so 'n koöperasie kry. 'n Verdere gevaar is dat hierdie sitrusboere byvoorbeeld kan versoek, en dit dan ook besluit, dat hierdie varkbemarkingskoöperasie funksies moet verrig wat nie as 'n ekonomiese funksie van die varkboere beskou kan word nie, byvoorbeeld die aankoop van kissiehout vir verpakkingsdoeleindes. Hier kry ons dat die lid-koöperasieverhouding vir die varkboere neig in die rigting van 'n kapitaalbelegging en nie van 'n hulpbedryf vir die boer nie. Dit sal byvoorbeeld gebeur wanneer 'n surplus wat ontstaan uit die aankoop van kissiehout, as 'n bonus aan die varkboere uitbetaal word.

Dieselfde sal gebeur indien die varkbemarkingskoöperasie

nou ook tabak gaan bemark wat deur slegs 5% van die lede geproduseer word. In die eerste plek sal hier net belangebotsings ontstaan. In die tweede plek kan dit byvoorbeeld gebeur dat daar 'n baie groot bonus op die tabakbemarking gerealiseer word. Indien dit nie prakties moontlik is om die administrasie van die tabakaktiwiteit apart te hou en die bonus slegs aan die tabaklede te verdeel nie, word die nie-tabakaktiwiteite gedeeltelik deur hierdie bonus gedra en kry die non-tabaklede 'n bonus wat gedeeltelik uit ander aktiwiteite dan hulle eie bestaan. Ons het reeds aangetoon dat die bemarkingskoöperasie se funksie prysverhoging is. Die bonus na aftrekking van administratiewe kostes en voorsiening vir reserwes, is dus deel van die verhoogde prys van die betrokke aktiwiteite van die lede; in ons voorbeeld varkbemarking. Nie alleen kry die varkboer hier dus 'n inkomste uit 'n ander bron as sy eie boerderyaktiwiteite nie, (die tabak) en het dit dus die aard van 'n opbrengs op belegging nie, maar dit bring ook die onselfstandige aard van die koöperasie in gevaar. Die koöperasie kan net 'n onselfstandige hulporgaan bly indien dit byvoorbeeld die lid se produk bemark en die opbrengs na aftrekking van kostes en reserwes aan die lid terugbesorg. Daarom is die koöperasie nie belasbaar nie. Sodra die lid 'n bonus (wat deel van 'n prys is) ontvang wat voortspruit uit ander aktiwiteite as sy eie, is die koöperasie nie meer 'n onselfstandige hulporgaan (verlengstuk van die lid se boerdery) nie en is dit in dié opsig belasbaar. Die argument dat die koöperasie die balastingprobleem kan oorkom deur die bonus voor die tyd as deel van die prys aan die lid te gee en dus geen bonus agterna hoef te betaal nie, gaan nie net op die huidige stadium met die beheerrade se vasteprysbeleid bots nie, maar ons sal baie gou daarna agitatie van die winshandel kry dat die koöperasie belas moet word op die bonus wat hy wel sou verdien het, en dat hy belasting ontduik deur die bonus vooraf saam met die prys uit te deel.

Hieruit blyk dit duidelik dat die differensiële bonusse, veral waar die verskillende boerderyaktiwiteite nie deur dieselfde boere onderneem word nie, noodsaaklik is vir die suiwere uitbouing van die koöperatiewe idee. Selfs waar daar slegs een aktiwiteit onderneem word, is differensiële bonusse nog uit 'n ekonomiese oogpunt gesien wenslik. Alhoewel die sitrusboere byvoorbeeld hulle sitrus as 'n groep via die poelstelsel wil bemark, sluit die boere nog in die eerste plek om die ver-

kryging van ekonomiese voordele by die koöperasie aan. Daarom is dit ekonomies meer korrek en billik dat die verskillende grade, kwaliteite of selfs produkte van die verskeie gebiede in aparte poele opgeneem word en dat die opbrengs daaruit, na aftrek van kostes, slegs aan die betrokke lede van daardie poel terugbetaal word. Daardeur moedig ons terselfdêrtyd die strewe na meer produktiewe produksie en 'n beter kwaliteit produk by die lede aan. Indien 'n koöperasie egter die opbrengs van die verskeie kwaliteite (grade) of selfs produkte (indien al die lede al die produkte bemark) via 'n eenvormige bonus onder die lede verdeel, is dit nog nie koöperatief verkeerd nie, want hulle koöpereer juis in 'n groepsverband. So 'n eenvormige bonus is egter ekonomies minder billik.

Die koöperasie soos in figuur I aangedui, hoef nie net varke te bemark nie. Indien dit ekonomies geregverdig is, kan dit ook beste bemark, aangesien dit ook 'n aktiwiteit van al die lede is. In daardie geval is die koöperasie in figuur I nog 'n verlengstuk (hulporgaan) van sy lede, in hierdie geval om nou ten opsigte van die lid se bees- en varkboerdery 'n hoesprys met bemarking te beding. Indien die koöperasie nou tot verwerking en verkope van die vark- of beesvleis oorgaan, bly dit nog 'n onselfstandige verlengstuk van die lid om sodoende sy bemarkingsfunksie nog effektiewer uit te voer. Indien die koöperasie verder krediet (finansiering) of boerderybenodigdhede vir sy bees- of varkboerlede gee, bly dit nog 'n onselfstandige verlengstuk van die boer se strewe om hierdie aktiwiteite goedkoper te verrig. Selfs al gaan die koöperasie oor tot die vervaardiging van boerderybenodigdhede vir die lede, verander die saak nog nie. Selfs al word oorgegaan tot die verskaffing van tegniese en ekonomiese hulp aan die lid in verband met produksie, bly die koöperasie nog 'n onselfstandige hulporgaan in die boer se strewe om meer ekonomies (teen laer koste) te boer.

Die vraag ontstaan of hierdie aanverwante dienste soos vervaardiging van boerderybenodigdhede, verwerking en uiteindelijke kleinhandelsbemarking van produkte slegs deur middel van verdere koöperatiewe aksie moet geskied, byvoorbeeld in die vorm van sentrales. Dat koöperasie die gewenste metode is wat sover moontlik daarvoor gebruik moet word, is logies. Maar koöperasie het met die volgende probleme in hierdie integrasieproses te doen:

- 1) 'n Koöperasie is hoofsaaklik op sy lede aangewys ten opsigte van sy omset. Indien dit nie groot is nie, kan die koöperasie soms nie teen volle kapasiteit werk of byvoorbeeld die mees ekonomiese masjinerie aankoop wat dikwels net deur groot omsette geregverdig word nie. Verder het die koöperasie wat 'n seisoensprodukt verwerk (bv. sitrus) die probleem dat dit sy masjinerie en arbeid slegs 'n gedeelte van die jaar beset kan hou. Om veral sy geskoolde arbeid te kan behou, moet die koöperasie dan soms buite die seisoen aanverwante produkte van non-lede inkoop en verwerk. In hierdie geval neig die opbrengs daarop nie net na 'n beleggingsopbrengs vir die sitruslede nie, maar druis hierdie non-lede-aktiwiteite in teen die gedagte van die koöperasie as 'n verlengstuk van die sitrusboer. Indien hierdie sitruslede ook hierdie ander produk (bv. sagtevrugte) produseer, verval hierdie beswaar natuurlik.
- 2) Uit die aard van 'n bemarkingskoöperasie koop dit nie die produk van die lid in nie. Koöperatief gesien ontvang die lid eers die opbrengs na afhandeling van die poel. Indien die produk dus verwerk moet word en marktoestande of mededinging is sodanig dat die produk miskien vir 'n redelik lang tyd in voorraad gehou moet word, kan lede krielrig raak. Wel kan die probleem voorkom word deur die gee van relatief groot voorskotte, maar dit kan weer finansieringsprobleme meebring, veral ten opsigte van die dra van voorrade deur 'n koöperasie wat nie onder 'n vasteprysbeheerraad funksioneer nie.
- 3) 'n Koöperasie is hoofsaaklik op sy lede aangewys vir die voorsiening van kapitaal. Die feit dat verwerking dikwels groot bedrae kapitaal verg, kan in sekere gevalle meebring dat ledekapitaal 'n te beperkte bron van finansiering is.
- 4) Verwerking is uit die aard van die saak 'n gespesialiseerde terrein wat 'n gespesialiseerde direksie vereis. By 'n koöperasie met sy populêre verkose direksie (een man een stem) kan 'n gespesialiseerde en bekwame direkteur baie makliker verlore gaan, veral indien daar groeppvorming onder die lede ontstaan.

Die vraag ontstaan dus of, in gevalle waar hierdie probleme te groot word, koöperasies nie moet oorgaan tot die stigting van maatskappye of die oornome van bestaande maatskappye om hierdie tipe funksies te verrig nie. Die basiese regverdiging

daarvoor lê daarin dat so 'n belegging nie primêr gedoen word om 'n opbrengs op belegde kapitaal te verkry nie, maar dat dit 'n handelsbelegging is ter uitbouing van die basiese doelstelling van die koöperasie self. Die maatskappywet^I (no. 46/1926, agste bylae, deel IV) definieer 'n handelsbelegging in die afdeling oor woordomskravings as " 'n belegging in die aandele of obligasies van 'n ander maatskappy dan sy filiaalmaatskappy met die doel om die handel of besigheid van die eerste maatskappy te verbeter of te vergemaklik, en word geen belegging geag 'n handelsbelegging te wees nie, as dit nie 'n vaste bate uitmaak en as sulks behandel word nie. Dit word dan ook aanbeveel dat die praktyk van handelsbelegging by 'n koöperasie gewettig word en in die praktyk in die Koöperatiewe Wet opgeneem moet word. So 'n maatskappybelegging kan egter net in ooreenstemming met die idee van koöperatiewe verlangstuk wees indien dit aan die volgende voorwaardes voldoen:

- I) Dit moet 'n suiwer handelsbelegging wees, dit wil sê ter verdere uitbouing van die doel waarvoor die lede die koöperasie gestig het.
- 2) Ten minste meer as die helfte van die maatskappy se omset moet met die betrokke koöperasie wees, indien die koöperasie self die maatskappy stig. Dit is logies dat, indien 'n aantal koöperasies 'n maatskappy stig vir die verdere verwerking van 'n produk maar die oorgrote meerderheid van die produksie wat verwerk moet word, moet van non-lede gekoop word, dit nie meer 'n suiwer handelsbelegging ten opsigte van die inkomste daaruit verkry is nie.

2.3. Verskil tussen 'n koöperasie en 'n winsonderneming.

Die ekonomiese probleem van te veel behoeftes en te min middele ter bevrediging daarvan lê al die mens se ekonomiese handeling ten grondslag. Dit dwing die mens om so ekonomies-rasioneel moontlik op te tree. Indien hy 'n koöperasie of winsonderneming stig, sit hy met dieselfde probleem en moet daar dus ook ekonomies-rasioneel opgetree word. Die ekonomiese of rasionaliteitsnorm is dus die metode of wyse waarvolgens die koöperasie of winsonderneming moet optree om sy ekonomiese doel uit te voer. By beide is die metode van handeling dieselfde, naamlik om die opgelegde taak so ekonomies (doeltreffend) moontlik uit te voer. Die taak of ekonomiese doel verskil egter by beide.

In die lig hiervan moet ons nou die verskil tussen 'n koöperasie en 'n winsonderneming nagaan. Die koöperasie as 'n ekonomiese organisasievorm het 'n ekonomiese doel om as onselfstandige hulpbedryf sy lede se belange te bevorder. By die bemarkingskoöperasie het ons gesien dat dit 'n strewe na 'n hoër prys vir die boer is, by die aankoopskoöperasie die strewe om die artikel teen 'n laer prys aan te koop. By beide aksies moet die koöperasie so ekonomies doelmatig as moontlik optree (dit is sy metode van handeling) om sy ekonomiese doel as hulpbedryf vir die lid se aktiwiteite ten beste te kan uitvoer. Die lid se doel is die winsstrewe, naamlik om sy produk teen die hoogs moontlike prys te bemark of om met sy bestaande middele die hoogs moontlike behoeftebevrediging te verkry.

Die winsonderneming as ekonomiese organisasievorm daarenteen verskil van die koöperasie ten opsigte van sy doel, naamlik om 'n selfstandige wins op die belegde kapitaal te maak. Die aandeelhouer gee sy kapitaal aan die onderneming om daarop 'n opbrengs aan hom te lewer, en nie om dit te gebruik as hulporgaan om 'n hulpdienst aan die lid te lewer nie. In dié opsig verskil die ekonomiese aktiwiteite van die onderneming dan ook gewoonlik van die van sy aandeelhouders; die van die onderneming word gewoonlik selfstandig van die van die aandeelhouders bedryf en laasgenoemde ontvang slegs 'n opbrengs vir die gebruik van sy kapitaal.

Die verskil tussen die twee organisasievorme lê dus eerstens daarin dat die winsonderneming 'n selfstandige ekonomiese subjek is, en die koöperasie nie. Die winsonderneming se aktiwiteite verskil gewoonlik van die van sy lede en daarom word dit dan ook gewoonlik selfstandig van hulle bedryf. Dit staan slegs ten opsigte van kapitaalvergoeding in verhouding met sy lede.

Tweedens lê die verskil daarin dat die winsonderneming poog om deur middel van die aanwending van kapitaalrisiko en die aanwending van byeengebragde kapitaal 'n wins te maak. Die strewe na wins is juis die doel van die winsonderneming. By die koöperasie word die kapitaal daarenteen net as 'n ondergeskikte middel gebruik om die doel van die koöperasie, naamlik om 'n hulpbedryf te wees, te kan uitvoer. Wel moet die koöperasie hierdie kapitaal sodanig gebruik dat die koste nie hoër as die opbrengs van die aktiwiteit is nie. Hierdie strewe na die gunstigste verskil tussen die koste en die opbrengs by 'n

koöperasie beteken nie 'n winsstrewende nie. Dit behels slegs die metode van handeling, naamlik dat die koöperasie sy funksie as hulpbedryf so ekonomies moontlik moet uitvoer. Die winsonderneming bereik sy doel ook langs dieselfde weg van die mees ekonomiese optrede, maar sy doel verskil van die van die koöperasie, wat wins nie as doel het nie. Wel kan die resultaat van die koöperasie en die winsonderneming dieselfde wees, maar dan net in die hoogs onwaarskynlike geval waar die winsonderneming slegs sy aandeelhouders se produkte hanteer en elke aandeelhouer se kapitaalbydrae presies gelyk is aan sy omset. Wel is die ekonomiese resultaat dan dieselfde, maar die koöperasie en die winsonderneming verskil nog deurdat laasgenoemde 'n selfstandige ekonomiese subjek is, wat van die lede inkoop of aan hulle verkoop en in die proses wins najaag.

Derdens lê die verskil daarin dat die winsonderneming goedere op die mark aanbied in afwagting op die verkoop daarvan teen 'n wins. Die koöperasie bied daarenteen nie goedere in die normale loop van omstandighede in dieselfde sin as die onderneming selfstandig aan nie, maar altyd namens die lid en ten behoeve van die lid.

Vierdens lê die verskil in die aard van die kontinuïteit van elk. Die koöperasie kan slegs ledefunksies vervul. Indien die lede se karakter verander, verander die van die koöperasie ook, en indien dit verval of die lede verdwyn, verval die koöperasie ook. Die winsonderneming het daarenteen sy eie selfstandige funksies wat gewoonlik van die van sy aandeelhouders verskil. Indien die aandeelhouders se aktiwiteite verander, verander die van die onderneming nie; indien die aandeelhouer verdwyn, verdwyn die onderneming nie.

2.4. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons die aard van 'n koöperasie probeer omskrywe en die omvang van sy aktiwiteite vasgestel. In die eerste plek is 'n koöperasie se doel markbeïnvloeding deur pryshoogte of kosteverlaging of die verkry van beter voordele. Die sekondêre doel van die koöperasie is om 'n teenmag op die mark te vorm via sy lede as 'n groep, om sodoende die primêre doel oor die kort- sowel as die langtermyn te laat slaag.

In die tweede plek is die koöperasie-lidverhouding onselfstandig, maar die koöperasie tree na buite op die in- en ver-

koopsmarkte selfstandig op. Die juridiese status van die koöperasie is dus van 'n tweeslagtige aard. Derdens is bepaal dat die koöperasie se surplus as gevolg van die onselfstandige lid-koöperasieverhouding, nie belasbaar kan wees nie. In die vierde plek was dit duidelik dat die koöperasie nie alle aktiwiteite van die lede kan uitvoer nie; slegs ooreenstemmende aktiwiteite wat deur al die lede onderneem word kan onder een dak saamgebring word.

Daarna het ons in die vyfde plek die aandag op die belangrikheid van die proporsionaliteitseis by 'n koöperasie gevestig, asook die daaruit voortspruitende feit dat die betaling van differensiële bonusse koöperatief korrek is. Sedens het dit geblyk dat die maak van handelsbeleggings deur 'n koöperasie of die stigting van 'n winsmaatskappy deur die koöperasie, onderworpe aan sekere voorwaardes, koöperatief te verantwoord is.

In hierdie lig gesien, kom ons in hierdie hoofstuk dus tot die konklusie dat ons 'n koöperasie kan omskryf as 'n onselfstandige hulporgaan vir die beter langtermynuitoefening van sy lede se ooreenstemmende bedryfs- of verbruikshuishouinge, in 'n groepsverband. Hierdie aard van die koöperasie oefen dan ook 'n groot invloed op sy finansiering uit.

HOOFSTUK 3.

DIE LEER VAN DIE KOÖPERATIEWE FINANSIERING.

3.1. Inleiding.

In die vorige hoofstuk is die aard en omvang van 'n koöperasie ondersoek. Hierdie ontwikkelde koöperatiewe model moet vervolgens op die finansiering toegepas word. Dit beteken dat daar eers op die algemene beginsels en verloop van die koöperatiewe finansieringsproses gelet moet word. Daarna moet die praktyk van die koöperatiewe finansiering ondersoek word.

Hierdie teoretiese model van die koöperatiewe finansiering is eerstens nodig omdat die koöperasie as hulpbedryf van die boer onderskei is, en wel een wat na ekonomiteit, dit wil sê ekonomies rasionele optrede, strew, ook wat die finansiering aanbetref. Die koöperasie moet ook aan die algemene finansieringsbeginsels voldoen, met die nodige aanpassing by die aard van 'n koöperasie. Die doel is dus om eers 'n finansieringsmodel vir 'n koöperasie daar te stel. So 'n model dien dan ook as maatstaf vir die evaluasie van die praktiese verloop van die finansiering, om sodoende norme vir die praktiese finansiering daar te stel, of om bestaandes te regverdig of te verander.

Tweedens kan die verskille tussen die koöperatiewe finansiering en die winsfinansiering alleen duidelik blyk indien dit teen die agtergrond van so 'n model gesien word.

3.2. Omskrywing van die begrip finansiering.

Elke koöperasie het fondse nodig om sy doel te bereik. Die aard en omvang daarvan word deur verskeie faktore bepaal, en die begrip finansiering word dan ook verskillend deur die verskeie skrywers oor hierdie onderwerp benader. Die vraag ontstaan dan nou wat finansiering is.

Guthmann en Dougall¹⁾ sien dit so: "The task is to provide the needed funds from the most appropriate sources in the required amounts, at the right time and at a cost that will make their employment profitable. Such financing must be preceded by an analysis and planning of the uses to which

1) Guthmann en Dougall, Corporate financial policy. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, N.J., 1963. p.2.

the funds will be put. The financial management is thus heavily involved in the determination of the assets, both fixed and current, that will be required. Such planning and budgeting of the required funds is directed towards the central goal of the firm." Sentraal in hierdie definisie is die verkryging en die aanwending van kapitaal in ooreenstemming met die doel van die onderneming. Die doel waarvan hier sprake is, is om die winsdoel te bevorder. Slegs 'n winsonderneming pas dus by hierdie definisie in.

Vir Van der Meulen^{I)} kan die finansiering omskryf word as: "die groep vraagstukke wat betrekking het op die verkryging en verkrygingsmoontlikhede van kapitaal enersyds en die aanwending en aanwendingsmoontlikhede van kapitaal andersyds." In hierdie definisie gaan dit dus om die kapitaalbehoefte en die verkryging van kapitaal om in hierdie behoefte te voorsien. Verder is die doel van finansiering hier nie inbegrepe nie, tensy dit onder die baie wye begrip van groep vraagstukke resorteer.

Die "Pitman's dictionary of industrial administration" sien finansiering weer soos volg: "The problem of finance is to secure economy in use of capital by-1) obtaining it from the most advantageous source of supply; and 2) regulating the duration, form and extent of its investment in such a manner as to maintain a maximum degree of mobility." In hierdie definisie gaan dit om die verkryging van die kapitaal en die regulering van die finansieringsproses op so 'n wyse dat dit die minimum koste meebring. Verder is die doel van finansiering nie in hierdie definisie inbegrepe nie, maar slegs die metode, naamlik die koste-aspek.

'n Verdere definisie van finansiering vind ons in die "W.P. voor het bedrijfsleven"²⁾. Finansiering word daar beskou as "het leerstuk uit de bedrijfseconomie dat zich bezighoudt met de vraag op welke wijze een bedrijfshuishouding het doelmatigst van geld en/of krediet moet worden voorsien om goed te kunnen funksioneren...De twee hoofdvragen voor elke onderneming t.a.v. haar financiering zijn: hoeveel geld (krediet) is er nodig; op welke manier moet dat geld (krediet) worden

1) Rädcl en Reynders(red.), op. cit., p. 205.

2) Lee, J.(editor). Pitman's dictionary of industrial administration, volume I. p.296.

3) W.P. voor het bedrijfsleven. Winkler Prins Stichting, Amsterdam, deel I. p.52I.

verkreëen. Voor de beantwoorde van deze vraëen zal rekening moeten worde gehoude met: a) de ekonomee struktuur van de onderneëing, b) de juridiese struktuur". In hierdie definisie gaan dit eerstens om die verkryëing en die aanwendeing van kapitaal, maar gesiee in die lig van die ekonomee doele en struktuur van die onderneëing, mede-beënvloed deur die juridiese vorm waarin die onderneëing gegiet is. Dit gaan dus in die finansieing nie net om die verkryëing en aanwendeing van fondse op sigself of om die laagste koste te handhaaf nie, maar om die finansieing volëens die ekonomee prinsiee (ekonomeiteit) te verrig, insoverre dit met die ekonomee doele en struktuur, asook die juridiese struktuur van die onderneëing ooreenstem. Finansieing geskied tog om 'n sekere doele te dien en die verrigting van hierdie doele word in 'n sekere juridiese vorm, dus 'n onderneëingsvorm, ingeklee. Daarom is hierdie definisie korrek in die gebruek van die term "doelmatigst" by finansieing. In hierdie studie wil ons dan ook nou aansluit by hierdie definisie van finansieing.

Op die finansieing toeëpas, moet ons uitgaande van die taak wat die koeëperasie moet verrig, eerstens die werking en verloop van hierdie taak van die koeëperasie nagaan. Dit toon aan ons die verloop van die proses wat gefinansieer moet word. Daarna moet ons nagaan hoe hierdie taak(doele) van die koeëperasie gefinansieer moet word om nie net die koeëperatiewe taak op die mees ekonomee wyse uit te voer nie, maar ook op die mees doelmatige wyse. Hieruit moet ons dan die aard en omvang van die kapitaalbehoefte aflei wat nodig is vir die mees ekonomee sowel as die mees doelmatige finansieing van die koeëperatiewe taak.

In hoofstuk 2 (afdeeling 2.3) het ons eëter gesiee dat die doele en metode van die koeëperatiewe aksie van mekaar verskil, maar by 'n winsonderneëing ooreenstem. Op die koeëperatiewe finansieing toeëpas, sal die ekonomee mees effektiewe finansieeringsplan wel in ooreenstemming met die metode van koeëperatiewe aksie wees (ook ten opsigte van finansieing) maar nie noodwendig in ooreenstemming met die ekonomee doele en die struktuur van die koeëperatiewe aksie nie. Die finansieeringsproses moet eers aan die koeëperasie se ekonomee doele en struktuur, asook sy juridiese struktuur getoets en die koeëperatiewe finansieingstruktuur met die ekonomee doele en metode van die koeëperatiewe aksie in ooreenstemming gebring

word. By 'n winsonderneming word die finansiële struktuur slegs in ooreenstemming met die metode (ekonomieit) van aksie gebring, aangesien die ekonomiese doel en metode van aksie in hierdie geval saamval.

Hierdie koöperatiewe finansieringsplan wat aan die doel en metode van koöperatiewe aksie beantwoord, is egter nie volledig indien die verskillende invloede wat ekstern aan die finansieringsplan self bestaan, nie in ag geneem word nie. Sake soos die huidige en toekomstige aard van die bedryfstak, waarin die koöperasie optree, die voorwaardes en metodes, veral van staatsweë, waaronder en waarvolgens die taak verrig word, asook die invloede van die kapitaalmarkt, is hier van belang. Daarna sal ons eers by die koöperatiewe finansieringsmiddele uitkom.

3.3. Die doel van die finansieringsproses.

Die doel van 'n koöperasie as hulporgaan is om oor die lang termyn goedere en dienste op 'n kontinue basis aan die lede te verskaf. By 'n landboukoöperasie beteken hierdie doel om die lid se produk te verwerk waar nodig, dit te bemark en aan hom boerderybenodigdhede en produksiekrediet te verskaf waar nodig. In ekonomiese sin kan ons al hierdie hulpdienste wat die koöperasie verrig as die produksie van dienste beskou, (dus die koöperasie se produksieproses) en dit dan ook gerieflikheidshalwe met hierdie term aandui.

Om hierdie proses van dienslewering, hetsy via bemarking, verwerking, kredietverskaffing of die verskaffing van boerderybenodigdhede kontinue te laat verloop, moet hierdie produksieproses sodanig gesinkroniseer en in stand gehou word dat die benodigde dienslewering op die regte tyd en in die regte hoeveelheid telkens weer voorsien kan word. Om middele sodanig te verkry en aan te wend dat hierdie proses altyd weer kan geskied, is die taak van finansiering. So sê Meij^{I)} in verband met hierdie gesinkroniseerde produksieproses: "Het doel is handhaving van een bepaalde stroom van verbruiksgoedere (of dienste) ondanks het gebruikmaken van productieweg; het middel daartoe is synchronisatie van de onderscheiden fasen der omwegproductie en het symptoom van dit laatste is de aanwezigheid van een zeker kapitaalfonds²⁾".

1) Meij, J.L. Leerboek der bedrijfseconomie, deel II. N.V. Uitgeversmaatschappij, v/h G. Delwel, Gravenhage, 1958.p.2.

2) Die term kapitaalfonds beteken by Meij kapitaalgoedere of produksiemiddele en nie die geld self nie.

Omdat die doel van die koöperasie lewering (produksie) van dienste op 'n kontinue basis is, is dit logies dat die finansiering direk hiermee in verband staan. Om hierdie produksieproses herhaaldelik te kan uitvoer, moet daar herhaaldelik beskikkingmag oor kapitaal wees. Omdat hierdie proses kontinuu verloop (hetsy aaneenlopend dwarsdeur die jaar of seisoenaal), gaan dit by die finansiering om die deurstroming van die kapitaal deur die produksieproses, en nie om die kapitaalgoedere self nie. Polak ¹⁾ stel dit soos volg: "want financiering is gewoonlik niet verschaffen van concrete kapitaalgoederen, maar verschaffen van geld- en geldsurrogaten, waardoor men de magt verkrijgt over het nodige goed te beschikken."

Die kapitaalgoedere self is dus slegs die middel ter sinkronisering van die produksieproses, en dit dui die finansieringsbehoefte aan. Die vlotte deurstroming is daarom die wese van finansiering, en die doel is juis om die deurstroming daarvan (en daarmee die kapitaal opgesluit in die vaste en bedryfsbates) sodanig te reël dat dit nie die werking van die produksieproses belemmer nie, maar dat dit telkens op die regte tydstep in die gesinkroniseerde produksieproses beskikbaar kom. Sodoende word die produksieproses in stand gehou sodat die doel, naamlik die lewering van sekere hulpdienste aan die lid, kontinuu kan verloop.

3.4 Die aard van die koöperatiewe produksieproses

Die kapitaal wat in die produksieproses aanwesig is, word in bepaalde produksiemiddele, dus kapitaalgoedere, vasgelê. Hierdie kapitaalgoedere is afhanklik van die doel van die produksieproses. Indien die koöperasie byvoorbeeld slegs die boerse produk bemark, sal dit 'n hoeveelheid kapitaal vir grond en geboue benodig, en heelwat kapitaal om die bemarkingsproses mee te finansier. Eersgenoemde behoefte vereis kapitaal wat vir 'n lang tydperk in die produksieproses opgesluit is; laasgenoemde behoefte vereis weer kapitaal vir 'n relatief kort tydperk. Indien hierdie koöperasie ook verwerking onderneem, sal dit meer kapitaal vir grond, geboue en masjinerie vir 'n lang tydperk benodig. Indien die koöperasie ook boerde-rybenodigdhede aan sy lede verskaf, sal dit weer kapitaal be-

1) Polak, N.J. Enige grondslagen voor de financiering der onderneming, deel I, De Erven, F. Bohn N.V., Haarlem, 1950 p.2.

nodig wat vir 'n medium termyn in die produksieproses opgesluit word, veral indien hierdie funksie die voorsiening van implemente insluit.

Hierdie kapitaal bly gewoonlik nie permanent in die produksieproses opgesluit nie. Die kapitaalgoedere, hetsy vas of vlottend, word uiteindelik weer deur die ruilproses in konstant omgesit. Die lid se produkte word verkoop of goedere en dienste word aan die lid gelewer teen 'n prys wat al die koste, insluitende die waardevermindering van die vaste bates, insluit. Die vrygekome kapitaal kan geheel of gedeeltelik weer in kapitaalgoedere (vas of vlottend) herbelê word om die produksieproses voort te sit.

Die omlooptyd van die kapitaal word bepaal deur die tyd wat die kapitaal in die kapitaalgoedere opgesluit moet wees, en dit hang van die aard van die produksieproses af. Die kapitaal opgesluit in lopende kapitaalgoedere loop baie gouer om as die kapitaal opgesluit in die vaste kapitaalgoedere. Die investering in sommige duursame kapitaalgoedere, byvoorbeeld grond, loop nie in die gewone gang van die produksieproses om nie, maar word slegs deur die verkoop daarvan gerealiseer. Dit is ook slegs moontlik indien die grond die kosprys daarvan by verkope realiseer. Die rede daarvoor is dat grond nie slyt nie en dat daar dus nie waardevermindering is wat by die prys ingesluit moet word soos wat dit die geval by masjinerie is nie.

Hierdie omlooptyd van die opgeslote kapitaal in die vaste of vlottende kapitaalbates onderskei Meij^{I)} soos volg: "In verband met die verskillende wijzen, waarop het vermogen in de kapitaalgoederen omloopt, onderscheidt men deze ook wel in cicularend activa, geleidelijk gereproduceerd wordende activa, en niet gereproduceerd wordende activa." Dit word ook vlottende, vaste en permanente bates genoem.

Die omloop van die slytende duursame kapitaalgoedere, byvoorbeeld masjinerie, in die bedryf hang van die lewensduur daarvan af. Lewensduur kan tegnies of ekonomies bepaalbaar wees. Die tegniese lewensduur van die masjien word deur die ingenieur bepaal. Maar dit mag gebeur dat weens snelle tegnologiese vordering die masjien se ekonomiese bruikbaarheid sodanig verminder voor die verstryking van die tegniese lewensduur, dat dit vervang moet word. Dit gebeur meesal dat

I) Meij, J.L. op.cit., p. 18.

die ekonomiese lewensduur korter as die tegniese lewensduur is. Die kapitaal moet op die tydstip wanneer vervanging nodig is, beskikbaar wees. Indien die bate se prys nog nie op daardie stadium deur afskrywings verhaal is nie, moet die fondse vir vervanging uit 'n ander bron kom, wat dan weer die behoefte aan kapitaal verhoog. Die hele boekwaarde van die masjien moet dus binne die ekonomiese bruikbaarheidsduur afgeskrywe word. Hierdie ekonomiese lewensduur kan egter nie presies bepaal word nie, en daarom is dit raadsaam om konserwatief met die berekening van die ekonomiese lewensduur te wees. Dit beteken dat die ekonomiese lewensduur betreklik kort gestel moet word, sodat die geïnvesteerde kapitaal gou kan omloop.

Wat die omlooptyd van die geïnvesteerde kapitaal in die vlottende bates aanbetref, is die omlooptyd juister bepaalbaar, maar daar is nog 'n element van onsekerheid aan verbonde. Die rede is geleë in die feit dat die omlooptyd by 'n bemarkingskoöperasie strek vanaf die tydstip wanneer die produk die koöperasie binnekom totdat die oorspronklike produk of die verwerkte vorm daarvan die koöperasie verlaat en die koper daarvoor betaal het. Hierdie tydperk is meesal nie so lank nie, maar daar is tog 'n tydsverloop wat risiko meebring, as gevolg van faktore soos voorraadvorming van die produk of die verwerkte produk, asook kredietverskaffing en die konjunktuur. Indien daar nie 'n permanente of versekerde mark aan die verkoopsy van die koöperasie is nie, styg die risiko en bring dit voorraadvorming wat 'n groter behoefte aan bedryfskapitaal veroorsaak. 'n Goeie voorbeeld hiervan vind ons by die tabakkoöperasies waar die totale produksie op 'n poelbasis sonder die waarborg van afname deur die bemarkingsraad op die mark aangebied word. Indien daar byvoorbeeld 'n oorskot tabak deur die lede geproduseer word, sal die koöperasie dit nie alles dadelik verkoop kry nie, en sal daar voorraadvorming wees.

Waar die verbruikersvraag na die produk of die praktiese omstandighede aan die afsetkant sodanig is dat die produk direk of gowaarborg na 'n volgende fase in die bedryfskolom gaan, is die vasleggingstyd van die bedryfskapitaal gewoonlik makliker bepaalbaar. Dit bring 'n kleiner totale vraag na bedryfskapitaal mee. 'n Goeie voorbeeld van versekerde afset vind ons by die koöperasies in die koringbedryf. Nie alleen kry ons hier 'n versekerde afset as gevolg van die feit dat

alle geproduseerde koring deur die Koringbeheerraad aangekoop word nie, maar dit word ook verder aangehelp deur die tekort ten opsigte van die binnelandse produksie van koring. In die praktyk vind ons dan ook dat daar by die koringbemarkingskoöperasies baie min of geen voorraadvorming bestaan nie.

Om hierdie verloop van die koöperatiewe produksieproses beter te kan verstaan, kan ons dit aan die hand van 'n aantal denkbeeldige voorbeelde doen. Daardeur kan ons dan ook 'n beter beeld van die omloopproses en die duur daarvan kry.

Die aktiwiteite van landboukoöperasies is, uit die aard van die landbouproduksieproses, grootliks van 'n seisoens aard. Daarom sal daar eerstens gelet word op die geval waar die koöperatiewe aktiwiteit bestaan uit slegs een produk wat seisoenaal geproduseer en in 'n verwerkte vorm deur die koöperasie bemark word, soos byvoorbeeld tabak. Daarna moet ons 'n addisionele produk wat in 'n ander seisoen geproduseer en bemark word, asook die funksies van produksiekrediet en die voorsiening van boerderybenodigdhede aan die lede byvoeg. Hierdie twee voorbeelde sal van die veronderstelling uitgaan dat die koöperasie die produkte oor die hele termyn terwyl dit met die verwerking en bemarking daarvan besig is, ontvang. Daar word ook verder veronderstel dat die betaling van boerderybenodigdhede en produksiekrediet deur die lede binne een maand geskied (dit wil sê dit word van die voorskot op die produkte afgetrek). Daarna moet ons op die meer realistiese geval let waar die seisoensgeproduseerde produk deur die lede oor 'n baie korter tydperk gelewer word as wat dit die koöperasie neem om dit te bemark (byvoorbeeld mielies), en waar die koöperasie boerderybenodigdhede op skuld koop, dit nie alles dadelik aan die lede verkoop nie, en waar die lede hierdie benodigdhede en die toegestane produksiekrediet nie altyd dadelik en op tyd terugbetaal nie.

Die eerste geval (tabel 1) is 'n denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbehoefte van 'n koöperasie wat die bemarking van 'n landbouproduk op seisoensgrondslag volgens 'n poelstelsel as enigste aktiwiteit het. Die lede lewer hierdie produk oor die volle duur van die seisoen, aan die koöperasie, waarop hulle gemiddeld 38% voorskot ontvang en die agterskot na afsluiting van die bemarkingseisoen. Verder word aangeneem dat die koöperasie die produkte elke maand teen kontant verkoop en dat daar geen voorraadvorming is nie. Ook word aan-


TABEL I

DENKBEELDIGE VOORBEELD VAN KAPITAALBEHOEFTE VAN 'N BEMARKINGSKOOOPERASIE MET SLEGS EEN BEMARKINGSAKTIWITEIT

Maand	Grond	Masjinerie en Geboue	Aankope Masjinerie	Masjinerie na aankope	Bedryfsuit- gawes en waardever- mindering	Voorskot op Produk A	Verwerkings- koste Produk A	Verkope Produk A	Onvoorsiene uitgawes	Agterskot Produk A	Verandering in kontant	Kumulatiewe verandering in kontant	Kumulatiewe totale kapi- taal behoefte
<u>1960</u>													
Januarie	500 000	200 000	-	200 000	-20 000	-	-20 000	+120 000	-	-	+80 000	+80 000	-620 000
Februarie	500 000	198 000	-	198 000	-30 000	-	-15 000	+90 000	-	-10 000	+35 000	+115 000	-583 000
Maart	500 000	196 000	+30 000	226 000	-30 000	-	-	-	-	-	-60 000	155 000	-646 000
April	500 000	224 000	-	224 000	-40 000	-	-	-	-	-	-40 000	+15 000	-684 000
Mei	500 000	222 000	-	222 000	-40 000	-	-	-	-	-	-40 000	-25 000	-722 000
Junie	500 000	220 000	+40 000	260 000	-45 000	-	-	-	-	-	-85 000	-110 000	-805 000
Julie	500 000	258 000	-	258 000	-60 000	-120 000	-	+190 000	-	-10 000	+10 000	-100 000	-793 000
Augustus	500 000	256 000	-	256 000	-60 000	-130 000	-20 000	+280 000	-	-20 000	+70 000	-30 000	-721 000
September	500 000	254 000	+30 000	284 000	-50 000	-130 000	-25 000	+300 000	-	-10 000	+65 000	+35 000	-654 000
Oktober	500 000	282 000	-	282 000	-40 000	-140 000	-30 000	+355 000	-	-25 000	+145 000	+180 000	-507 000
November	500 000	280 000	-	280 000	-40 000	-130 000	-30 000	+280 000	-30 000	-20 000	+50 000	+230 000	-455 000
Desember	500 000	278 000	+40 000	318 000	-30 000	-130 000	-25 000	+290 000	-	-30 000	+35 000	+265 000	-418 000
<u>1961</u>													
Januarie	500 000	316 000	-	316 000	-30 000	-	-20 000	+115 000	-	-15 000	+65 000	+330 000	-551 000
Februarie	500 000	314 000	-	314 000	-35 000	-	-20 000	+79 000	-	-10 000	-125 000	+205 000	-674 000
Maart	500 000	312 000	-	312 000	-30 000	-	-	-	-	-	-30 000	+175 000	-702 000
April	500 000	310 000	-	310 000	-30 000	-	-	-	-	-	-30 000	+145 000	-730 000
Mei	500 000	308 000	-	308 000	-35 000	-	-	-	-	-	-35 000	+110 000	-763 000
Junie	500 000	306 000	-	306 000	-30 000	-	-	-	-	-	-30 000	+80 000	-791 000
Julie	500 000	304 000	-	304 000	-50 000	-130 000	-	+210 000	-	-20 000	+30 000	+110 000	-759 000
Augustus	500 000	302 000	-	302 000	-50 000	-140 000	-25 000	+325 000	-30 000	-25 000	+80 000	+190 000	-677 000
September	500 000	300 000	-	300 000	-50 000	-130 000	-30 000	+330 000	-40 000	-30 000	+80 000	+270 000	-595 000
Oktober	500 000	298 000	-	298 000	-50 000	-140 000	-30 000	+330 000	-	-20 000	+110 000	+380 000	-483 000
November	500 000	296 000	-	296 000	-45 000	-130 000	-25 000	+255 000	-	-15 000	+55 000	+435 000	-426 000
Desember	500 000	294 000	-	294 000	-40 000	-120 000	-20 000	+230 000	-	-10 000	+50 000	+485 000	-374 000
<u>1962</u>													
Januarie	500 000	294 000	+25 000	319 000	-40 000	-	-20 000	+190 000	-	-5 000	+105 000	+590 000	-267 000
Februarie	500 000	319 000	-	319 000	-40 000	-	-15 000	+50 000	-	-20 000	-25 000	+565 000	-292 000
			+165 000		-1 040 000	-1 570 000	-370 000	+4 010 000	-100 000	-308 000			

Grafiek I.

Denkbeeldige kapitaalbehoefte van 'n bemarkingskoop-
rasie met slegs een bemarkingsaktiwiteit (In RI,000)



geneem dat alle masjinerie tot nul afgeskryf word en dat die periodieke aankope daarvan teen kontant geskied. Die poelstelsel word hier gebruik omdat dit koöperatief die suiwerste vorm van koöperatiewe bemarking is. Bemarking via 'n bemarkingsraad sal basies geen verskil aan die voorbeeld maak nie, behalwe dat die opbrengs van die verkope gewoonlik deur een bedrag verteenwoordig sal word, en nie deur 'n voor- en agterskot soos wat dit by die poelstelsel die geval was nie. By die beheerraadstelsel bly dit ook nog 'n finansieringsbehoefte van die koöperasie, aangesien die koöperasie die bemarkingsaktiwiteit self uit eie fondse of in die praktyk gewoonlik met behulp van korttermynlenings van die Landbank finansier. Al verskil is dat die geldelike opbrengs van die verkope egter gewaarborg is, en dus ook die afbetaling van die lenings.

Uit tabel 1 blyk die totale kapitaalbehoefte per maand, asook die verdeling daarvan in vaste en vlottende kapitaal. Grafiek 1 toon weer die totale kapitaalbehoefte grafies aan.

Uit grafiek 1 sien ons dat die totale kapitaalbehoefte heelwat wissel van maand tot maand, maar dat dit nooit laer as R267,000 daal nie. Dit verteenwoordig dus die minimum kapitaal wat vir 'n permanente termyn verkry moet word. Verder blyk dit uit die grafiek dat die totale kapitaalbehoefte vir 'n groot gedeelte van die periode slegs seisoenaal bo R400,000 uitstyg.¹⁾ Dit is dus logies dat hierdie seisoensbehoefte met kapitaal wat vir 'n kort periode beskikbaar is gefinansier kan word, aangesien dit redelik gou in die produksieproses omloop. Om hierdie produksieproses se totale kapitaalbehoefte slegs met langtermyn-beskikbare kapitaal te finansier, sou onekonomies wees. Dit sou beteken dat die koöperasie deurentyd oor 'n kapitaal van R800,000 (sien grafiek 1) sou moet beskik om die hoogtepunte van die seisoensbemarkingsproses te finansier, terwyl 'n groot gedeelte daarvan (min of meer R400,000) vir groot tydperke van die jaar onbenut lê. Dit is beter dat slegs die behoefte aan grond en geboue en die minimumkapitaalbelegging in masjinerie met langtermynkapitaal gefinansier word, en die res van die behoeftes

1) Daar die behoefte aan vaste kapitaal vir die grootste gedeelte van die jaar nie benede R400,000 daal nie (en dan slegs vir een maand, waarna dit dadelik weer styg) word R400,000 as 'n meer realistiese syfer as R292,000 vir die behoefte aan vaste kapitaal geneem.

met kapitaal wat vir 'n korter periode beskikbaar is, omdat dit redelik gou in die produksieproses omloop. Die snelle omloop van laasgenoemde behoeftes blyk duidelik uit tabel I, waar die verandering in die kumulatiewe kontantposisie slegs vir kort periodes negatief raak. Op grafiek I toegepas, beteken dit dat die kapitaalbehoefte tot by R267,000 met permanent beskikbare kapitaal gefinansier moet word; die verdere behoefte tot by * R400,000 met kapitaal wat vir 'n medium- of selfs korttermyn beskikbaar is, en die behoefte bo R400,000 met korttermyn beskikbare kapitaal.

Uit tabel I blyk verder dat die totale kapitaalbehoefte (vas en vlottend) oor die twee jaar R4,070,000 beloop (dus *R2035,000 per jaar of oor 'n produksie seisoen) en die totale maandelikse behoefte nooit meer as R850,000 styg nie. Hierdie hoogtepunt word min of meer in Junie bereik. Dit illustreer duidelik die omloop van die kapitaal in die produksieproses. Alhoewel die totale kapitaalbehoefte groot is, bly die benodigde kapitaal hier vir slegs een maand in die produksieproses opgesluit. Binne een maand is die vlottende kapitaal dus weer beskikbaar ter herfinansiering van die verdere behoefte aan fondse vir vlottende bates en ander uitgawes. Die herhalende aard van die produksieproses word dus hier ten opsigte van die vlottende kapitaalbehoefte in stand gehou.

Tabel 2 en grafiek 2 is 'n verdere denkbeeldige voorbeeld van 'n koöperasie wat twee landbouprodukte van 'n seisoens aard op 'n poelgrondslag bemark. Die twee produkte word in afsonderlike seisoene bemark en word deur dieselfde lede geproduseer. Produk B word deur die koöperasie bemark omdat dit min of meer in die periode tussen die opeenvolgende bemarkingseisoene van produk A inpas en met dieselfde masjinerie en fasiliteite verwerk en bemark kan word. A is die hoofproduk en B word onderneem om die leë kapasiteit van die implemente buite produk A se seisoen te benut.

Ten opsigte van produk A word produksieleninge vanaf Januarie tot Maart gegee, boerderybenodigdhede word vanaf Desember tot Februarie verskaf, en die bemarkingseisoen strek vanaf Julie tot Februarie. By produk B word produksiekrediet vanaf Julie tot September toegestaan, terwyl boerderybenodigdhede vanaf Junie tot Augustus verskaf word. Die bemarkingseisoen is heelwat korter in hierdie geval, naamlik vanaf

TABEL 2

DENKBEELDIGE VOORBEELD VAN DIE KAPITAALBEHOEFTE VAN 'N BEWAKINGSKOOPERASIE MET TWEE PRODUKTE OP SEISOENSGRONDSLAG


BEMERK (IN R1 000)

Maand	Grond	Geboue en masjinerie voor aankope	Aankope masjinerie	Geboue en masjinerie na aankope	Bedryfsuitgewas en waardevermindering	Produksiekrediet en Debiteure	Boerderybenodigde hede	Voorakot op Produk A	Verwerkingskoste Produk A	Verkope Produk A	Voorakot Produk B	Verwerkingskoste Produk B	Verkope Produk B	Onvoorsiene uitgawes	Agtarakot Produk A	Agtarakot Produk B	Bedrag van agtarakot uitbetaal	Verandering in kontantposisie	Kumulatiewe kontant aan einde van maand	Totale kapitaalbehoefte	
																	A B				
1960																					
Januarie	500 000	200 000	-	200 000	-30 000	-20 000	-40 000	-	-20 000	+120 000	-	-	-	-	+20 000	-	-	+10 000	+10 000	-690 000	
Februarie	500 000	198 000	-	198 000	-50 000	-30 000	-50 000	-	-15 000	+90 000	-100 000	-	+190 000	-	-	+10 000	-40 000	-5 000	+5 000	-693 000	
Maart	500 000	196 000	+30 000	226 000	-65 000	-25 000	-	-	-	-	-120 000	-10 000	+250 000	-	-	+20 000	-	-	-5 000	-701 000	
April	500 000	224 000	-	224 000	-70 000	-	-	-	-	-	-140 000	-15 000	+290 000	-	-	+30 000	-	-	+45 000	-649 000	
Mai	500 000	222 000	-	222 000	-70 000	-	-	-	-	-	-115 000	-10 000	+255 000	-10 000	-	+15 000	-	-	+95 000	-597 000	
Junie	500 000	220 000	+40 000	260 000	-75 000	-	-20 000	-	-	-	-100 000	-10 000	+210 000	-	-	+20 000	-95 000	-130 000	-25 000	-655 000	
Julie	500 000	258 000	-	258 000	-80 000	-20 000	-30 000	-120 000	-	+190 000	-	-	-	-	+10 000	-	-	-60 000	-90 000	-713 000	
Augustus	500 000	256 000	-	256 000	-80 000	-25 000	-25 000	-130 000	-20 000	+280 000	-	-	-	-	+20 000	-	-	-	-90 000	-711 000	
September	500 000	254 000	+30 000	284 000	-70 000	-15 000	-	-130 000	-25 000	+300 000	-	-	-	-	+10 000	-	-	+30 000	-60 000	-679 000	
Oktober	500 000	282 000	-	282 000	-60 000	-	-	-140 000	-30 000	+355 000	-	-	-	-	+25 000	-	-	+125 000	+65 000	-552 000	
November	500 000	280 000	-	280 000	-55 000	-	-	-130 000	-30 000	+280 000	-	-	-	-30 000	+20 000	-	-	+35 000	+100 000	-515 000	
Desember	500 000	-78 000	+40 000	318 000	-45 000	-	-30 000	-130 000	-25 000	+290 000	-	-	-	-	+30 000	-	-	+10 000	+110 000	-503 000	
1961																					
Januarie	500 000	316 000	-	316 000	-45 000	-25 000	-35 000	-	-20 000	+115 000	-	-	-	-	+15 000	-	-	-10 000	+100 000	-511 000	
Februarie	500 000	314 000	-	314 000	-50 000	-35 000	-45 000	-	-20 000	+70 000	-100 000	-	+190 000	-	+10 000	+20 000	-140 000	-130 000	-30 000	-639 000	
Maart	500 000	312 000	-	312 000	-55 000	-30 000	-	-	-	-	-120 000	-15 000	+230 000	-	-	+30 000	-	-	-20 000	-627 000	
April	500 000	310 000	-	310 000	-60 000	-	-	-	-	-	-150 000	-10 000	+290 000	-	-	+20 000	-	-	+50 000	-555 000	
Mai	500 000	308 000	-	308 000	-70 000	-	-	-	-	-	-130 000	-15 000	+290 000	-	-	+30 000	-	-	+75 000	-478 000	
Junie	500 000	306 000	-	306 000	-60 000	-	-35 000	-	-	-	-100 000	-10 000	+215 000	-	-	+15 000	-115 000	-105 000	+230 000	-671 000	
Julie	500 000	304 000	-	304 000	-70 000	-30 000	-40 000	-130 000	-	+210 000	-	-	-	-	+20 000	-	-	-60 000	+170 000	-629 000	
Augustus	500 000	302 000	-	302 000	-70 000	-35 000	-30 000	-140 000	-25 000	+325 000	-	-	-	-30 000	+29 000	-	-	+5 000	+175 000	-622 000	
September	500 000	300 000	-	300 000	-70 000	-30 000	-	-130 000	-30 000	+330 000	-	-	-	-40 000	+30 000	-	-	+30 000	+205 000	-590 000	
Oktober	500 000	298 000	-	298 000	-70 000	-	-	-140 000	-30 000	+330 000	-	-	-	-	+20 000	-	-	-	+295 000	-498 000	
November	500 000	296 000	-	296 000	-65 000	-	-	-130 000	-25 000	+255 000	-	-	-	-	+15 000	-	-	+35 000	+370 000	-459 000	
Desember	500 000	294 000	-	294 000	-60 000	-	-	-120 000	-20 000	+230 000	-	-	-	-	+10 000	-	-	+30 000	+360 000	-429 000	
1962																					
Januarie	500 000	294 000	+25 000	319 000	-55 000	-25 000	-35 000	-	-20 000	+190 000	-	-	-	-	+15 000	-	-	+30 000	+390 000	-397 000	
Februarie	500 000	317 000	-	317 000	-60 000	-35 000	-50 000	-	-15 000	+100 000	-110 000	-	+160 000	-	+10 000	+20 000	-145 000	-	-155 000	+235 000	-550 000
			+165 000		610 000	-380 000	-465 000	-1 570 000	-370 000	+4 060 000	-1 285 000	95 000	+2 560 000	125 000	305 000	210 000					

Grafiek 2.

Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbehoefte van 'n landboukoöperasie wat twee produkte bemark.

(In RI,000).



Februarie tot Junie. By beide produkte word aangeneem dat die lede dit oor 'n redelike tyd ('n paar maande) lewer. Voorskotte by produk A geskied teen 'n gemiddelde koers van 30% en by produk B teen 50%. In beide gevalle word die agterskot na afhandeling van die pool uitbetaal. Daar word verder aanvaar dat alle verkope teen kontant geskied, dat geen voorraadvorming plaasvind nie en dat produksienelings en boerderybenodigdhede van die volgende maand se voorskot afgetrek word en dat die masjinerie tot nul afgeskryf word, en wel dat 'n konstante bedrag aan waardevermindering per maand afgeskryf word. Indien hierdie aannames laat vaar word, byvoorbeeld dat die produksiekrediet nie so reëlmatig terugbetaal word nie, verander dit nog nie die basiese werking van hierdie voorbeeld nie, maar bemocilik dit slegs. Daarom word van hierdie aannames gebruik gemaak.

Uit grafiek 2 blyk dit dat die totale kapitaalbehoefte skommel, maar dat dit feitlik deurentyd bo R480 000 bly en slegs vir 'n kort periode daaronder daal. Dit beteken dat R480 000 in hierdie geval as die minimum kapitaal oeskou moet word wat permanent in die koöperasie beskikbaar moet wees. Hierdie kapitaal moet dus op 'n permanente basis verkry word.

Van belang in hierdie voorbeeld is die feit dat die totale kapitaalbehoefte hier heelwat kleiner skommeling vertoon as wat dit die geval was waar slegs een aktiwiteit onderneem is. Dit is as gevolg van die feit dat die verskeie aktiwiteite mekaar hier sodanig opvolg dat die totale kapitaalbehoefte hier baie meer gelykmatig dwarsdeur die jaar verloop en dus minder van 'n seisoensaard vertoon. Die wisseling in die totale kapitaalbehoefte is hier dan ook volgens grafiek 2 geleë tussen R400 000 en R710 000. In hierdie geval sal dit lonender wees om van die totale kapitaalbehoefte ten minste R500 000 uit langtermynkapitaal te finansier, aangesien die skommeling benede hierdie bedrag van korte duur is (sien grafiek 2). Dit staan teenoor die R267 000 langtermyn-benodigde kapitaal in voorbeeld I waar slegs een produk seisoenaal bemark is, 'n kleiner deel van die totale behoeftes moet dus hier met medium- of korttermynfondse gefinansier word.

Uit wat tot dusver oor die finansieringsverloop gesê is, volg dat daar verskeie behoeftes is wat van mekaar verskil ten opsigte van die duur waarvoor die kapitaal benodig is. Dit beteken egter nie dat die kapitaal wat benodig word om 'n se-

kere behoefte te finansier slegs vir dieselfde tydperk beskikbaar moet wees as wat die betrokke behoefte duur nie. In die eerste voorbeeld waar van slegs een aktiwiteit gebruik gemaak is, sal dit in 'n groot mate geld. In die tweede voorbeeld het die aktiwiteite mekaar egter so snel opgevolg dat dit in sulke gevalle nie verkeerd is nie, maar soms prakties meer uitvoerbaar om behoeftes van 'n kort lewensduur met langtermyn-beskikbare fondse te finansier.

Uit tabel 2 en grafiek 2 blyk verder dat, alhoewel die totale behoefte aan vaste en vlottende kapitaal per jaar op \pm R3,300,000 te staan kom, en die totale behoefte in geen maand self meer as R713,000 beloop nie. Dit bereik hierdie hoogtepunt min of meer in Julie (tabel 2). Dit toon weer eens die beginsel van die kapitaalomloop in die produksieproses. Omdat 'n groot gedeelte van die kapitaal wat in die produksieproses opgesluit word binne 'n kort periode weer vrykom en vir herfinansiering van die proses beskikbaar is, kan 'n baie groot volume aktiwiteite per seisoen gehanteer word. Uit tabel 2 sien ons duidelik dat die kumulatiewe kontantposisie aan die end van elke maand slegs vir kort periodes negatief raak, terwyl die behoefte aan vlottende kapitaal, soos verteenwoordig deur bedryfsuitgawes, produksiekrediet, boerderybenodigde, voorskotte en verwerkingskoste elke maand 'n redelik groot bedrag beloop. Die posisie verander eers wanneer die vaste kapitaalbehoefte soos grond, geboue en masjinerie bygevoeg word, waar die kapitaal wat daarin opgesluit word oor 'n baie langer termyn onloop voor dit weer vir herfinansiering beskikbaar is. In die geval van grond kom die kapitaal daarin belê eers weer vry by die eventuele verkoop daarvan. Dit gebeur gewoonlik net wanneer die onderneming ophou bestaan, sodat die kapitaal daarin belê prakties nie vir herfinansiering beskikbaar kom nie.

As ons hierdie tweede voorbeeld met die eerste een vergelyk, is hier 'n verdere afleiding te maak. In die eerste geval (tabel I) het ons gesien dat die maksimum totale kapitaalbehoefte per maand nooit hoër as R805,000 styg nie. Daarenteen vind ons in die tweede voorbeeld dat die totale kapitaalbehoefte nooit hoër as R713,000 styg nie. Alhoewel ons in die tweede geval 'n uitbreiding van die totale aktiwiteite het, neem die totale kapitaalbehoefte per maand hier nie toe nie. Dit gebeur as gevolg van die feit dat die aktiwiteite mekaar

sodanig opvolg dat die een aktiwiteit begin wanneer die kapitaal wat in 'n vorige proses opgesluit is, vrykom. Dit is die sogenaamde diversiteitsbeginsel wat hier toegepas word.

Alhoewel dit selde in die praktyk sal gebeur dat die verskeie aktiwiteite ten opsigte van hulle omlooptyd mekaar nie sal oorvleuel nie, en dat dit verder moontlik sal wees om met dieselfde belegging in vaste kapitaal die addisionele aktiwiteite te onderneem, illustreer dit tog die beginsel baie goed. Die voorbeeld is dan ook sodanig gekies. In die praktyk sal ons dikwels vind dat die verskeie aktiwiteite se looptyd mekaar oorvleuel en dat verdere aktiwiteite 'n verhoging in die behoefte aan vaste en vlottende middele meebring. Dit verander egter niks aan die feit dat 'n uitbreiding van die aktiwiteite nie 'n proporsionele verhoging van die kapitaalbehoefte meebring nie. Dit volg uit die feit dat 'n groter gedeelte van die kapitaal nie in die produksieproses opgesluit bly nie, maar weer vrygestel word om weer vir herfinansiering beskikbaar te wees. Ons het immers aangetoon dat die omloopproses aan die wortel van finansiering lê.

Na die mate wat hierdie addisionele aktiwiteite mekaar oorvleuel, sal die totale finansieringsbehoefte 'n meer skommelende aard vertoon, en nie so gelykmatig wees as wat dit in grafiek 2 die geval is nie. Dit sal byvoorbeeld die geval wees indien die bemerking van produkte A en B nie in verskeie seisoene val nie, maar byvoorbeeld in dieselfde seisoen. In so 'n geval is dit duidelik dat die vlottende kapitaal in produk A nie betyds kan omloop om weer vir herfinansiering van die vlottende behoeftes van produk B beskikbaar te wees nie. In so 'n geval sal die totale kapitaalbehoefte dus heelwat meer as die benodigde R713,000 van grafiek 2 wees.

Ook sal die termyn waarvoor verskillende bedrae kapitaal benodig sal wees, verskil. By tabel 2 het die totale kapitaalbehoefte grootliks uit permanente en in 'n mindere mate uit medium- en korttermynkapitaal bestaan. Wanneer hierdie twee bemerkingsaktiwiteite egter in dieselfde seisoen saamval, sal die behoefte aan permanente kapitaal miskien nog dieselfde bly, tensy die belegging in grond en geboue uitgebrei moet word. Die behoefte aan langtermynkapitaal sal wel verander, aangesien addisionele masjinerie en toerusting waarskynlik aangeskaf sal moet word. Verder sal bemerkingsaktiwiteite nie meer met medium- of selfs langtermynkapitaal gefinansier

kan word nie, omdat die looptyd van hierdie aktiwiteite nou nie meer oor die hele jaar strek nie, maar in 'n paar maande saamgevoeg is. Dit beteken dus dat 'n behoefte aan korttermynkapitaal sal ontstaan, en dat die totale kapitaalbehoefte baie groter skommeling van maand tot maand sal vertoon as wat dit die geval by grafiek 2 is.

Uit die voorafgaande sien ons waarom die definisie van finansiering van die "W.P. voor het bedrijfsleven" wat ons hier volg, soveel klem lê op die ekonomiese doel en struktuur van die produksieproses waarin die finansiering optree. Die doel van 'n koöperasie is om 'n diens aan sy lede te lewer. As die ekonomiese struktuur van hierdie doel (dus die aktiwiteite wat die koöperasie verrig) verander, sal die finansiële omloopproses en die kapitaalbehoefte ook verander. Die aard en omvang van die behoefte aan permanente langtermyn- en korttermyn- beskikbare kapitaal gaan dus afhang van die aard, omvang en duur van die produksieproses. Dit gaan dan ook uiteindelik die geskikste finansieringsbronne aantoon.

Om egter weer terug te keer na die voorbeeld onder bespreking. Ons het in die eerste en tweede voorbeeld eerstens uitgegaan van die standpunt dat die lede die produkte ter bemarking oor 'n redelike lang termyn van die seisoensduur aan die koöperasie lewer. Dit gebeur nie met baie landbouprodukte in die praktyk nie. Gewoonlik word die totale oes binne een of twee maande aan die koöperasie gelewer, terwyl die verkope daarvan deur die koöperasie gewoonlik oor 'n langer termyn plaasvind. Dit beteken dus 'n onmiddellike groot kapitaalbehoefte vir die gee van voorskotte, terwyl die vrykoming van kapitaal via die bemarkingsproses oor 'n redelike lang gedeelte van die bemarkingseisoen uitgestrek is.

Verder het ons ook in die voorbeelde tot dusver aanvaar dat alle transaksies teen kontant geskied of binne die betrokke maand uit die voorskot deur die lede betaal word. Ook hierdie aanname geld dikwels nie in die praktyk nie.

Om dus meer realisties in ons voorbeelde te wees, moet ons hierdie aannames laat vaar en 'n derde voorbeeld hier inbring. Daar word nog van dieselfde aktiwiteite as in voorbeeld twee uitgegaan, maar met die byvoeging dat die totale produksie deur die lede binne twee maande aan die koöperasie gelewer word. Aankope van masjinerie geskied nog teen kontant, maar aankope van boerderybenodighede deur die koöperasie


TABEL 3

DETERMINEREND VOORBEELD VAN KAPITAALBEHOEFTES VAN 'N KOOPMAATSCHAP VAN DRIE PRODUCTEN BEMERK EN HOERDEENBEHOEDIGHEID EN PRODUKTIEKREDIET AAN LEDE GEZ.

Maand	Grond	Masjinerie en geboue	Aankope masjinerie	Masjinerie no aankope	Betalen masjinerie	Bedryfsuitgawe en deprezasie	Aankoop benodigde hede	Betaal benodigde hede	Voorraad benodigde hede	Bedryfs benodigde hede aan lede	Betaling Bedryfs benodigde hede	Gas van produksie-krediet	Terugbetaal produksie-krediet	Voorrakot op Produk A	Verwerkings-koste Produk A	Verkope Produk A	Voorrakot Produk B	Verwerkings-koste Produk B	Verkope Produk B	Agtarakot Produk A	Agtarakot Produk B	Onvoorsiene uitgaves	Voorstening reserwes en bonus	Verandering in kontant	Kumulatiewe verandering in kontant	Kumulatiewe lokale behoeftes
1960																										
Januarie	500 000	200 000	-	200 000	-	-30 000	40 000	-10 000	10 000	-30 000	-	-20 000	-	-	-	+150 000	-	-	-	-	-	-	-	+60 000	-60 000	-640 000
Februarie	500 000	198 000	-	198 000	-	-50 000	50 000	-20 000	60 000	-40 000	+30 000	-30 000	+10 000	-	-	-	-500 000	-	+200 000	-	-	-	-	-400 000	-340 000	-1 030 000
Maart	500 000	196 000	30 000	226 000	-30 000	-65 000	-	-30 000	20 000	-15 000	+30 000	-25 000	+20 000	-	-	-	-300 000	-10 000	+200 000	-	-	-	-	-225 000	-565 000	-1 163 000
April	500 000	224 000	-	224 000	-	-70 000	-	-30 000	5 000	-	+20 000	-	+20 000	-	-	-	-	-15 000	+200 000	-	-	-	-	-175 000	-390 000	-1 084 000
Mai	500 000	222 000	-	222 000	-	-70 000	-	-	5 000	-	-10 000	-	+25 000	-	-	-	-	-10 000	+220 000	-	-	-20 000	-	+155 000	-235 000	-927 000
Junie	500 000	220 000	40 000	260 000	-40 000	-75 000	20 000	-10 000	8 000	-20 000	-	-	-	-	-	-	-	-10 000	+200 000	-	-	-	-	-45 000	-280 000	-970 000
Julie	500 000	258 000	-	258 000	-	-80 000	30 000	-20 000	10 000	-25 000	+15 000	-20 000	-	-400 000	-	+270 000	-	-	-	-	-	-	-	-290 000	-570 000	-1 255 000
Augustus	500 000	254 000	-	254 000	-	-80 000	25 000	-30 000	15 000	-20 000	+20 000	-25 000	+20 000	-200 000	-29 000	+250 000	-	-	-	-	-	-	-	-85 000	-655 000	-1 341 000
September	500 000	254 000	30 000	284 000	-30 000	-70 000	-	-15 000	5 000	-10 000	+20 000	-15 000	+20 000	-	-25 000	+340 000	-	-	-	-	-	-	-	+215 000	-440 000	-1 124 000
Oktober	500 000	282 000	-	282 000	-	-60 000	-	-	5 000	-	+20 000	-	+10 000	-	-30 000	+260 000	-	-	-	-	-	-40 000	-	+160 000	-280 000	-962 000
November	500 000	280 000	-	280 000	-	-55 000	-	-	5 000	-	-	-	+10 000	-	-30 000	+250 000	-	-	-	-	-	-	-	+175 000	-103 000	-785 000
Desember	500 000	278 000	40 000	318 000	-40 000	-65 000	30 000	-10 000	5 000	-30 000	-	-	-	-	-25 000	+310 000	-	-	-	-	-	-	-50 000	+110 000	+5 000	-675 000
1961																										
Januarie	500 000	316 000	-	316 000	-	-45 000	35 000	-40 000	10 000	-40 000	+20 000	-25 000	-	-	-25 000	+310 000	-	-	-	-140 000	-	-	-	+15 000	+20 000	-659 000
Februarie	500 000	314 000	-	314 000	-	-50 000	45 000	-40 000	5 000	-40 000	+40 000	-35 000	+20 000	-	-30 000	+230 000	-400 000	-	-	-	-	-	-	-295 000	-275 000	-951 000
Maart	500 000	312 000	-	312 000	-	-55 000	-	-20 000	5 000	-	+30 000	-30 000	+30 000	-	-	-	-	-15 000	+250 000	-	-	-	-	-210 000	-485 000	-1 159 000
April	500 000	310 000	-	310 000	-	-60 000	-	-	5 000	-	+20 000	-	+30 000	-	-	-	-	-10 000	+200 000	-	-	-30 000	-	+150 000	-335 000	-1 007 000
Mai	500 000	308 000	-	308 000	-	-70 000	-	-	5 000	-	-	-	+10 000	-	-	-	-	-15 000	+100 000	-	-	-	-	+25 000	-315 000	-985 000
Junie	500 000	306 000	-	306 000	-	-60 000	35 000	-20 000	5 000	-15 000	-	-	-	-	-	-	-	-10 000	+150 000	-	-80 000	-	-	-5 000	-320 000	-988 000
Julie	500 000	304 000	-	304 000	-	-70 000	40 000	-40 000	15 000	-30 000	-70 000	-30 000	-	-300 000	-	-	-	-	+250 000	-	-	-	-	-200 000	-520 000	-1 184 000
Augustus	500 000	302 000	-	302 000	-	-70 000	30 000	-30 000	5 000	-40 000	+40 000	-35 000	+20 000	-300 000	-25 000	+260 000	-	-	-	-	-	-	-	-180 000	-700 000	-1 164 000
September	500 000	300 000	-	300 000	-	-70 000	-	-15 000	5 000	-15 000	+30 000	-30 000	+30 000	-	-30 000	+230 000	-	-	-	-	-	-	-	+200 000	-500 000	-1 162 000
Oktober	500 000	298 000	-	298 000	-	-70 000	-	-	5 000	-	+10 000	-	+30 000	-	-30 000	+270 000	-	-	-	-	-	-	-	+240 000	-260 000	-920 000
November	500 000	296 000	-	296 000	-	-65 000	-	-	5 000	-	-	-	+15 000	-	-25 000	+320 000	-	-	-	-	-	-50 000	-	+195 000	-45 000	-723 000
Desember	500 000	294 000	-	294 000	-	-60 000	30 000	-20 000	15 000	-20 000	-	-	-	-	-20 000	+245 000	-	-	-	-	-	-	-	-70 000	+75 000	-646 000
1962																										
Januarie	500 000	292 000	25 000	317 000	-25 000	-55 000	35 000	-40 000	10 000	-45 000	+50 000	-35 000	-	-	-20 000	+230 000	-	-	-	-150 000	-	-	-	+10 000	+20 000	-636 000
Februarie	500 000	315 000	-	315 000	-	-60 000	50 000	-50 000	5 000	-50 000	+50 000	-50 000	+40 000	-300 000	-15 000	+200 000	-	-	-	-	-	-	-	-135 000	-155 000	-807 000
						165 000	-1 610 000	495 000	490 000	485 000	475 000	405 000	360 000	1 500 000	349 000	3 835 000	1 600 000	95 000	1 970 000	290 000	170 000	140 000	120 000			

Grafiek 3.

Denkbeeldige kapitaalbehoefte van 'n koöperasie wat twee produkte
bemark, asook boerderybenodigdhede en produksiekrediet aan boere
verskaf. (In RI,000).



sonder deposito teen drie maande krediet. Dieselfde voorwaardes geld ten opsigte van die lewering van boerderybenodigdhede en die verlening van produksiekrediet aan die lede. Verder word in hierdie voorbeeld aangeneem dat die finansiële jaar in Desember afsluit. Dit beteken dat daar op daardie tyd-stip voorsiening vir waardevermindering, reserwes en 'n bonus aan die lede moet wees.

Uit tabel 3 en grafiek 3 sien ons dat die totale kapitaalbehoefte in hierdie geval heelwat meer skommel as in die vorige voorbeeld met dieselfde aktiwiteite. Ook vind ons hier 'n verandering in die omvang van die kapitaalbehoefte met verskillende looptye. Grafiek 3 toon dat die behoefte aan permanent beskikbare kapitaal op ongeveer R650,000 te staan kom, wat 'n vergroting van hierdie behoefte veronderstel, dit ten spyte van die feit dat die benodigde kapitaal vir grond en geboue nie uitgebrei het nie.

Die uitbreiding ontstaan uit die feit dat die voorskotte aan lede oor 'n baie kort tydperk gegee word, terwyl die verkope van die produk langer duur en terselfdertyd produksiekrediet aan die lede toegestaan word. Dit beteken dat die kapitaal opgesluit in die bemarkingsproses en in die boerderybenodigdhede op 'n tydstip wanneer die kapitaal al weer benodig word vir die verskaffing van verdere voorskotte, produksiekrediet en die voorsiening van boerderybenodigdhede. Daarom moet 'n gedeelte van hierdie behoeftes, wat in wese van 'n kort-termynaard is, met langtermyn kapitaal gefinansier word. Dit beteken dat, afgesien van die minimum langtermyn-benodigde kapitaal vir die finansiering van die vaste bates, die byvoeging van produksiebenodigdhede en produksiekrediet 'n verdere bedrag aan minimum langtermyn-benodigde kapitaal vir hierdie behoeftes byvoeg. Dit blyk duidelik uit die kumulatiewe konstantposisie in tabel 3 vir die vlottende kapitaalbehoefte wat byna deurentyd negatief is.

Uit grafiek 3 blyk dit verder dat die permanente kapitaalbehoefte tussen ongeveer R650,000 en ongeveer R900,000 wel wissel, maar slegs vir 'n kort periode teen die end van die jaar benede R900,000 daal. Dit bring mee dat hierdie kapitaalbehoefte verkieslik met langtermyn-beskikbare kapitaal gefinansier moet word, aangesien dit oorwegend 'n langtermynverloop openbaar. Alle kapitaalbehoefte bo die R900,000-merk is slegs van 'n korttermynaard, en dit sou onekonomies wees om dit met langter-

mynkapitaal te finansier, aangesien kapitaal dan vir tydperke onbenut in die koöperasie sal bly lê. Hierdie korttermyn-behoeftes spruit natuurlik grootliks uit die feit dat die produkte oor 'n baie kort termyn teen voorskot gelewer word, maar dat die verkope daarvan oor 'n langer termyn geskied. Hierdie patroon van korttermyn-seisoensbenodigde kapitaal is tiperend van die meeste landboukoöperasies. Indien die seisoene van die betrokke twee produkte mekaar in 'n mate oorvleuel, sal hierdie seisoenskorttermynbehoeftes van 'n nog groter omvang wees en sal die behoeftes aan langtermynkapitaal dienooreenkomstig verander.

Tot dusver het ons gesien dat die aard en omvang van die produksieproses die aard en omvang van die koöperasie se kapitaalbehoeftes bepaal. 'n Verandering in die aard en duur van die produksieproses gaan 'n verandering in die finansieringsproses meebring. Ons het verder ook gesien dat die kapitaal nie vir altyd in die produksieproses belê bly nie, maar dat dit via die bemaking of lewering van die diens uiteindelik weer beskikbaar kom vir herfinansiering. Dit is dan ook hierdie verskynsel wat meebring dat 'n uitbreiding in die produksieproses na byvoorbeeld meer as een aktiwiteit wat op verskillende stadiums in die produksieproses hulle hoogtepunt bereik, met dieselfde of 'n minder as proporsioneel verhoogde bedrag gefinansier kan word. Ons het dit met die term diversiteit beskryf. Hierdie diversiteitsbeginsel het ons veral duidelik gesien by die behoefte aan vlottende kapitaal by tabelle I en 2, wat 'n verskil in die aard en omvang van die produksieproses behels.

Die belangrikheid van die diversiteitsbeginsel en die daaruit voortvloeiende minimumkapitaalbehoefte, blyk ook by die behoefte aan vaste kapitaal, byvoorbeeld masjinerie. Dit kan die beste met die volgende voorbeeld van Meij^{I)} voorgestel word:


Neem die geval waar daar vyf masjiene in die produksieproses gebruik word, elk met 'n leeftydsduur van vyf jaar. Indien al die masjiene gelyktydig aangeskaf word, sal hulle in die normale loop van omstandighede uiteindelik weer almal gelyktydig vervang moet word. Indien elke masjien R5,000 kos, sal die verloop van die totale kapitaalbehoefte aan masjinerie

I) Meij, op.cit., p.21.

soos volg daar uitsien:

Figuur 4


Kapitaalbehoefte by gelyktydige aanskaffing van duursame kapitaalgoedere



Indien daar egter elke jaar slegs een masjien aangeskaf word, wat ook na vyf jaar vervang moet word, sal die posisie soos volg wees:

Figuur 5

Kapitaalbehoefte by opeenvolgende aankoop van duursame kapitaalgoedere



By gelyktydige aanskaffing styg die totale kapitaalbehoefte elke vyf jaar tot R25,000. By opeenvolgende aankope begin die totale behoefte by R5,000 en styg met R5,000 per jaar minus waardevermindering totdat dit na vyf jaar 'n maksimum van R15,000 bereik. Daarvandaan kry ons 'n behoefte aan 'n minimumkapitaal van R10,000 en 'n fluktuerende behoefte van R5,000 aan die einde van elke jaar vir die aankoop van 'n nuwe masjien.

Ons vind dus hier dat, alhoewel die totale waarde van die

vyf masjiene R25,000 is, die totale kapitaalbehoefte nie R15,000 te bowe gaan nie. Dit volg uit die feit dat hier 'n opeenvolgende aanskaffing van masjinerie is. Omdat die leeftydscyuur van 'n masjien vyf jaar is, beteken dit dat daar elke jaar R1,000 via die waardevermindering vrykom vir herinvestering. Aan die einde van die jaar wanneer al vyf masjiene aangeskaf is, is daar van die oorspronklike belegging in die masjien wat eerste aangeskaf is, net R1,000 oor, in die tweede R2,000, in die derde R3,000, in die vierde R4,000 en in die vyfde R5,000; dus 'n totaal van R15,000. Na die einde van die vyfde jaar het die totale kapitaal in die eerste masjien via waardevermindering omgeloop en is dit weer beskikbaar vir die vervanging van die masjien. Daarom styg die totale behoefte nie bo R15,000 nie. Dit daal ook nie benede R10,000 nie, omdat daar elke jaar 'n masjien vervang moet word.

Die genoemde werking van die diversiteitsbeginsel ten opsigte van vaste bates gaan egter van 'n paar veronderstellings uit. Eerstens sal die verloop slegs so reëlmatig wees indien die tegniese lewensduur van die masjien met die ekonomiese lewensduur daarvan ooreenstem. Dit gebeur dikwels nie, sodat vervanging soms moet plaasvind voordat die volle waarde van die masjien via waardevermindering teruggevind is. Verder word hier ook aanvaar dat die vervangingsprys van die masjiene na vyf jaar nog dieselfde sal wees; iets wat onwaarskynlik sal wees. Ook word hier aanvaar dat hierdie verloop die normale sal wees, dit wil sê dat die masjien byvoorbeeld nie so ernstig sal breek dat vervanging voor die tyd noodsaaklik sal wees nie.

Al hierdie veronderstellings in ag genome, verander dit nog nie die werking van hierdie diversiteitsbeginsel by vaste bates nie; die beginsel sal net nie so gelykmatig verloop nie. Die kapitaalbehoefte by figuur 5 sal byvoorbeeld na die vyfde jaar 'n baie meer onreëlmatige skommeling vertoon. Dit kan wees dat dit in sekere jare bo die R15,000 merk uitstyg, terwyl dit in ander jare weer benede die R10,000 merk sal daal. Hierdie skommeling sal groter wees indien die vervanging van masjinerie nie telkens in opvolgende jare geskied nie. Solank daar egter opeenvolgende aankoop van masjiene is, sal die kapitaalbehoefte nog die patroon van figuur 5 bly behou, maar die minimum kapitaalbehoefte wat in hierdie geval op 'n permanente termyn verkry sal moet word, sal dan op minder as R10,000

te staan kom.

Daar is egter ook 'n ander aspek aan hierdie diversiteitsbeginsel by opeenvolgende aanskaffing van duursame kapitaal-goedere verbonde, naamlik kapasiteitsuitbreiding.¹⁾ Deur middel van die opeenvolgende aanskaffing van die kapitaal-goedere kan die totale produksiekapasiteit vergroot word sonder dat die kapitaalbehoefte in dieselfde verhouding toeneem. Dit kom daarop neer dat indien 'n koöperasie 'n vragmotor besit wat 'n lewensduur van vyf jaar besit, daar reeds deur middel van die afskrywing van waardevermindering na die eerste jaar kapitaal beskikbaar kom sonder dat die totale dra vermoë van hierdie vragmotor verminder is. Indien 'n vragmotor byvoorbeeld R10,000 kos, dit 'n leeftyd van vyf jaar het en die waardevermindering word vir die eerste jaar op 25% en vir die tweede jaar op 20% van die aanskafwaarde gestel, het daar alreeds na die einde van die tweede jaar R4,500 via waardevermindering vrygekome, wat die koöperasie in staat stel om met slegs R6,500 addisionele kapitaalbehoefte, 'n tweede vragmotor van R10,000 aan te koop. Dit is egter wenslik dat die volle R4,500 nie vir die aanskaffing van die tweede vragmotor gebruik word nie, maar dat 'n gedeelte daarvan vir uiteindelijke vervanging van die bestaande vragmotor opsygesit word. Wanneer daar dus na vyf jaar R10,000 deur middel van die waardevermindering vrygekome het, sal hierdie bedrag nie ten volle vir die aanskaffing van 'n tweede vragmotor gebruik kan word nie. Indien dit wel gedoen word, moet die koöperasie dan addisionele kapitaal vind vir die vervanging van bestaande bates. Wel kan hierdie vervanging vir 'n tyd uitgestel word deur die bestaande vragmotor te repareer, maar dit kan ook nie vir 'n onbeperkte tyd geskied nie. Die eis tot kontinuïteit van die produksieproses sal uiteindelik vervanging vereis.

Hierdie gedeeltelike gebruikmaking van die vrygekome kapitaal vir kapasiteitsuitbreiding behoort in die normale verloop van omstandighede nie 'n kapitaaltekort mee te bring nie. Indien aangeneem word dat die bestaande vragmotors wel vervang moet word, kan die vervanging nog uit die vrygekome waardevermindering gedoen word. Die rede hiervoor is dat daar elke jaar net een van die tien vragmotors vervang moet word.

1) Vergelyk Polak, N.J., Enige grondslagen voor de financiering der onderneming. De Erven, F. Bohm N.V., Haarlem, 1946, p. 125 en verder.

Die waardevermindering wat na die eerste vervanging uit die oorblywende neges en na die tweede vervanging uit die oorblywende agt vragmotors vrykom, behoort by die tweede en derde vervangingsdatum genoegsaam te wees, of sal in elk geval nie 'n proporsionele styging in die totale kapitaalvraag meebring nie. Op hierdie manier kan dus die totale kapasiteit van die koöperasie (in hierdie geval dra vermoë van die voertuie) vergroot word, sonder dat daar 'n proporsionele vergroting van nuwe kapitaal (dus van buite) benodig word om die vaste bates van die koöperasie mee te finansier.

Hierdie beginsel is nie net van toepassing in gevalle waar die lewensduur van die duursame produksiemiddele dieselfde is nie. Dit is ook van toepassing wanneer duursame produksiemiddele wat in lewensduur en aard van mekaar verskil, gebruik word. Polak^{I)} sê dan ook: "Deze tendens werkt niet slechts wanneer een aantal eendere duurzame productiemiddelen in een bedrijf samenwerken, maar even goed, wanneer verschillende activa met uiteenlopende levensduur worden gebruikt". Hy maak dan van die volgende syfervoorbeeld gebruik waar vier soorte kapitaalgoedere met lewensduurties van 5, 7, 12 en 16 jaar in die produksieproses gebruik word. In hierdie voorbeeld is dit masjiene waarvan die lewensduur wissel en wat telkens weer vervang moet word. Daar word gerieflikheidshalwe aanvaar dat die intensiteit van gebruik van die masjiene verskil, vandaar die wisselende lewensduur.

Tabel 4 stel die totale belegging in die masjiene en dus die totale benodigde kapitaalbehoefte per jaar voor. Daar word aangeneem dat masjiene A-D met hulle onderskeie lewensduur teen 'n vaste koers per jaar ten volle oor die lewensduur van die masjiene afgeskryf word.

In die eerste jaar word R200,000 in die vier masjiene belê. Na die eerste jaar het daar reeds R24,000 van hierdie kapitaal deur die afskryf van waardevermindering vrygekóm. Aan die einde van die vyfde jaar, dus net voor vervanging van masjien A, het daar via die waardevermindering reeds R123,000 aan kapitaal vrygekóm. Na vervanging van masjien A teen R50,000 (ons neem aan daar is geen prysverandering nie) aan die begin van die sesde jaar, bly daar nog R73,000 oor. 'n Groot gedeelte daarvan moet wel vir masjien B se vervanging

I) Polak, op.cit., p.129.

Dit beteken egter nie dat hierdie beginsel van kapasiteitsuitbreiding met vrygekome kapitaal nie by die koöperasie toegepas kan word nie. Dit kan wel met vrag gebruik word, maar dan tot 'n kleiner mate as wat teoreties onder 'n gladde verloop van die produksieproses moontlik is. Indien die koöperasie in die fluktuerende landboubedryf en onder die afnameplig in 'n groot mate vir sy uitbreidingsfinansiering op hierdie beginsel staatmaak, kan dit maklik tot 'n kapitaaltekort ten opsigte van sy vaste bates aanleiding gee. Dit sal byvoorbeeld gebeur indien daar, netsoos by enige ander ondernemingsvorm, 'n nuwe masjien ten volle uit die vrygekome waardevermindering aangekoop word, en 'n paar bestaande masjiene, wat tegnies nog 'n paar jaar moet hou, breek sodanig dat dit vervang moet word.

Die werking van hierdie beginsel is verder ook net moontlik indien die kapitaal wat gebruik word vir onbepaalde termyn ter beskikking van die koöperasie staan. Indien hierdie bates byvoorbeeld geheel of gedeeltelik met lenings gefinansier word, sal die uitbreiding moeilik uit die vrygekome waardevermindering kan geskied, omdat dit vir die aflossing van die lening gebruik moet word. Dit beteken dat hierdie beginsel, veral onder risikotoestande, slegs goed sal werk indien hierdie bates met eie kapitaal gefinansier word. Hoe groter die bedrag eie kapitaal, en wel sodanige eie kapitaal wat vir 'n onbepaalde tyd vir die finansiering van die vaste bates beskikbaar is, hoe groter is die moontlikheid vir die toepassing van hierdie beginsel.

Uit wat tot dusver oor die diversiteitsbeginsel gesê is, volg die ondervermelde vier belangrike afleidings wat by die finansiering van veral die bates van 'n landboukoöperasie in gedagte gehou moet word:

- 1) Dat deur die gebruikmaking van die diversiteitsbeginsel daar 'n minimum langtermynkapitaalbehoefte ten opsigte van die vaste bates en in 'n mindere mate ten opsigte van die bedryfsbates ontstaan.
- 2) Dat die maksimum kapitaalbehoefte vir die gesamentlike aktiwiteite van die koöperasie, ten opsigte van beide vaste en vlottende kapitaal, aansienlik verminder word deur die werking van die diversiteitsbeginsel.
- 3) Dat daar by die uitbreiding van die gesamentlike kapasiteit van die vaste bates, as gevolg van die diversiteits-

beginsel, nie 'n proporsionele vergroting in die totale vraag na kapitaal optree nie.

- 4) Dat die vaste bates van 'n koöporasie met seisoensaktiwiteite, en veral die minimumbehoefte aan die vaste en vlottende kapitaal, uit eie middele gefinansier moet word.

HOOFSTUK 4DIE LEER VAN DIE KOÖPERATIEWE FINANSIERING (VERVOLG)4.1 Die koöperatiewe kapitaalbehoefte en die termyn daarvan

In die vorige hoofstuk het ons op die aard en omvang van die koöperatiewe produksieproses gelet. Daaruit kan ons die volgende kapitaalbehoefte en die termyne daarvan aflei:

- 1) 'n Behoefte aan kapitaal wat in grond belê word. Hiervoor is permanente kapitaal wat nie omloop nie, behalwe as die koöperasie ophou bestaan, nodig. In voorbeeld drie in die vorige hoofstuk (grafiek 3) vorm dit 'n redelike groot gedeelte van die minimumbehoefte.
- 2) Permanente kapitaal wat die minimumbehoefte aan die vaste en die bedryfskapitaal verteenwoordig. Uit voorbeelde een tot drie in die vorige hoofstuk het ons gesien dat die aard van die produksieproses as gevolg van die opeenvolging van die verskeie aktiwiteite sodanig is, dat daar altyd 'n vaste minimumbehoefte aan bedryfskapitaal bestaan. Volgens tabel 3 aldaar daal die kummulatiewe verandering in die konstantposisie, wat die behoefte aan vlottende kapitaal verteenwoordig, slegs by uitsondering aan die end van die jaar benede R100,000. Prakties gesproke verteenwoordig dit die minimum permanente behoefte aan bedryfskapitaal. Dieselfde beginsel geld ten opsigte van die vaste kapitaal, en dié beginsel word deur figuur 5 aldaar duidelik gestel. Hierdie betrokke behoefte aan vaste en vlottende kapitaal (R650,000 in tabel 3) vorm deel van die minimumkapitaal wat prakties permanent ter beskikking van die koöperasie moet wees.
- 3) Permanente kapitaal wat die minimumbehoefte verteenwoordig ten opsigte van kapitaal met 'n beskikbaarheidsnut. Indien die kontinue produksieproses vlot verloop, sal daar slegs 'n behoefte aan die vaste en die bedryfskapitaal wees wat die produksieproses self vra. Maar omdat dit in die praktyk, veral in die fluktuerende landbou, nie gebeur nie, sal daar altyd addisionele vaste en bedryfskapitaal nodig wees vir gebeurlikhede. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat 'n masjien onverwags breek, of dat daar ekstra tydelike opbergingsfasiliteite, volgende op 'n rekordoes, opgerig moet word. Uit die aard vd. saak kan dit in die fluktuerende

landbou onder die koöperatiewe afdeling maklik gebeur dat daar deurentyd 'n vaste minimumbehoefte aan hierdie ad-disionele vaste en bedryfskapitaal vir gebeurlikhede sal wees wat uit permanent beskikbare kapitaal moet bestaan. Hierdie kapitaal moet vanselfsprekend, uit die aard van die behoefte daarvoor, meesal in 'n likiede vorm beskikbaar wees. Hierdie fondse kan egter ook in bates belê wees, soos byvoorbeeld die aanhou van 'n noodkragopwekker.

Uit die aard van die saak sal hierdie drie kapitaalbehoefte, alhoewel hulle permanent van aard is, oor die lang termyn saam met die omvang van die aktiwiteite wissel. Ook sal die aard van die aktiwiteite die omvang van die minimumkapitaal bepaal.

- 4) Kapitaal wat oor 'n lang termyn (ten minste langer as die duur van die produksieproses) omloop en wat in verhouding met die omvang van die produksieproses wissel. Volgens die betrokke grafiek 3 is daar 'n kapitaalbehoefte tussen R650,000 en R900,000 (R250,000) wat slegs met die jaareinde benede R900,000 daal. Dit is dus 'n langtermynkapitaalbehoefte en dit word veral gebruik vir die finansiering van die fluktuerende verloop van die vaste bates (sien tabel 5) en 'n gedeelte van die bedryfskapitaal wat as gevolg van die herhalende aard van die produksieproses vir 'n redelike termyn benodig word.
- 5) Korttermynkapitaal wat direk in verhouding met die produksie-aard en -omvang varieer. Die aard en lengte van die produksieproses (hier gewoonlik seisoenaal) bepaal die duur waarvoor hierdie kapitaal beskikbaar moet wees. Hierdie behoefte geld veral ten opsigte van die fluktuerende gedeelte van die bedryfskapitaal. Dit word duidelik in voorbeeld drie (grafiek 3) aangetoon. Die kapitaalbehoefte styg in hierdie voorbeeld periodiek tot naby R1,400,000. Dit is egter duidelik dat die behoefte tussen R900,000 en R1,400,000 'n fluktuerende verloop het en slegs vir 'n kort tydperk tot R1,400,000 styg. Die kapitaal vir die finansiering van die behoefte bo R900,000 is dus 'n korttermynkapitaalbehoefte en dit kan met kapitaal wat vir 'n kort termyn beskikbaar is, gefinansier word.
- 6) Sporadiese korttermynkapitaal wat meer van 'n beskikbaarheids-aard is en nie noodwendig in die koöperasie self teenwoordig hoef te wees nie, maar byvoorbeeld by die bank as 'n oor-

trekkingsfasiliteit. Hierdie kapitaal dien veral om tydelike abnormale skommeling in die produksieproses op te vang. In die derde voorbeeld (tabel 3) vind ons 'n voorbeeld onder die hoof "onvoorsiene uitgawes.". Hierdie behoefte verteenwoordig dié gedeelte van die behoefte wat meer as die vaste minimumbehoefte is en op kort kennisgewing ter beskikking van die koöperasie moet wees, byvoorbeeld in die vorm van oortrokke bankfasiliteite.

Bogenoemde indeling toon die totale kapitaalbehoefte van 'n koöperasie, asook die duur daarvan, aan. Dat 'n gedeelte van hierdie kapitaal vir 'n lang termyn verkry moet word en ander weer vir korter termyne, is duidelik. Dit is egter nie uit hierdie kapitaalbehoefte duidelik of die verskeie permanente of langtermynkapitaalbehoefte uit eie of vreemde kapitaal (wat beide langtermyn van aard kan wees) gefinansier moet word nie. Dieselfde geld ten opsigte van die kapitaalbehoefte van korter termyne. Alvorens ons hierop 'n antwoord kan kry, moet ons eers op die uitgangspunt by koöperatiewe finansiering, soos gestel teenoor die winshandel, let. Hoewel hierdie saak in beginsel reeds in verskeie afdelings bespreek is, moet dit nou hier saamgevat word. Dit sal nie net die verhouding tussen die lid en die finansiering van die koöperasie aantoon nie, maar ook of die verskeie behoeftes uit eie of vreemde kapitaal gefinansier kan word. Daarna moet ons 'n optimum kapitaalplan vir die finansiering van die koöperasie aanbeveel. Eers nadat ons daarna op die invloed van die likiditeits- en solvabiliteitsaspekte van die finansieringsplan gelet het, kan ons die kapitaalstruktuur ter finansiering van die kapitaalbehoefte finaal bepaal.

4.2 Die uitgangspunt by koöperatiewe finansiering

Uit die omskrywing van die koöperatiewe produksieproses was dit duidelik dat die finansiering 'n hulpmiddel in die gesinkroniseerde produksieproses is. Die koöperasielid staan derhalwe kapitaal aan die koöperasie af om dit instaat te stel om sy taak as hulporgaan vir die lid te verrig. By die winsonderneming staan die lid ook kapitaal aan die onderneming af om 'n sekere doel te dien. Omdat hierdie doel by die koöperasielid en die aandeelhouer van die winsonderneming verskillend is, sal die koöperasie en die maatskappy geheel verskillende kapi-

taalstrukture hê, al is hulle kapitaalbehoefte dieselfde.

By die maatskappy bring die aandeelhouers die kapitaal in die maatskappy saam om deur middel van 'n produksieproses 'n opbrengs op die belegde kapitaal vir die aandeelhouer te lewer. Dit kan omskryf word as rentabiliteit. Die handhawing van 'n hoë rentabiliteit deur 'n onderneming binne die grense wat deur die likiditeit en solvabiliteit in di onderneming gestel word, vereis 'n gesonde finansiële struktuur.

Anders is die saak geleë by die koöperasie. In hoofstuk 2 is aangetoon dat die koöperasie as onselfstandige hulporgaan van die lede gesien moet word. As sodanig verskil dit van die onderneming wat 'n opbrengs op die belegde kapitaal ten doel het, omdat die koöperasie nie 'n beleggingsinstansie met wins as doel is nie.

Dit wil egter nie sê dat die winsbegrip onvanpas is by die koöperasie nie. Uit hoofstuk 2 het dit geblyk dat die lid self 'n winsmotief het; byvoorbeeld die lid produseer mielies om dit teen 'n wins te verkoop. Die lid se "belegging" in die koöperasie beteken slegs dat daardie kapitaal vir die lid as 'n hulpmiddel moet dien waardeur die lede sodanige markbeïnvloedende mag kan verkry om die wins op hulle eie boerdery-onderneming te vergroot. So sê Gaussel¹⁾: "By limiting the reward of capital to a fixed rate of interest, the Rochdale pioneers break no less sharply with the liberal or classical economics and by refusing, on the one hand, to assign profit to capital and, on the other to invest capital with the dominant role in economic enterprise, relegates it to the rank of a hired instrument, giving the association of persons (en hulle ekonomiese funksies wat hulle verrig) priority in co-operative enterprise over the association of capital."

Hieruit sien ons dat die kapitaal in die koöperasie nie daar is om 'n dividend te lewer nie. Die strewe na 'n wins, om sodoende die rentabiliteit van die koöperasie te verhoog, kan dus nie as maatstaf by die koöperatiewe kapitaalgebruik geld nie. Kapitaal word hier net as 'n hulpmiddel vir die beter verrigting van die aktiwiteite van die koöperasie gebruik. Friedrich²⁾ beweer byvoorbeeld: "Dieses ist, da die Genossenschaft

- 1) Gaussel, G. Fundamentals of co-operative finance. In Review of International Co-operation, Volume 45, 1952, p. 244.
- 2) Friedrich, H.P. Das Genossenschaftskapital im Schweizerischen Obligationrecht. V.S.K., Basel, 1943. p. 15.

in erster Linie auf dem Zusammenschluss von Personen beruht, nicht seiner selbst willen da, das Handeln der Genossenschaft darf nicht durch Rücksichten auf das Kapital geleitet sein, sondern muss allein die Erreichung des Genossenschaftszweckes in Auge haben".

Hierdie verskil in die finansieringsbenadering word verder soos volg deur Jones¹⁾ gestel: "The common test of success in the non-cooperative firm, nett profit, is therefore meaningless as a final or even single measure of success in a cooperative. Whether it pays out a large or small part of its surplus as a dividend or reinvests it in the business, has in theory, nothing to do directly with its degree of success or efficiency. The co-operative exists to provide a service, and from a financial standpoint, its success must finally be judged by the costs it incurs in providing that service".

Die feit dat daar 'n beginselverskil tussen die kapitaalstruktuur van die koöperasie en die winsonderneming sal wees, al onderneem beide dieselfde produksieproses, bring ook 'n ander verskil mee, Wel moet die strewe by die koöperasie (net soos by die winsonderneming) wees om die kapitaal so effektief moontlik te gebruik, maar die koöperasie en die winsonderneming verskil ten opsigte van die doel waarvoor die kapitaal gebruik word. In hoofstuk 2 is aangetoon dat die effektiwiteitstrewe by enige ondernemingsvorm die metode van handeling behels, maar dat die doel van die handelinge by die verskeie ondernemingsvorme verskil. Verder is ook aangetoon dat die winsdoel by die maatskappy die metode van handeling in 'n tegniese vorm is. Die doel en metode stem dus ooreen by die winsonderneming, terwyl dit by die koöperasie verskil. Dieselfde geld ten opsigte van die finansiering. Die metode van finansiering by die winsonderneming, naamlik so ekonomies moontlik, stem ooreen met die doel van finansiering aldaar, naamlik maksimum opbrengs op kapitaal. Die kapitaalstruktuur wat die doel van 'n winsonderneming vereis, sal dus ooreenstem met die kapitaalstruktuur wat die metode van finansiering aldaar vereis. Dit is belangrik, omdat ons definisie van finansiering in paragraaf 3.2 van hoofstuk 3 die belangrikheid van die ekonomiese doel en struktuur van die onderneming by finansiering aangetoon het.

1) Jones, T.G. Efficiency and finance in agricultural co-operatives, Oxford University Press, 1955. p. 49.

By die koöperasie daarenteen is die doel en metode van finansiering verskillend. Die metode bepaal dat die kapitaalstruktuur 'n sekere samestelling moet hê om die finansiering so ekonomies moontlik te maak. Die ekonomiese doel van die koöperasie vereis egter nie noodwendig dieselfde kapitaalstruktuur nie. Dit is byvoorbeeld nie die ekonomies korrekte metode om finansiering slegs deur middel van leningskapitaal te onderneem, maar ten opsigte van die ekonomiese doel van finansiering by 'n koöperasie, naamlik om as hulpmiddel te dien om die taak van die koöperasie beter te verrig, mag die gebruik van leningskapitaal nie noodwendig bevorderlik vir hierdie doel wees nie. Daarenteen kan die gebruik van leningskapitaal met 'n vaste rentelas ekonomies korrek wees by 'n winsonderneming betreffende die kapitaalstruktuur vanuit die standpunt van die metode en die doel van finansiering, omdat dit die opbrengs op eie kapitaal kan verhoog.

Hieruit is dit duidelik dat die kapitaalstruktuur van die koöperasie 'n kompromie tussen die ekonomiteitsbeginsel (dit wil sê die metode van finansiering) en die doelmatigheidsbeginsel (dit wil sê die doel van finansiering) sal wees. Daarom moet, by evaluering van die kapitaalstruktuur van die koöperasie, ook die kapitale poste in verband met die aktiwiteite (omset) van die koöperasie gesien word. Laasgenoemde evaluering vorm nie net 'n koste-analise per omset nie, maar is 'n integrale deel van die struktuuranalise by koöperatiewe finansiering. Daarom sal die finansiële struktuur van 'n koöperasie en 'n winsonderneming van mekaar verskil, al stem die produksieproses by beide ooreen.

'n Verdere verskil tussen die koöperatiewe en die winsfinansiering volg uit die voorsorgmotief, wat die onafhanklikheid- en die veiligheidsdoel by koöperatiewe finansiering behels. Die ou Rochdale-pioniers het juis die spekulasie en buitebehermotief probeer uitskakel deur die vergoeding op kapitaal te beperk. Omdat dit by 'n koöperasie nie gaan om opbrengs op kapitaal nie, maar om as 'n magsgroep op die mark sekere voordele vir sy lede oor die langtermyn te beding, kan dit uit die aard van die saak nie ruim van buitefinansiering gebruik maak sonder om sy onafhanklikheid ten opsigte van sy doel in gevaar te stel nie. Tronet¹⁾ stel dit soos volg:

1) Tronet, B. Co-operative financial policy. Co-operative Review, XXXIV/9/1960. p. 118.

"That meant that co-operative enterprise, as its needs of capital grow, could not expect to raise any great amount of supplementary capital within the ordinary credit system, so closely bound up with private, profit seeking enterprise, without being exposed to the risks of losing, to a major or minor extent, its freedom of action. To be able to pursue their fundamental aims, ... co-operative societies and their federated organisations had to apply the principles of financial independence in a very wide sense."

By die winsonderneming maak dit nie in dieselfde mate as by die koöperasie saak of daar van baie buitefinansiering gebruik gemaak word nie. So regverdig die metode van die mees ekonomiese finansiering dat van heelwat leenkapitaal met 'n vaste rentelas gebruik gemaak kan word indien dit uit 'n koste en veiligheids oogpunt geregverdig is. Aangesien die doel van finansiering egter by die gewone onderneming ooreenstem met die metode van finansiering, kan die gebruik van buitefinansiering daartoe bydra om hierdie doel van hoë wins beter te bereik.

Die belangrikheid van die koöperatiewe onafhanklikheids-eis by koöperatiewe finansiering word verder beklemtoon deur die fisiese risiko's waaraan die landbou onderhewig is, asook die afnameplig van die koöperasie. Die fisiese risiko's in die landbou bring dikwels produksie-oorskotte mee, wat soms groot voorraadhouding vereis, veel meer as wat tydens die normale verloop van die produksieproses nodig is. Die afnameplig vereis verder dat die koöperasie die hele produksie neem. Hierdie ekstra aktiwiteite kan nie so maklik met lenings gefinansier word nie, omdat daar geen sekerheid bestaan dat die vergrote kapasiteit van die produksieapparaat die volgende seisoen ook ten volle gebruik sal kan word nie. Daar kan byvoorbeeld die volgende jaar 'n totale misoes wees, en die rentelas van die ekstra kapasiteit kan dan maklik finansiële probleme by die betaling daarvan skep. Daarom vereis die voorsorgmotief by koöperatiewe finansiering dat die finansiering grootliks uit eie kapitaal moet bestaan.

Aangesien oormatige leningsfinansiering dan onraadsaam is by 'n koöperasie, moet heelwat van eie kapitaal gebruik gemaak word. Die vraag ontstaan nou wat die lid se verpligtinge teenoor die koöperasie is ten opsigte van die voorsiening van eie kapitaal by finansiering.

Uit hoofstuk 2 was dit duidelik dat die omvang van die lid

se deelname aan die koöperasie sy regte en verpligtinge bepaal. Dit is verder vasgestel dat die proporsionaliteitsidee nie 'n beginsel by die bepaling van die regte en pligte van die lede is nie, maar dat die toepassing hiervan van groot waarde is vir die praktiese werking van die koöperasie. Hierdie ekonomies ideale verhouding van die lede tot die koöperasie kom daarop neer dat die lede ten volle aanspreeklik is vir die handeling van die koöperasie; beperkte aanspreeklikheid is slegs om sokere redes as 'n praktiese maatreeël ingevoer. Daarenteen dra die kapitaal self die volle risiko by die winsonderneming. Dat hierdie lede-aanspreeklikheid prakties by die lede deur geld (eie kapitaal, opbetaald of nie) verteenwoordig word, is net 'n praktiese maatreeël om die koöperasie te laat funksioneer. Dit verander egter niks aan die beginsel van volle aanspreeklikheid deur die lid nie.

Indien 'n koöperasie slegs vlottende kapitaal benodig, hoef daar eintlik nie aanspreeklikheid in die vorm van kapitaal in die koöperasie teenwoordig te wees nie. Die koste van die bedryfsaktiwiteite kan dan jaarliks van die lede se omset verhaald word. Dit sal egter prakties onmoontlik wees, aangesien heelwat van die behoeftes aan bedryfskapitaal, byvoorbeeld vir die betaal van salarisse, nie uitgestel kan word tot nadat die bemerkingspoel afgehandel is nie.

Indien die koöperasie verdër ook vaste kapitaal in die vorm van geboue, masjinerie, ens. het, vorm dit, naas die mark- en prysrisiko's, 'n kapitaalbehoefte wat nie op dieselfde wyse as die bedryfskapitaal verreken kan word nie. Hierdie risiko's wat vir 'n langer tydperk as die duur van die produksieproses teenwoordig is, moet deur die kapitaal van die lede opgevang word. Indien dit nie genoeg blyk te wees nie, moet die lede se persoonlike aanspreeklikheid die res van die risiko's van die vaste verpligtinge teenoor die skuldeisers dra. Dit beteken uitgestelde storting van risikodraende kapitaal, dus ledekapitaal wat onmiddellik oproepbaar is indien dit benodig word. Uit die koöperatiewe model is dit duidelik dat dit nie saakmaak welke vorm hierdie kapitaal prakties aanneem nie, hoewel sekere vorme daarvan beslis koöperatief meer geskik as andere is.

Die redenasie kom daarop neer dat 'n koöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid behoort geregistreer te word. Soos reeds vermeld, is die destydse toewyding met die 1922-wet dat 'n koöperasie ook met beperkte aanspreeklikheid geregistreer

kan word, slegs om praktiese ekonomiese redes toegelaat. Dit verander nog nie die feit dat onbeperkte aanspreeklikheid die koöperatiewe ideaal bly en dat daardie koöperasies wat hierdie beginsel vandag nog toepas as van ons modelkoöperasies gereken kan word nie. Hierdie toewyding van beperkte aanspreeklikheid bring verder 'n groter noodsaak vir die toepassing van die proporsionaliteitseis mee, omdat die lid in beginsel nog volledig aanspreeklik bly vir die koöperasie se aksies, terwyl onder beperkte aanspreeklikheid die lid slegs aanspreeklik is vir sy gestorte kapitaal.

Indien die ledefinansiering aan die proporsionaliteitseis voldoen, is dit nie noodwendig dat die eis tot betaling van rente op eie kapitaal in die geheel verval nie. As die lede byvoorbeeld as totaliteit aan hierdie eis voldoen, maar in die geval van elke afsonderlike lid nie, is die betaling van rente op kapitaal geregverdig. Hierdie rentebetaling neem dan nie die vorm van 'n dividend aan nie, maar die vorm van 'n leenrente, omdat die een lid via sy meer as proporsionele kapitaalstorting 'n deel van die ander lede se kapitaalrisiko dra. Horryng¹⁾ beweer: "Voorsover kapitaal door de leden worden verschaft ter financiering van de aktiwiteiten van die kooperatie, kan dit strikt genomen als een voorschot ter dekking van de kosten opgevat worden. Draagd ieder zijn deel in het benodigd kapitaal bij in evenredigheid met de omvang van zijn transacties, dan is rentevergoeding overbodig. Is dit niet het geval, dan kan rentevergoeding ertoe bijdragen tot een evenredige kostenomslag te komen. De rentevergoeding heeft de karakter van leenrente, en niet van dividend of winsuitkering."

Hieruit moet egter nie afgelei word dat die lede al die finansiering moet waarneem nie. Basies geld dit dat die ledefinansiering genoeg moet wees om aan die voorsorgmotief wat uit die onafhanklikheids- en risiko-eis voortvloei, te voldoen en dat dit genoegsaam moet wees om as risikokapitaal vir die aantrekking van vreemde kapitaal te dien. Dit is wat die aanspreeklikheidseis as minimum vereis. Die kredietgewers let veral op die bedingingsmag van die koöperasie, en daarvoor is onder andere eie kapitaal nodig.

Wat die bedryfskapitaal betref, versterk die leweringsplig van die lid die kredietwaardigheid en die bedingingsmag van

1) Horryng, J. De aanspraak van de leden van een coöperatie op het gevormde kapitaal. Maandblad Coöperatie, 1964. p. 87.

die koöperasie aansienlik. Dit gebeur omdat die risiko van bedryfskapitaallening sodoende via die verskerde lewering op die lid afgewentel word. Dit behels dus 'n tipe van selffinansiering van die behoeftes aan bedryfskapitaal, of 'n waarborg daarvan indien dit met lenings geskied.

Dit beteken dat, indien dit vir 'n koöperasie goedkoper is om met leningskapitaal te finansier, dit binne sekere grense wel gedoen kan word. Die doel van die koöperasie is juis om die aktiwiteit so ekonomies moontlik vir die lid te verrig, en as die gebruik van leningsfinansiering vir die lid goedkoper en doeltreffender is as eie kapitaal waarop rente betaal moet word, kan dit wel binne die grense van die proporsionaliteitseis en die voorsorgmotief gebruik word.

Die gebruikmaking van leningsfinansiering bring 'n ander verskil tussen die finansiering van koöperasies en die winsondernemings na vore, naamlik ten opsigte van die beginsel wat Gerstenberg¹⁾ "trading on the equity" noem. Hiervolgens sal 'n onderneming wat gelyke hoeveelhede geleende en eie kapitaal het, daarop sê 10% verdien en 5% rente op die geleende kapitaal betaal, eintlik dus 15% op sy eie kapitaal verdien. Die opbrings op die eie kapitaal kan dus aansienlik verhoog word. Dit geld alleen indien die rentabiliteit op die geleende kapitaal hoër is as die rentekoers wat op die geleende kapitaal betaal moet word. Winsondernemings, veral finansieringsinstellings, maak baie van hierdie beginsel gebruik. Uit die aard van die koöperatiewe model en uit wat ons tot dusver oor die uitgangspunt by koöperatiewe finansiering gesê het, is dit duidelik dat hierdie beginsel egter nie by koöperatiewe finansiering geld nie; in elk geval nie met dieselfde uitgangspunt nie. Dit vloei voort uit die feit dat kapitaal nie 'n middel tot rente-opbrings by 'n koöperasie is nie, maar slegs 'n middel om die koöperatiewe aktiwiteit mee uit te voer.

Hierdie nie-beleggingsaard van kapitaal by 'n koöperasie maak die gebruik van leenkapitaal nie altyd lenend uit 'n koöperatiewe standpunt nie. Dit volg uit die feit dat die koöperasie gewoonlik tog die funksie, uit 'n koste-oogpunt gesien, met leedkapitaal dikwels goedkoper as met leenkapitaal kan verrig. Dit volg omdat dit by die koöperasie nie gaan om die maak van 'n wins nie, maar om die aktiwiteit so goedkoop moontlik

1) Gerstenberg, C.W. Financial organisation and management of business. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, N.J., 1959. p. 174.

te verrig. Ledekapitaal sal dan, veral in die geval waar die proporsionaliteitseis geld en rente dus nie op ledekapitaal betaalbaar is nie, beslis uit 'n finansieringsoogpunt gesien goedkoper wees.

Uit die oogpunt van die lid is dit egter nie billik om slegs ledefinansiering te verwag nie. Eerstens plaas dit 'n groot finansiële las op die lid. Baie boere kan dikwels nie die kapitale investering op hulle plase uit eie kapitaal finansier nie. Dit help dus nie veel dat die lid sy geld vir die koöperasie moet gee en hyself moet sy kapitale toerusting op die plaas ten duurste uit lenings finansier nie. Die besparende voordele van die koöperasie word daardeur grootliks verminder, veral waar die lid hierdie aankope self moet doen en hy dit dikwels nie teen sulke billike terme kan doen nie. Daarom moet, soos later by die bespreking van die finansieringsbronne aangetoon sal word, eie kapitaal eerder uit die besparings wat die koöperasie vir die lede verkry opgebou word (en op lederekening geplaas word) as wat dit regstreeks van die lede verkry word. By koöperatiewe finansiering word die mees ekonomiese kapitaalstruktuur van die koöperasie dus medebeïnvloed deur die gewenste kapitaalstruktuur van die res van die lid se aktiwiteite. So gesien, kan die gebruikmaking van leenkapitaal dus koöperatief korrek wees.

Volledige ledefinansiering is ten tweede ook nie gewens waar dit vir aktiwiteite van 'n kort duur, byvoorbeeld van 'n seisoensaard, benodig word nie. Dit geld veral ten opsigte van primêre bemerking. Dit is nie voordelig om kapitaal, wat vir slegs 'n kort gedeelte van die produksieseisoen benodig word, vir die res van die seisoen onbenut in die koöperasie te laat lê, terwyl die boer dit self produktiewer op sy plaas kan gebruik nie. Sodanig gesien, is die gebruik van lenings vir die fluktuerende kapitaalbehoefte van 'n koöperasie koöperatief korrek.

Om die gewenste finansiering vir 'n koöperasie te bepaal, moet ons nou met die reeds beskrewe verloop van die produksieproses en met die gestelde uitgangspunt by koöperatiewe finansiering die optimum finansiële struktuur probeer bepaal. Dit beteken dat ons 'n optimum finansieringsplan sal moet opstel, en daarna die invloed van die likiditeit en die solvabiliteit op hierdie plan moet nagaan.

4.3. Optimum finansieringsplan.

Uit die bespreking tot dusver oor die aard van die koöperatiewe finansiering is dit duidelik dat dit 'n herhalende aard het. Die finansiering het nie net te doen met die eenmalige uitvoering van die produksieprogram nie, maar met die herhaling daarvan solank die koöperasie bestaan. Finansiering moet dus oor die langtermyn gesien word. Dit beteken dat ons 'n finansieringsprogram moet opstel wat die aard en omvang van die kapitaalbehoefte en die middele ter finansiering van die verskeie behoeftes oor die langtermyn aantoon.

Uit die aard van die saak sal hierdie finansieringsplan tog meer van 'n korttermynaard wees, omdat die aard en omvang van die aktiwiteite en dus die behoeftes oor die langtermyn dikwels heelwat verander. Ten opsigte van die langtermyn sal die finansieringsplan slegs die breë raamwerk en algemene riglyne daarstel. Alhoewel die inhoud en selfs ook samestelling van die finansieringsplan dus telkens sal wysig wanneer die aktiwiteite verander, sal dit nie 'n verandering in die algemene beginsels en aard van die finansieringsplan meebring nie.

Van groot belang is dat hierdie finansieringsplan optimaal moet wees. Uit die koöperatiewe finansieringsoogpunt gesien, beteken dit dat die kapitaalstruktuur sodanig moet wees dat dit oor die langtermyn die koöperatiewe doel teen die laags moontlike koste moet uitvoer. Vervolgens moet ons derhalwe let op die aard en samestelling van die optimale finansieringsplan. As uitgangspunt neem ons hier die derde voorbeeld in die vorige hoofstuk, wat 'n koöperasie voorstel wat twee verskillende produkte verwerk en bemark, asook boerderybenodigdhede en produksiekrediet aan sy lede verskaf.

Tabel 3 in hoofstuk drie toon die behoefte aan vaste en vlottende kapitaal in die betrokke koöperasie aan. Hierdie kapitaalbehoefte word grafies in grafiek 4 voorgestel.

A= die behoefte aan kapitaal vir grond.

B= die kapitaalbehoefte vir geboue, masjinerie en toerusting.

C= die kapitaalbehoefte vir bedryfsuitgawes en waardevermindering.

D= die kapitaalbehoefte vir aankoop van boerderybenodigdhede.

E= die kapitaalbehoefte vir lewering van boerderybenodigdhede aan lede op krediet.

F= die kapitaalbehoefte vir verlening van produksiekrediet aan die Iede.

G= die kapitaalbehoefte vir die betaling van voorskotte op produk A.

H= die kapitaalbehoefte vir die verwerking van produk A.

I= die kapitaalbehoefte vir die betaling van 'n voorskot op produk B.

J= die kapitaalbehoefte vir die verwerking van produk B.

K= die kapitaalbehoefte vir onvoorsiene uitgawes.

Hierdie kapitaalbehoefte moet ons vervolgens probeer herlei na 'n optimale finansieringsplan, sodat die fondse telkens weer op die regte tydstop in die produksieproses teen die minimum koste beskikbaar sal wees. Dit beteken dat ons die optimum kapitaalstruktuur moet verkry.

Hierdie kapitaalsoptimum definieer die "W.P. voor het bedryfsleven"¹⁾ soos volg: "Kapitaalsoptimum is die grootte van het bedryfskapitaal waarvan die finansiering die laagste rentekostes meebrengt". Polak²⁾ onskryf dit meer volledig as "dat gedeelte van die tydelike behoefte aan bedryfskapitaal, waarvan dekking door kort krediet naar schatting dunder zal zijn dan dekking op lange termijn met uitzetting van het overtollige kapitaal gedurende de tijd dat het niet benodigd is".

Meij³⁾ daarenteen sê dat die kapitaalsoptimum nie net met die gedeelte van bedryfskapitaal te doen het wat 'n tydelike kapitaalbehoefte verteenwoordig nie, maar dat dit betrekking het op die totale kapitaalbehoefte. Hy sê: "Het optimum heeft betrekking op het gehele in de bedryfshuishouding geïnvesteerde vermoogen. Het is dus de samestelling van het vermoogen, waarbij de koste van het vermoogensverkryging het laagst zijn".

Hierdie onskrywing van Meij lyk die mees logiese. Die kapitaalsoptimum gaan juis om die optimale finansieringsplan as geheel, en daarom het dit betrekking op die kapitaalstruktuur en die kapitale koste van die hele finansieringsprogram van die koöperasie. Volledig is dit egter nie ten opsigte van 'n koöperasie nie. Dit gaan hier eerstens om die bepaling van die

1) W.P. voor het bedryfsleven. op.cit., p.118.

2) Polak, N.J. op.cit., p.140.

3) Meij, J.L. op.cit., p.100.

waaroor dit uit 'n koste-oogpunt voordelig sal wees om fondse van 'n langtermynnaard vir finansiering aan te trek of nie. Tweedens gaan dit by die kapitaalloptimum in die koöperasie om die vraag in hoeverre hierdie kapitaalstruktuur, wat uit 'n koste-oogpunt optimaal is, aan die ekonomiese doel en ekonomiese struktuur van 'n koöperasie beantwoord. Ons sien dus dat die kapitaalloptimum by 'n koöperasie meer as net die bepaling van die kapitaalstruktuur wat die minimum koste sal meebring, behels. Dit volg weer uit ons uitgangpunt by koöperatiewe finansiering dat die doel en metode van finansiering by koöperasies nie ooreenkom nie. Daarom geld die bogenoemde definisies van kapitaalloptimum slegs gedeeltelik vir 'n koöperasie. By 'n winsonderneming is dit korrek, want daar gaan dit in die finansiering slegs om die kapitaalstruktuur wat die laagste koste meebring, aangesien die doel en metode van finansiering aldaar ooreenstem. Om die kapitaalloptimum en dus die optimum finansieringsplan vir die koöperasie daar te stel, behels eerstens dat ons die kapitaalstruktuur moet bepaal wat die minimum koste sal meebring, (dus uit die standpunt van metode) en hierdie struktuur daarna uit die doelstandpunt aanpas by die finansieringstruktuur.

Ons bepaal ons eerstens by die koöperatiewe struktuur uit koste-oogpunt. In die algemeen sal dit die voordeligste wees indien die kapitaal slegs aangetrek word vir die duur van die betrokke kapitaalbehoefte, dit wil sê dat die korttermynbehoefte deur korttermynkapitaal gedek moet word, en die langtermynbehoefte deur langtermynkapitaal. Dit is egter moontlik dat dit goedkoper sal wees om die korttermynbehoefte gedeeltelik met langtermynkapitaal te finansier. Dit sal gebeur indien die rentekoers vir langtermynkapitaal laer as die korttermynrentekoers is, terwyl die koers waarteen hierdie kapitaal gedurende die tyd wat dit nie benodig word nie, buite die koöperasie belê kan word en die korttermynbehoefte van 'n betreklik lang termyn is. Die vraag ontstaan nou na welke termyn van die kapitaalbehoefte dit voordelig word om dit liever met langtermynkapitaal te finansier. Meij¹⁾ noem dit die kritiese termyn. Alvorens ons uit koste-oogpunt die optimum kapitaalstruktuur kan verkry, moet ons dus eers hierdie kritiese termyn bepaal.

1) Meij, op. cit., p. 100.

Hierdie termyn is afhanklik van die rentekoers vir langtermynkapitaal (R_L), die rentekoers vir korttermynkapitaal (R_K) en die rentekoers wat verkry kan word wanneer van die koöperasie se kapitaal buite belê word vir die tye wanneer die koöperasie dit nie self benodig nie (R_B). Die kritiese termyn (X) kan dan volgens Meij¹⁾ met die volgende formule bereken word:

$$(X) = 365 \cdot \frac{R_L - R_B}{R_K - R_B} \text{ dae}$$

Hierdie formule kan ons nou op die derde voorbeeld van finansiering in die vorige hoofstuk toepas (tabel 3). Indien ons aanneem dat $R_L = 6\%$, $R_B = 5\%$ en $R_K = 8\%$, vind ons dat die kritiese termyn

$$(X) = 365 \cdot \frac{6 - 5}{8 - 5} = 365 \times \frac{1}{3} = 121 \text{ dae is.}$$


Dit beteken dat, toegepas op die kapitaalbehoefte van ons voorbeeld, soos in grafiek 4 uiteengesit, dit voordeliger sal wees om alle kapitaalbehoefte wat 'n looptyd van langer as 121 dae het, met langtermynkapitaal te finansier. Dit bring mee dat die finansieringsplan tot die bedrag van min of meer R990 000 uit langtermynkapitaal sal bestaan. Alle kapitaalbehoefte daarbo, dit wil sê vanaf min of meer R990 000 tot R1 400 000, het 'n duur van minder as 121 dae en moet met korttermynkapitaal gefinansier word.

Dit wil egter nie sê dat die totale behoefte van R990 000 slegs uit langtermynkapitaal gefinansier moet word nie. Uit die kapitaalbehoefte van grafiek 4 en soos in die finansieringsplan van grafiek 5 uitgebeeld, blyk dit dat die kapitaalbehoefte tot 'n bedrag van min of meer R860 000 vir die grootste gedeelte van die jaar benodig word en dus vir alle praktiese redes 'n permanente kapitaalbehoefte insluit. Volgens die algemene opvatting moet dit met langtermynkapitaal gefinansier word, terwyl die res uit korttermynkapitaal gefinansier kan word - hewel dit volgens die kapitaaloptimumgedagte lonender is om tot 'n bedrag van R990 000 met langtermynkapitaal te finansier. Die fisiese landbouaard en die gevolglik wisselende omvang en duur van die verskeie kapitaalbehoefte verminder egter die toepasbaarheid van die kapitaaloptimumbeginsel. Daarom is dit logies dat, wat die finansieringsplan van grafiek 5 betref, meesal met die permanente behoeftes tot min of meer

1) Meij, op. cit., p. 101 gee 'n volledige uiteensetting van die formule.

Grafiek 5

Denkbeeldige voorbeeld van die optimum finansieringsplan van 'n koöperasie. (in R1,000).



R860,000 met langtermynkapitaal gefinansier sal word en die res uit korttermynkapitaal.

Vervolgens moet die kapitaalstruktuur uit koöperatiewe doelmatigheidsoogpunt gesien word. Uit 'n suiwer koste-oogpunt gesien, kan die totale behoefte aan kapitaal uit leningskapitaal bestaan indien die koste daarvan goedkoper is as die koste van die eie kapitaal. Uit die koöperatiewe doelmatigheidsoogpunt is dit egter nie korrek nie. Gesien veral die afnameplig en die voorsorgmotief by 'n koöperasie, asook die fisiese risiko's verbonde aan die landbou, moet ten minste die behoefte aan permanente kapitaal deur eie kapitaal gefinansier word. Die hoeveelheid permanente kapitaal wat uit eie kapitaal bestaan sal egter by die verskillende tipes koöperasies verskil, afhangende van die aard van die produksieproses en die aard en omvang van die risiko's daaraan verbonde. By 'n koöperasie onder 'n vasteprys-eenkanaalbemarkingskema sal hierdie bedrag aan eie kapitaal noodwendig laer wees as wat dit die geval sal wees by 'n koöperasie wat sonder hierdie pryssteun op die ope mark moet meeding. Die finansiering deur eie kapitaal vir hierdie behoeftes sal nog groter wees by 'n koöperasie wat slegs een produk bemark, aangesien die verskeie aktiwiteite mekaar dan nie kan steun nie. Verder, aangesien baie min leningskapitaal vir 'n permanente termyn beskikbaar is, sal die gebruik van eie kapitaal vir hierdie behoefte die aangewese wees.

Wat die behoefte aan langtermynkapitaal betref, moet dit verkieslik ook uit eie kapitaal gefinansier word. Die gebruik van leningskapitaal hiervoor is egter nie verkeerd nie, mits dit in die stilteperiode voordelig buite die koöperasie herbelebê kan word. Die gebruik van leningskapitaal vir hierdie behoefte sal egter ook grootliks deur die omvang en risiko van die betrokke produk bepaal word. Verder is die gebruik van lenings hier ook afhanklik van die feit of daar wel op die eie langtermynkapitaal rente betaal moet word of nie. Indien die proporsionaliteitseis geld ten opsigte van finansiering, hoef sodanige eie kapitaal nie rente te dra nie en is die gebruik van eie kapitaal vir hierdie behoefte uit 'n koste-oogpunt geregverdig.

Indien hierdie langtermynbehoefte uit eie kapitaal gefinansier word, hoef die kapitaal nie noodwendig van 'n langtermyn-aard te wees nie. Dit kan ook selfs met vrug met mediumtermyn-

kapitaal gefinansier word. Dit sal gebeur wanneer roterende kapitaal van 'n mediumtermyn aard gebruik word. Alhoewel so 'n roterende fonds net vir 'n paar jaar tot die koöperasie se beskikking staan, sal die herhalende aard van die fondse, wat na aflossing opnuut weer geskep word, dit prakties langtermynfondse maak. Dit geld natuurlik met die veronderstelling dat die betrokke fonds ter geleëner tyd afgelos en 'n nuwe fonds weer in sy plek geskep kan word.

Wat die behoefte aan korttermynkapitaal betref, sal dit uit koste-oogpunt uit lewingskapitaal bestaan, aangesien dit vir 'n korter periode as die kritiese termyn benodig word. Dit sal veral die geval wees waar die risiko-element nie so sterk teenwoordig is nie, byvoorbeeld waar die koöperasie onder die vasteprys-eenkanaalbemarkingskema resortteer. Indien die proporsionaliteitseis en gevolglik geen rentebetaling nie geld, kan hierdie behoefte ook uit langtermyn-eie kapitaal gefinansier word. Uit 'n koöperatiewe doelmatigheidsoogpunt is dit egter nie korrek nie, aangesien dit die boer dan eie kapitaal ontnem wat hy miskien voordeliger op sy eie plaas kon aangewend het in 'n ander faset van sy boerdery as die bemerking, byvoorbeeld meganisasie van die produksieproses. Dit kan ook gebeur dat die boer dan sy meganisasie met krediet teen 'n baie hoër rentekoers moet finansier as wat die rentekoers is waarteen die koöperasie geld moet leen.

Op die finansieringsplan in grafiek 5 toegepas, beteken dit uit doelmatigheidsoogpunt dat die kapitaalbehoefte tot ten minste R860,000 uit eie langtermynkapitaal moet bestaan, maar verkieslik tot 'n bedrag van R990,000. Of die kapitaalbehoefte vanaf R860,000 tot R990,000 ook uit langtermyn eie kapitaal moet bestaan, sal grootliks afhang van die bemerkingsrisiko's ten opsigte van die betrokke landbouprodukt en die aard van die beheerraad waaronder dit resortteer. In die betrokke geval sal hierdie kapitaalbehoefte verkieslik met langtermyn eie kapitaal gefinansier word, as gevolg van die feit dat bemerking op 'n poelbasis op die ope mark geskied, wat die risiko verhoog. Dit kan egter nie as verkeerd beskou word indien hierdie behoefte met eie kapitaal van 'n mediumtermyn-aard gefinansier word nie, mits die bemerkingsrisiko's nie groot is nie.

Uit doelmatigheidsoogpunt is dit egter duidelik dat die kapitaalbehoefte bokant R990,000 van so 'n korttermyn aard is

dat eie medium- of langtermynkapitaal hier nie korrek is nie, maar wel korttermynleningskapitaal. Indien laasgenoemde behoefte met eie kapitaal gefinansier word, lê hierdie kapitaal nie net vir 'n lang tyd nutteloos in die koöperasie nie, maar kos die boer se eie plaasfinansiering ook meer as gevolg van die groter lenings wat hy dan noodwendig daarvoor sal moet aangaan. Dit is 'n ope vraag of die koöperasie dan nog vir die lid 'n hulpmiddel tot 'n meer ekonomiese boerdery is.

Uit die bespreking tot dusver het dit geblyk dat die finansiële struktuur ten opsigte van die metode van finansiering, dus gesien uit 'n ekonomiteitsoogpunt, die mees ekonomiese balansering van die eie en vreemde kapitaal behels. Uit 'n doelmatigheidsoogpunt gesien, is die finansiële struktuur egter moeiliker bepaalbaar, veral omdat dit hier gaan om die toetsing van die struktuur aan die feit van 'n koöperasie as onselfstandige hulporgaan vir wie se handeling (en dus ook finansiering) die lid volle verantwoordelikheid behoort te aanvaar. Die finansiële struktuur dus, gesien as 'n kombinasie tussen die ekonomiteits- en doelmatigheidsoogmerke, is moeilik bepaalbaar, aangesien ons hier geen konkrete maatstaf het (soos die persentasie opbrengs op kapitaal by 'n winsonderneming) waarmee dit gemeet kan word nie. Dit is egter duidelik dat ons 'n maatstaf vir die meting van die doeltreffendheid van koöperatiewe finansiering moet probeer vind, anders het ons geen bewys dat dit effek+ief is en dat die koöperasie wel 'n lonende hulporgaan vir die lid is nie. Dit beteken dat ons die voormelde finansieringsplan prakties op die model van 'n koöperasie moet probeer toepas, om sodoende 'n effektiwiteitsmaatstaf vir koöperatiewe optrede en finansiering te verkry.

4.4 Die praktiese implementering van die koöperatiewe finansieringsmodel

In hoofstuk twee het ons 'n koöperasie as 'n onselfstandige hulporgaan van die lede se ooreenstemmende ekonomiese aktiwiteite getipeer. In hoofstuk vier het ons by die uitgangspunt by koöperatiewe finansiering gesien dat die koöperatiewe model onbepaalde aanspreeklikheid van die lede insluit, ook ten opsigte van die finansiering. Ons het egter ook aangetoon dat dit nie noodwendig beteken dat die lede self die hele finansieringslas moet dra nie, maar dat die finansiële struktuur

ook uit heelwat vreemde kapitaal kan bestaan. Die toegewing ten opsigte van beperkte aanspreeklikheid by 'n koöperasie hef egter nie die lid se verantwoordelikheid (ook ten opsigte van die finansiering) op nie; dit beperk slegs die lid se risiko tot die afgeskeie ekonomiese aktiwiteit. Daarom vra die korrekte implementering van die koöperatiewe model die sovermoontlike toepassing van die proporsionaliteitseis, dit wil sê dat die lid se finansieringsbydrae in ooreenstemming met sy omset by die koöperasie moet wees. Ook ten opsigte van die finansiering is die toepassing van die proporsionaliteitsgedagte ekonomies baie meer billik en moet doelbewus daarna gestreef word.

Met die voorafgaande as uitgangspunt, lyk die korrekte basis vir die praktiese toepassing en evaluering van die finansieringsplan op die koöperatiewe model 'n gewysigde vorm van die aanpasbare roterende kapitaalbeginsel soos dit veral deur Griffin^{I)} ontwikkel is.

Hierdie plan kom hoofsaaklik daarop neer dat eerstens die gemiddelde behoefte aan vlottende kapitaal wat met roterende fondse gefinansier word, vir 'n paar jaar bepaal word. Die gemiddelde benodigde bedrag per gehanteerde fisiese eenheid (byvoorbeeld per pond, per ton of per sak ensovoorts) word dan bereken; byvoorbeeld R100,000 kapitaal word benodig en in totaal word 10,000 sak per jaar gehanteer, dit wil sê daar is 'n kapitaalbehoefte van R10 per sak. Hierdie vlottende kapitaalbehoefte per sak word dan vir elke lid vermenigvuldig met die gemiddelde aantal sakke per jaar wat die lid lewer, om sodoende sy totale bydrae tot die vlottende kapitaal te bereken. As die lid byvoorbeeld jaarliks gemiddeld 500 sak lewer, is sy aandeel aan die finansiering van lopende kapitaalbehoefte R5,000. Daarna word bepaal hoeveel die lid alreeds deur middel van roterende fonds-aftrekkings bygedra het. Sodoende word dan bepaal hoeveel kapitaal per gelewerde sak nog van elke lid afgetrek moet word of aan hom terugbetaal moet word indien hy alreeds meer as die vereiste hoeveelheid kapitaal via roterende fondse bygedra het. Daarna word hierdie basis, wat periodiek hersien word, jaarliks deurlopend toegepas om die lid se roterende kapitaalbydrae in ooreenstemming

I) Griffin, N. How adjustable revolving fund capital plan works. General report no. III, Farmer Cooperative Service, U.S.D.A., Washington, 1963.

met die lid se omsetverandering te bring.

Hierdie plan is deur Griffin ontwerp om die nadele van die gewone roterende fondsbegrip uit te skakel. Roterende fondse is 'n belangrike finansieringsmiddel van landboukoöperasie in die Verenigde State van Amerika. Volgens Griffin ¹⁾ gebruik omtrent 60% van die landboukoöperasies in Amerika dit, en daarom is die uitskakeling van die nadele daarvan baie belangrik. Die grootste nadeel wat deur die roterende kapitaalplan uitgeskakel word, is volgens Griffin die feit dat die gewone roterende fonds nie voorsiening maak vir veranderinge in 'n lid se omset, hoofsaaklik in verhouding met sy bydrae tot vaste kapitaal nie. Sodoende kan daar groot finansiële disproporsionaliteit tussen die lede ontstaan ten opsigte van veral hulle bydraes tot die langtermynkapitaal. Volgens hom skakel die jaarliks aanpasbare plan hierdie nadeel uit. ²⁾

Hierdie idee kan met groot vrug op die totale finansiële struktuur, veral as waardemaatstaf, toegepas word. Ons moet dan vervolgens op die toepassing daarvan let. Hiervoor sal ons gebruik maak van die reeds bespreekte denkbeeldige voorbeeld in hoofstukke 3 en 4 van 'n koöperasie wat twee produkte op 'n poelgrondslag bemark, die produk verwerk, asook boerderybenodigdhede en produksiekrediet aan die lede verskaf. Die omsetsyfers van tabel 3 en die finansiële behoeftes soos in grafieke 4 en 5 ontwikkel, is dus hier van toepassing. Verder aanvaar ons gerieflikheidshalwe dat alle produkte in tonne bemark word, dat die verwerkingsfasiliteite vir beide produkte min of meer dieselfde is, en dat beide produkte deur dieselfde lede bemark word.

Volgens tabel 3 beloop die gemiddelde omset ten opsigte van bemarking vir die jare 1960 en 1961 R3 085 000, terwyl die gemiddeld vir boerderybenodigdhede en dienste R350 000 per jaar beloop; in totaal R3 430 000 per jaar. Ons aanvaar dat hierdie bemarking ten opsigte van 'n bemarking van gemiddeld 3 200 ton per jaar was. Indien ons hierdie omsette as 'n verteenwoordigende gemiddelde van die betrokke koöperasie neem, lyk die omsetposisie waarmee ons gaan werk, soos dit in tabel 5 daar uitsien.

1) Griffin, op.cit., p. 4

2) Ibid.

TABEL 5 - Denkbeeldige voorbeeld van die gemiddelde totale omset van 'n landboukoöperasie as basis vir die aanpasbare roterende fondsbeginself

	Bemarring		Boerderybenodigd- hede en dienste	Totale omset
	Aantal tonne	Waarde	Waarde	Waarde
1960	3,100	R3,090,000	R330,000	R3,420,000
1961	3,300	R3,080,000	R370,000	R3,440,000
Totaal	6,400	R6,170,000	R700,000	R6,860,000
Gem.	3,200	R3,085,000	R350,000	R3,430,000

Ons tweede stap is om 'n soortgelyke berekening te doen van die gemiddelde omset van elke lid oor 'n redelike termyn. Indien ons denkbeeldige syfers vir lid no. 1 veronderstel, sal sy posisie soos volg daar uitsien:

TABEL 6 - Denkbeeldige voorbeeld van die totale gemiddelde omsetposisie van lid no. 1 as basis vir die aangepaste roterende fondsbeginself

	Bemarring		Boerderybenodigd- hede en dienste	Totale omset
	Aantal tonne	Waarde	Waarde	Waarde
1960	40	R40,000	R10,000	R50,000
1961	60	R60,000	R10,000	R70,000
Totaal	100	R100,000	R20,000	R120,000
Gem.	50	R50,000	R10,000	R60,000

Die derde stap is nou om die kapitaalbehoefte per fisiese of waarde-eenheid van die omset te bereken waarop ons die finansieringsbydrae per lid kan baseer. Indien die aard van die produkte wat bemark word sodanig is dat veranderinge in die omset nie veel verskil aan die bemarkingsfasiliteite van die koöperasie doen nie, en indien die pryse verder nie baie skom-

mel nie, sal hierdie verhouding slegs op 'n waardegrondslag bereken kan word. Waar pryse egter heelwat skommel en veranderinge in omset 'n uitwerking op die kapasiteite van die bemarkingsfasiliteite het, moet hierdie verhouding op 'n fisiese en waardegrondslag bereken word. Hierdie fisiese grondslag is veral belangrik ten opsigte van die bemarkingsaktiwiteit, aangesien ons daardeur nie net 'n meer korrekte verhouding vir die ledebydrae kry nie, maar ook duideliker kan sien of die betrokke bemarkingskapasiteite en die koste daarvan ekonomies regverdigbaar is ten opsigte van die huidige aantal lede en hulle omsette. Indien dit op 'n waardegrondslag gedoen word, sal ons nie dieselfde mate van noukeurigheid kry nie, aangesien pryse en koste skommel. Buitendien moet kapasiteite in fisiese eenhede geskep word. Dit beteken dat ons die hoeveelheid van elke tipe benodigde kapitaal nie net per R100 totale omset moet bereken nie, maar ook per ton gelewerde produkte.

Ons het reeds in die vorige afdeling en uit grafiek 5 die benodigde kapitaalstruktuur bepaal. Daar het ons gesien dat die behoefte aan permanente eie kapitaal minstens R860,000 is (Veronderstel R800 000 is nodig vir bemarking) terwyl die aan eie langtermynkapitaal R130 000 (R990 000-R860 000) is. Ons neem aan dat R100 000 van lg. nodig is vir bemarking. Daaruit het ook geblyk dat die behoefte aan korttermynleenkapitaal om die huidige aktiwiteite van die betrokke koöperasie mee te finansier R310 000 is. (R1 300 000-R99 000). Veronderstel R300 is nodig vir bemarkingsaktiwiteite. Indien ons dan die huidige omsette en die kapitaalbehoefte hierbo as verteenwoordigend van hierdie koöperasie se behoeftes neem, kry ons die volgende kapitaalbehoefte per fisiese en waarde-eenheid:

TABEL 7 - Denkbeeldige kapitaalbehoefte per fisiese en waarde-eenheid van 'n landboukoöperasie as basis vir aanpasbare roterende kapitaalbeginsel

	Waardegrondslag (totale omset)			Fisiese grondslag (slegs bemarking)		
	Eie per- manente kapitaal	Eie lang- termyn- kapitaal	Kortter- mynkapi- taal	Eie per- manente kapitaal	Lang- termyn kapitaal	Kortter- mynle- nings
Tot. be- hoefte	R860 000	R130 000	R310 000	R800 000	R100 000	R300 000
Per R100 omset	25	4	9			
Per 1 ton				218	31	93

Tabel 7 gee 'n aanduiding van die waarde van die breëre toepassing van die beginsel van die aangepaste roterende kapitaal. Dit toon nie net hoeveel die lid per R100-omset tot die finansiering moet bydra nie, (ook aan leenkapitaal) maar veral ook wat die huidige fasiliteite van die koöperasie 'n lid kos.

Die vierde stap behels dat ons nou die berekende kapitaal/omsetverhouding van tabel 7 op die individuele lede moet toepas. Indien ons die berekende omset van lid no. 1 (tabel 6) neem, sal ons die volgende posisie ten opsigte van sy kapitaalbydrae kry. Die kapitaalbydraes van die ander lede kan op dieselfde wyse bepaal word.

TABEL 8

Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbydrae van lid no. 1, gebaseer op die aanpasbare roterende kapitaal-beginsel

Eie permanente kapitaal	Eie langtermyn kapitaal	korttermynleenkapitaal
50 ton teen R218 per ton = R10,900. R60,000 totale omset teen R25 per R100 omset = R15,000, dit wil sê R10,900 word benodig vir sy bemarkingsaspek en R4,100 vir fasiliteite vir boerderybenodigdhede en dienste.	50 ton teen R31 per ton = R1,550. R60,000 totale omset teen R4 per R100-omset = R2,400 dit wil sê R1,550 word benodig vir sy bemarkingsaspek en R850 vir boerderybenodigdhede en dienste.	50 ton teen R93 per ton = R4,650. R60,000 omset teen R9 per R100-omset = R5,400, dit wil sê R4,650 word benodig vir sy bemarkingsaktiwiteite en R750 vir boerderybenodigdhede en dienste.

Die vyfde stap is om na te gaan hoeveel elke lid alreeds aan kapitaal bygedra het, en hoeveel addisionele kapitaal hy nog moet bydra. Dit geld uit die aard van die saak vir die kapitaal wat deur die lid self bygedra word. Indien ons byvoorbeeld aanneem dat lid no. 1 tot op datum R14,000 aan permanente kapitaal en R2,600 aan lang- of mediumtermynkapitaal bygedra het, lyk sy kapitaalposisie soos volg:

TABEL 9 - Denkbeeldige voorbeeld van die kapitaalbydrae van lid no. 1 aangepas volgens die aanpasbare roterende kapitaal-beginsel

Permanente kapitaal	Langtermynkapitaal
Moet volgens totale omset R15 000 bydra. Hettot op datum R14 000 in die vorm van aandele en reserwes bygedra. Om die addisionele R1 000 te verkry, trek R20 per ton per R100-omset vir een jaar af.	Moet volgens omset R2 400 bydra. Het reeds R2 600 bygedra in die vorm van 'n roterende fonds wat oor 15 jaar strek. Die R200 krediet word op sy rekening geplaas in afwagting op vergroting van sy omset of dit word aan hom terugbetaal.

Uit die voorafgaande sien ons dat 'n gewysigde vorm van hierdie aanpasbare roterende kapitaal-plan nie net 'n middel is waarmee ons die behoefte aan eie kapitaal in ooreenstemming met die lid se deelname aan die koöperasie kan bring nie, maar ook 'n metode om die koste van eie en vreemde kapitaal per lid en dus die doelmatigheid van finansiering en van die koöperasie self vir die lede te bepaal. Hiermee kan ons dan ook baie maklik periodiek die lid se kapitaalbydrae aanpas by sy veranderde gebruikmaking van die koöperasie. Verder kan ons hierdeur ook die addisionele koste per lid vir uitbreidings of nuwe fasiliteite vooruit redelik akkuraat bepaal, veral ten opsigte van die vraag of dit ekonomies geregverdig is of nie.

Vir die gladde werking van hierdie beginsel is dit egter logies dat ons basiese kapitaal/omsetsyfer op fisiese en waardegroondslag korrek moet wees. Daarom sal hierdie syfer dan ook periodiek hersien moet word soos die aard en omvang van die koöperasie en sy lede se aktiwiteite verander. Dit is verder ook duidelik dat hierdie plan alleen kan slaag indien die praktyk van verkryging van permanente langtermynkapitaal deur middel van reserweworming opgehef word en hierdie reserwes op lederekenings oorgeplaas word. Soos later sal blyk uit die bespreking van reserwes as finansieringsmiddel, is die opbou daarvan as sodanig nie verkeerd as dit geskied met die doel om fondse beskikbaar te hê om tydens abnormale fluktuasies

in die finansieringsproses te dien om sodanige probleme te oorkom nie. Sodra dit as 'n finansieringsmiddel gebruik word, is dit nie in ooreenstemming met ons koöperatiewe model van 'n hulporgaan vir die lede nie, tensy dit dan op lederekening oorskryf word.

Die vraag ontstaan nou hoe nuwe lede deur hierdie finansieringsplan geraak word. Uit die aard van die saak sal meeste nuwe lede (wat dikwels jonk is) nie by toetrede die gewenste bedrag eie kapitaal in ooreenstemming met hulle omset, veral ten opsigte van bemarking, kan betaal nie. Die oplossing is hier dat sulke lede teen die bestaande kapitaal/omset-koers jaarliks sy eie kapitaalbydrae tot die vereiste bedrag moet vergroot. Dit kan veral geskied via die praktyk van terughouding van die bonus en die oorskryf daarvan op lederekening as bonusaandele of roterende fondse wat tot dood of uittrede roteer.

Ten slotte kom ons by die probleem of hierdie finansieringsplan nie die koöperasie in die verleentheid sal plaas wanneer veral 'n groot aantal lede uittree nie. Uit ons koöperatiewe model is dit logies dat die lid se kapitaalbydrae dan aan hom terugbetaal moet word, aangesien die koöperasie dan nie meer as 'n onselfstandige hulporgaan van die lid fungeer nie. Dit behoort egter nie 'n onoorkombare probleem te wees nie. Die statute van die koöperasie kan byvoorbeeld bepaal dat indien lede uit ontevredenheid (wat onder andere uit 'n opstokery of 'n magstryd ontstaan) bedank, hulle nie noodwendig dadelik hulle kapitaal kan terugkry nie. Die statuut moet dus sover moontlik slegs staking van boerdery of dood van die lid as wettige redes aanvaar, en dan nog met die voorbehoud dat, indien die koöperasie se sake dit nie op daardie tydstip kan regverdig nie, die terugbetaling oor 'n sekere termyn kan geskied.

As ons nou die voordele van hierdie aanpasbare roterende kapitaalbeginsel op die koöperatiewe finansieringsplan moet opsom, kan ons die volgende voordele noem:

- 1) Met hierdie benadering val die klem by finansiering tereg op die koöperasie as hulporgaan van die lid, en nie op die kapitaalstruktuur as winsopbrengsmedia nie. So gesien, is dit 'n koöperatief meer korrekte finansieringsplan.
- 2) Hierdeur word die tweeledige aard van die koöperatiewe finansieringstruktuur, naamlik uit die ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt, as 'n eenheid in die finansieringsplan saamvoeg. Dit beteken dat ons die finansiële struktuur nie

net op kostegrondslag ekonomies maak nie, maar dat dit ook aantoon of die finansieringstruktuur en die betrokke aktiwiteite vir die lid ekonomies geregverdig is.

- 3) Nuwe aktiwiteite of uitbreiding van bestaandes kan hierdeur nie net op kostebasis (ook ten opsigte van die finansiering) geregverdig of afgekeur word nie, maar ook kan dit bereken word of dit ten opsigte van die lede ekonomies regverdigbaar is of nie. Dit beteken dat die lid so ver kan gaan om sy koste aan eie en leenkapitaal (en die rente) te bereken en dit op te weeg teen die ekonomiese voordele of besparing wat die koöperatiewe aksie vir hom as lid meebring.
- 4) Dit dien as 'n maatstaf ten opsigte van effektiwiteit by die finansiering en taakverrigting van die koöperasie. Indien die verskeie kapitaalposte per lid en per R100-omset of per fisiese eenheid jaarliks styg na afhandeling van die natuurlike besigheidsiklus aan die einde vd. finansiële jaar sonder 'n styging in die omset of verandering in die aard van die aktiwiteite, is dit dikwels 'n teken van finansiële en ekonomiese oneffektiwiteit, tensy dit aan faktore buite die beheer van die koöperasie gewyt kan word, soos byvoorbeeld ernstige droogtes. Netso kan die uitwerking van 'n verandering in die finansieringsplan ten opsigte van die effektiwiteit daarvan op die uitvoering vd. doel vd. koöperasie getoets word. So 'n struktuurverandering sal bv. nie veel baat indien dit gedoen word om kostebesparing (bv. rente op leenkapitaal) mee te bring en dus op ekonomiteitsgronde geregverdig is, maar die koste van die addisionele eie kapitaal wat die lid daardeur moet bydra, beloop vir die lid meer as hierdie kostebesparing nie.
- 5) Hierdie finansieringsbenadering is ekonomies meer billik, veral t.o.v. die benodigde permanente en langtermynkapitaal, want die lid moet so ver moontlik proporsioneel tot sy omset, met ander woorde gebruikmaking van die koöperasie, kapitaal tot die fasiliteite van hierdie groepsverband bydra.
- 6) Uit die vorige voorbeeld volg dat, indien die proporsionaliteitsbeginsel t.o.v. eie kapitaalbedrae van toepassing is, rentebetaling op eie kapitaal onnodig is, veral indien die lid se kapitaalbydrae deurentyd saam met sy omset varieer. Dit maak nie net die koöperatiewe handeling goedkoper en doeltreffender nie, maar daar kan nou ook in 'n groter mate ekonomies van eie kapitaal gebruik gemaak word. Sodoende word die veilig-

heidsdoel by koöperatiewe finansiering in 'n groter mate in ag geneem.

- 7) Dit verminder die onmiddellike groot las wat nuwe lede tot finansiering moer bydra, deurdat die lid se kapitaal in 'n mate deur sy omset opgebou word.
- 8) Dit sal 'n belangrike sielkundige effek op die lede ten opsigte van die finansiering en hulle getrouheid aan die koöperasie hê.

Uit hierdie voordede moet egter nie afgelei word dat hierdie aanpasbare finansieringsplan 'n onbepaalde toepassing het nie. Die volledige toepassing daarvan in die praktyk is van sekere voorwaardes afhanklik, naamlik:

- 1) 'n Koöperasie in die proses van groot uitbreiding, veral indien dit grootliks op krediet geskied, bemoeilik die toepassing van hierdie plan. Die rede hiervoor is veral dat dit gedurende uitbreiding baie administrasie ten opsigte van die lederekeninge meebring, asook dat dié ontwikkeling 'n groter finansieringslas op die lid plaas. Hoe meer gestabiliseerd die aktiwiteite en omvang van die koöperasie is, hoe beter sal hierdie aanpasbare finansieringsplan dus werk.
- 2) Die plan is veral op die gestabiliseerde permanente en langtermynkapitaalbehoefte van toepassing. Uiteraard sal dit onprakties wees vir byvoorbeeld seisoensbenodigde kapitaal wat byna van week tot week en in elk geval van seisoen tot seisoen wissel.
- 3) Die idee van koöperasie as 'n onselfstandige hulporgaan van die lede se ooreenstemmende ekonomiese aktiwiteite moet sover moontlik suiwer geld. Indien 'n koöperasie meer as een aktiwiteit verrig, byvoorbeeld 'n paar produkte bemark wat uiteenlopend van aard is, en al die produkte word nie deur dieselfde lede gelower nie, gaan dit nie net 'n geweldige administrasie verg nie, maar dit is te betwyfel of die finansiering dan nog ekonomies rasioneel volgens hierdie plan kan geskied.
- 4) Die ledetal moet nie baie wissel nie, maar redelik stabiel bly, anders gaan dit 'n geweldige hoeveelheid administrasie meebring, wat slegs kosteverhogend sal wees.

Dit blyk dus dat die aanpasbare finansieringsplan sy grootste toepassingswaarde het waar die aktiwiteite van die koöperasie 'n redelike mate van stabiliteit bereik het. Dit be-

teken nie dat jong uitbreidende koöperasie nie na hierdie ideale struktuur van finansiering moet strewe en nie reeds vroeg al die elemente van hierdie plan in hulle finansieringsplan moet inbou nie, al is dit slegs ten opsigte van sekere onderdele van die totale finansieringsplan. Namate die aktiwiteite van die koöperasie al meer gestabiliseerd raak, kan al meer elemente van die plan ingevoer word.

4.5 Likiditeit en die finansieringsplan

Ons het gesien dat dit by die finansiering van die koöperasie gaan om die handhawing van die gesinkroniseerde produksieproses wat 'n kontinue stroom van goedere en dienste aan die lede moet lewer. Die feit dat hierdie produksieproses by 'n koöperasie dikwels slegs van 'n seisoensaard is, bring geen verandering in die kontinuïteitseeis mee nie.

Hierdie kontinue verloop vereis dat die kapitaalvloei in die koöperasie sodanig moet wees dat die benodigde kapitaal altyd op die regte plek, op die regte tyd en in die regte hoeveelheid in die gesinkroniseerde produksieproses beskikbaar moet wees, anders word hierdie vloeiproses van goedere en dienste verbreek. Dit beteken die handhawing van die likiditeit van die koöperasie.

Hierdie likiditeit definieer Meij ¹⁾ as "het evenwicht tussen de door het productieproces bepaalde uitzettingen en contracties van het daarin opgesloten vermogen, en de door opname-mogelijkheid en terugbetalingsverplichting bepaalde veranderingen in het beschikbaar gestelde vermogen." Dit wil voorkom of likiditeit volgens Meij beteken dat daar 'n ewewig tussen die kapitaalbehoefte en die kapitaalvoorsiening moet wees, ten einde die produksieproses glad te laat verloop. Oorlikiditeit en illikiditeit ontstaan dus as daar te veel of te min kapitaal beskikbaar is. Hierteenoor kan ons egter beweër dat dit nie gaan om die hoeveelheid kapitaal nie, maar wel die hoeveelheid likiede kapitaal, dit wil sê in die vorm vankontant of wat binne 'n kort tyd in kontant omgesit kan word om sodoende verpligtinge na te kom. Daarom kan dit gebeur dat 'n onderneming wat genoegsame kapitaal het, tog illikied is omdat die kontant nie betyds beskikbaar is nie.

1) Meij, op. cit., p. 29.

'n Suiwerder omskrywing van likiditeit vind ons by Scholten.¹⁾ Hy definieer dit as: "de liquiditeit in de onderneming is de mogelijkheid om op tijd aan de financiële verplichtingen te voldoen, onder de veronderstelling van kontinuïteit." Dit gaan by likiditeit dus nie om die aanwesigheid van kapitaal as sodanig nie, maar om kapitaal wat op die gevraagde tydstip sodanig beskikbaar is dat dit die voortgaan vd. produksieproses sal waarborg.

Hieruit volg dat die handhawing van die likiditeit oor 'n termyn gesien moet word. Kapitaal, veral by die seisoensbedrywe, stroom voortdurend deur die produksieproses, maar daar is uiteraard nie deurentyd 'n balans tussen die invloei en die uitvloei van kontant by die produksieproses nie. Dit kan dus maklik gebeur dat daar op die hoogtepunt van die bemarkingseisoen illikiditeit bestaan, terwyl daar weer op die laagtepunt van die seisoen oorlikiditeit kan wees. Daarom is dit van belang dat likiditeit oor 'n termyn gesien word. Afhangende vd. bekwaamheid van die bestuur, (wat meesal die deurslaggewende faktor is) hoef daar dus nie te alle tye likiditeit te wees nie, veral by bedrywe van 'n seisoens aard. By so 'n bedryf moet as minimum geld dat daar voor die begin van die nuwe seisoen ten minste likiditeit moet bestaan.

Verder beteken likiditeit dat dit meestal net op die korttermyn betrekking het. Dit volg daaruit dat die likiditeit gerig is op die reëlmatige vooruitgang van die produksieproses, wat noodwendig 'n korttermynlooptyd het. Hierdie korttermynlooptyd beteken egter nie dat die likiditeit nie ook oor die langtermyn belangrik is nie, maar slegs dat die duur van die likiditeit oor die duur van die siklus van die besigheidsaktiwiteite essensieel 'n korttermynaard het; die volgende natuurlike siklus bring weer 'n nuwe likiditeitsposisie mee.

Wat die handhawing van die likiditeit by 'n landboukoöperasie betref, het dit in baie gevalle nie so 'n bepalende invloed op die kapitaalstruktuur van daardie koöperasies nie. Dit gebeur veral waar bemarking die koöperasie se belangrikste aktiwiteit is, en onder 'n bemarkingsraad wat 'n vaste prysbeleid volg. Onder so 'n stelsel vind daar grootliks gewaarborgde afset plaas, sodat die verpligtinge feitlik versekerd afgelos kan word. Likiditeitshandhawing sal dus nie so 'n bepalende faktor wees by die keuse van die tipe kapitaal wat gebruik word

1) Scholten, J.M. De liquiditeit der onderneming. H. Stenfert Kroese N.V., Leiden, 1962, p. 25.

om hierdie tipe aktiwiteit mee te finansier nie; hoewel die doelmatigheidseis weer bepaal dat leenkapitaal nie baie belangrik moet wees nie.

Teoreties gesien, sal likiditeitshandhawing nie by 'n tipe bemarkingskoöperasie waar geen staatsgewaarborgde afset is, van deurslaggewende belang in die keuse van die kapitaalstruktuur wees nie. Dit volg uit ons koöperatiewe model waar, uit 'n ideale oogpunt gesien die lid 'n leweringsplig teenoor die koöperasie ten opsigte van bemarking het en 'n afnameplig ten opsigte van boerderybenodigdhede. In ons uitgangpunt by koöperatiewe finansiering is aanvaar dat hierdie verpligting die verrekening van die aangeane skulde vir die finansiering van hierdie aktiwiteite waarborg. Prakties word hierdie situasie versterk deur die feit dat die oorgrote meerderheid boere produksiekrediet van hulle koöperasie moet verkry om hulle produksieprogram te finansier, sodat hulle hul produkte in elk geval aan die koöperasie moet lewer. Volgens artikel 96 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings het die koöperasie dan ook outomaties 'n pandreg op hierdie goedere. Dit beteken dat slegs die risiko van onverkoopbaarheid van die produkte die vloei van fondse en dus die likiditeit sal kan beïnvloed, gevolglik ook die keuse van die kapitaalstruktuur, wat ten gunste van meer eie kapitaal sal neig in die gevalle waar heelwat risiko betrokke is. So gesien, lyk dit of likiditeits-handhawing nie so 'n belangrike aspek by koöperatiewe finansiering is nie.

Daar is egter ook 'n ander sy van die saak wat die likiditeitsposisie wesenlik beïnvloed en likiditeitshandhawing baie belangrik maak. Dit is die afnameplig van die koöperasie. Ons het reeds gesien dat die afnameplig, met die daaruitvoortvloeiende voorsorgmotief en tesame met die riskante aard van die landbou as gevolg van die fisiese risiko's baie maklik verstourings in die normale vloei van die gesinkroniseerde produksieproses kan meebring. As hierdie risiko-element nie net tot produksie beperk is nie, maar daar ook baie bemarkingsrisiko's is, byvoorbeeld onsekere afset as gevolg van bemarking van 'n produk op 'n poelgrondslag op die ope mark, sal likiditeitshandhawing 'n baie groter vraag na eie kapitaal veroorsaak. Die neiging sal versterk word indien hierdie produk ook 'n verwerkingsproses moet ondergaan. Soos ons in hoofstuk 5 by die beskrywing van die raamwerk waarbinne koöperatiewe fi-

nansiering moet geskied sal sien, sal die aard van die ontwikkelende landbou almeer verdere verwerking van landbouprodukte vereis. Dit, plus die afnameplig, sal die bemerkingsrisiko by koöperasie in die toekoms groter maak, gevolglik ook die belangrikheid van likiditeit.

Hieruit volg dat die aard en omvang van die koöperatiewe doel en die aard van die produksieproses uiteindelik 'n bepaalde invloed op die belangrikheid van die likiditeitsbegrip by 'n koöperasie sal uitoefen. In hierdie verband sê Meij dan ook: "We mogen het liquiditeitsbegrip niet bezien los van de eisen, die de handhaving van het productieproces stelt." So gesien, sal die belangrikheid van likiditeit by die verskillende tipes koöperasies verskil. Die afnameplig en die groterwordende bemerkingsrisiko's by landboukoöperasies sal in die toekoms egter 'n al belangriker gewig aan likiditeits-handhawing by landboukoöperasies toeken. Daarom sal likiditeitshandhawing by 'n landboukoöperasie dikwels meer eie kapitaal vereis as wat uit 'n suiwer koste-oogpunt geregverdig is. Dit beteken veral fondse om hulle beskikbaarheidsnut. Op die finansieringsplan, soos in grafiek 5 uiteengesit, versterk dit die feit dat die permanente en langtermynkapitaalbehoefte ten volle deur eie kapitaal gefinansier moet word. Die aard van die landboukoöperatiewe produksieproses bring mee dat die gebruik van 'n oormaat lenings vir hierdie behoeftes, al is dit op kostegrondslag geregverdig, die likiditeitsposisie in gevaar kan stel.

4.6 Solvabiliteit en die finansieringsplan

Behalwe die bovermelde likiditeitsvereiste, is daar ook die solvabiliteitsbeginsel wat deeglik by die beplanning van die finansiële struktuur van die koöperasie in ag geneem moet word. Die aktiwiteite van 'n koöperasie is van 'n kontinue aard en om die produksieproses voortdurend glad te laat verloop moet onder andere die finansies ook oor die langtermyn beskikbaar wees. Dit vereis langtermynbeplanning van die finansiering, wat ons by die solvabiliteitsvraagstuk bring.

Solvabiliteit word deur Van der Meulen²⁾ omskrywe as "die

1) Meij, op. cit., p. 31, voetnoot 1.

2) Rädcl en Reynders, (red.) op. cit., p. 226.

vermoë van 'n onderneming om al sy vreemde kapitaal (met name ook die vreemde kapitaal wat op langtermyn aangetrek is) selfs by eventuele stopsitting van die ondernemingsaktiwiteite en die direkte verkoop van alle bate te kan aflos. "Vir 'n onderneming in gang kan die solvabiliteit eenvoudig gedefinieer word as die mate waarin vreemde kapitaal deur bate gedek is."

Die solvabiliteit van 'n koöperasie hou in werklikheid in dat die weerstandsvermoë van die koöperasie vir langtermyn-voortuitgang gehandhaaf word. Ons het reeds by die uitgangspunt van koöperatiewe finansiering gesien dat die handhawing van hierdie weerstandsvermoë nie net uit 'n cnafhanklikheidsstandpunt van belang is nie, maar ook om, voortvloeiend daaruit, die doel van die koöperasie oor die langtermyn te handhaaf.

Die handhawing van die weerstandsvermoë by 'n koöperasie beteken dat die bates maklik realiseerbaar moet wees. 'n Koöperasie kan solvent wees, maar dan kan sy weerstandvermoë swak wees as die bates van die koöperasie nie maklik realiseerbaar is om sy verpligtinge ten opsigte van solvabiliteit na te kom nie. Dit sal beteken dat daar 'n groter behoefte aan eie kapitaal sal bestaan om sodoende makliker aan die solvabiliteitseis te voldoen. Dit sal veral die geval wees by seisoensbedrywe waar die kapitaal net vir 'n deel van die jaar benut word. Die vaste rentelas van leningskapitaal, gekoppel aan die risiko-aard van die landbou, bring mee dat die solvabiliteitshandhawing meer eie kapitaal sal vra vir finansiering van veral die permanente en langtermynbehoefte.

Hierdie risiko-element spruit natuurlik uit die groot omvang van die fisiese en ekonomiese risiko's in die landbou, asook die afnameplig by die koöperasie. Ons het hierdie risiko-element onder die veiligheidsdoel van finansiering by 'n koöperasie geresorteer. Hierdie doel vereis veral dat, vir solvabiliteitshandhawing, die kapitaalstruktuur in 'n groot mate uit eie kapitaal moet bestaan. Slegs sodoende kan die weerstandsvermoë van die koöperasie sodanig verhoog word dat dit die koöperatiewe aktiwiteite oor die langtermyn kan vervul. Eie kapitaal vir solvabiliteitshandhawing is verder belangrik omdat kapitaal wat vir langtermyn beskikbaar is, gewoonlik permanent in die produksieproses belê is en dus nie maklik realiseerbaar is vir handhawing van die solvabiliteit nie. Indien hierdie permanente behoeftes dan grootliks deur vreemde

kapitaal met 'n vaste rentelas gefinansier word, sal die risiko-aard van die landbou slegs die weerstandsvermoë van die koöperasie verswak. Dit aksentueer verder die feit dat koöperatiewe finansiering nie net uit die oogpunt van minimum koste gesien moet word nie, maar ook in hoe 'n mate dit die koöperatiewe doel, veral oor die langtermyn gesien, kan help bevorder. Ten opsigte van die solvabiliteitseis, sal die kapitaalstruktuur uit 'n koste-oogpunt nie noodwendig altyd ooreenstem met die struktuur uit 'n doelmatigheidsnospunt nie. Op die koöperatiewe finansieringsplan (sien grafiek 5) toegepas, versterk die solvabiliteitseis die feit dat die permanente en langtermynbehoefte deur eie kapitaal gefinansier moet word.

4.7 Samevatting

In hoofstukke 3 en 4 het ons die leer van die koöperatiewe finansiering omskryf en geanaliseer. Eerstens het ons gesien dat dit in die finansiering gaan om die verkryging en aanwending van kapitaal in die lig van die ekonomiese doel en struktuur, asook die juridiese struktuur van die koöperasie. By die beoordeling van die finansieringsprogram gaan dit derhalwe nie net om die ekonomiteitsprinsiep (die metode van finansiering nie, maar ook om die doelmatigheidsprinsiep (die doel van finansiering).

Tweedens het geblyk dat die aard van die landboukoöperasie se aktiwiteite en verloop van die koöperatiewe produksieproses normaalweg fluktuierend verloop en seisoenaal van aard is. Die kapitaalbehoefte bereik dus op verskeie tye 'n maksimum- en minimumhoogte. Hierdie behoefte verminder egter namate die aktiwiteite al meer oor die jaar versprei word. Die verloop van die produksieproses het ons aangetoon deur

- 1) 'n Koöperasie wat 'n seisoensbemarkingsaktiwiteit verrig en dit verwerk.
- 2) 'n Koöperasie wat op 'n poelbasis twee seisoensprodukte bemark en verwerk, welke produkte in afsonderlike seisoene val;
- 3) 'n Koöperasie wat op poelbasis twee seisoensprodukte bemark en verwerk en ook produksiekrediet en boerderybenodigdhede aan lede voorsien.

Derdens het dit uit hierdie voorbeelde geblyk dat hoe meer die aktiwiteite oor die jaar versprei word, hoe groter word die behoefte aan permanente kapitaal in die produksiepro-

ses. Dit is die gevolg van die werking van die diversiteitsbeginsel by finansiering, waardeur opvolgende prosesse uit die vrygekome fondse van die vorige proses gefinansier word, in so 'n mate dat kapasiteitsuitbreiding met die vrygekome fondse kan geskied. As gevolg van die afnameplig en die fisiese landbourisiko's, was dit egter duidelik dat hierdie beginsel in 'n mindere mate by 'n landboukoöperasie geld.

Vierdens is die optimum kapitaalstruktuur en finansieringsplan opgestel. Hieruit het geblyk dat die optimum kapitaalstruktuur en finansieringsplan 'n kompromie tussen die ekonomiteitsbeginsel en die doelmatigheidsbeginsel van finansiering sal wees.

In die vyfde plek is bevind dat die koöperatiewe aard vereis dat die lid eintlik die volle finansieringslas en finansiële risiko moet dra, maar dat die gebruik van lenings nie teenstrydig met die koöperatiewe beginsel is nie en soms verkieslik uit 'n koste-oogpunt kan wees. Om hierdie finansieringsplan met die koöperatiewe model te rym, het dit sedens geblyk dat dit deur middel van die aanpasbare roterende kapitaal beginsel gedoen kan word. Die toepassing van hierdie beginsel blyk die koöperatief korrekte metode te wees om sover moontlik die proporsionaliteitseis op ledefinansiering van toepassing te maak.

Laastens het ons gesien dat die afnameplig by koöperasies en die groterwordende bemarkingsrisiko's as gevolg van verdere verwerking van landbouprodukte, die likiditeits- en solvabiliteitseis al belangriker maak by koöperasies. Hierdie aspekte vereis gevolglik al meer eie permanente kapitaal in die finansieringsplan.

HOOFSTUK 5DIE RAAMWERK WAARBINNE DIE LANDBOUKOÖPERATIEWE FINAN-
SIERING GESKIED5.1 Inleiding

Tot dusver het ons koöperatiewe finansiering nagegaan slegs vanuit die verloop van die finansieringsproses self. In die praktyk vind ons egter 'n groot aantal buitefaktore wat 'n invloed op die finansiering van koöperasies uitoefen. Ons kan hierdie faktore, wat hoofsaaklik uit die aard en organisasie van die landboubedryf spruit, as raamwerk waarbinne die finansieringsplan moet funksioneer, tipeer.

By die bespreking van hierdie raamwerk sal ons ons nie net tot die huidige faktore wat die landboukoöperatiewe finansiering beïnvloed, bepaal nie, ons moet ook die moontlike invloed van ontwikkelinge in die proses van die algemene ekonomiese en veral landbou-ekonomiese groei op die finansieringsverloop probeer bepaal en in ag neem. Hierdie benadering is nie net ten opsigte van die finansieringsplan nodig nie, maar dit plaas die koöperatiewe finansiering ook in die breër ekonomiese en veral landbou-ekonomiese kader. Laasgenoemde is belangrik, omdat ons 'n koöperasie as 'n onselfstandige hulporgaan van die lid getipeer het. Aangesien die koöperasie moet aanhou om hierdie funksie oor die langtermyn te vervul, sal die koöperatiewe struktuur, en dus ook die finansiering, baie nou gemoeid wees met die kenmerke van die landbou en die veranderinge daarin. Daarom moet ons redelik breedvoerig let op die raamwerk waarbinne die landboukoöperatiewe finansiering moet geskied. Hierdie bespreking sal aan die hand van die invloed van die volgende faktore gedoen word:

- 1) Die landbouprysprobleem as gevolg van die lae vraag- en aanbodselastisiteit oor die korttermyn;
- 2) Landboumeganisasie en die duur van die produksieproses onder toestande van algemene ekonomiese uitbreiding en inkrimping;
- 3) Die gevolge van ekonomiese en landbou-ekonomiese ontwikkeling, en
- 4) Die beheerraadstelsel by die bemarking van landbouprodukte.

5.2 Die landbouprysprobleem as gevolg van vraag- en aanbodstoestande

Hierdie probleem kom kortliks daarop neer dat ons in die landbou oor die korttermyn 'n baie lae vraag- en aanbodselastisiteit kry. Hierdie redelik konstante korttermynvraag en -aanbod bring mee dat 'n klein verandering in die vraag as gevolg van veranderinge in die besteebare inkome, 'n proporsioneel groter verandering in die pryse meebring. Vandaar dan ook die intensiteit van prysskommeling in die landbou oor die korttermyn. Hierdie aspek sal egter hier net opsommend behandel word. Vir 'n diepgaande bespreking van hierdie probleem is die werke van Halcrow, Sheppard en Schultz van toepassing, waarop ons siening van hierdie aspek gebaseer is. ¹⁾

5.2.1 Aanbodsgedraginge van landbouprodukte

Oor die korttermyn vind ons dat die landbou en nie-landbousektor van mekaar geskei is soos twee waterdigte kompartemente waartussen meestal geen vloei van produksiefaktore bestaan nie. Binne hierdie kompartemente self kry ons egter faktorsubstitusie. Halcrow ²⁾ stel dit soos volg: "There is some degree of resource substitution between individual farm enterprises within most agricultural areas and a significant degree at the extensive margin of all areas in response to commodity price changes, but not between farm and nonfarm enterprises." Die praktyk wys dan ook dat ons redelik maklik verskuiwings kry binne die landbousektor, byvoorbeeld vanaf mielie- na koringboerdery, maar baie moeilik 'n verskuiwing vanaf landbou na die fabriekswese of andersom.

As gevolg van die substitusie binne die landbousektor, beweeg die produksie en pryse van die verskeie landbouprodukte min of meer saam. Indien die produksie van produk A vergroot word as gevolg van beter winsmoontlikhede, word meer produksiefaktore daarheen oorgedra en die betrokke produk se produksie brei uit. Maar as gevolg van die korttermyn kon-

1) Halcrow, H.G. Contemporary readings in agricultural economics. Prentice Hall Inc., New York, 1955, pp. 92 - 118.
 Sheppard, G.S. Agricultural price analyses. Iowa State University Press, Ames, Iowa, U.S.A., 1966, pp. 21 - 51.
 Schultz, T.W. The economic organization of agriculture. Mc. Graw Hill, New York, 1953, pp. 30 - 44 en 175 - 195.

2) Halcrow, op.cit., p. 97.

stantheid van vraag sal daar oorskotte en prysdalings ontstaan. Die gevolglike onttrekking van produksiefaktore vanaf produk A sal produksie weer inkort en pryse laat styg. Die produksie- en prysverloop van landbouprodukte kan dus vir analisedoeleindes as 'n eenheid geneem word.

Hierdie swak mate van substitusie van produksiefaktore tussen die landbou- en nie-landbousektor bring dus mee dat die produksiefaktore in die landbou geen alternatiewe aanwendingsmoontlikheid buite die landbou het nie. Die kapitaal as produksiefaktor is buitendien veral in grond en vaste eiendomme belê, wat oor die korttermyn nie so maklik realiseerbaar is vir oorplasing daarvan na die fabrieksektor nie. Landboukapitaalgoedere se aard is ook dikwels sodanig dat dit geen aanwendingsmoontlikheid buite die landbou het nie. Arbeid, as die ander belangrike produksiefaktor, verskuiwe op die korttermyn ook nie so maklik na die industrieë nie. Die mate waarin dit geskied, sal afhang van die arbeidsmoontlikhede buite die landbou, die geskooldheid van die arbeid daarvoor en veral die mate waarin boerdery as 'n beroep gestaak word. Die boer (arbeid) bly dus solank moontlik op die plaas, al is dit vir hom onekonomies. Arbeid sal dus eerder harder werk of vir laer lone en inkomste as wat hulle op die korttermyn uit die landbou verskuif, en dus sel's binne die landbousektor werkloos raak. Halcrow ¹⁾ vind dan ook, na 'n studie van die volkstrekk van en na die plase in die V.S.A. dat "... the nett movement (wat dui op 'n groter trek ná as van die stede) seems to be more closely associated with job opportunities in industry than with fluctuations in the farm price level, relative to the nonfarm price level."

Die feit dat kapitaalgoedere nie oor die korttermyn uit die landbou onttrek word nie, die feit dat arbeid geen alternatiewe aanwending oor die korttermyn buite die landbou het nie, asook die feit dat die boer sy inkomste wil probeer handhaaf, bring in die praktyk mee dat die boer nie sy produksiekapasiteit oor die korttermyn byvoorbeeld verminder indien pryse daal nie. Sheppard ²⁾ noem ter versterking hiervan die feit dat produksie gewoonlik redelik volledig mededingend is. As alle produsente ten tye van prysdaling produksie sou inkrimp,

1) Halcrow, op.cit., p. 97.

2) Sheppard, op.cit., p. 23.

sou dit help. Omdat geen boer enige sekerheid het dat die oorgrote meerderheid van sy medeprodusente hulle produksie sal inkort nie, kan hy dit self nie waag nie. Die gevolg is dat niemand hulle produksie inkort nie.

Uit die vorige paragraaf volg dus dat, wanneer landbouhulpbronne nie op die korttermyn as gevolg van prysveranderinge verskuif nie, sal produksie ook nie verander nie. Omdat ons in 'n markeconomie vind dat die oorgrote meerderheid van produksie op die mark aangebied word, kan ons dus ook sê dat aanbod oor die korttermyn konstant sal bly. Die totale produksie, (en dus ook aanbod) van landbouprodukte kan nie verander indien dieselfde hoeveelheid produksiefaktore op dieselfde manier en teen dieselfde tempo in die produksieproses gebruik word nie. Slegs ten tye van snelle tegniekverbetering oor die korttermyn sal ons 'n verandering in die produksie-omvang kry, maar dan nie as gevolg van prysveranderinge nie. Hierdie aspek van die vaste aanbod van landbouprodukte oor die korttermyn word duidelik geïllustreer deur die geskiedkundige verloop van produksie gedurende 1923 - 1936 in die V.S.A., soos deur Halcrow ¹⁾ aangetoon. In hierdie periode het ons in die twintigerjare groot ekonomiese vooruitgang gekry, terwyl die dertigerjare deur ekonomiese agteruitgang gekenmerk was. Pryse van landbouprodukte in totaal het dan ook oor hierdie periode op 'n indeksbasis tussen 60 en 160 geskommel. Die reaksie van die totale aanbod daarop was egter nul. Hierdie neiging is in die periode 1944 tot 1948 herhaal.

Die vraag ontstaan nou of die gencemde gedraginge van die produksiefaktore, veral arbeid en grond, wel so belangrik is dat dit as van die vernaamste redes vir die vaste aanbod van totale landbouproduksie op die korttermyn kan dien. Schultz ²⁾ gee die volgende verdeling van landboukoste in die V.S.A. weer. Hoewel syfers nie vir Suid-Afrika beskikbaar is nie, toon die situasie in die V.S.A. tog die algemene tendens in hierdie verband aan. Daaruit blyk dit duidelik dat arbeid en grond die belangrikste faktore van produksie is en dus groot-

1) Halcrow, op. cit., p. 99.

2) Schultz, op. cit., p. 137.

liks wel vir die vaste aanbod verantwoordelik kan wees. ¹⁾

TABEL 10 - Persentasieverdeling van die verskeie tipes kosteposte by landbouproduksie in die V.S.A.

Kostepos	1910-1914	1945-1948
Plaasarbeid	46.0	42.6
Landbougrond	23.6	25.4
Onderhoud en depresiasie	10.3	10.3
Lopende koste van motorvoertuie	.3	6.3
Rente	9.6	5.1
Belasting	3.2	3.0
Kunsmis	2.5	2.8
Ander	4.5	4.5

5.2.2 Vraaggedraginge van landbouprodukte

Oor die korttermyn (en in 'n hoog ontwikkelde ekonomie met gevestigde verbruikspatrone) vind ons oor die algemeen dat verbruikers die kwaliteit en die kwantiteit van hulle voedsel verbruik baie min varieer in geval van veranderinge in voedselpryse. Die redes hiervoor is eenvoudig. Eerstens dat die mens se innamevermoë van voedsel per dag beperk is. Tweedens het die mens, veral oor die korttermyn, 'n vaste dieetpatroon waarvan hy nie maklik afwyk nie. Hy sal miskien 'n klein bietjie meer eet van 'n produk wat nou teen 'n goedkoper prys beskikbaar is, en 'n klein bietjie minder eet van daardie produkte wat nou duurder is. In totaal eet die mens gewoonlik dieselfde hoeveelheid van dieselfde produkte, onafhanklik van die prys. Indien die prys van die produk oor die langtermyn 'n verandering toon, sal die verbruiker sy verbruik daarby aanpas. Dit beteken dus dat, veral oor die korttermyn, die voedselbehoefte van die liggaam, tesame met die voedselgewoontes, die totale vraag na voedsel redelik onelasties maak. Halcrow ²⁾

1) Geen soortgelyke syfers kon vir Suid-Afrika opgespoor word nie. Aangesien dit egter algemeen aanvaar word dat landbou hier te lande in 'n baie groter mate arbeidsintensief is as in die V.S.A., (veral as gevolg van ons goedkoop nie-blanke arbeid) asook die erkende feit dat landbougrond in Suid-Afrika redelik duur is, kan ons met redelike sekerheid dieselfde afleiding vir Suid-Afrika maak.

2) Halcrow, op.cit., p. 103.

vind dan ook dat die vraagelastisiteit na totale landbouprodukte in die V.S.A. tussen 1922 tot 1941 slegs .41 was. Dit word bevestig deur die bevinding van Van Wyk ¹⁾ dat die inkomste-elastisiteit van totale voedsel in Suid-Afrika gedurende 1950 - 1960 slegs .2 was.

5.2.3 Die landbouprysprobleem

Ons het reeds gesien dat die vraag- en aanbods-elastisiteit van totale landbouprodukte oor die korttermyn baie laag is. Aan die ander kant is dit egter logies dat die totale vraag na landbouprodukte wel sal verander met verandering in die besteebare inkome. As sy besteebare inkome daal, sal die mens tog minder op voedsel spandeer, ten spyte van die feit dat vraagelastisiteit laag is. Dit beteken dat, wanneer verbruikersinkome byvoorbeeld daal en die verbruik van voedsel daal, ons baie min aanpassings aan die vraag- of aanbodkant kry om as 'n rem op die dalende voedselpryse te dien. Halcrow²⁾ stel dit soos volg: "A shift in aggregate demand does not have to be large to initiate an important price change Since farmers cannot shift out of farming and consumers cannot consume more total pounds of food in response to a decline in food prices, any small contraction in aggregate demand leads to a large price decline. An expansion in aggregate consumption and a contraction in aggregate output do not come into play, in response to a decline in the farm price level, to place a brake on that decline." Hierdie verskynsel word baie duidelik aangetoon deur Sheppard ³⁾ se voorbeeld van toestande in die V.S.A. Gedurende die periode 1929 - 1932 vind hy dat die per capita verbruik van totale voedsel op 'n indeksbasis vanaf 100 - 96 daal, maar gedurende dieselfde periode het die prysindeks van landbouprodukte vanaf 100 tot 48 gedaal. Gedurende die periode 1944 - 1948 vind hy dat die styging in die per capita verbruik van totale landbouprodukte vanaf 100 tot 103, 'n prysstyging van totale landbouprodukte vanaf 100 tot 154 meegebring het. Pryse het dus hewig op die geringe vraag- en aanbodskommeling verander.

-
- 1) Van Wyk, C.J. Langtermyn ekonomiese projeksies: projeksies van private verbruiksbesteding in Suid-Afrika. Ongepubliseerde proefskrif, Stellenbosch Univ., Januarie 1966 p. 283.
- 2) Halcrow, op. cit., p. 105.
- 3) Sheppard, op. cit., p. 25.

5.2.4 Vraag- en aanbodselastisiteit van individuele landbouprodukte

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die mate waarin vraag en aanbod oor die korttermyn konstant gaan bly en dus die mate van prysskommeling, by individuele landbouprodukte, gaan afhang van die omvang van die vraag en aanbodselastisiteit van die produkte. Daarom moet ons dit nou nagaan.

Daar bestaan basies drie moontlikhede:

- 1) Waar die vraag- en aanbodselastisiteit gelyk is aan mekaar;
- 2) Waar die aanbodelastisiteit groter is as die vraagelastisiteit en
- 3) Waar die vraagelastisiteit groter is as die aanbodelastisiteit is.


Hierdie drie moontlikhede kom neer op die bekende spinne-rakteorie van landbouprysgedraginge, wat ons hier kortliks na aanleiding van Sheppard ¹⁾ sal uiteensit. Slegs die algemene geval, naamlik waar vraag- en aanbodselastisiteit gelyk is aan mekaar, sal hier bespreek word. Die ander twee gevalle is slegs variasies van hierdie basiese geval.

5.2.4.1 Vraag- en aanbodselastisiteit gelyk aan mekaar

Ons kan dit met behulp van die volgende figuur verduidelik.

Figuur 6

Produksie- en prysgedraginge van 'n landbouprodukt met gelyke vraag- en aanbodselastisiteit



1) Sheppard, op. cit., p. 36.

Hier bestaan ewewig tussen vraag en aanbod met produksie Q . Gestel as gevolg van 'n goeie oesjaar brei produksie uit vanaf Q na Q_1 . Omdat die vraag redelik stabiel oor die korttermyn bly, sal Q_1 hoeveelheid teen die laer prys van P_1 gekoop word. In 'n mededingende landbou kan geen produsent individueel 'n invloed op die prys uitoefen nie; hy weet ook nie hoeveel sy mededingers in die nuwe seisoen gaan produseer nie. Gevolglik baseer die boer sy produksiebeplanning van die volgende seisoen dan op die huidige seisoen se prys. Omdat die prys P_1 laag was, verminder hy produksie, want hy verwag die laer prys gaan aanhou geld. Dieselfde gebeur nou ook by die ander produsente. Totale produksie krimp nou na Q_2 . As gevolg van die tekort wat nou op die mark ontstaan (want vraag, alhoewel dit as gevolg van faktorsubstitusie binne die landbousektor verander, bly redelik konstant) styg die prys nou na P_2 . Die gevolglike produksie-uitbreiding na Q_3 bring weer die verlaagde prys P_3 mee. Die eenmalige versteuring van die ewewig het dus 'n kontinue skommeling om die ewewigspunt tot gevolg.

Wat die ander vorme van hierdie teorie behels, is die werking daarvan min of meer dieselfde. Waar die aanbodselasticiteit groter is as die vraagelasticiteit, sal ons vind dat die pryse al verder weg van die ewewigspunt skommel, daar die reaksie van die aanbod elke keer groter is as die van die vraag. Waar die aanbodselasticiteit weer kleiner is as die van die vraagelasticiteit, sal ons vind dat die pryse al nader aan die ewewigspunt skommel.

5.2.4.2 Die praktiese verloop van die spinnerakteorie

In die praktyk vind ons dat hierdie sikliese verloop van produksie en pryse weg van of terug na die ewewigspunt nie noodwendig van jaar tot jaar wissel nie, maar dat die siklus dikwels oor 'n paar jaar strek. Dit gebeur hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die produsent gewoonlik nie onmiddellik sy produksie by veranderde pryse aanpas nie. Hy wag eers 'n seisoen of twee om te kyk of die veranderde prys gaan aanhou. Die rede vir die afwagting is dat die produksieseisoen dikwels lank en die produksieproses kapitaalintensief is. Dikwels vra dit ook kapitaalgoedere wat geen ander aanwendingsmoontlikhede het nie.

Sheppard ¹⁾ kom dan ook tot die volgende konklusie na 'n analise vd. produksie- en prysverloop in die Amerikaanse varkbedryf: "Apparently, farmers pay more attention to the length of time that a rise in prices persists than they do to the likelihood that when they do increase the number of sows they breed, other farmers will be doing likewise." Dit beteken dat die sikliese skommelinge van landbouproduksie en -pryse dikwels oor 'n paar jaar sal strek.

'n Praktiese voorbeeld daarvan vind ons in die Suid-Afrikaanse tabakbedryf, voor die koms van die tabakbeheerraadstelsel. Kolver ²⁾ kom tot die volgende konklusie na 'n analise van die produksie en prysverloop in die tabakbedryf vanaf 1923/24 tot 1937/38: "Vanaf 1923/24 neem die pryse van tabak snel toe, totdat dit in 1926/27 op 'n baie hoë peil deur Sentabak gestel word. Hierdie prystoename het toe met 'n geweldige toename in produksie gepaard gegaan, wat sy hoogtepunt in 1928/29 bereik, waarna 'n volgende produksie- en pryssiklus in werking gestel word." Hierdie pryssiklus loop vanaf 1926/27 tot 1931/32, en die produksiesiklus, wat stadiger reageer, begin in 1928/29, en ten gevolge van die droogtetoestande en misoeste in 1933/34 eindig dit in 1932/33. Daarna volg 'n periode van geleidelike herstel tot 1937/38. Hieruit wil dit voorkom of ons 'n min of meer 4 jaar siklus van produksie en pryse in die tabakbedryf kry.

Uit hierdie pryssiklus wil dit lyk asof dit teenstrydig verloop met ons bevinding dat aanbodselasticiteit van totale landbouprodukte laag is oor die korttermyn. Daardeur is egter nog nie beweer dat substitusie onderling binne die landbousektor plaasvind nie. Verder is reeds aangetoon dat die tydsverloop by die spinnerakteorie in die praktyk gewoonlik 'n paar jaar is. Die produsent wil tog eers seker maak dat die hoër pryse sal aanhou geld voor hy sy produksie uitbrei. Daarom bly die stelling nog korrek dat die boer nie oor die korttermyn (dit wil sê dadelik of selfs binne die volgende produksieseisoen) sy produksie sal aanpas nie, maar eers oor 'n langer termyn.

Die verloop van hierdie spinnerakteorie word verder gekompliseer deur die feit dat ons wisselende periodes van

1) Sheppard, op. cit., p. 41.

2) Kolver, W.R. Beheerde bemerking van tabak in Suid-Afrika. Ongepubliseerde proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, Desember 1962, p. 143.

droogte en reën in die praktyk kry. As gevolg hiervan kan dit dan ook gebeur dat die produksie- en prys van 'n produk met vraagelastisiteit groter as aanbodselasitisiteit, dieselfde verloop as een van die ander twee gevalle sal hê.

Saamgevat beteken dit dus dat ons in die praktyk dikwels kan vind dat die spinnerakteorie van produksie- en prysgedraginge normaalweg 'n skommelende verloop van produksie en pryse eerder as 'n voorspelbare verloop sal aandui.

5.2.5 Die invloed van die landbouprysprobleem op die finansieringsplan

Die lae aanbodselasitisiteit van landbouprodukte bring mee dat die bemarkingsfasiliteite so moet wees dat dit 'n redelike konstante aanbod kan opneem. Die lae vraagelastisiteit veroorsaak verder dat, indien die vraag na die produk daal as gevolg van byvoorbeeld 'n inkomstedaling, of daar byvoorbeeld 'n oorskot ontstaan as gevolg van 'n goeie reënjaar, die koöperasie met 'n oorskotproduksie opgeskeep sit. Dit word verskerp deur die afnameplig van die koöperasie. Indien hierdie oorskot verwerk of opgeberg moet word, kan die gebruik van leenkapitaal hiervoor nie net heelwat koste meebring nie, maar ook die finansieringsrisiko's verhoog. Dit word versterk deur ons konklusies by die praktyk vd. spinnerakteorie wat skommelende produksievolume as redelik normaal bewys het.

Soos gesien moet die koöperasie normaalweg vir 'n vaste aanbod bemarkingsfasiliteite skeep. As gevolg van die onbeheerbare fisiese risiko's van produksie kan dit egter ook gebeur dat die koöperasie in droogtetye met hierdie addisionele fasiliteite bly sit. Indien hierdie fasiliteite met leningskapitaal gefinansier is, verhoog dit nie net die koste van die koöperasie as hulporgaan nie, maar kan dit ook die likiditeitsposisie van die koöperasie in gevaar bring.

Dit bewys dus weer, op die finansieringsplan van grafiek 5 toegepas, dat die behoefte vanaf R860 000 aan permanente kapitaal uit die oogpunt van produksie- en prysgedraginge gesien, sover moontlik met eie permanente kapitaal gefinansier moet word. Die behoefte aan langtermynkapitaal (R130 000 in grafiek 5) moet ook sover moontlik uit lang- of mediumtermynkapitaal gefinansier word, verkieslik eie kapitaal. In 'n groot mate bestaan hierdie behoefte (sien grafiek 4) uit 'n

Langtermynbehoefte aan kapitaal vir voorsiening van boerderybenodigdhede en produksiekrediet. Die lae aanbodselastisiteit beteken dat die boer sy produksievolume redelik konstant probeer handhaaf. Ten tye van byvoorbeeld dalende landhouinkonste of 'n langdurige droogte, sal die terugbetaling van die skuld aangegaan vir die aankoop van boerderybenodigdhede of vir die verlenings van produksiekrediet beslis daaronder ly. Indien hierdie behoefte net lenings gefinansier is, sal dit nie net ekstra finansieringskoste meebring nie, maar beslis ook die likiditeitsposisie van die koöperasie in gevaar stel. Die behoefte aan korttermynkapitaal (R310,000 in grafiek 5) sal ook uit 'n produksie- en prysgedragingsoogpunt met korttermynlenings gefinansier kan word, omrede hierdie behoefte saam met die omsot wissel. Die kompliserende faktore wat produksieskommelinge veroorsaak, sal dus nie so 'n groot invloed hierop hê in die normale verloop van sake nie. Probleme ten opsigte van koste kan egter ontstaan as daar groot ootskotte en onverkoopbare voorrade ontstaan.

5.3. Landboueganisasie en die duur van die produksieproses.

Hierdie probleem is nou verwant aan die vorige aspek. Dit kom naamlik daarop neer dat ons in die landbou, anders as in die industrie, oor die algemeen vind dat, veral waar die produksieproses lank en hoog gemeganiseerd is, produksie gewoonlik teen volle kapasiteit aanhou geskied en nie so maklik en gou as byvoorbeeld by die industrie reageer op wisselende tye van ekonomiese voor- en teenspoed nie. Ons moet hierdie probleem vervolgens besien en vasstel watter uitwerking dit op die koöperatiewe finansiering het.

In die moderne ekonomie is die landbou baie nou aan die res van die ekonomie gekoppel, omdat dit sy benodigdhede daarvandaan kry en weer die geproduseerde landbouprodukte grootliks aan die res van die ekonomie verkoop. Dit bring dus mee dat die wisselende tye van ekonomiese voor- en teenspoed in die algemene ekonomie op die landbou oorgeplant sal word. Die besigheidsoptimisme, vergrote produksievolume en verbruik in die

1) Ons het by die bespreking van die aanbodsgedraginge van land-

bouprodukte en veral na aanleiding van die voorbeeld in die V.S.A. gesien dat produksie en tye van ekonomiese voor- of teenspoed nie so maklik en gou verander nie. Dit is egter algemeen bekend dat produksie van nywerheidsgoedere in dieselfde periode heelwat en baie makliker geskommel het.

res van die volkshuishouding sal uiteindelik na die landbou deurwerk en 'n tendens tot uitbreiding in die landbou skep.

In die vorige afdeling het ons gesien dat die boer eers een of twee produksieperiodes wag om te sien of die hoër pryse as gevolg van die uitbreidingsfase in die ekonomie sal voortduur. Dit sal veral gebeur indien die produksieproses 'n langdurige aard het, byvoorbeeld by vrugteboerdery. Gebeur dit wel, sal die boer dan sy produksiekapasiteit en sodoende die aanbod uitbrei. Het die boer egter sy produksiekapasiteit uitgebrei, sal hy dit nie so maklik weer inkort as gevolg van verswakkende ekonomiese toestande in die res van die ekonomie nie. Daarom is die aanbodelastisiteit oor die korttermyn redelik konstant. Dit beteken dat die koöperasie voorsiening moet maak om hierdie vergrote produksie te kan hanteer, selfs nadat die algemene ekonomiese uitbreidingsfase verby is. In die nywerhede vind ons egter dat die produksie baie gouer ingekrimp word gedurende die dalende ekonomiese fase, sodat hierdie probleem daar nie so baie voorkom nie.

Hierdie toestand sal vererger word deur die feit dat die landbouproduksieproses al meer kapitaalintensief word. Hierdie meganisasieproses geskied eerstens om die fisiese risiko's van die landbou sodoende te probeer temper. In die vorige eeu was die landbou in 'n baie groter mate van die wispelturigheid van die natuur afhanklik. Schultz ¹⁾ sê dan ook: "A century ago it appeared to thoughtful men that land firmly held the economic fortunes of all communities in its palms, and that there was no escape from the restrictions imposed by nature. The classical law of diminishing returns stands as a symbol of this belief about economic history." As gevolg van die verbeterde tegnieke en meganisasie het die belangrikheid van grond as 'n produksiefaktor relatief gedaal en die onbeheerbare fisiese invloede daarvan is sodoende al meer beperk. 'n Goë voorbeeld daarvan is die praktyk om groente en vrugte, asook blomme, onderdak te kweek. Ook dan geen wonder dat Harrod ²⁾ in sy standaardwerk oor die dinamiese ekonomiese teorie grond as 'n ekonomiese veranderlike uitgelaat het nie.

Hierdie meganisasieproses word tweedens onderneem om die

1) Schultz, op. cit., p. 127.

2) Harrod, R.F. Towards a dynamic economics. Mac Millan and co., London, 1948, p. 20.

produktiwiteit van die landbouproduksie daardeur te verhoog. Die omvang van hierdie meganisasieproses in die landbou word duidelik deur die volgende tabel van Schultz ¹⁾ geïllustreer. Die daling van die hoeveelheid arbeid gebruik en die styging in die kapitaalgoedere en die onderhoud daarvan, is opmerklik.

Tabel II

Indekse van produksie-insette in die Amerikaanse landbou in 1910 en 1950 (1935 - 1939 = 100)

Item	1910	1950
Arbeid	107	77
Rente	128	168
Grond	83	109
Belastings	56	98
Onderhoud van geboue, voertuie, masjiene en toerusting	104	196
Kunsmis en landboukalk	69	268
Lopende koste van motorvoertuie	1	278

Die lang produksieproses en die hoë peil van meganisasie in die moderne landbou bring mee dat produksie nie maklik weer ingekort word as gevolg van die hoë vaste koste van die hendaagse landbouproduksie nie. Krielaars ²⁾ som dit soos volg op: "De aard van vele non-factor-inputs belemmert tal van bedriiven hun produksie in te krimp, zeker op korte termijn; de 'vaste' arbeidskoste van voorheen-krisisjare is name-lijk op vele bedriiven vervang deur 'vaste' koste, verband houdend met die investeringe in masjines, werktuie en gebouwen."

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die lang produksieproses en die lang belegging in meganisasie die produksiekapasiteit van die individuele boer sodanig uitgebrei het dat dit die aanpassing van produksie by konjunktuur bemoeilik. Dit word verder bemoeilik deur die feit dat die boer oor die korttermyn gewoonlik van die standpunt uitgaan dat hy tevrede is solank hy sy veranderlike koste kan dek. Die gevolg is

1) Schultz, op. cit., p. 104.

2) Krielaars, F.W.J. Landbouproblematiek bij ekonomiese groei. H.E. Stenfert Kroese, Leiden, 1965, p. 47.

dat die koöperasie sy belegging in grond, geboue en toerusting moet uitbrei en in stand hou om die groter produktevoorrade selfs na die hoogtepunt van die konjunktuur te hanteer.

Dit beteken dus dat die koöperasie die behoefte aan permanente kapitaal, wat grootliks vir geboue en toerusting benodig word, so ver moontlik uit eie permanente kapitaal moet finansier. Ten opsigte van die behoefte aan langtermynkapitaal geld ook dat dit so ver moontlik uit eie kapitaal gefinansier moet word. Ons het reeds gesien waarom 'n sekere uitbreiding in die produksiekapasiteit nie so maklik of gou ingekrimp word tydens 'n dalende ekonomiese fase nie. Indien hierdie behoefte aan permanente en langtermynkapitaal met lenings gefinansier word, kan 'n dalende vraag en die gevolglike oorskotte nie net groter finansieringskoste meebring nie, maar ook 'n likiditeitsprobleem. Ten opsigte van die korttermynkapitaalbehoefte sal die gebruik van korttermynleenkapitaal nie veel deur hierdie voortgesette kapasiteitsprobleem beïnvloed word nie, aangesien hierdie behoefte direk met die omset varieer. Dit kan egter probleme meebring indien die dalende ekonomiese fase en dus swakker vraagtoestande na landbouprodukte lank aanhou en dus groot voorraadvorming meebring.

5.4 Die invloed van landbougroei en algemene ekonomiese ontwikkeling

5.4.1 Inleiding

Niks in die lewe is staties nie; so ook nie die algemene ekonomie en die landbou van 'n land nie. Gedurige veranderinge vind plaas in die proses van ekonomiese ontwikkeling. Hierdie veranderinge in die ekonomie, en meer spesifiek in die landbou sal dan noodwendig 'n groot invloed uitoefen op die taak wat die landboukoöperasie te vervul het, asook die omstandighede in die mark waarin dit moet optree.

Die doel in dié afdeling is egter nie om hier 'n breedvoerige uiteensetting van die probleme en struktuur van landbougroei te gee nie. Ontwikkeling word as 'n gegewe feit aanvaar, en slegs die gevolge daarvan op die bemerkingsaktiwiteit (dus vraagveranderinge) van die koöperasie, die produksiestruktuur in die landbou, (dus aanbodveranderinge) en die mark- of mededingingstruktuur waarin die koöperasie moet

optree om sy funksies as hulporgaan uit te voer, bespreek. Hierdie drie aspekte raak die totale omvang van die koöperatiewe aktiwiteit en sal dus 'n beslissende invloed op die finansiering uitoefen namate die invloed van hierdie faktore sterker word. Daarom sal ons nou hierdie drie faktore se invloed op die finansieringsplan moet bespreek.

5.4.2 Die invloed van ontwikkelinge aan die vraagsy (bemarkingsy)

Die welvaartstyging wat ekonomiese ontwikkeling meebring, bring ook veranderinge in die bestedingspatroon van die verbruikshuishoudings mee, onder meer in die vorm van 'n geleidelik dalende aandeel van die voedseluitgawe in die totale bestedingspatroon. Dit bring noodwendig mee dat die vraag-en inkomste-elasticiteit na voedselprodukte daal namate ekonomiese ontwikkeling vorder. Die rede is, namate welvaartsverhoging in 'n land optree, 'n al groter gedeelte van die bevolking hulle totale voedselbehoefte in 'n hoër mate kan versadig. Volgens Schultz¹⁾ kan hierdie ontwikkeling aan die vraagsy in drie duidelik onderskeibare fases ingedeel word. Hy noem dit die hoër voedselverbruiksfase, die intermediêre fase en die lae voedselverbruiksfase.

Die lae voedselverbruiksfase word gekenmerk deur die feit dat tussen 75% en 100% van die bevolking se besteding van hulle inkomste op voedsel is. In hierdie fase is bevolking dus 'n endogene faktor by die vraag na voedsel, dit wil sê 'n uitbreiding in die bevolking sal direk deurwerk tot 'n verandering in die vraag na voedsel. Vergrote inkomste sal in hierdie fase ook direk meewerk tot 'n vergrote vraag na voedsel. Inkomste-elasticiteit is dus hoog in hierdie fase. 'n Studie van die landboudepartement van die V.S.A. oor 'n vergelyking van voedselverbruik illustreer hierdie verskynsel. Hulle²⁾ het bevind dat die nasionale verbruiksuitgawe in Nigerië gedurende 1953-1960 vanaf R54,000,000 tot R65,000,000, dit wil sê met omtrent 20% gestyg het. Voedseluitgawe het in dieselfde periode vanaf R39,000,000 tot R46,000,000, dus met omtrent 18% gestyg. Styging in die inkomste bring hier dus 'n groot styging in die vraag na voedsel mee. As ons aanvaar dat in so 'n onder-

1) Schultz, op. cit., p. 30 - 38.

2) Anoniem. Elasticity of food consumption. Foreign agricultural report no. 23, U.S.D.A., Washington, 1965. p. 82.

ontwikkelde land die oorgrote meerderheid van die persoonlike inkomste na verbruiksbesteding gaan, wil dit lyk asof die vraag na voedsel hier in feitlik dieselfde verhouding as die styging in die inkomste toegeneem het. In hierdie verband sê Schultz¹⁾ van dié fase: "Any increase in aggregate income is transformed into an equivalent increase in population by the social behavior implicit in this type and, therefore, one need only ascertain the rate of growth of the population to determine the rate at which the demand for food is increasing".

Die intermediêre voedselverbruiksfase is 'n oorgangsfase waarin tussen 25% en 75% van die totale verbruiksbesteding op voedsel is. In hierdie groep is bevolking nie die enigste faktor wat die vraag na voedsel beïnvloed nie; ook die verandering in die per capita inkomste speel hier 'n rol. Daarom kry ons dat die inkomste-elasticiteit van hierdie groep aan die begin hoog is, maar dat dit daal namate die voedselverbruik 'n al kleiner deel van die totale verbruiksbesteding word. Die invloed van hierdie dalende inkomste-elasticiteit word dan ook sterker namate die bevolkingsgroei met ekonomiese ontwikkeling teen 'n stadiger tempo geskied, totdat bevolkingsgroei in die lae voedselverbruiksgroep (benede 25% van die totale verbruiksbesteding is op voedsel) 'n eksogene faktor by die vraag na landbouprodukte word. Die invloed van die dalende inkomste-elasticiteit met vergrote welvaart en die invloed van 'n stadiger groeiende bevolking blyk uit die gegewens van die reeds genoemde Amerikaanse ondersoek na die vraag na voedsel in die verskeie lande. Daaruit blyk onder andere die volgende: In Griekeland het die totale verbruiksuitgawe gedurende 1953-1960 vanaf \$ 169 tot \$251 per kop van die bevolking gestyg, dus met omtrent 49%. Voedselverbruik het in dieselfde periode gestyg vanaf \$83 tot \$115, dus met 26%. Dit lyk 'n onrealistiese verhouding as in aanmerking geneem word dat voedsel daar min of meer 48% van die totale verbruiksuitgawes uitmaak. Die rede is 'n relatiewe lae bevolkingstoename. Schultz²⁾ toon aan dat die bevolking gedurende 1939 tot 1949 in Griekeland vanaf 7.1 tot 7.9 miljoen toegeneem het. Alhoewel dit nie presies dieselfde periode dek nie, gee dit ons tog 'n aanduiding van die bevolkingstoestand. In Italië, waar voedseluitgawes omtrent

1) Schultz, op. cit., p.36.

2) Ibid, p.40.

46% van die totale verbruiksuitgawes beslaan, het die inkomste in dieselfde periode vanaf \$282 tot \$365 per kop van die bevolking gestyg, dus met 29%, terwyl voedseluitgawes vanaf \$132 tot \$164 per kop van die bevolking gestyg het, dus met 24%. Schultz¹⁾ toon aan dat hier 'n relatief groot bevolking is en dat dit oor die betrokke periode vanaf 43.1 miljoen tot 46.1 miljoen gestyg het; vandaar dan ook die relatief groot toename in die voedselverbruik.

Ons sien dus dat, namate die aandeel wat voedseluitgawes van die totale verbruiksuitgawes uitmaak, daal, ons ook al meer vind dat die styging in voedseluitgawe kleiner word as die styging in die totale verbruiksuitgawe. Daaronder is ook dat die vraagelastisiteit na voedsel by die hoër inkomstegroep laag is.

In hierdie stadium begin ons almeer vind dat, alhoewel die totale vraag nie verander nie, die samestelling van die vraag almeer begin verander. Schultz²⁾ toon byvoorbeeld aan dat 'n opname in die V.S.A. daarop dui dat die totale kleinhandelsgewig (in pond) van alle voedsel per capita verbruik in 1949 slegs drie pond minder was as die verbruik in 1909. Die samestelling van die voedselverbruikspatroon het egter baie verander. Namate het byvoorbeeld net 54% per capita teenoewer oor dié periode, terwyl graanprodukte net 123% per capita afgeneem het oor dieselfde periode.

Hierdie tendens tot verandering in die voedselsamestelling met inkomtestyging sien ons in tabel 12³⁾ vir die blanke bevolking van Suid-Afrika per inkomstegroep. Die verskuiwing vanaf die basiese en styselprodukte by die laer inkomstegroep tot die meer energiegelowende voedselsoorte by die hoër inkomstegroep is duidelik.

Hierdie verskuiwing in die voedselvraag met inkomtestyging gaan egter verder ook gepaard met verandering in die vraag na meer verwerkte produkte ten koste van die vraag na basiese onverwerkte produkte. So bevind Krielaars⁴⁾ dat in die ontwikkelde Noordwes-Europa die inkomste-elastisiteit vir totale voedsel .5 is, terwyl dit vir verwerkte voedsel .7 is. Verder is sy bevindinge dat, in die hoogontwikkelde V.S.A., die totale vraag na voedsel 'n inkomste-elastisiteit van .36 het,

1) Schultz, op. cit., p.46.

2) Ibid, p.47.

3) Buro vir statistiek. Opname van gesinsuitgawes-November 1955, no. 2, Buro vir statistiek, Staatsdrukker, Pretoria.

4) Krielaars, op. cit., p.16.

UITGAWES AAN VOEDSELORTE AS 'N PERSENTASIE VAN DIE TOTALE VOEDSELUITGAWE VAN BLANKES AS BESWAARDE GEMIDDELDE
VAN 10 STEDELIKE GEBIEDE VIR NOVEMBER 1955 (AS PERSENTASIE)

VOEDSELGROEP	INKOMSTEGROEP					
	onder R1 500	R1 500-R1 999	R2 000-R2 499	R2 500-R2 999	R3 000-R3 999	R4 000 en oor
Alle voedsel as % van totale gesinsuitgawes	43.0	29.1	26.5	24.4	21.5	17.3
Graanprodukte	14.2	12.7	12.3	11.3	11.1	9.6
Vleis	26.8	24.7	25.1	25.2	24.9	25.8
Vis	2.0	2.1	2.4	2.6	2.7	3.4
Vette, Olies en Margarien	2.3	2.3	2.0	2.0	1.8	1.7
Melk, melkprodukte en eiers	21.2	22.1	22.0	20.7	20.7	19.0
Groente	11.2	11.7	11.2	11.0	10.7	10.2
Vrugte en Neute	4.4	5.9	6.3	7.1	7.4	8.8
Suiker en verwante produkte	6.4	6.8	6.6	6.2	6.3	6.1
Nie-alkoholiese drankes	6.4	6.3	5.9	5.8	5.8	5.9
Ander voedselsoorte	2.9	3.1	3.1	3.2	3.1	3.3
Etes en Verversings weg van die huis	.8	1.0	1.9	3.2	4.2	5.3
Waarde van tuisgeproduseerde voedselgebruik	1.4	1.3	1.2	1.7	1.3	.9

dat die inkomste-elasticiteit van verwerkte produkte .5 is, terwyl die inkomste-elasticiteit van onverwerkte produkte .15 is.

Uit hierdie verandering in die vraag volg verder dat die boer dus 'n al kleiner wordende aandeel van die verbruikersprys van landbouprodukte verkry namate die vraag na verwerkte voedselprodukte relatief tot die vraag na onverwerkte produkte toeneem. Krielaars ¹⁾ vind byvoorbeeld dat in Noordwes-Europa die boer omtrent 50% van die verbruikersprys vir sy produk ontvang. In die V.S.A., waar hierdie vraag na verwerkte produkte nog sterker is, vind hy dat die boer slegs 40% van die verbruikersprys vir sy produkte kry. Dit bring ons by die interessante konklusie van Halcrow ²⁾: "The charge most commonly made against the marketing system is that it is inefficient and becoming more so (as gevolg vd. groter gaping tussen die produsente- en die verbruikersprys). The proportion of the consumers dollar received by the farmer then, is not a measure of efficiency but rather of the degree to which farmers concentrate on the business of production rather than marketing."

Om saam te vat: ekonomiese ontwikkeling bring eerstens mee dat die inkomste-elasticiteit van voedselprodukte al meer daal en dat die totale vraag later neig om 'n konstante verloop te vertoon. Tweedens bring dit mee dat die samestelling van die vraag na landbouprodukte al meer in die rigting van hoër energiegewende voedselsoorte neig ten koste van die meer basiese voedselsoorte. Derdens bring dit mee dat die vraag na voedsel 'n verdere verandering ondergaan van die onverwerkte na die meer verwerkte voedselsoorte. Dit bring vierdens mee dat die boer se aandeel in die verbruikersprys 'n kleinerwordende aandeel vorm wat, tesame met die al meer dalende vraagelasticiteit in verband met sy produkte, die boer se inkomsteposisie begin aantast.

5.4.3 Die invloed van ontwikkelinge aan die vraagsy op die finansieringsplan

Uit die voorafgaande blyk dit dat die landboukoöperasies al meer tot die verwerkingsaktiwiteite sal moet toetree, indien dit nog effektief sy funksie van hulporgaan vir die lede wil verrig. Uit die aard van die saak sal hierdie verwerkings-

1) Krielaars, op. cit., p. 16.

2) Halcrow, op. cit., p. 138.

aktiwiteite heelwat meer langtermynkapitaal vereis, aangesien sodanige verwerking meesal kapitaalintensief is. Ook die bemarking self sal 'n groter mate van minimum langtermynkapitaal vereis as gevolg van die hoër mate van markrisiko. Dit volg uit die feit dat, waar die produk in 'n onverwerkte vorm bemark word, die koöperasies by die meeste produkte die versekerde afname van 'n Beheerraad het; iets wat nie by verwerkte produkte die geval is nie. Ons het verder reeds gesien dat daar 'n lae aanbodselastisiteit in die landbou is en dat die landbou nie so maklik op veranderde konjunktuur reageer nie. Dit sal alles meebring dat die koöperasie hierdie verwerkingsaktiwiteite grootliks en die bemarkingsaspek (veral voorrade) in 'n baie groot mate uit eie langtermynkapitaal sal moet finansier.

5.4.4 Ontwikkelinge aan die produksiesy (aanbodsy)

Die dalende vraagelastisiteit na landbouprodukte, gekoppel aan die lae aanbodselastisiteit, bring mee dat, namate ekonomiese ontwikkeling by verbruikers 'n stadiger toename in die totale voedselvraag meebring, die landbou-oorskotprobleem verderger.

Die voortdurende toename in produksie spruit voort uit die feit dat die aantal produksiefaktore wat met 'n spesifieke produksie-omvang in die landbou gebruik word nie veel varieer nie (sien afdeling 5.3 van hierdie hoofstuk) en dat dit as gevolg van meganisasie toenemend produktief aangewend word. Meganisasie brei nie net produksie uit nie, maar verminder ook die fisiese risiko's se invloede en maak sodoende 'n meer konstante produksievolume moontlik. Ons het egter ook gesien dat hierdie groter kapitaalintensiteit die inkringing van produksie baie moeiliker maak, veral omdat hierdie kapitaalgoedere dikwels geen alternatiewe aanwendingsmoontlikheid buite die landbou het nie, en dus as sogenaamde "sunken costs" in die landbou beskou word. Krielaars ¹⁾ beweer dan ook dat die faktore wat ons in 'n groeiende ekonomie vind, naamlik dat al minder faktor insette en al meer nie-faktor insette (dit wil sê al meer meganisasie van die produksieproses), die groterwordende produktiwiteit van die produksie-apparaat, die feit dat die produsente redelik volledig mededingend is en hulle dus

1) Krielaars, op. cit., p. 47.

nie veel aan mekaar se aksies steur nie, tesame met die strewe van die algemene verbruikerspubliek na 'n steeds hoër lewenstandaard, werk alles saam sodat ons in die praktyk 'n kragtige stimilus tot uitbreiding van die produksie kry.

Die vraag ontstaan dadelik of ons wel kan sê dat die groterwordende meganisasie en die kapitaalintensiewer produksieprogramme tot uitbreiding van produksie aanleiding gaan gee. Dit lyk tog wel so. So beteken die vervanging van dierlike deur meganiese trekkrag nie net 'n spoedverbetering nie, maar kan die oppervlakte wat vroeër vir die verbouing van voedsel vir die diere gebruik is, nou ook vir landbouproduksie aangewend word. Verbetering van watervoorsiening en -toediening (byvoorbeeld sprinkelbesproeiing), aanwending van kunsmis en pesbestrydingsmiddels, die gebruik van beter veevoere, die gebruikmaking van melkmasjiene en die spesialisasie in minder produkte behoort eweneens feitlik outomaties tot verbeterde produksie-opbrengs aanleiding te gee.

Hierdie ontwikkeling bring dan ook al meer mee dat die landbou se inkomstepariteit met die res van die ekonomie al meer daal. Verskillende studies, onder andere die een van Johnson¹⁾ en Bellerly²⁾, kom ook tot die konklusie dat die landbou-inkomste in 'n groeiende ekonomie al meer by die inkomstepeil van die res van die ekonomie agterbly. Die kernoorsake hiervan is die lae aanbodelastisiteit, die steeds dalende vraagelastisiteit, die gevolglike laer pryse en stygende produksiekoste, (die produksiebenodighede word van buite die landbou aangekoop en die boer het dus nie veel beheer oor hulle pryse nie) die gevolglike uitbreiding van produksie om die inkomste te bly handhaaf, die gevolglik groter meganiese bewerking en produktiwiteitsverbetering om daarin te kan slaag, en die feit dat die landbou gewoonlik uit 'n groot aantal relatief klein boere bestaan wat elk 'n bestaan wil maak en eerder produksie sal uitbrei as wat hulle die landbou sal verlaat om buite 'n heenkome te vind. Die word vererger deur die feit dat boerdery dikwels deur dié mense as 'n lewenswyse gesien word en dat hulle nie kans sien vir die sosiale ontwrigting wat 'n verskuiwing na die stede meebring nie.

1) Johnson, D.G. The shifting fortunes of agriculture; the experience of the more highly developed countries, In: Proceedings of the International conference of Agricultural Economists, 1958.

2) Bellerly, J.B. Agriculture and industry: Relative income. London, 1956.

Hierdie hele verloop word in grafiek 6 aangetoon, wat opgestel is uit gegewens verkry uit die Kortbegrip van Landboustatistiek ¹⁾. Hieruit sien ons dat: (1) die verbruikersprysindeks (B) vanaf 1954/55 bokant die produsenteprysindeks (A) begin verloop. Alhoewel hulle teen 1964/65 mekaar weer begin nader, wil dit tog lyk asof daar oor die totale tydperk vanaf 1954/55 af 'n groterwordende gaping tussen die twee indekse ontstaan het. Dit ondersteun die stelling dat ekonomiese groei neig om 'n groter vraag na verwerkte produkte mee te bring, sodat die boer mettertyd 'n verswakking van sy inkomstepariteitsposisie ondergaan.

(II) die prysindeks van boerderybenodigdhede (C) skerp styg en baie naby aan die produsenteprysindeks beweeg. Dit word vererger deur die feit dat die prysindeks van meganisasie (D) bo die produsenteprysindeks verloop. Dit is 'n ernstige saak as ons in ag neem dat meganisasiekoste 'n al groter aandeel van die koste van boerderybenodigdhede beloop. Verder blyk dit dat die indeks van die volume van landbouproduksie (E) al meer begin styg en veral na 1958/59 bo die produsenteprysindeks begin beweeg. Dit versterk ons afleiding dat met ekonomiese ontwikkeling die groterwordende gaping tussen die produsente en verbruikerspryse, die groterwordende meganisasie en lae vraagelastisiteit van landbouprodukte, asook die groot aantal landbouprodusente, ons al meer vind dat die produksieproses teen volle kapasiteit in voor- sowel as teenspoedtye onderneem word. Sheppard ²⁾ kom dan ook tot hierdie konklusie: "The plain fact is that agricultural production runs very close to capacity all the time and cannot be expanded (of ingekort word) under any circumstances." Dit vererger nie net die oorskotprobleem nie, maar verswak ook al meer die inkomstepariteit van die boer.

5.4.5 Ontwikkelinge aan die produksiesy op die finansieringsplan

Die volgende faktore is hier belangrik:

- 1) Die groterwordende gaping tussen die produsente en verbruikerspryse.
- 2) Die neiging tot oorskotproduksie,

1) Departement Landbou-ekonomie. Aanvullende gegewens tot die kortbegrip van landboustatistiek van die Republiek van Suid-Afrika. Staatsdrukker, Pretoria, 1966, pp. 97 - 98.

2) Sheppard, op. cit., p. 24.

Grafiek 6.

Prysindekse van landbouprodukte en boerderybenodigdhede (1947/48-I(49/50 = 100.)


A: Indeks van produsentepryse van alle landbouprodukte.

B: Verbruikersprysindekse van alle voedsel.

C: Gekombineerde prysindekse van alle boerderybenodigdhede.

D: Prysindekse van masjinerie, gereedskap en implemente.

E: Indeks van volume van totale landbouproduksie.



- 3) Die toenemende meganisasiekoste vir die individuele boer,
- 4) Die toenemende ingewikkeldheid van die produksieproses as gevolg van meganisasie en tegniese verbetering.
- 5) Die korttermyn konstante volume van produksie as gevolg van meganisasie wat almeer 'n verskerde mark vra,
- 6) Die feit dat 'n koöperasie 'n hulpergaan van die lid is en 'n afnameplig het.

Faktore 1, 2 en 6 gaan noodwendig meebring dat die koöperasie tot die verwerkingsfunksie sal moet oorgaan, indien dit nog sy funksie as hulpbedryf effektief wil bly uitvoer. As gevolg van die afnameplig, oorskotte en fisiese risiko's in die landbou, sal hierdie verwerkingsfasiliteite uit 'n risiko-oppunt seker moontlik met langtermyn die kapitaal gefinansier moet word.

Hierdie integrasieproses en die gevolglike uitbreiding van die koöperasie se aktiwiteite sal egter nie net tot die bemerkingsaspek beperk bly nie. Faktore 3 en 4 sal almeer meebring dat die koöperasie hom met die produksieproses sal moet bemoei. Ten opsigte van die beoerderybenodigdhede en meganisasie (faktore 3 en 5) sal die koöperasie byvoorbeeld almeer finansieringshulp moet verleen, veral ten opsigte van die probleem van produksiekrediet. So bevind Leith¹⁾ dat ons as gevolg van die groterwordende mededinging in die toekomst almeer sal ervaar dat finansiering 'n deel sal word van die voorsiening van produksiemiddele aan die boer of van die boer se bemerkingsooreenkomste. Volgens hom sal ons al minder gevalle kry waar byvoorbeeld 'n hoenderboer wat R40 000 vir sê 10 000 hoenders in sy beoerdery belê, nie terselfdertyd ook 'n ooreenkoms sal aangaan vir die finansiering van die veer of die bemerking van die hoenders nie. Hy voerspel dan ook dat hierdie verskynsel toenemend sal voorkom, veral omdat dit ook gewoonlik 'n laer kostestruktuur en groter effektiwiteit vir die boer meebring.

As gevolg van veral die fisiese risiko's in die landbou sal die koöperasie se permanente kern van hierdie behoefte aan produksiekrediet nie net vergroot nie, maar sal dit gevolglik ook in 'n groter mate van langtermyn die kapitaal gebruik moet maak. Die feit dat landboumeganisasie al groter afmetings aanneem, bring ook mee dat die produksieproses al hoe

1) Leith, W.G. Changing agriculture demands changing cooperatives. In News for farmer cooperatives, 32/1/65. p.3.

meer tegnies begin raak en dikwels die kennis en vermoë van die individuele produsent te bowe gaan. Die koöperasie as hulporgaan vir die lid sal dus al meer noodsaak word om die boer nie net met meganisasie en produksiekrediet te help nie, maar ook om hom te help met die toepassing van die meganisasiëproses, asook om die verbeterde tegnieke en toepaslike landbou-ekonomiese kennis vir hom te versamel en op sy produksieprogram van toepassing te maak. Dit beteken dat die koöperasie mettertyd in 'n "eenstop"-rigting vir die boer sal moet ontwikkel. Koöperasie is nie net 'n hulporgaan vir beter ekonomiese resultate nie, maar ook 'n hulporgaan om die lid tot beter praktyke op te voed; vandaar die tradisionele doelstelling van lede-opvoeding by 'n koöperasie.

Hierdie groter betrokkenheid van die koöperasie by produksie vra nie net meer personeel nie, maar dikwels ook tegniese fasiliteite soos proefplase of laboratoria, wat as gevolg van die fisiese risiko's in die landbou verkieslik sover moontlik uit permanente die kapitaal gefinansier moet word. Dit word versterk deur die feit dat die aanbodelastisiteit laag is en hierdie dienste dus ook benodig sal word ten tye van swak ekonomiese toestande en gevolglik groter oorskootproduksie. Groot rentelaste kan in sekere tye gevaarlik wees, veral uit 'n likiditeitsoogpunt.

5.4.6. Die mededingingstruktuur in die landbou.

By die suiwere werking van die model van die kapitalisme is nog altyd uitgegaan van die markstruktuur van volledige mededinging. Dit beteken dat die vraers en aanbieders so talryk is en elkeen van so 'n relatief klein omvang is, dat geen individuele vraer of aanbieder 'n invloed op die mark kan uitoefen nie. Verstourings van die ewewigsprys tussen vraag en aanbod, byvoorbeeld 'n vergroting in die vraag, sal aksies van die aanbieders meebring wat outomaties tot 'n nuwe ewewigsprys aanleiding sal gee.

Ekonomiese ontwikkeling bring egter 'n verandering in die markstruktuur mee ten gunste van toenemende monopolistiese praktyke en markstrukture. Dit geskied eerstens om tegnologiese redes. Verbeterde tegnieke gaan dikwels gepaard met 'n toename in die kapitaalintensiteit van die produksieproses. So 'n kapitaalintensiewe produksie kan dikwels ekonomies geskied

slags indien massaproduksie toegepas word, omdat die vaste koste as gevolg van meganisasie verhoog is. Die gevolglike konsentrasie van die produksie-aanbod in minder produksie-eenhede, bring aan die een kant 'n laer eenheidskoste en dus groter moontlikhede tot verbeterde behoeftebevrediging en 'n hoër lewenstandaards mee. Aan die ander kant bring dit ook weer monopolistiese praktyke mee. Monopolievorming word dan ook dikwels as die logiese uitvloeisel van ekonomiese ontwikkeling gesien¹⁾.

Dit behoort egter duidelik te wees dat tegnologiese ontwikkeling nie alleen vir die ontwikkeling van 'n monopolistiese markstruktuur verantwoordelik kan wees nie. Op tegnologiese gronde sal die optimum grootte van produksie dikwels reeds bereik word voordat een produksie-eenheid die hele industrie omvat, aan esien produksie-uitbreiding, veral as gevolg van die beperkings van die bestuursoptimum, nie onbeperk kan uitbrei met laer eenheidskoste as die resultaat nie. Monopolievorming word dus veral in die tweede plek meegebring deur die tendens tot doelbewaste uitskakeling van mededingers. Dit is logies dat enige produsent die stygende risiko's van produksie wat met meganisasie en massaproduksie gepaard sal gaan, veral ten opsigte van die benarkingsrisiko's, sal wil temper deur die uitskakeling van mededingers. Daardour trag hy om die aanbodstruktuur sodanig te verander dat hy in 'n groter mate 'n invloed op die vraagtoestande en die prysvorming kan uitoefen as wat dit die geval by volledige mededinging is. In hierdie verband moet ons dus saanstem met Machlup²⁾ dat die meeste van hierdie empiries wat oor die afgelope halfeeu ontstaan het nie soser 'n geval van tegniese integrasie is nie, maar eerder van finansiële integrasie met kontrole as doel. Volgens hom hou hierdie integrasie en konsentrasie van kontrole in groterwordende ondernemings direk verband met die opbou van monopolie-nagte, met die doel om die huidige aantal mededingers te beperk en die toetrede van toekomstige mededingers ook te probeer beperk. Monopolievorming belermer dus aan die een kant die suiwere werking van die kapitalisme, en is aan die ander kant die logiese gevolg van ontwikkeling in die kapitalisme.

In die model van kapitalisme word mededinging beskou as

1) Vergelyk Hahn, G.N. Economic Systems: a comparative analysis. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1961. pp. 43 en 69.

2) Machlup, F. The political economy of monopoly. The John Hopkins press, Baltimore. 1952. p.239.

die regulerende mag van vraag en aanbod en die middel vir die behoud van 'n soepele en aanpasbare prysstelsel.¹⁾ Maar toeneemende opskorting van mededinging het meegebring dat sommige ondernemings sterk invloed op die mark begin kry het. Waar vraag en aanbod via mededinging vroeër grootliks vestiging, pryse, produksie ens. bepaal het, bepaal hierdie institusionele magte dit vandag dikwels. Deur hulle ekonomiese mag het hierdie ondernemings vandag soms so 'n belangrike faktor op die mark geword dat hulle die mark kan manipuleer en hulle eie pryse (geïmplementeerde pryse) op die mark kan afdwing. So beweer Galbraith²⁾ dan ook van hierdie ekonomiese magsgroepe. "When they exercise that power, the industry normally follows. The same executives make decisions on where to build new plants and how many plants to build, what to pay in dividends ... They have considerable latitude in all of these matters; they are not the automations of market forces."

Galbraith gaan dan verder voort deur te beweer dat solank hierdie ekonomiese magte wat sodoende op die mark verskyn met monopolie geassosieer kan word, kan dit deur middel van anti-monopoliewette beheer word. Die vraag ontstaan egter of hierdie situasie so maklik en effektief deur wetgewing aan bande gelê kan word. Hierdie wette kan nie veel doen aan byvoorbeeld 'n verskuilde monopolie wat byvoorbeeld onder toestande van oligopolie kan ontstaan nie.

Op die landbou toegepas, vind ons dat hierdie monopolietendens al hoe meer aan die vraagkant na landbouprodukte of by die voorsiening van produksiemiddele deur die industrie begin vorm. Vergelyk in dié verband Krielaars³⁾. Ook Lanzilotti⁴⁾ kom tot hierdie konklusie en toon verder aan dat die probleme van produsente daarenteen as gevolg van hulle aantal en omvang, lae aanbodelastisiteit, probleme by uittrede uit die landboubedryf, ens. ... "are conducive to an inferior bargaining position for farmers vis-a-vis both buyers and suppliers." Ook Galbraith⁵⁾ kom tot die konklusie dat die landbou, as gevolg van sy swak mededingingstruktuur en die lae inkomste-elasticiteit van die landbouprodukte, in 'n al swakker posisie ten opsigte van mededinging en dus verbetering

1) Vergelyk Halm, op. cit., p. 43.

2) Galbraith, J.K. American Capitalism: the concept of countervailing power. H. Hamilton, Londen, 1952, p. 54

3) Krielaars, op. cit., p. 31.

4) Lanzilotti, R.F. The superior market power of food processing and agricultural supply firms - its relation to the farm problem. In Journal of farm economics, December 1960, pp. 1228.

5) Galbraith, op. cit., p. 183.

van hulle lot beland.

Indien ons hierdie ontwikkelinge op die gebied van mededinging saam sien met die ontwikkelinge aan die vraag- en aanbodkant, ontstaan die vraag welke rol die koöperasie daarin te vervul het, en welke invloed dit op die finansiering gaan hê.

5.4.7 Die invloed van die mededingingstruktuur op finansiering

Ons het 'n koöperasie in hoofstuk 2 omskryf as 'n onselfstandige hulporgaan vir die boer. Die primêre doel van die koöperasie, naamlik die bereiking van ekonomiese voordele, word bereik via die lede as groep op die mark, wat ons as die sekondêre doel aangetoon het. So gesien, het die koöperasie 'n taak te vervul in hierdie mededingingstruktuur wat al meer na ekonomiese magsvorming oorhel, naamlik om as 'n teenmag namens die boer op te tree. Daarom moet ons ook saamstem met Halcrow¹⁾ dat: "the prevalence of monopolistic pricing is one of the more important reasons why the capitalistic economy fails to function satisfactorily, since the system depends upon prices to direct the activity of individuals into the most productive channels. Cooperatives are a means of effecting some control over monopolistic pricing. By entering into competition with existing monopolies, cooperatives are a factor in making the price structure more nearly competitive in many lines of enterprise."

Om hierdie funksie van teenmagsvorming, veral gesien die koöperatiewe afnameplig, effektief te kan uitvoer, moet die koöperasie nie net 'n teenmag op die mark wees nie, maar ook in staat wees om hierdie teenmag te kan afdwing indien nodig. Ladd²⁾ onderskei hierdie teenmag en die mag tot afdwinging daarvan met die terme "bargaining gain en bargaining pain power." In dié verband sê hy: "There are then two kinds of bargaining power. The first stems from advantages that can be offered to the other party for accepting your terms. The second stems from the ability to make the other party worse off if he does not accept your offer."

1) Halcrow, op. cit., p. 188.

2) Ladd, G.W. Agricultural bargaining power. Iowa State University Press, 1964, p. 14.

Dit beteken dat 'n bemarkingskoöperasie byvoorbeeld nie net die aanbod moet kan burdel nie, maar dat hy dit ook moet kan verwerk of ten minste van die mark moet kan onttrek deur tydelike opberging. Prakties beteken dit dus dat die ontwikkelende mededingingstruktuur dit des te noodsaakliker maak dat koöperasies 'n mate van verwerking by bemarking of selfvervaardiging van boerderybenodigdhede vir die lede moet onderneem. Die feit dat hierdie verwerkings- of vervaardigingsfunksie juis om die behoud van die boer se ekonomiese selfstandigheid gaan, gepaard met die afnameplig van die koöperasie en die invloed van die fisiese risiko's in die landbou, vereis dat hierdie koöperatiewe aksies sover moontlik uit permanente en eie langtermynkapitaal gefinansier moet word.

5.5 Die invloed van die landboubemarkingsrade

5.5.1 Inleiding

Tot dusver het ons die koöperatiewe finansieringsplan en die invloed van die eksterne faktore daarop nagegaan. Daar bly nou nog die invloed van die bemarkingsrade oor. Die aard van die verskeie rade sal nie net 'n invloed op die finansieringsplan as sodanig hê nie, maar ook op die aard en omvang van die reeds bespreekte eksterne invloede. Ons moet dus nou die invloed van die verskeie tipes beheerrade wat by hierdie studie van toepassing is, nagaan ten opsigte van hulle invloed op die finansieringsplan self, asook die mate waarin dit die invloede van die ander eksterne faktore op die finansieringsplan sal affekteer. Dit gaan dus nie hier om 'n detail bespreking van die aard en motivering van die beheerraadstelsel nie, maar slegs oor sy invloed op die finansiering. Daarom sal ons hier slegs kortliks op die doelstellings van die beheerrade en die werking daarvan let, alvorens ons oorgaan tot die bespreking van die invloed daarvan op finansiering.

5.5.2 Doel en werking van die beheerrade

Dit word algemeen aanvaar dat die Bemarkingswet (Wet 26/1936), slegs die breë doelwit stel sonder om die spesifieke doelwitte van die skema aan te toon. Die spesifieke doelstellings is dus vatbaar vir verskeie interpretasies, en daarom

beperk ons ons hier tot die amptelike interpretasie, naamlik die van die Nasionale Bemerkingsraad. In die 1944-verslag¹⁾ van die Raad word die hoofogmerke daarvan uiteengesit, wat op die volgende neerkom:

- 1) die rasionalisering van die distribusiestelsel van landbouprodukte in belang van die produsent en die verbruiker, wat veral tot groter bestendigheid van pryse en doeltreffender bemerking moet lei;
- 2) beter koördinerings tussende verskillende landbouvertakkinge asook tussende die belange van die produsente en die verbruikers in die algemeen.

In die 1947-verslag²⁾ van die Nasionale Bemerkingsraad oor die werking van die verskeie beheerrade, word dit verder toegelig met die volgende indeling:

- 1) 'n Prysbeleid met die klem op prysstabiliteit deur middel van prysvasstelling. Pryspariteit oor die verloop van die konjunktuur is hierby ingesluit.
- 2) stimulerings van verhoogde produktiwiteit in die landbou;
- 3) verbeterde bemerking met die oog op 'n vermindering van verskille tussende die produsente- en verbruikerspryse.

Die vernaamste oogmerk van die Bemerkingswet blyk egter volgens die 1947-verslag³⁾ te wees korttermynprysstabilisasie. Dit lui: "Om 'n billike ewewig tussende die pryse van plaasprodukte en ander pryse te handhaaf en betekenislose skommeling van kort duur te vermy deur die toevoer tot die mark te organiseer, is dus die vernaamste oogmerke van die Bemerkingswet." Dat hierdie prysstabilisasie grootliks korttermyn van aard is, word erken deur die 1965-verslag⁴⁾ van die Nasionale Bemerkingsraad: "Die grootste sukses wat op die prysfront deur die skemas behaal is, is die bekamping van doellose korttermynpryskommeling, veral in die geval van minder bederfbare produkte."

Om sy doelstellings te verwesenlik, maak die Bemerkingswet voorsiening vir 'n Nasionale Bemerkingsraad en beheerrade. Die Nasionale Raad is 'n adviserende, koördinerende en toesighou-

-
- 1) Nasionale Bemerkingsraad. Verslag van die Nasionale Bemerkingsraad, U.G. 31/1945. Staatsdrukker, Pretoria, Par. 30.
 - 2) Nasionale Bemerkingsraad. Verslag van die Nasionale Bemerkingsraad oor die bemerkingsrade vir die periode 1938-1946, U.G. 27/1947, Staatsdrukker, Pretoria, p. 1.
 - 3) Nasionale Bemerkingsraad, U.G. 27/1947, op. cit., p. 2.
 - 4) Nasionale Bemerkingsraad. Verslag van die Nasionale Bemerkingsraad oor die rade van beheer kragtens die Bemerkingswet vir die tydperk 1950/51 tot 1963/64. Staatsdrukker, Pretoria, p. 15.

dende liggaam. Dit besit die volgende funksies:

- 1) invoering en wysiging van beheerskemas;
- 2) die funksie van toesighouding sodat die beheerrade nie hulle magte oorskrei nie. Die besluite van die beheerrade in verband met produktepryse en beperking of verbod op die handel in die verskeie beheerde produkte moet byvoorbeeld eers die goedkeuring van die Nasionale Raad ontvang;
- 3) die funksie van koördinerings, dit wil sê om die verskeie skemas so te koördineer dat dit bevorderlik vir die ekonomie en die land as geheel is.

Onder die Nasionale Raad vind ons die verskeie beheerrade wat die onderskeie beheerskemas moet toepas. Aan die hoof van elke beheerraad is daar 'n raad wat bestaan uit verteenwoordigers van die belanghebbende produsente, nyweraars, handelaars en verbruikers.

Dit bring ons by die verskeie beheerskemas in die onderhawige studie, wat ons nou hier kortliks moet nagaan.

Eenkanaal-vasteprysskemas vir nywerheidsmelk, mielies en wintergrane

Die produsente mag net aan die betrokke rade verkoop, behalwe in sekere onbeheerde gebiede wat uitgesluit is omdat dit 'n minimale produksie lewer. Die rade bepaal van tyd tot tyd absolute pryse wat betaalbaar is. Wat die graansoorte aanbetref, word dit aan die raad se agente gelewer, wat dit gradeer, die produsente betaal en dit in voorraad hou vir aflewering volgens die opdrag van die raad. By fabrieksmelk is die eenkanaalbemarking nie op die primêre produk van toepassing nie, maar slegs op fabrieksbutter en kaas wat onder die Suiwelraad bemark word. Die raad bepaal die pryse wat fabrikante vir suiwelprodukte moet betaal. Die raad bepaal verder ook die groothandel en maksimum kleinhandelspryse vir fabrieksbutter en kaas. Hierdie botterprys word ook deur die staat gesubsidieer. Die uitvoerverliese onder hierdie skema word uit stabilisasiefondse (opgebou uit heffings gelê op die produsente) gedek.

Eenkanaalpoelskemas vir onder andere blaartabak, sitrus en vars melk

Met die uitsondering van blaartabak, vars melk en room mag produsente slegs deur die rade verkoop, wat by ontvangs

'n voorskot te betaal, 'n pool vir die verkoop van die produk bestuur en 'n finale agterskotbetaling maak nadat die produkte van die hand gesit is. Producente kry dus wat die raad eokal behaal, minus die koste verbonde aan die administrasie van die pool. Hierdie raade stel hoofsaaklik agente vir die ontvangs, hantering, opberging en afset van die produk aan.

By tabak bestaan daar 'n verpligte eenkanaal koöperatiewe bemarkingstelsel. Sentabak, as 'n sentrale koöperasie, is verantwoordelik vir die toekenning van tabakvoorrade aan die plaaslike verwerkers en handelaars. Die beheerraad doen dus nie self fisiese hantering nie.

By sitrus is daar nie verpligte eenkanaal koöperatiewe bemarking nie. Wel tree die Koöperatiewe Sitrusbeurs (as 'n sentrale) as die plaaslike en die oersese alleenagent van die Sitrusraad op. Die Sitrusraad hanteer dus nie die produkte self nie.

Vir varsmelk en room is die skema net van toepassing op die stedelike gebiede van die Witwatersrand, Pretoria, Kaapse Skiereiland en Bloemfontein. In gebiede soos dié mag producente net aan agente van die Raad verkoop, en as daar nie 'n agent beskikbaar is nie, kan hy dit direk aan die Raad verkoop. Hierdie Raad neem dan ook die oorskot van die agente oor. Die Raad bepaal alle aankooppryse (wat eers aan die Raad oorbetal moet word) plus die opbrongs van die surplusverkope wat verpool word, en die totale bedrag minus koste word maandeliks onder die producente verdeel in verhouding tot die totale hoeveelheid deur elke produsent gedurende die maand gelewer. Dit kom dus op 'n gewaarborgde afset neer. In die gebiede buite hierdie beheerskema bemark die producente self.

Die surplusverwyderingskemas (vloerpryskemas) vir onder andere vleis.

Die produk word in die beoerde gebiede deur die produsent verkoop deur middel van veilings aan die hak met 'n gewaarborgde minimumprys gebasseer op graad en gewigsgrondslag. Die Raad kondig dus 'n minimumprys aan waarteen hy bereid is om die produk van die produsent te koop indien die produsent nie daardie prys op die ope mark kan behaal nie. Die surplusse voer die Raad dan uit en die verliese daarop word uit hoffings gedek. Benewens hierdie skema is daar ook nog aandere

vir direkte vloisbemarking van die boere (uit die hand verkope), maar dit vorm in verhouding 'n baie klein persentasie.

Wynbemarking.

Hier word die bemarking hoofsaaklik gereël deur die wet op die beheer van wyn en spiritualië van 1924, soos gewysig en saamgevat in wet no. 38 van 1956. Dit kom hoofsaaklik daarop neer dat die K.W.V. as 'n koöperatiewe sentrale, maar ook as 'n bemarkingsraad met volle seggenskap oor die wynbemarking optree. Deur hierdie wet verkry die K.W.V. die alleenreg op die vasstelling van produsentepryse, en kan hy 'n sekere persentasie as surplus verklaar. Hierdie bepaling dek alle produsente van wyn, of hulle lede van die K.W.V. is of nie. So moet alle aankope van wyn deur bemiddeling van die K.W.V. geskied en bepaal die wet dat niemand enige wyn mag verkry of stook sonder die toestemming van die K.W.V. nie. Die K.W.V. het dus volle beheer oor die verstoking en die afset van wyn verkry. Deur die surplusverklaring word verder binnelandse prysstabiliteit verkry. Hierdie prysfunksie dek nie net wyn wat bestem is vir distilleringsdoeleindes nie, maar ook goeie wyn.

Hierdie wet bepaal verder dat niemand wyn mag produseer behalwe kragtens so 'n permit deur die K.W.V. aan hom uitgereik nadat die K.W.V. bevind het dat so 'n persoon geskikte fasiliteite vir die bereiding van sulke wyne het nie. Die K.W.V. moet vooraf alle transaksies tussen produsente en handelaars goedkeur, en die betaling vir wyn aangekoop moet eers aan die K.W.V. gemaak word. Waar produsente in klein maat aan private produsente wil verkoop, moet 'n permit van die K.W.V. verkry word en moet daar in alle opsigte 'n minimumprys vir sulke verkope gevorder word. Benewens hierdie beheerde bemarking, maak die wet ook voorsiening vir die bepaling van 'n kwota vir elke wynplaas wat die maksimum hoeveelheid wyn is wat in enige jaar op daardie betrokke plaas geproduseer mag word.

Dit is egter duidelik dat daar tog surplusse sal ontstaan omdat die produksie nie so streng volgens die kwota gereël kan word nie. Hierdie oorskot bo binnelandse vraag word dan deur die K.W.V. as surplus verklaar, en dit bly een van die belangrikste funksies van die K.W.V. om hierdie oorskot te ontvang, te verwerk en op die oorsese mark te verkoop. Die K.W.V. word

inderdaad deur die wet verbied om sy produkte (hierdie surplus) in die Republiek, en ook, behalwe in sekere gevalle, in ander gebiede in Afrika suid van die ewenaar te verkoop. Dit geld nie vir distilleerders en groothandelaars wat sekere minimum hoeveelhede jaarliks mag aankoop vir verbruik in Suid-Afrika nie, maar dan nie onder die vaste minimumpryse nie. Wat die res van die bemerking binnelands aanbetref, word dit in die hande van die privaat drankhandel gelaat.

Wolbemarking

Wol word per publieke veiling verkoop. Dit beteken dat groot hoeveelhede versamel word by die sentra waar die ver- naamste wolkopers gekonsentreer is. By hierdie sentra (gewoon- lik hawestede) is wolbeurse, waarop die veilings plaasvind. Die beurs bestaan uit verteenwoordigers van die makelaarsfir- mas (onder andere die koöperasies) wat die wol namens die boere ontvang en aanbied, en kopersvereniging. Elke veiling is onderworpe aan die beursreëls, wat by alle beurse min of meer dieselfde is. Die makelaarsfirmas aan wie die boere hul- le wol stuur, waardeur die wol, stal dit uit en stel 'n kata- logus op vir die kopers, wat die wol dan kom inspekteer en hulle eie waardasies daarvoor maak. Die makelaar bied dit dan op die veiling teen sy waardasieprys aan. Indien hy nie te- vrede is nie, hou hy die wol terug vir latere veilings. Die hoogste bod word in elk geval genoteer omdat die makelaar dit dan na die veiling aan hierdie koper uit die hand kan verkop. Sodoende word daar nie dikwels wol na 'n volgende veiling oor- gedra nie. Die koper van die wol reken dan gewoonlik binne twee weke met die makelaars af. Laasgenoemde reken dan weer met die boer af, na aftrekking van vervoerkoste vanaf die boer se plaas (welke koste die makelaar dikwels betaal), die makelaarskommissie en die heffing van die Wolraad, asook die assuransiepremies op 'n poelstelsel teen onder andere brand ge- durende die vervoer- en opbergings tyd.

Die Wolraad se doel is slegs om op gekoördineerde basis die wolbedryf te bevorder, navorsing in verband met die kweek van wol en aanverwante sake te doen en verkoopsbevordering te on- derneem. Beide die wolboere en die staat is op die Wolraad verteenwoordig. Die Wolraad is weer by die Internasionale Wolsekretariaat geaffilieer, wat op sy beurt weer die wêreld-

wye reklame, navorsing en koördinasie van wol ten doel het. Die Wolraad stel heffingsgeld vir die wolboer vas om homself mee te finansier.

Voor elke veiling moet 'n regeringsinspekteur die wol nagaan om te sien of dit aan die verpakkings- en bemarkingsregulasies voldoen. Indien dit nie die geval is nie mag die wol nie na die veiling gaan nie. Die skeertyd is oor die hele land min of meer dieselfde, (gewoonlik begin dit veral vir 6-maande-wol reeds hier teen November), en die verkoopseisoen duur gewoonlik tot Maart-April. Binne 'n redelike kort tyd bereik al die wol dus die makelaars. Omdat onmiddellike verkope nie moontlik is nie, vind daar opberging plaas. Dit bring mee dat die boere soms deur die korttermynprysveranderinge (korttermynskommeling is 'n kenmerk van 'n veilingstelsel) kan wen of verloor. Dit is dus duidelik dat daar by die bemerking van wol geen versekerde afset of pryse is nie.

5.5.3 Invloed van die eenkanaal-vastepryskemas op die finansieringsplan

Onder hierdie tipe skema val mielies, koring en nywerheidsmelk wat in dié studie ingesluit is. By 'n eenkanaal-vastepryskema word die bemarkingsrisiko's in 'n groot mate opgehef deurdat die totale aanbod aan die bemarkingsraad gelewer word. Die koöperasie self bly sit dus nie met onverkoopbare voorrade nie. Ook word pryskommeling by hierdie tipe rade grootliks opgehef. 'n Koöperasie wat onder so 'n raad funksioneer, kan dus in 'n mate van leenkapitaal gebruik maak vir sy permanente en langtermynbehoefte.

Die algemene afleidings ten opsigte van landboumeganisasie in die konjunkturle verloop, asook ontwikkelinge aan die vraag- en aanbodsy ten tye van ekonomiese groei, geld egter nog hier. Die oorskotprobleme word in werklikheid bevorder deur die vaste pryse en gewaarborgde afset. Aangesien prysstabilisasie die hoofkenmerk van hierdie rade is -- en dit is essensieel 'n korttermynmaatree -- kan hierdie rade nie veel doen om vraag en aanbod en dus die ontwikkelende struktuurprobleem op te los nie. Die beheerrade kan in elk geval ook nie onbeperk voortgaan om die oorskotte op die buitelandse markte teen 'n verlies te verkoop nie, want die boer se inkomste-positie kom daardeur mettertyd in gedrang. Veral die ontwikke-

linge aan die vraagsy sal hierdie koöperasies dus in elk geval ówing om al hoe meer verwerking te onderneem indien hulle nog hulle funksie van hulpbedryf aan die lid wil uitvoer. Hierin kan die beheerraad nie veel hulp verleen nie. Dieselfde geld ten opsigte van die ontwikkelinge aan die produksiesy.

Ten opsigte van die ontwikkelinge in die mededingingstruktuur, kan die beheerrade as 'n teenmag namens die produsent heelwat bemarkings- en prysrisiko's uitskakel. Dit sal dus hier die noodsaak tot eie permanente en langtermynkapitaal verminder.

In die geheel blyk dit dus dat die vasteprysbeheerrade aan die een kant veral die bemarkings- en prysrisiko's in 'n mate ophef en gevolglik die gebruik van leenkapitaal vir die betrokke permanente en langtermynkapitaalbehoefte (soos in grafiek 5 aangetoon) meer aanvaarbaar maak. Aan die ander kant blyk dit weer dat hierdie tipe rade nie al die risiko's van finansiering wat met ekonomiese groei en toenemende meganisasie gopaard gaan, kan uitskakel nie. Dit wil dus lyk asof ons algemene konklusies ten opsigte van die finansieringsplan self, asook ten opsigte van die eksterne invloede daarop, veral ten opsigte van die produksie, boerderybenodigdhede en verdere verwerking al hoe meer van toepassing sal word, naamlik sover moontlik eie permanente en langtermynkapitaal.

5.5.4. Invloed van die eenkanaal-poelskemas op die finansieringsplan.

Onder hierdie skema val sitrus, tabak en vars melk wat in dié studie ingesluit is. By hierdie skemas bly die bemarkingsrisiko groot, aangesien die beheerrade nie self die produk hanteer nie, en daar dus geen gewaarborgde afset is nie. Die aanbod word wel verpoel, maar die opbrengsprys is afhanklik van die vraag en aanbod. Hierdie risiko is veral groot by sitrus, waar die oorgrote meerderheid van die oes op die buitelandse mark verkoop word. Die behoefte aan permanente en langtermynkapitaal moet hier dus sover moontlik uit eie kapitaal bestaan.

Omdat die risiko by verpoeling op die produsent bly rus, geld die algemene afleiding ten opsigte van die landbouprysprobleem ook by hierdie tipe beheerrade, hoewel die gekoördineerde aanbod en eenkanaalbemerkings dit in 'n mate verminder. Ten opsigte van die meganisasieprobleem onder konjunktorele veranderinge, asook ten opsigte van die invloede van ekonomiese

ontwikkeling, kan hierdie tipe beheerrade nie die invloed van hierdie faktore veel demp nie. Ten opsigte van die ontwikkeling in die mededingingstruktuur, word die ontwikkelings in dié verband in 'n mate deur die beheerrade as teenmag gedemp, en word die finansieringsrisiko gevolglik ook verminder.

In die geheel vind ons egter dat die aard van hierdie beheerrade nie baie van die finansieringsrisiko's ophief nie, behalwe ten opsigte van die mededingingstruktuur. Dit beteken dus dat, wat bemerking self aanbetref, hierdie koöperasies dus in 'n groter mate van leenkapitaal gebruik kan maak by die permanente en langtermyn kapitaalbehoefte as wat ons model in hoofstuk 3 veronderstel. Ten opsigte van die veranderinge in produksie en die noodsaak tot meer verwerking, bly die eis dat die finansiering van hierdie behoeftes vir sover moontlik met eie kapitaal moet geskied.

5.5.5. Invloed van die vloerpryskemas op die finansieringsplan.

Onder hierdie tipe skema val onder andere vleis in hierdie studie. Aan die een kant bly die bemerkingsrisiko's hier hoog omdat die beheerraad geen gewaarborgde afname bied nie. Aan die ander kant kom die kwotastelsel, gekoppel aan die vloerpryse, neer op gereguleerde aanbod volgens die vraag en dus op redelik gewaarborgde afsat. Die invloed van die landbouprysprobleem word daarmee ook in 'n mate opgeskort. Dit beteken dat die risiko by die gebruik van leenkapitaal ter finansiering van die permanente en langtermynbehoefte daardeur verminder word. Ten opsigte van die probleem van meganisasie of uitbreiding van produksie onder toestande van wisselende konjunktuur, en veral die invloede aan die vraag- en aanbodkant met ekonomiese ontwikkeling, sal die finansieringsrisiko egter nie veel verminder nie. Ten opsigte van die ontwikkelinge in die mededingingstruktuur vorm die beheerrade hier nie so 'n effektiewe teenmag nie, aangesien hier nie van eenkanaalbeurking sprake is nie. Aangesien ons in die vleisbedryf vandag groot en sterk ondernemings vind wat nie net die bemerking van die reproduksie onderneem nie, maar dit ook verder verwerk en dit in die kleinhandel bemark, het die koöperasies hier wel 'n taak te vervul ten opsigte van die opbou van 'n teenmag. Dit sal dan noodwendig in 'n groter mate uit eie kapitaal gefinansier moet word.

5.5.6. Invloed van die kwotastelsel van wynbemarking op die finansieringsplan.

Die produksiekwotas, asook die prysbepaling en surplusverklaring van die K.W.V. as beheerraad, kom by wyn feitlik neer op gowaarborgde afset. Die landbouprysprobleem word daardeur ook grootliks opgehoef. Deur middel van die K.W.V. as beheerraad besit die produsentekoöperasies dan ook 'n baie sterk teenmag teen die handelaars en word die probleme ten opsigte van die mededingingstruktuur ook grootliks uitgeskakel. Die ontwikkelinge aan die vraagkant onder toestande van ekonomiese ontwikkeling kan hier ook nie so 'n groot rol speel nie, aangesien die produk in elk geval reeds in 'n verwerkte vorm verkoop word. Die ontwikkelinge aan die aanbodkant, asook die faktore gepaardgaande met meganisasie en die konjunktuurverloop, sal deur hierdie bemarkingstelsel egter nie verminder word nie, en gevolglik ook nie die finansieringsrisiko daarvan nie. In die geheel hef hierdie bemarkingstelsel die finansieringsrisiko's grootliks op en kan die behoeftes aan permanente en langtermynkapitaal hier in 'n heelwat groter mate met leenkapitaal gefinansier word.

5.5.7. Invloed van die bemarkingsmetode van wol op die finansieringsplan.

By hierdie produk se bemarking bring die Wolraad geen vermindering van die bemarkingsrisiko mee nie, maar is dit slegs 'n raad om navorsing oor die produkte te doen, reklame te behartig en verbruik te probeer bevorder. By die bemarking van hierdie produk geld dus al die afleidings ten opsigte van die finansieringsplan, asook die afleidings ten opsigte van die eksterne invloede op die finansieringsplan. Die behoeftes aan permanente en langtermynkapitaal sal hier dus sover moontlik uit eie kapitaal gefinansier moet word.

5.5.8. Samevatting van die invloede van die beheerrade.

Samevattend verminder die beheerrade in 'n mindere of meerdere mate prysrisiko's as gevolg van prysskommelinge, asook die risiko van primêre bemarking en die invloed van die ontwikkelende mededingingstruktuur. In daardie opsig verminder

hulle dus die noodsaaklikheid van die gebruik van hoofsaaklik eie kapitaal vir die betrokke permanente en langtermynkapitaal-behoefte. Waar die koöperasie dus byvoorbeeld slegs primêre bemerking onderneem onder 'n eenkanaal-vasteprysskema, kan so 'n koöperasie in 'n groot mate selfs van langtermynleningskapitaal gebruik maak vir die finansiering van permanente behoeftes. 'n Koöperasie onder 'n eenkanaalpoelskema of 'n vloerpryskema sal ook van heelwat leenkapitaal gebruik kan maak. Langtermynleningskapitaal sal in hierdie geval egter nie in dieselfde mate vir die finansiering van permanente kapitaal-behoefte gebruik kan word as wat dit by die vasteprysskema die geval is nie.

Aan die anderkant sal die fisiese risiko's en die afnameplig van 'n koöperasie, gekoppel aan die invloed van megariasie en die gevolglik toenemende permanente kapasiteit by produksie, die vraag na eie kapitaal vir die finansiering van die permanente en langtermynbehoefte versterk. Hierdie behoefte sal groter word namate die koöperasie as hulporgaan al hoe meer hierdie hulpdienste by produksie en verdere verwerking van die produkte onderneem.

5.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die invloed van die eksterne faktore, veral onder toestande van ekonomiese ontwikkeling, op die finansieringsplan geskets.

Eerstens is bepaal dat die aanbodelastisiteit van landbouprodukte laag is en met verloop van tyd steeds laer neig. Hierdie feit vra al hoe meer dat bemerkingsfasiliteite sodanig moet wees dat dit 'n konstante aanbod kan opneem. Dit word vererger deur die afnameplig van die koöperasie en die feit dat die produksieproses meer kapitaalintensief raak. Die gevolg is 'n groter vraag na eie permanente kapitaal.

Ons het tweedens bevind dat hierdie vraag na groter eie permanente kapitaal vergroot word deur die feit dat, as gevolg van die kapitaalintensiteit van die produksieproses, die aanbod nie so maklik by die konjunkturele skommeling aangepas kan word nie. Die al belangriker wordende aspek van hulpdienste aan die produsent, versterk hierdie eie kapitaal-behoefte.

In die derde plek is vasgestel dat die ontwikkelinge aan

die vraagkant na landbouprodukte steeds meer na verwerkte produkte neig. Dit was duidelik dat die risiko-aard van die landbou, asook die afnameplig van die koöperasie, 'n al groter behoefte aan eie kapitaal hiervoor laat ontstaan.

Voortvloeiend uit die ontwikkelinge aan die vraag-en aanbodkant is vierdens bevind dat die ontwikkelende mededingingstruktuur in die landbou 'n toenemende konsentrasie aan die vraagkant meebring. Koöperasie sal, om dit te temper en nog 'n hulporgaan vir die lode te bly, mettertyd as 'n teenmag moet begin optree. As gevolg van die onafhanklikheidseis wat dit juis by die koöperasie beklomtoon, sal die mededingingstruktuur dus 'n stygende behoefte aan eie permanente kapitaal meebring.

In die vyfde plek het ons in hierdie hoofstuk die invloed van die bemarkingsrade op die finansieringsplan nagegaan. In die algemeen het hierdie rade die prysrisiko, asook die risiko by primêre bemarking, in 'n mindere ofmeerdere mate op. Die ontwikkelinge ten opsigte van die mededingingstruktuur word ook in 'n mate deur hierdie rade opgehef, deurdat dit self as 'n teenmag optree. In hierdie verband verminder dit dus die eis vir groter bydrae van risikokapitaal deur die lid. Ten opsigte van die ontwikkelinge aan die produksie- en vraagkant het ons egter gesien dat die rade nie self veel daaraan kan doen nie, en dat die koöperasies, om hierdie aktiwiteite uit te voer, uit sy aard meer eie kapitaal daarvoor nodig sal hê. Die kern van die saak is die feit dat landbou al hoe meer teen volle kapasiteit onder alle toestande werk. Gekoppel aan die afnameplig en die ontwikkelinge aan die produksie- en vraagkant, sal na aanleiding van die eksterne invloede, al hoe meer permanente eie kapitaal vir die koöperatiewe finansiering benodig word.

HOOFSTUK 6.

DIE KOÖPERATIEWE FINANSIERINGSVORME.

6.1. Inleiding.

Tot dusver het ons die koöperatiewe finansieringsplan ontleed, asook die invloed van die verskeie eksterne faktore se invloed daarop. Die aard en omvang, asook die toekomstige ontwikkeling van die verskeie kapitaalbehoefte het daaruit geblyk. Vervolgens moet ons nou die verskeie finansieringsvorme ter finansiering van hierdie behoeftes nagaan. Hierin moet ons nie net let op hulle geskiktheid as byvoorbeeld 'n algemene lang- en korttermynfinansieringsmiddel nie, maar veral ook op die koöperatiewe geskiktheid daarvan al dan nie. Agtereenvolgens sal ons dus aandag gee aan aandole, reserves en roterende fondse, Landbanklenings, huurkoop en die praktyk van huurfinansiering.

6.2. Die koöperatiewe finansieringsvorme.

6.2.1. Aandolekapitaal.

In hoofstuk 4 (punt 4.2) is reeds aangetoon dat die omvang van die kapitaal van die lode as geheel in die winsonderneming hulle regte en verpligtinge aandui, terwyl by die koöperasie die afgeskeie funksie dit bepaal. Alhoewel ons by die koöperasie vind dat die gestorte kapitaal hierdie aanspreeklikheid verteenwoordig, kan kapitaal egter nie die basis (of rede) vorm vir hierdie regte en pligte, soos wat dit by die winsonderneming die geval is nie. Hoewel dit by albei organisasievorme 'n aandeel genoem word, het dit nie by beide dieselfde betekeniswaarde nie. By die winsonderneming is die kapitaal die lid se aandeel in die gemeenskaplike kapitaal van die onderneming, wat bygebring is om 'n sekere funksie of taak met wins as doel te verrig: die aandeelhouing neem dus die vorm van 'n belegging in 'n selfstandige onderneming aan. By die koöperasie is dit egter kapitaal wat die lode aan die afgeskeie funksie gee vir die bestryding van kostes wat die verrigting van hierdie gesamentlike funksie noodwendig sal meebring. Dat hierdie kapitaal ook, vir sover dit vir behoeftes

van 'n langtermynnaard benodig word soos in die geval van die winsonderneming, ten minste vir die leeftyd van hierdie afgeskeie funksie (soos deur die tydperk van lidmaatskap van die lid bepaal) teenwoordig moet wees, is duidelik. Dit is juis 'n deel van sy bydrae wat hy moet gee vir die geskepte kapasiteit om sy deel van die tegnies-afgeskeie funksie goedkoper uit te voer.

Hieruit kan dit egter nie afgelei word dat dit 'n koöperatiewe beginsel is dat 'n koöperasie-aandeel altyd op dieselfde boekwaarde moet bly nie. Die reël dat dit nie mag appresieer nie en slegs 'n vaste rente mag verdien, is destyds ingebring om spekulante en uitbuiters van buite uit te hou om so doende die koöperasie nie 'n beleggingsfunksie te gee nie. Daar moet onthou word dat die ou Rochdale-pioniers, benewens die uitbuiting wat destyds aan die orde van die dag was, ook nog in die tydperk van stabiele geldeenhede geleef het wat die instelling van 'n maksimum rentekoers as iets natuurliks gemaak het.

Maar as 'n vaste rentekoers op aandelekapitaal as 'n beginsel van koöperasie moet geld, moet die surplus ook volgens 'n vaste persentasie op die lid se kapitaal verdeel word. Die koöperasie as hulporgaan vereis sover moontlik 'n proporsionele finansieringsbydrae per lid. Indien 'n lid meer as dit bydra, dra hy 'n deel van 'n ander lid se kapitaalrisiko en is die rente wat daarop betaal moet word dus gelyk aan 'n leenrente waarop die normale leenrentekoers geld. As rentekoerse dus beperk word, is dit net so billik dat die verdeling van die surplus ook beperk word.

Die beginsel van beperkte rente bring ook probleme mee by die uiteindelijke verdeling van die reserwes. Die koöperasie kan net bestaan solank die lede die funksie gesamentlik uitoefen. Hou dit op, ontbind die koöperasie en die gestorte ledegelde plus dit wat die lede deur middel van die koöperasie opgebou het (reserwes) gaan na die lede terug, want dit het sy funksie klaar vervul. Dit is nie duidelik hoe die beginsel van nominale kapitaalwaarde dan sal werk nie, want die verdeelde reserwes kom dan tog op aandele-appresiasie neer, al word dit volgens die omset verdeel. So sê Gaussel¹⁾: "Another question arises from the rule of limited interest on capital under a stable monetary system: what is to be done with the reserves if a co-operative society should be dissolved? For, if the

1) Gaussel, op. cit., p. 245.

principle of dividend on purchases enables the assignment of profit (die koöperasie as hulp om die lid se wins te verhoog) to capital to be avoided during the lifetime of the undertaking, it does not tell us how, when the society ceases its activity, the reserves should be divided so that capital has no more than its fair share".

Volgens Gaussel neem hierdie probleem onder die moderne toestand van voortgesette inflasie 'n al groter omvang aan. Hy sê dan verder dat die doel van die Rochdale-pioniers met die reël van beperkte rentekoers was om te verhoed dat die ledekapitaal in huidige of toekomstige winste deel en sodoende die spekulasiemotief aan te moedig. Die saak het egter intussen verander. Indien die terugbetaling van die aandeel teen nominale waarde onder 'n stabiele geldeenheid die toepassing van die fundamentele reël van beperkte rente op kapitaal is, dan beroof hierdie praktyk in werklikheid die lede wat in die verlede hard gewerk en gespaar het om die koöperasie 'n sukses te maak. Slegs onder 'n stabiele geldeenheid kan ons nog van vaste rentekoerse by 'n koöperasie praat. Hy gaan dan voort om voorbeelde van die kapitaalstruktuur in verskeie lande te gee. Daaruit blyk dit duidelik dat juis in daardie lande waar inflasie sterk opgetree het, (byvoorbeeld Frankryk na die Tweede Wêreldoorlog) selffinansiering deur middel van aandele baie skade gely het, terwyl dit nie soseer die geval was in lande waar inflasie nie so sterk teenwoordig was nie.

Hierdie tendens tot stygende ongewildheid van aandelekapitaal is ook in Suid-Afrika merkbaar. Engelbrecht¹⁾ toon met behulp van 'n vyfjaar-gemiddelde persentasie vir alle soorte landboukoöperasies vanaf 1939-1964 die afname in die gebruik van aandelekapitaal as deel van die totale finansieringstruktuur aan. In 1939 het dit 14.96%, in 1944 11.83%, in 1949 7.18%, in 1954 6.48% in 1959 5.74% en in 1964 5.53% van die totale kapitaal beloop. Hierdie syfers word gesteun deur tabel 24 wat die opbetaalde aandelekapitaal as persentasie van die ingeskrewe aandelekapitaal van die betrokke koöperasies in hierdie studie aantoon. Daaruit blyk dit dat die verhouding oor die periode 1953-1965 redelik konstant bly, dat dit by die meeste produkte benede 60% bly en by sommige produkte selfs benede 40% is. Ook wat die werklike syfers betref, sien ons

1) Engelbrecht, J.F. Die rol van die Land-en Landboubank by die finansiering van koöperasies. Ongepubliseerde skripsie, Universiteit van Pretoria, 1966. p.29.

uit tabel 18 wat die balansstaatposte per groottegroep per produk in die praktiese analise gee, dat hierdie syfer heelwat skommel, maar nie 'n groeitendens vertoon nie.

Die daling in die posisie van aandele as deel van die totale kapitaal, veral in die na-oorlogse tydperk toe kruipende inflasie 'n steeds groter probleem begin word het, blyk uit die syfers van Engelbrecht, asook uit die feitlike statistiek vanaf 1953 in hierdie studie,

Dit is egter logies dat die kwessie van gelykblywende waarde van aandele, asook vaste rentekoerse, nie die enigste faktore is by die verklaring van die ongewildheid van aandele onder die lede nie. Die sielkundige ingesteldheid van die boer om sy geld liever in grond en plaasverbeterings as buite die boordery te belê, is seker ook 'n belangrike rede. Dit hang ook verder saam met die ekonomiese rede dat hy dikwels die geld meer ekonomies in sy eie produksieproses kan gebruik, en dat dit dan in elk geval bydra tot die kapitaalapresiasie van sy plaas.

Hierdie saak kan egter ook uit 'n ander oogpunt gesien word. Die oorspronklike oprigters het kapitaal gestort en risiko op hulle geneem om die gewenste kapasiteit te verkry en te vestig. Die bedingingsmag na buite, wat met die verloop van tyd ontstaan, behoort primêr aan die stigters: hulle het daardeur vir hulle beter behoeftebevrediging meegebring. Onder inflasionistiese toestande sal die nuwe lid nou egter relatief minder by intrede bydra as die ou lid, en tog dieselfde voordele uit die ontwikkelde kapasiteit trek. Dit bring mee dat 'n deel van sy risiko (soos in geld uitgedruk) in werklikheid op die ouer lede afgeskuif is. So iets is uit die sosiale aspek van 'n koöperasie nie in botsing met sy aard nie, maar kragtens die rasionaliteitsreis minder gewens. Daarop is daar fundamenteel niks verkeerd met die uitreiking van bonusaandele aan bestaande lede of met die heffing van 'n premie op nuwe lede se aandele of die oorskreiding van die wettlik vasgestelde rentekoers nie.

Om hierdie argument duideliker te stel: die praktyk bewys dat die koöperasie-aandeel deur middel van die groot reserweworming werlik reeds heelwat geapresieer het. Tabel 25, wat die verhouding tussen die totale reserwes en die uitgereikte sowel as die opbetaalde aandele per produk vanaf 1953-1965 toon, staaf hierdie bewering. Hierdie styging is veral opvallend ten opsigte van die opbetaalde aandeelkapitaal. Afgesien van

die feit dat die oormatige vorming van reserwes by koöperasies nie hier as 'n regverdigingsmaatreël vir aandele-apresiasie gebruik kan word nie, verander dit niks aan die feit nie dat 'n koöperasie wel vir sy vlotte voortbestaan reserwes moet skep, wat in werklikheid reeds hierdie potensiële apresiasie meebring. Die alternatief tot reserweworming is natuurlik dat die koöperasie vir elke behoefte eers na die lede gaan, iets wat prakties feitlik onmoontlik is. Waarom dan nie koöperatiewe finansiering in ooreenstemming met die koöperatiewe aard en die voortdurende inflasie bring deur veral die algemene reserwes (wat niks anders as langtermynkapitaal is nie en aan die lede behoort) aan die lederekenings toe te deel, bonusaandele aan die bestaande lede uit te reik en die praktyk van 'n vasgestelde maksimum rentekoers op te hef nie? Die uitreiking van bonusaandele aan die lede het nie die aard van 'n kapitaalbelegging nie. Dit is in ooreenstemming met die rasionaliteitseis dat die ouer lede, wat hierdie geskepte kapasiteit (die koöperasie) opgebou het, veral onder kapitaalerosie, nog sy regmatige aandeel in die koöperasie via die kapitaal wat hy beskikbaar gestel het, moet kan behou. Om hierdie rede is die heffing van 'n premie op nuwe lede se aandele nie verkeerd nie, maar hierdie nuwe lede se betaling aan die ouer lede vir deelname aan die geskepte kapasiteit wat hulle opgebou het en wat in werklikheid deur die ouer lede se kapitaal 'n beter koöperasie daarstel as wat die nuwer lede onmiddellik alleen kan doen. Hierdie premie is dan ook toedeelbaar aan die ouer lede in verhouding met hulle kapitaalbesit in die koöperasie. Dit is duidelik dat hierdie premie slegs vir deelname aan die bestaande kapasiteit is en nie van die aard van 'n kapitale wins is nie. Dit bly nie permanent in die koöperasie nie, maar kom op die lede se rekening en word by uittrede van die lid deur hom onttrek. Onnodig is dit verder om te sê dat die bonusaandele wat uit die surplus toegeken word, asook die genoemde premies, 'n belasbare inkomste vir die lid vorm, hetsy onmiddellik of by uiteindelijke uittrede van die lid. Wat die opheffing van die vaste persentasie dividend betref, het ons reeds gesien dat dit fundamenteel die aard van 'n leenrente het, en dus in beginsel nie beperk kan word nie, behalwe as dit buitensporig hoog gestel word.

'n Verdere metode van die verskansing van koöperatiewe aandele teen kapitaalerosie is die praktyk van handelsbeleggings,

soos reeds in hoofstuk 2 (afdeling 2.2.7.) bespreek. Ons het daar gesien dat handelsbeleggings geskied juis ter uitbouing of beter verrigting van die koöperasie se hoof funksies. Sulke handelsbeleggings kan met vrug met behulp van die koöperatiewe aandeel (wat permanente kapitaal is) gedoen word. Daardeur word dikwels ook verskansing van kapitaalerosie verkry, aangesien die aandelekapitaal van winsondernemings normaalweg 'n groeitendens vertoon.

Deur hierdie handelsbeleggings kan 'n koöperasie dan ook dikwels met 'n kleiner kapitaalbedrag die betrokke funksie verrig as wanneer die koöperasie byvoorbeeld self die betrokke aktiwiteit ten volle onderneem. Alle inkomste uit sodanige beleggings, vir sover dit nie vir reserwes of voorsienings benodig word nie, is aan die lede toedeelbaar en as sodanig by hulle belasbaar. Soos reeds in hoofstuk 2 aangetoon, moet hierdie soort praktyk onder die jurisdiksie van die Registrateur van Koöperasies resorteer, anders kan dit maklik in wanpraktyke ontaard, byvoorbeeld as 'n middel waardeur die surplusfondse belê kan word.

Uit die voorafgaande blyk dat, indien boweer word dat kapitaal in 'n koöperasie (veral aandele) nie in die bovermelde sin mag appresieer nie, beland ons daardeur in 'n teoretiese doodloopstraat wat nie met die wese van koöperasie, veral onder toestande van voortdurende inflasie, rekening hou nie. Die groot probleem met koöperatiewe denke is dat dikwels te veel van die ou Rochdale-pioniers se besigheidspraktyke wat onder die destydse ekonomiese toestande waarin hulle moes optree geldend was, voetstoots as koöperatiewe beginsels op die moderne praktyk oorgeplant is, en in die proses te min op die ware aard van 'n koöperasie gelet is. Dit het dikwels meegebring dat koöperasie in onnodige streng kompartemente (wat beginsels gencem is) afgebaken is, wat nie net die koöperatiewe aard en die praktiese toestande waaronder hy moes funksioneer misken het nie, maar ook die koöperatiewe groei dikwels aan bande gelê het. Die gebrek aan genoegsame eie kapitaal, wat grootliks deur die onaantreklikheid van die hedendaagse aandele vorm meegebring is, is 'n voorbeeld hiervan. Dit het weer meegebring dat die ekonomiese aard van 'n koöperasie ten opsigte van sy finansiering (die proporsionaliteitseis) in die slag gebly het en dat die hedendaagse koöperasie deur gedwonge kapitaalselfstandigheid bedreig word deur die vorming van te

groot algemene reserwes, die aangaan van te veel leningskapitaal en te min aandelekapitaal.

Funksioneel gesien, is dit duidelik dat die aandelevorm een van die beste vorme van langtermyn eie of risikokapitaal in 'n koöperasie vorm. Dit bly daar solank die funksie en die lid daar is. As die aandelekapitaal bygedra word in ooreenstemming met die omset, vorm dit nie net alleen 'n goeie bron van eie kapitaal nie, maar ook 'n heelwat goedkoper finansieringsbron vir die koöperasie, want die rentelas verval dan as gevolg van die werking van die proporsionaliteitseis by die koöperasie. Hoewel hierdie kapitaal na die lid moet teruggaan by sy uittrede uit die koöperasie, is dit logies dat die koöperasie 'n beperking op die onmiddellike terugbetaling daarvan kan plaas. Deur sy toetrede tot die koöperasie het die lid met die ander lede 'n kontrak aangegaan wat hulle instaat gestel het om die gewenste kapasiteit daar te stel, of met die toevoegings tot kapitaal te vergroot. Hy het dus nou geen reg om uit te stap en sy kapitaal dadelik te eis nie, iets wat dikwels kan gebeur. 'n Bepaling wat die terugbetaling van die hele som of 'n gedeelte daarvan uitstel, lyk dus 'n geregverdigde bepaling in die koöperasies se statuut. Indien hy hierdie aandele van hom aan 'n nuwe of ou lid kan verkoop, is daar dan niks mee verkeerd as hy in so 'n geval sy kapitaal dadelik onttrek nie. Dit is egter van belang dat, indien dit aan ou lede verkoop word, die totale aandelebesit van die ou lede daarna dan nie groter as sy omset moet wees nie, want dan is dit 'n belegging met magsoorwig as doel, juis dit wat die koöperasie wil uitskakel.

Om saam te vat: aandelekapitaal blyk een van die beste en veiligste vorme van permanente kapitaal vir die koöperasie te wees. Dit geld nie net vir gebruik in die koöperasie self nie, maar ook vir gebruik deur die koöperasie vir die genoemde praktyk van handelsbeleggings. Die gebruik van aandelekapitaal hiervoor sal veral by die lid byval vind, omdat sy aandele dan in waarde sal styg. Gesien verder die groot risiko's wat die eksterne invloede op die finansieringsplan meebring, kan aandelekapitaal met groot vrug veral as 'n langtermynfinansieringsmiddel gebruik word. Dit sal grootliks die geval wees waar die langtermynkapitaal benodig word vir die skepping van byvoorbeeld bemarkings- of verwerkingsfasiliteite.

6.2.2. Reserwes.

Alvorens ons reserwes as 'n koöperatiewe finansieringsmiddel bespreek, moet ons reserwes eers probeer definieer. Die "W.P. voor het bedrijfsleven"¹⁾ definieer reserwes as "reserve is ingehouden winst." Die "Pitman's dictionary of industrial administration"²⁾ definieer dit as "a sum set aside sometimes out of capital, but usually out of revenue, either as a charge against it, or an appropriation of profits, in order to meet a known or contingent liability, or in order to strengthen the position of an undertaking so that it may successfully weather times of financial depression and bad trade".

Beide definisies stem saam dat reserwes net kan ontstaan indien werklike fondse teruggehou word. Die definisie van Pitman se woordboek gaan egter verder om te sê dat reserwevorming uit kapitaal net in die spesiale geval kan wees waar dit uit winste voor inkorporasie of uit premies by aandeleuitgifte opgebou is. Dit is dan ook net beskikbaar om kapitaalverliese mee te dek. Enige kapitale reserwes wat byvoorbeeld ontstaan uit die herwaardasie van eiendomme ens. is dus nie reserwes in die ware sin van die woord nie.³⁾

Dit bring ons by die vraag wat die doel van 'n reserwe is. Daarvoor moet ons eerste op die verskeie tipes reserwes let. Die Pitman-woordboek⁴⁾ verdeel reserwes in drie groepe:

- 1) spesifieke reserwes, byvoorbeeld vir slegte skulde, die gee van korting, die aflossing van obligasies ens;
- 2) kapitale reserwes, soos reeds omskryf;
- 3) algemene reserwes, wat uit winste geskep word vir onbekende gebeurlikhede of as 'n middel tot langtermynkapitaal.

Gorstenberg⁵⁾ noem weer die volgende tipes reserwes:

- 1) waardasiereserwes, dit wil sê om 'n bate se waarde reg te stel, soos waardevermindering. Hierdie reserwe stem ooreen met die spesifieke reserwe in die vorige afdeling.
- 2) lastereserwe, ter aflossing van 'n bekende las waarvan die omvang nog nie bepaal is nie. Dit stem ook ooreen met die

1) W.P. voor het bedrijfsleven. op. cit., p.439.

2) Lee (red.), Pitman's dictionary of industrial administration. op. cit., p.736.

3) Vergelyk die W.P. voor het bedrijfsleven. op. cit., p.439.

4) Lee (red.) Pitmans dictionary. op. cit., p.736-739.

5) Gorstenberg, C.W. Financial organization and management of business. Prentice-Hall, 1959. pp. 394-396.

spesifieke reserwe in die vorige indeling.

- 3) surplusreserwes, wat vir hom dieselfde betekenis het as die algemene reserwe in die vorige indeling.

Die eerste tipe reserwe, naamlik die spesifieke reserwe, kan as 'n voorsiening of bewilling gesien word. Volgens die Maatskappywet se woordomskravings "beteken bewilling, behoudens subparagraaf (2) van hierdie paragraaf, enige bedrag wat afgeskryf of behou word by wyse van voorsiening vir waardevermindering of vernuwings van bates, of behou word by wyse van voorsiening vir enige bekende skuld waarvan die bedrag nie met redelike juistheid bepaal kan word nie." So gesien, behels hierdie reserwe in beginsel slegs 'n uitgestelde betaling en kan dit dus nie as 'n finansieringsmiddel gesien word nie.

Dit impliseer dat slegs 'n algemene reserwe werklik as 'n reserwe by 'n koöperasie kan geld. In die omskrywing deur die Pitman-woordeboek kan hierdie reserwe eerstens gebruik word om die posisie van die onderneming te versterk teen ekonomiese fluktuasies. Van der Meulen ¹⁾ noem dit die verbetering van die weerstandsvermoë van die onderneming. Tweedens kan hierdie reserwe gebruik word vir finansiering. Van der Meulen ²⁾ beklemtoon veral dat wins ook gereserveer kan word om daarmee die finansiële struktuur van die onderneming te wysig. Wanneer wins teruggehou word omdat die bestuur die solvabiliteit van die onderneming wil versterk, word 'n deel van die wins gebruik om vreemde kapitaal met eie kapitaal te vervang, of om nuwe uitbreidings deur middel van eie kapitaal te doen.

Vervolgens moet ons nou die algemene reserwes as 'n koöperatiewe finansieringsmiddel bespreek. In sy gewone vorm, dit wil sê as 'n fonds wat opgebou word deur die terughouding van 'n gedeelte van die surplus by 'n koöperasie, kan dit nie as 'n koöperatief korrekte finansieringsmiddel gesien word nie. Die rede is omdat ons die koöperasie as 'n onselfstandige hulporgaan beskryf het. 'n Reserwe as finansieringsmiddel wat nie op lederekening staan nie maar slegs as 'n fonds binne die koöperasie bestaan, dra dus net by tot verselfstandiging van die koöperasie. So sê Ter Woorst ³⁾ "Het kenmerkt nu van het toevoegen der periodieke overschotten aan de reserves of het vermogen der periodieke overschotten aan de reserves of het vermogen der coöperatie lijkt ons te zijn, dat de persoonlijke en recht-

1) Rädcl en Reynders (red.), op. cit., p. 377.

2) Ibid.

3) Ter Woorst, op. cit., p. 108.

streekse aanspraken der leden op de overschotten worden omgezet in algemene of onnoembare aanspraken." Verder ¹⁾: "Door de vorming van algemene reserves in de coöperatie zelf, wordt de economische relatie tussen coopererende huishouding en coöperatief apparaat in zekere zin geweld aangedaan. Door de vorming namelijk van algemene reserves word de verselfstandiging, de institutionalisering der coöperatie bevorderd". Horryng ²⁾ kom tot dieselfde konklusie: "de coöperatie er niet zijn voor zichzelf, maar om het belang van de leden, als aanvulling op eigen landbouwbedrijven te dienen. Inhouding van winsten leidt ertoe dat er binnen de coöperatie een collectieve kapitaalvorming plaasvindten algemene nutte, waar de leden geen concrete op geld waardeerbare eigendomsrechten aan kunnen ontleden."

Wel kan die algemene reserwe as 'n finansieringsmiddel dien (veral vir permanente kapitaalbehoefte) maar dan moet dit op lederekening oorgeskryf word soos bonusaandele of roterende fondse wat eers by dood of uittrede terugbetaal word. Dan is dit egter nie meer 'n reserwe nie. Indien dit so gebruik word, kan dit nie net as 'n baie goeie bron van eie permanente kapitaal dien nie, maar ook as 'n goeie manier om die bespreekte beginsel van aanpasbare roterende kapitaal (in punt 4.4. van hoofstuk 4 bespreek), toe te pas, aangesien dit saam met die omset kan verander.

Dit beteken egter dat artikel 24(2) van die Koöperatiewe Wet die term reserwe verkeerd omskryf deur te bepaal dat "die reserwefonds van die maatskappy of vereniging... kan te eniger tyd aangewend word vir enige doel waarvoor die aandelekapitaal van die vereniging of maatskappy aangewend kan word..." Hierdie artikel in die wet moet dus geskrap word.

Die vraag ontstaan nou wat die werklike funksie van 'n reserwe by 'n koöperasie is en of dit ter verbetering van die weerstandvermoë van die koöperasie aangewend kan word.

Fundamenteel gesien, kan daar eintlik nie van koöperatiewe reserwes gepraat word nie, omdat alle risiko's op die lede moet neerkom. Selis kapasiteitskorreksies en moontlike verliese wat die koöperasie mag ly, moet van die lede gevorder word. Dit is egter duidelik dat so 'n siening in die moderne gekompliseerde ekonomie met al sy risiko's tot chaos sal lei en dat geen koöperasie vir lank sal kan bestaan nie. Hier dink ons veral

1) Ter woorde, op. cit., p.108.

2) Horryng, op. cit., p.16.

aan die aard en omvang van die eksterne invloed op die finansieringsplan. Daarom moet ons, wat die noodsaaklikheid van reserwevorming by die koöperasie aanbetref, saamstem met Horryng¹⁾ dat: "...zonder deze toevoeging zou de coöperatie geen bedrijfs-economisch perspektief hebben en zou zij het met de continuïteit van de bedrijfsvoering niet al te nauw behoeven te nemen. De bedrijfsverschotten, de winst, zoals de boeken het aangeven, behoeft bij het volgen van het continuïteitsgedachten niet gelijk te zijn aan de uitkoerbare winst".

Dit beteken dat 'n koöperasie wel reserwes mag hê om die weerstandsvermoë van die koöperasie te verbeter en om as 'n oorbruggingsfinansieringsmiddel te dien vir ekonomiese en ander konjunktuurkorreksies. So gesien, kan reserwes selfs vir 'n taamlike lang termyn as oorbruggingsfinansiering gebruik word. Indien die algemene reserwe byvoorbeeld as oorbruggingsfinansiering gebruik word nadat 'n gebou afgebrand het, kan dit vir 'n taamlike lang tyd daarin gebruik word; dan word dit egter permanent in die gebou belê. Wel kan die algemene reserwe in hierdie geval as 'n finansieringsmiddel gebruik word deur dit byvoorbeeld permanent in die gebou te laat, maar dan moet dit as 'n vorm van ledekapitaal op lederekening oorgeskryf word om nog koöperatief korrek te wees. In so 'n geval moet die algemene reserwes dan dadelik weer aanvul word om nog sy werklike doel te kan dien, en om daarvoor beskikbaar te wees.

Hieruit volg dit dat die algemene reserwe altyd sover moontlik in 'n redelik likiede vorm beskikbaar moet wees indien dit nog sy doel wil dien. Indien dit dus in die produksieproses as finansieringsmiddel belê is, is dit, afgesien van die feit dat dit onkoöperatief is, dan ook nie veel werd as 'n middel om die weerstandsvermoë te verbeter of as oorbruggingsfinansiering by kapasiteits- of ander konjunktuurkorreksies te dien nie. Daarom is Van der Meulen²⁾ korrek as hy sê: "In hierdie geval moet teenoor so 'n reserwe...n maklik in geld omskepbare bate aanwezig wees. Weerstandsvermoë word alleen opgebou indien die onderneming ook werklik instaat is om die onverwagte likiditeitsstekorte aan te vul sonder om 'n beroep op die kapitaalvervaarders te doen."

Dit is verder logies dat hierdie algemene reserwes by die koöperasie belasbaar is. Dit word uit die surplus opgebou,

1) Horryng, op. cit., p.17.

2) Rädcl en Reynders (red.), op. cit., p.378.

en indien dit tussen die lede as bonus verdeel is, sou die lede daarop belasting betaal het. Voorsienings, omdat dit op uitgestelde betalings neerkom, kan egter nie by die koöperasie belasbaar wees nie. Indien hierdie voorsienings egter buite belê word en 'n inkomste aan die koöperasie bied, is dit logies dat sodanige inkomste by die koöperasie belasbaar is.

6.2.3. Roterende kapitaal.

In die praktyk vind ons vandag hoofsaaklik drie vorme^{I)} van roterende kapitaal. Hulle is:

- 1) Heffingsfonds. Dit behels 'n bedrag per eenheid produk of persentasie-heffing op die waarde per eenheid, en dit word op lederekening gekrediteer. Dit roteer gewoonlik oor vyf jaar of langer. Dit is dus mediumtermyn van aard en soms nie rentedraend nie.
- 2) Ledeheffingsfonds. 'n Bedrag per eenheid produk of persentasie-heffing op eenheidswaarde. Dit word op lederekening gekrediteer en trek soms rente, wat dikwels ook op die lederekening gekrediteer word en nie aan die lid uitbetaal word nie. Hierdie fonds roteer gewoonlik tot die lid se uittrede of dood, waarna dit uitbetaal word, mits alle ander verpligtinge van die lede voreffen is.
- 3) Uitgestelde bonusbetalingsfonds. In plaas daarvan dat die bonus uit die jaarlikse oorskot in kontant aan die lede uitbetaal word, word dit in 'n fonds op lederekening gekrediteer. Dit kan rente verdien of nie, en oor 'n vaste termyn (byvoorbeeld 5 jaar) roteer of eers by uittrede of dood uitbetaal word.

Ons het reeds in hoofstuk 4 (afdeling 4.2) gesien dat die proporsionaliteitseis 'n belangrike aspek by koöperatiewe finansiering vorm, veral ten opsigte van die eie kapitaal. By die roterende kapitaal vind ons hierdie beginsel in 'n groot mate teenwoordig. So beweer Groven²⁾: "Dit financieringsstelsel sluit ook bij uitstek aan op het wezen van het coöperatieve vereniging. Hierdoor wordt bevorderd dat de coöperatie door degenen, die daaraan deelnemen, wordt gefinancierd in verhouding tot de omvang van de zaken, die zij met de coöperatie

I) Meegedeel deur persone in die praktyk.

2) Groven, J.C. Is de wijze van financiering der landbouwcoöperaties in Amerika vir ons leerzaam? In Coöperatie, 151, 176/1953. p.132.

doen. De leden financiert die coöperatie niet omdat zij daar een goede belegging in zien, doch omdat de coöperatie de verbetering van voorsiening in hun bedrijfsbehoeften beoogt, onverschillig of dat nu afzet of aankoop is".

Dit bring ons dan by die implikasies van die roterende kapitaal vir die lid, veral by die vorme wat oor 'n korter tyd roteer. Veral die korttermyn vorme van roterende kapitaal beteken vir die lid dat sy kapitale bydrae tot die koöperasie in 'n groot mate in reële terme gesien intak bly, omdat die omlooptyd daarvan gewoonlik sodanig is dat kruipende inflasie nie 'n wesentliche merk daarop kan laat nie. Dit sal egter nie die geval by die langtermynvorme daarvan wees nie. Die lid sal beslissig ook minder omgee om nou belasting op die bedrag te betaal as hy weet dat hy dit weer binnekort sal terugkry. Die sielkundige faktor van die wete dat hy die geld tot 'n groot mate in reële terme intak sal terugkry, al betaal hy intussen weer aan 'n volgende eenheid roterende kapitaal (die sogenaamde ewigdurende betaling), dra daartoe by om die aantreklikheid daarvan as finansieringsmiddel vir die boer te verhoog. Dit kom daarop neer dat die boer nie belangstel in 'n inskrywing op sy naam in die boeke van die koöperasie soos wat dit die geval by koöperatiewe aandele is nie; hy voel hy sal dit nie weer kry nie, en as hy dit wel kry, dan is dit nie meer veel werd nie. Hy wil die bedrag in sy hande voel, of ten minste versekerd wees hy sal dit terugkry. Met veral die korttermynvorme van roterende kapitaal kry hy dit wel gou terug.

Roterende kapitaal lei ook verder daartoe dat die lid dit as sy bydrae tot die koste van die koöperatiewe aktiwiteit beskou, dus 'n tipe van voorafbetaling, eerder as 'n beleggingsvorm. Hierdie idee het veral in Amerika, waar heelwat roterende kapitaal gebruik word, sterk veld gewen. Hulle gaan dan ook grootliks uit van die gedagte dat die grootte van die bedrag wat die lid in die koöperasie stort, genoeg prikkel vir hom moet wees om genoeg aandag aan die koöperasie te gee. Volgens hulle lê die kiem van die nislukking van koöperasie in die te klein oë kapitaal wat nie genoegsame belangstelling wek nie. Greven¹⁾ beweer dan ook: "De boer behoort dan ook meer dan een deelgenoot in zijn coöperatie te zijn; hij is er een deel van. De V.S.A. coöperator vereenzelvicht zijn coöpera-

1) Greven, op. cit., p. 133.

tie met de totaliteit van de in haar samenwerkende leden en hij vind het dan ook een natuurlik saak, dat allereerst die leden selve middelen aan die coöperatie verskaffen". Roterende kapitaal het ook by sommige van hulle groot koöperasies 'n groot hulpmiddel in die opbou van die koöperatiewe moraal geword, asook 'n middel tot die uitdra van die koöperatiewe idee onder die lede. Dit dien as 'n herbeklemtoring van die persoonlike aspek wat so belangrik is by koöperasie. Dit skakel dan ook soms die wrywing wat daar tussen ou en nuwe lede oor gevormde reserwes ontstaan uit, daar die nuwe lede dan nie so swaar op die kapitaalbydrae van die ouer lede steun nie.

Roterende kapitaal het die verdore voordeel dat dit proporsioneel met die koöperatiewe uitbreiding toeneem. Die groter benodigde kapitaal in die uitbreidingsfase, veroorsaak deur die groter declname van die boer, kom in 'n belangrike mate gou en direk beskikbaar, hoewel dit miskien 'n jaar agter sal wees omdat dit op die vorige jaar se omset bereken sal word.

Die feit dat die heffing op die vorige jaar se omset gebaseer is, kan dikwels meebring dat, as gevolg van die fluktuierende aard van die landbou-omset, 'n goeie jaar op 'n swak jaar kan volg, wat dan tog 'n kapitaaltekort kan meebring. Ons het gesien dat hierdie fluktuasies deur reserwes oorbrug moet word. Roterende kapitaal kan egter ook baie nuttig vir hierdie doel gebruik word. Uiteraard loop die roterende kapitaal oor 'n paar jaar om, en is daar op 'n sekere tydstip meer as een fonds in omloop. Oor 'n termyn gesien, is dit dus duidelik dat 'n goeie jaar, volgende op 'n swak jaar, nie noodwendig so 'n sterk invloed sal hê nie, aangesien dit oor die omlooptermyn 'n gemiddelde opwaartse neiging sal meebring. Die oorbrugging in die finansiering van hierdie fluktuierende kapasiteit van die koöperasies, (die kapasiteit word vir 'n termyn en nie vir slegs 'n sekere jaar geskep nie; vergelyk punt 5.3. in hoofstuk 5) blyk dan, aanvullend tot ander mediumtermyn finansieringsvorme, een van die take van die korter vorme van roterende kapitaal te wees.

'n Verdere nut van roterende fondse is dat dit uiters geskik is vir die finansiering van mediumtermynbehoefte. Veral die meer korttermynvorme daarvan, naamlik heffingsfondse, sal daarvoor geskik wees. Soos later aangetoon sal word, is dit veral van belang by die al groter wordende benodigdhede-aktiwiteit van die verskeie koöperasies, veral omdat hulle nie hierdie

termynlenings vir boerderybenodigdhede van die Landbank kan kry nie. Dit is duidelik dat langtermynkapitaal eerder vir langtermynbehoefte gebruik moet word as vir die finansiering van hierdie mediumtermyn-omset, en veral die daarmoegepaardgaande voorrade. Die finansiering hiervan deur roterende kapitaal word 'n al belangriker gebruik van dié soort kapitaal.

Dit wil egter nie sê dat roterende kapitaal net as 'n mediumtermynfinansieringsmiddel gebruik kan word nie. Die ledeheffingsfonds, asook die uitgestelde bonusbetalingsfonds, roter gewoonlyk eers by die dood of uittrede van die lid en is as sodanig langtermyn- en soms selfs permanente kapitaal indien die boer baie lank 'n lid bly. Hierdie twee vorme kan met groot vrug as permanente of langtermynkapitaal gebruik word, veral om die uitbreiding van nuwe geboue of kapasiteite mee te finansier. Dit is veral geskik daarvoor, omdat dit saam met die omset wil sel en dus maklik by die voorgestelde toepassing van die beginsel van aanpasbare roterende fonds¹⁾ sal inpas.

Die vraag ontstaan nou of roterende kapitaal eie kapitaal is (dus risikokapitaal) en of dit as 'n ledelening aangemerkt moet word en dus geen risiko dra nie. Daar is reeds in hoofstuk 2 aangetoon dat die koöperasie 'n onselfstandige hulporgaan vir die lid is, en dat koöperatiewe finansiering noodwendig die proporsionaliteitseis as die ekonomies mees billike voorwaarde vir die lid se kapitaalbydrae moet stel. Verder is aangetoon²⁾ dat, met hierdie proporsionaliteitseis, via die konsep van die aanpasbare roterende fonds, koöperatief geen fout te vinde is nie en dit as 'n baie korrekte middel vir lededefinansiering gesien kan word. Bowendien, as 'n lid se kapitaalbydrae sy proporsionaliteitsbydrae oorskry, is dit nie verkeerd indien die oortollige kapitaal aan hom terugbetaal word nie. Roterende kapitaal kom op presies dieselfde beginsel neer, al verskil is dat dit oor 'n vaste periode roteer en dan terugbetaal word. Dit lyk onlogies om te redeneer dat kapitaal wat die lid aan sy koöperasie vir 'n sekere tyd gee nie as eie kapitaal (en dus risikokapitaal) beskou kan word nie. Die lid kan tog nie aan 'n instansie wat niks anders is as 'n onselfstandige verlongstuk van sy boerdery (en dus van homself) geld leen nie.

Ondanks bogemelde stellings, is daar tog sekere omstandighede waarin roterende kapitaal sterk neig om 'n lening te word.

1) Kyk afdeling 4.4. in hoofstuk 4.

2) Ibid.

Vroeër is reeds vlugtig melding gemaak van die feit dat roterende kapitaal nie noodwendig rente hoef te verdien nie. Dit kan egter gebeur dat 'n fonds 'n relatief lang leeftyd het, en dat 'n spesifieke lid, wat aan die begin van die fonds 'n groot omset en dus bydrae daartoe gehad het, teen die einde van die fonds 'n heelwat laer omset het. Dit beteken dus dat hy in werklikheid meer kapitaal (wat dus risiko dra) in die koöperasie het as wat sy gebruikmaking van die koöperasie nou regverdig. In werklikheid kom dit dus nou daarop neer dat hy 'n deel van die ander lede se risiko dra. Greven¹⁾ se opvatting in die verband is:

"Where members provide their co-operative with revolving capital in proportion to the use they make of their association, there would seem little point in paying either interest or dividend on such capital. However, where a co-operative has been operating for a number of years and there has been changes in membership and business volume, the revolving fund method does not always result in equitable financing as between members."

In sulke gevalle is die betaling van rente geregverdig, maar dan het dit die vorm van leenrente (omdat dit ander lede se risiko dra) en nie die vorm van dividend nie. Dit is verder ook duidelik dat, hoe langer die termyn van die fonds, hoe meer kan dit neig na ledeleninge in plaas van die kapitaalbydrae van die lid in verhouding met sy koöperatiewe gebruikmaking. Dit wil voorkom asof die betaling van rente, veral oor die langtermyn, geregverdig is. Hier geld natuurlik weer die stelling dat hier in beginsel nie 'n maksimum rente neergelê kan word nie.

// 'n Verdere aspek van roterende fondse is dat dit nie net die risikokapitaal van die koöperasie verhoog nie, maar ook die lid se kredietwaardigheid proporsioneel met sy omset laat verander. Dit vorm saam met sy aandelebesit 'n basis vir kredietverskaffing aan hom, en het die voordeel dat dit meer outomaties saam met sy werklike kredietwaardigheid (namate sy omset wissel) verander. Chater²⁾ beweer: "When a member contributes to the capital of his co-operative in any way, he automatically provides a basis for according him credit. The higher his shareholding or his contributions under a revolving capital

1) Greven, N., Hulbert, A. en Gardner, K. How about interest or dividend on revolving capital? In News for farmer cooperatives, 24/7/1957, p. 8.

2) Chater, S.W. Eerste kortkursus in koöperasieleer. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1954, p. 108.

scheme, the greater the credit that can be given to him. In other words, the member provides collateral security additional to that of his crops and livestock which of course would be pledged to the co-operatives giving any extended production credit".

Opsommend sien ons dus dat roterende kapitaal nie net 'n koöperatief korrekte finansieringsmiddel is nie, maar dat dit ook 'n medium- en langtermyn-, sowel as 'n permanente finansieringsmiddel is. Ons moet dus saamstem met Chater^{I)} in sy opsomming van die voordele daarvan: "The advantages of revolving capital is that the member is making a cash saving which he otherwise probably would not make; he is helping to finance his co-operative in proportion of the use he makes of its services and, finally, he remains loyal to his co-operative because his savings are in his co-operative. A further advantage is that he is forced to realise that he is his co-operative and his co-operative is he. Consequently he takes a very active interest in its affairs".

6.2.4. Lenings.

6.2.4.I. Algemeen.

In hierdie afdeling word eers kortliks op die algemene aard van lenings en die geskiktheid daarvan as koöperatiewe finansieringsmiddel gelet, alverens ons die verskillende vorme daarvan van naderby beskou. Soos in die vorige afdelings sal ons hier ook net tot die algemene aard en kenmerke van lenings beperk bly; die diepere uitwerking en aanpassing daarvan sal by die verskillende produkte gedoen word.

Ons het reeds op die verskil in die benadering tussen die koöperatiewe en winsondernemings gelet. Wat die finansiering aanbetref, gaan dit by die winsmaatskappy om die winsgewendheid as doel, terwyl dit by die koöperasie meer om die hulporgaan en dus die onafhanklikheidsdoel gaan. Die kapitaal moet dus die basis van koöperatiewe finansiering vorm. Uit sy wese kan 'n koöperasie nie juis van die begrip van "trading on the equity" gebruik maak nie; die belaggingsaspek daarvan is vreemd aan die koöperatiewe aard. Maar dit wil nie sê dat die koöperasie gladnie van leningsfinansiering nag gebruik maak nie.

I) Chater, op. cit., p.109.

Hy kan dit met vrug gebruik waar dit goedkoper as die kapitaal is, byvoorbeeld by seisoens- of skommelende aktiwiteite waar die kapitaal vir 'n groot deel van die jaar onproduktief sou lê. Goedkoop of makliker bekombare lenings kan egter nie as plaasvervanger vir die kapitaal dien nie, omdat dit nie net een van die belangrikste doeleindes by die koöperasie, naamlik sy onafhanklikheid (dit was een van die stigtingsredes) benadeel nie, maar ook daarvan 'n beleggingsplek vir buiteorgane maak.

Die aard van die landboukoöperatiewe proses is ook sodanig dat buite instansies nie altyd gretig is om in die landboukoöperasies te belê nie. Dit volg veral omdat:

- 1) krediet aan landboukoöperasies dikwels spesiaal aangepasde krediet moet wees, gewoonlik vir 'n langer termyn as die gewone, en indien daar 'n misoes is, moet die rentebetaling uitgestel kan word;
- 2) baie van die lenings vas belê word in skure op afgeleë plekke waar hulle, indien hulle by insolvensie verkoop moet word, slegs 'n afbreekwaarde het. Dit op sigself vorm 'n onaantreklike belegging;
- 3) afgesien van die natuurwisselvalligheid is landbou gedurig aan stygende produksiekoste en gelykblywende of dalende pryse onderhewig, wat as 'n verdere afskrikmiddel vir beleggers van buite dien.

Dit kom hoofsaaklik daarop neer dat buitefinansiering nie net die doel waarvoor die koöperasie gestig is, kan ondermyn nie, maar dat dit ook as gevolg van die fluktuerende en dus groter risiko-aard van die landbou tot illikiditeit in die koöperasie kan bydra. Hier word veral aan die vaste rentelas en die aflossingseis gedink.

Ons bespreek vervolgens die verskillende leningsbronne, naamlik die Landbank en die handelsbanke.

6.2.4.2. Landbanklenings.

Die Landbank is 'n statutêre liggaam met sekere spesifieke take. Dit verskil van ander finansiële instelling in soverre dat dit nie 'n inrigting is op soek na beleggingsgeleenthede vir kapitaal, of wat dit versamel deur gelde van beleggers te lok deur laasgenoemde 'n aantreklike rentekoers aan te bied nie.

Soos van Heerden¹⁾ dit stel is die besigheid van die Landbank om onder andere "geld aan enige koöperatiewe vereniging of maatskappy voor te skiet om teen pakhuiskwitasies, wat deur 'n bank of koöperatiewe vereniging of maatskappy aangebied word as onderpand, voorskotte te maak, en om die uitvoering van kontrakte deur koöperatiewe verenigings of maatskappye te waarborg. Voorskotte kan deur die Landbank òf aan so 'n vereniging òf maatskappy toegestaan word vir enige wettige doel waartoe dit behoortlik gemagtig mag wees en op sodanige voorwaardes as wat die raad mag bepaal."

Met die verloop van tyd het die posisie sodanig verander dat die Landbank, benewens die sekuriteit van die produkte, ook nog die aandelekapitaal en bates van die koöperasie as sekuriteit by sekere soorte lenings gevra het. Hoewel die posisie veral na die koms van die eenkanaal vasteprysbemarkingsrade verbeter het in die sin dat die prys- of leningsrisiko ten opsigte van die bemarkingsaspek van die koöperasie op die bemarkingsraad afgeskuif is, bly die sekuriteitsvraag van die Landbank nog belangrik, veral onder die ander tipe beheerrade. As in aanmerking geneem word dat die Landbank hoofsaaklik die primêre aktiwiteite van 'n koöperasie finansier en daarvoor feitlik sy hele omsot, aandelebesit en bates as sekuriteit vra, gebeur dit soms dat slegs die vertroue in die bestuur van die koöperasie as sekuriteit deur die ander buite instansies vir verdere addisionele lenings aanvaar moet word.

Ons gaan dus nou die verskeie vorme van Landbanklenings en hulle aard nagaan, om sodoende hulle geskiktheid as koöperatiewe finansieringsmiddel te beoordeel.²⁾

Die lenings aan koöperasies word verdeel in korttermyn- of sogenaande kaskredietlenings, en paaiementslenings (dus langtermyn). Mediumtermynlenings word nie aan koöperasies gegee nie, maar wel aan boere self. Wat die korttermynlenings (kaskredietlenings) aanbetref, word dit in paragraaf 36 van die finansiële handleiding vir Landbankamptenare gedefinieer as "'n rekening waarop vir die duur daarvan soos deur die raad bepaal, van tyd tot tyd geld uit die bank getrek of aan die bank terugbetaal kan word onder voorbehoud dat die totale bedrag op die rekening aan die bank verskuldig nie te eniger tyd die hoogste

1) Van Heerden, F.G. Die Landbank en die finansiering van koöperasies. Derde kortkursus in koöperasielêre, Stellenbosch.
2) By die bespreking daarvan sal hoofsaaklik uitgegaan word van die finansiële handleiding opgestel vir amptenare.

bedrag deur die raad vasgestel oorskry nie." Paragraaf 54 van die handleiding bepaal dat die korttermynlenings nie slegs be-doel is om voorskotte of betalings te maak ten opsigte van pro-dukte wat deur produsente gelewer word nie, maar ook om lede van koöperasies te voorsien van saad, bemestingstowwe, insekte-doders, pakmateriaal, berokingsmiddels, en ander primêre pro-duksiemiddele. Hierdie lenings is dus hoofsaaklik om die koöpe-rasie met die bemarkingsproses te help.

Die omvang van hierdie lenings verskil van geval tot ge-val en word gewoonlik vir 'n maksimum termyn van 18 maande toe-gestaan. Die werklike omvang van die lening wat die raad sal toestaan as persentasie van die totale gehanteerde oes van die koöperasie, hang dikwels ook van die aard van die betrokke land-bou-aktiwiteit af, byvoorbeeld by bederfbare produkte is die bank nie bereid om die volle waarde van die produk as lening toe te staan nie. Selfs by produkte wat deur 'n beheerraad be-heer word, is die Landbank nie geneë om die volle vasgestelde prys per sak as lening voor te skiet nie. Die raad magtig ge-woonlik 'n betaling gelykstaande aan 90% van die prys, maar om-dat die verskeie skemas vereis dat agente (insluitende koöpe-rasies) die vasgestelde prys of voorskot, wat die geval ook al mag wees, aan die produsente uit te betaal, het die beheerrade tot dusver ingewillig om 'n waarborg aan die Bank te verskaf, gelykstaande aan die verskil in die produsent se prys en die Bank se voorskot. Die Bank finansier dan die volle bedrag aan die koöperasies as beheerraadagente vir uitbetaling aan die produsente. Dit kom dus daarop neer dat by die beheerde pro-dukte die Landbank 100% lenings toestaan. By die onbeheerde produkte is die persentasie leningsvoorskot elk op meriete, en gewoonlik binne die perke wat die betrokke koöperasie se statuut as voorskot aan die boer voorskryf. Die vraag na die betrokke produk in die privaat handel speel hier egter ook 'n groot rol. Is dit 'n gewilde produk waarvoor die vraag groot is, is dit logies dat die koöperasie ten minste dieselfde voor-skot aan die boer moet kan gee as sy mededinger in die privaat handel, anders sal die koöperasie van sy lede aan die privaat handel verloor. Die Landbanklenings sal dan 'n groter persen-tasie behels as wat andersinds die geval sou wees.

Wat die doel van hierdie lenings betref, word dit hoofsaak-lik vir oesfinansiering toegestaan, Paragraaf 56 van die hand-leiding bepaal dat "Behalwe in uitsonderlike gevalle staan die

raad ook nie lenings toe aan koöperasies vir die betaling van bedryfsuitgawes nie." Wat boerderybenodigdhede aanbetref, is die bank se standpunt die volgende: by finansiering van boerderybenodigdhede en ander implemente is dit die gebruik om die bedrag van die rekening te beperk tot 'n redelike persentasie van die normale gemiddelde waarde van voorrade wat gehou word. Die bank finansier nie uitstaande lenings van lede soos by sakke en kunsmis nie. Dit is duidelik dat lenings vir hierdie doel net tot die minimum kapitaal in die voorrade belê beperk sal wees. Wat vervaardiging aanbetref, is die uitgangpunt soos volg: By vervaardigingskoöperasies finansier die Landbank nie net die primêre produk nie, maar ook ander grondstowwe en verpakkingsmateriaal. Soms word 'n bepaalde koöperasie ook toegelaat om fabrieks- en ander uitgawes te trek. Dit is egter duidelik dat die Landbank net primêre produksie finansier, en nie ook sekondêre nie.

Die sekuriteit wat die Landbank vir hierdie korttermynlenings vra, word in paragraaf 56 van die handleiding gestel as:

- 1) Die waarde van die landbouprodukte, insluitende produkte daarvan vervaardig en alle artikels of stowwe uit 'n lening aangekoop.
- 2) 'n Verbod op die beslaglegging van die produkte en die opbrengs daarvan deur ander persone of instansies sonder die Bank se toestemming.
- 3) Persoonlike sekuriteit in die vorm van gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van die lede van die verenigings.
- 4) In die geval van maatskappye is elke lid persoonlik aan die Landbank aanspreeklik tot 'n bedrag gelykstaande aan wat hy uit die lening van die maatskappy ontvang het of wat deur die maatskappy uit die lening betaal is vir goedere wat aan hom verskaf is of vir dienste wat aan hom gelewer is.
- 5) Verdere persoonlike sekuriteit van lede van maatskappye is beskikbaar in die vorm van 'n sessie van die onopbetaalde aandelekapitaal en voorwaardelike aanspreeklikheid wat aan die aandele verbonde mag wees.
- 6) 'n Sessie van die bedrag van skulde wat aan die maatskappy verskuldig is of later verskuldig mag word.

Dit is duidelik dat daar nie veel sekuriteit vir ander buitelenings van korttermynaard naas dié by die Landbank oorbly nie. Vir so 'n koöperasie wat van die Landbank gebruik maak,

sal addisionele buitekrediet dus hoofsaaklik op die kredietwaardigheid van die koöperasie (via sy bestuur) gegrond moet wees. 'n Koöperasie wat nie oor eie mediumtermyn of korttermynfondse beskik vir byvoorbeeld verdere verwerking of kleinhandelsbemarking, of om die aanverwante dienste by produksie soos in hoofstuk 5.4.5 bespreek te lewer, sal hoofsaaklik net die primêre funksies (hoofsaaklik bemarking) kan verrig en sal dus byvoorbeeld die dienste by produksie of verdere verwerking of bemarking nie op 'n redelik uitgebreide skaal tot sy aktiwiteite kan byvoeg nie. Verder tref dit ook koöperasies wat op 'n groot skaal produksiekrediet aan sy lede vir 'n taamlike lang termyn moet gee, byvoorbeeld die vleiskoöperasies.

Wat die rentekoers op hierdie kaskredietlenings aanbetref, gebeur dit dikwels dat dit saam met dié van die handelsbanke varieer. Dit gebeur veral omdat die Landbank heelwat van sy geld vir oeslenings van die handelsbanke moet trek. In die reël is die rentekoerse van die Landbank gewoonlik laer as dié van die handelsbanke. Dit blyk uit die volgende tabelle wat die Landbank ¹⁾ se seisoensleningskoerse en die handelsbanke ²⁾ se koers op oortrokke rekening aantoon. Hierdie is die minimumkoers op oortrokke rekenings. 'n Koöperasie met swakker sekuriteit sal natuurlik 'n hoër koers betaal.

TABEL 13 - Rentekoerse vir seisoenslenings van die Landbank

5% vanaf 1.10.1912	5% vanaf 1.4.1952
7½% vanaf 16.7.1921	5½% vanaf 1.10.1955
7% vanaf 30.3.1922	5¼% vanaf 1.7.1958
6% vanaf 26.7.1922	5¼% vanaf 13.8.1960
6½% vanaf 12.11.1931	6¼% vanaf 12.5.1961
6¼% vanaf 1.6.1932	5¼% vanaf 31.12.1961
6% vanaf 1.3.1933	5½% vanaf 30.6.1962
5½% vanaf 1.7.1933	5% vanaf 30.11.1962
5% vanaf 16.6.1934	5½% vanaf 13.12.1964
4½% vanaf 1.7.1941	6% vanaf 15.3.1965
	7% vanaf 19.7.1966

- 1) Die rentekoerse is van die hoofkantoor van die Landbank verkry.
- 2) Verkry van die hoofkantoor van Barclays Bank. Die verskeie handelsbanke se koerse stem gewoonlik so nou met mekaar ooreen, dat hierdie syfers as verteenwoordigend van alle handelsbanke geneem kan word.

Tabel I4.Minimum oortrokke bankrekening-rentekoerse van handelsbanke.

5½% vanaf I.I.I939.	7% vanaf I5.5.I96I.
5% vanaf I3.6.I94I.	6½% vanaf I.I.I962.
4½% vanaf I.6.I946.	6% vanaf I.7.I962.
5% vanaf I7.I0.I949.	5½% vanaf I.I2.I962.
5½% vanaf I.4.I95I.	6% vanaf 24.7.I964.
6% vanaf I.I0.I955.	6½% vanaf I2.I2.I964.
6½% vanaf I.6.I958.	7% vanaf 8.3.I965.
6% vanaf 22.I.I959.	8% vanaf I5.7.I966.
6½% vanaf I9.8.I960.	8½% vanaf I.7.I967.
	8% vanaf IO.9.I968.

Wat die koste-aspek betref, is dit dus blykbaar vir 'n koöperasie voordeliger om gebruik te maak van daardie lenings wat die Landbank wel op korttermyn voorsien. Daar kan egter baie ander faktore wees wat hierdie geringere koste neutraliseer, byvoorbeeld dat die koöperasie met dieselfde sekuriteit by 'n ander uitloeninstantie 'n groter lening sal kry, wat miskien vir meer tipes aktiwiteite gebruik kan word. Dit is logies dat hierdie sekuriteitsvoorwaardes van die Landbank, al word dit prakties nie so streng toegepas nie, tog wel 'n koöperasie se totale moontlike aktiwiteite ernstig kan benadeel. 'n Voordeel van die Landbank se rente-aspek is egter dat, hoewel rente jaarliks op 30 Junie en 30 Desember betaalbaar is, dit gekapitaliseer word en eers op die vervaldag terugbetaal moet word. Hierdie vervaldatum is vasgestel, maar die Landbank laat dit soms tog toe dat die verskuldigde bedrag na 'n volgende termyn oorgedra word indien die boerderytoestande sodanig is. Dit is 'n groot voordeel, veral omdat die meeste koöperasies se hoofbron van inkomste as gevolg van die koöperasies se seisoensbenaringsaktiwiteit gewoonlik in 'n klein gedeelte van die jaar verkry word.

Die langtermynlenings van die Landbank is beperk tot die sogenaamde paaiementslenings. Paragraaf 7 van die genoemde handleiding stel dit: "Paaiementslenings word aan koöperasies toegestaan vir die doel om vaste eiendom of kapitaalbesittings aan te skaf, soos byvoorbeeld grond, geboue en toerusting. Die raad van die Bank is nie bereid om paaiementslenings toe te staan vir die doel om 'n koöperasie in staat te stel om fondse wat vroeër

aan kapitaalbatos bestee is te verhaal nie." Dit is dus duidelik dat hierdie tipe lenings net vir die kapitale toerusting van die koöperasie as sodanig bedoel is, en dan ook net vir primêre funksies, dus daardie funksies wat die boer andersins self sou moes verrig het. Die aankoop of finansiering van duur kapitale toerusting vir sekondêre verwerking of ten behoewe van hulle lede is nie hieronder inbegrepe nie.

Wat die sekuriteitstelling vir hierdie soort lenings aanbetref, stel paragraaf 10 van die handleiding dit soos volg:

- 1) 'n verband oor die vaste eiendom van die koöperasie en 'n notariële verband oor die roerende eiendom;
- 2) 'n sessie van die onopbetaalde aandelekapitaal, en die skulde (slegs by maatskappye);
- 3) 'n sessie van die assuransiepolissee oor die vaste eiendom en die roerende eiendom.

By die langtermynlenings bly daar dus ook nie veel sekuriteit vir ander buitelenings oor nie. 'n Algemene beginsel van die Landbank is dat die tasbare batos voldoende sekuriteit vir die lenings moet wees sodat dit nie nodig is om op persoonlike sekuriteit terug te val nie.

Die werklike persentasie van die lening wat die raad sal toestaan, hang af van die aard van die koöperasie en die doel waarvoor dit benodig word, maar as 'n algemene leidraad kan aangeneem word dat die Landbank kapitaal vir nie meer as 75% tot 80% van die totale behoefte sal voorskiet nie. (paragraaf 13 van die handleiding).

Die tydperk waarvoor hierdie lenings toegestaan word, word deur die raad na gelang van omstandighede vasgestel. Normaalweg is die tydperk 10 jaar, maar heelwat lenings word vir tydperke van tot 20 jaar toegestaan, veral aan wynkoöperasies vir die oprigting van koöperatiewe wynkelders. Hierdie lenings is egter net vir spesifieke doeleindes, en word nie soos kaskredietlenings vir 'n globale bedrag toegestaan nie. Waar die batos wat aangeskaf word egter van 'n kwynende aard is, word die tydperk soms tot so min soos vier jaar beperk.

Mediumtermynlenings word slegs aan boere en nie aan koöperasies gegee nie, gewoonlik vir 'n periode van drie tot vyf jaar. Hierdie mediumtermynlenings aan die boere is 'n groot hulp aan die koöperasies vir die voorsiening van kapitale boerderybenodigdhede, maar soos uit die praktiese analise afgelei kan word, kan dit nie in alle behoeftes van die boer voorsien nie.

Die rentekoerse vir hierdie langtermynlenings is ook gewoon-

lik laer as die van die handelsbanke, soos blyk uit tabel 17 wat die langtermynleningskoers van die Landbank aangee. Hierdie Landbankrentekoers moet in werklikheid met die oortrokke bankrekeningkoers van die handelsbanke vergelyk word. Die struktuur van handelsbanke in Suid-Afrika is sodanig dat hulle hoofsaaklik korttermynfinansiering verrig. Teoreties is hierdie oortrokke banklenings dus dadelik terugbetaalbaar. In die praktyk word oortrokke rekeningfasiliteite dikwels vir 'n aantal jare toegestaan, wat dit prakties die aard van 'n medium- en soms langtermynlening gee.

TABEL 15

Langtermynleningskoers van die Landbank aan koöperasies

5%	vanaf 1.10.1912
6%	vanaf 11.8.1921
5½%	vanaf 1.8.1930
5%	vanaf 1.4.1933
4½%	vanaf 1.4.1936
5½%	vanaf 1.8.1952
5¼%	vanaf 21.5.1959
6%	vanaf 17.7.1962

Wat hierdie lenings aanbetref, is die paaiemente en rente slegs een keer per jaar betaalbaar en wel op die leningsdatum.

Dit is duidelik dat, wat hierdie soort lenings aanbetref, dit ook vir 'n koöperasie goedkoper is om, waar sy leningsaktiwiteit wel deur die Landbank gefinansier kan word, daarvan gebruik te maak, alhoewel die koöperasie dan deur die sekuriteitsvoorwaardes grootliks aan een kredietverskaffer gebind is. Hierdie goedkoper lenings wat die koöperasies by die Landbank kry, het dikwels al aanleiding gegee tot klagtes van onregverdige mededinging en onregverdige bevoordeling van die koöperasies teenoor die winshandel. In die verband word met 'n aanhaling van Van Heerden¹⁾ volstaan: "The commission (Steenkampkommissie) does not recommend that co-operatives should be prohibited from manufacturing but it recommends that the Land Bank, and by implication other institutions giving aid under favourable conditions should abstain from financing manufacturing undertaken by co-operatives."

1) Van Heerden, J. Commissions Report: Some views. In Georganiseerde Landbou, September 1967. p. 19.

Why should capitalist firms then be assisted by way of favourable loan conditions from the I.D.C.?" Die wese van die saak is dat hierdie voordele gegee word ter implementering van sekere staatsbeleide, en nie noodwendig ter bevoorregting van sekere instansies nie. Hulp aan die landbou met die landboukoöperasies as die kanaal waardeur dit vloei, moet nie verwar word met hulp aan die koöperasies self nie.

As finansieringsmiddel is veral die korttermynlenings van die Landbank 'n uiters geskikte bron ten opsigte van primêre be-
marking en die voorsiening van produksiekrediet aan die lede. Die belangrikheid van die Landbank in die voorsiening van korttermynleenkapitaal aan koöperasies, word deur Jacobs¹⁾ onderstreep. Hy vind byvoorbeeld dat, as op die balansstaatposisie van alle landboukoöperasies op 30 Junie 1966 gelet word, korttermynlenings van koöperasies op daardie stadium R43.9 miljoen be-
loop het. Hiervan het die Landbank ruim R35.7 miljoen of 81% voorsien. Wat die langtermynlenings aanbetref, is dit slegs geskik vir periodes van nie langer as 20 jaar nie. Die Landbank is dus geen bron van kapitaal vir permanente finansieringsbehoef-
tes nie. As bron van langtermynkapitaal neem die Landbank egter 'n redelik belangrike plek in, veral ten opsigte van die finansiering van massahantering- en opbergingsfasiliteite. Jacobs²⁾ toon aan dat die saldo verskuldig deur die koöperasies vir paaie-
mentlenings van die Landbank vanaf R15,207,045 in 1963 gedurig toegeneem het tot die bedrag van R27,920,548 in 1967. Die saldo verskuldig vir paaie-
mentslenings vir massaopbergingsfasiliteite het vanaf R6,845,598 aan die einde van 1963 toegeneem tot R17,703,248 aan die einde van 1967.

6.2.4.3 Handelsbanklenings

Daar is reeds op gewys dat lenings van private instansies aan koöperasies spesiaal aangepaste krediet moet wees, en dat hulle dit dikwels nie as 'n winsgewende belegging beskou nie. Dit, tesame met die hoër rentekoerse as die Landbank, maak handelsbankbeleggings minder gewild. Dit lyk dus of dit meer net vir die heel korttermynfluktuasies in die kapitaalbehoefte geskik is, veral vir bedryfs- en administrasiekoste, waarvoor

1) Jacobs, D.J.L. Landboufinansiering met spesiale verwysing na koöperatiewe kredietinstellings in die V.S.A., Wes-Europa, Suid-Afrika en enkele ontwikkelende lande. Ongepubliseerde D.Comm. proefskrif, P.U. vir C.H.O. Potchefstroom, 1968 p. 587.

2) Jacobs, op. cit., p. 585.

dit dan ook in die praktyk gebruik word. Ons het reeds in die vorige afdeling gesien dat die oorgrote meerderheid van die koöperasies se korttermynlenings van die Landbank afkomstig is. Die rede is natuurlik dat dit hoofsaaklik vir bemerkingsdoelendes gebruik word. Die Landbank bied nie net 'n spesiaal aangepaste termyn van 18 maande daarvoor nie, maar gee dit ook teen 'n redelike lae rentekoers.

Wat die langtermynlenings aanbetref, is die handelsbanke normaalweg nie 'n faktor van belang nie. Die hele struktuur van handelsbankwese in Suid-Afrika is in elk geval nie op die gee van langtermynlenings ingestel nie, veral nie ten opsigte van die landbou met sy fisiese risiko's nie.

Waar koöperasies tog wel handelsbanke vir korttermynfinansiering gebruik, is dit suiwer op 'n kostebasis dikwels nie verkieslik nie, alhoewel baie koöperasies dit tog gebruik omdat hulle blykbaar makliker en in 'n groter mate, asook vir meer aktiwiteite daar kan leen as wat dit die geval by die Landbank is. Die vraag kan egter ook gestel word in welke mate vooroordeel of onkunde baie koöperasies die aangaan van landbanklenings weerhou. Dit wil voorkom asof daar nie altyd werklike bewyse van beter behandeling deur die handelsbanke as deur die Landbank is nie, en dat dit dikwels bloot uit gewoonte plaasvind.

6.2.5 Huurkoopfinansiering

In hierdie verband dink ons veral aan middeltermynkrediet, en dan hoofsaaklik vir implemente en boerderybenodigdhede, omdat hulle meesal 'n mediumtermyn omlooptyd het. Die Landbank gee nie eintlik lenings hiervoor nie. Aangesien die Landbank nie bereid is om groot hoeveelhede voorrade te finansier nie, word koöperasies derhalwe deur die Landbank aangemoedig om sovermoontlik die lede se bestellings vir onder andere implemente, toerusting, ens. self direk by leweransiers te plaas, en om dit dan self vir die lede te finansier. Die koöperasie kan egter wel op eie sterkte implemente aan die lede verskaf. Dit gee gewoonlik aanleiding daartoe dat slegs lede met goeie kredietwaardigheid gehelp kan word, terwyl die boere wat miskien daardie jaar weens die fluktuerende landbou-aard probleme ondervind, nie gehelp kan word nie. Dit kan egter nie van die koöperasie, wat miskien op daardie tydstip self swak daaraan

toe is, verwag word om die lid te help net omdat hy lid is en sodoende die koöperasie se moontlike voortbestaan daardeur in gevaar stel nie.

Die rede vir die Landbank se houding is natuurlik dat dit slegs 'n saak finansier as hy die pandreg daarop kan kry. Dit is om hierdie rede dat koöperasies nie juis implemente vir lede wil finansier nie, want dit kom gewoonlik op 'n huurkoop neer, wat die Landbank nie wil finansier nie. Dit sou beteken dat die koöperasie dit self moet finansier, wat heelwat van sy eie fondse dan vir 'n lang tyd in ledeskulde sou opsluit. Die koöperasies kan dikwels nie hierdie huurkoop by huurkoopfinansieringshuise gaan verdiskonteer nie, omdat die Landbank, indien die koöperasies lenings by hom het, gewoonlik op alle sekuriteit wat die moeite werd is, reeds 'n pandreg besit. Sodanige verdiskontering sal uit die aard van die landbou ook nie altyd so glad by die buite-instansies inskakel nie. Buitendien vra hierdie huise dikwels buitensporige rentes.

Die toenemende neiging tot meganisasie op plase, wat al hoe meer uit groot en duur masjinerie en implemente bestaan, oefen 'n groot druk op die boere en die koöperasies se kapitaalbehoefte uit. Oor die praktiese verloop van hierdie probleem van meganisasie en die moontlike nouer inskakeling van die koöperasie daarby, is reeds in die vorige hoofstuk gehandel. Daaruit het ons gesien dat daar 'n duidelike en wesenlike behoefte bestaan aan 'n instansie vir mediumtermynkrediet en huurkoopverdiskontering by koöperasies. Die fluktuerende aard van die landbou, die onsekerheid van produksie, die langsame omset, die natuur en ander tipiese kenmerke van die landbou, is almal faktore wat die finansiering van hierdie middeltermynkredietbehoefte van die lede deur die koöperasie self bemoeilik en selfs onprakties maak. Dit bring die behoefte aan 'n spesiale instelling vir hierdie tipe mediumtermyn- en selfs korttermynkrediet al sterker na vore. Of dit moet gebeur deurdat die Landbank dit self moet onderneem en of dit deur 'n koöperatiewe kredietinstansie moet geskied, is nie hier ter sprake nie. Die Landbank doen dit reeds in 'n mate deur sy hipoteeklenings aan boere, maar blykbaar nie op 'n groot skaal nie. Belangrik is egter die feit dat dit 'n spesiaal aangepaste vorm moet wees wat in die normale aard van die landbou en die landboukoöperasies sal kan inpas.

6.2.6 Huurfinansiering

Alhoewel die huurkontrak nie spesifiek net 'n koöperatiewe finansieringsvorm is nie, kan die belangrikheid daarvan vir 'n koöperasie nie geïgnoreer word nie. Die huur van vaste bates soos grond, geboue en bedryfstoeusting, bring mee dat heelwat minder vaste kapitaal benodig word en sodoende word meer bedryfskapitaal vrygestel wat die likiditeit en weerstandvermoë van die koöperasie kan vergroot. Die toenemende omvang van meganisasie en die koste van die produksieproses maak dit vandag vir baie ondernemings al moeiliker om hulle vaste bates ten volle self te finansier. So word daar gevind dat die huur van bedryfstoeusting deur alle ondernemings vanaf 3% in 1961 tot 25% in 1966 van die totale verkope van bedryfstoeusting gestyg het.¹⁾

Hierdie fenomenale styging in huuraktiwiteite is verstaanbaar as op die voordele van huur van bedryfs- en ander toerusting gelet word. Harrington²⁾ noem die volgende voordele:

- "1) He is relieved of the necessity to invest heavily in capital expenditure, yet at the same time he can enjoy the use of the most suitable and efficient merchandise over a period related directly to its usefulness.
- 2) The rentals he pay are regarded as part of operational expense for tax purposes. In other words the rentals are paid out of income before tax and not out of profit after tax, providing in effect the equivalent of 100 per cent depreciation over the full period of the lease.
- 3) Any business man will appreciate that it is not sound financing to raise additional capital for equipment, on which dividends will have to be paid long after the equipment has been scrapped.
- 4) Capital is released for more profitable use in the business in inventories which may turn over, say three times a year; to obtain cash discounts or to finance debtors.
- 5) The lessee can produce a far more liquid balance sheet. The goods will not feature as fixed assets because they belong to the owner or lessor, and unmatured rentals will not feature as liabilities in the formal accounts. As a result, short term facilities such as credit from suppliers and larger bank overdrafts will most certainly be more readily available.

1) Dagbreek en Sondagnuus Ekonomiese diens, 6.8.1967, p. 1.

2) Harrington, E. The advantage of leasing for the businessman. Sunday Times. Business Times, January 1968, p. 2.

6) Budgeting is facilitated.

7) When eventually the merchandise is sold the lessee receives the residual value less any sum owing to the lessor."

Wat 'n landboukoöperasie betref, sal huurfinansiering die volgende probleme meebring:

- 1) As gevolg van die feit dat die koöperasie se toerusting dikwels baie gespesialiseerd is, byvoorbeeld graansuiers of tabakverwerkingsmasjinerie, sal dit nie maklik te huur wees nie. Indien dit egter wel die geval is, sal die huurkoste daarvan so hoog wees dat huur nie ekonomies geregverdig sal wees nie.
- 2) Baie van die koöperasies se geboue is op die platteland gevestig (veral takke en depots), waar die moontlikheid vir herverhuring baie skraal is. Verhuring sal dan waarskynlik so duur wees dat dit nie ekonomies lonend is nie, tensy die huurkontrakte vir 'n lang tydperk is, of 'n ou gebou terloops beskikbaar is. 'n Lang huurtermyn kan miskien probleme meebring indien die koöperasie byvoorbeeld 'n tak wil verskuif of selfs sluit.
- 3) Huur kan ook, as gevolg van die vaste rentelas wat dit meebring, baie gevaarlik vir 'n koöperasie se likiditeitsposisie wees, veral in die landbou met sy groot fisiese risiko's.

Dit beteken dus dat van huur slegs gebruik gemaak kan word vir sekere bates wat redelik algemeen by die meerderheid tipe ondernemings aangetref word. Hieronder val veral kantoormasjinerie, asook sekere fabriekstoerusting. Waar dit ekonomies voordelig is, kan dit dus gebruik word.

6.3. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons die koöperatiewe finansieringsvorme nagegaan. Ten opsigte van aandelekapitaal sion ons dat die omvang en gewildheid daarvan as finansieringsmiddel steeds afneem. Die betaling van 'n vaste maksimum rentekoers op aandelekapitaal is ook nie 'n koöperatiewe beginsel nie. Hierdie rente het in werklikheid die aard van leenrente en die koers moet as sodanig verander kan word. Aandelekapitaal is egter een van die beste vorme van die kapitaal vir permanente behoeftes, asook 'n bron waaruit die praktyk van handelsbeleggings by koöperasies gefinansier kan word. Die belangrikheid van aandele word verder deur die feit versterk dat die eksterne invloede

op die finansieringsplan al hoe meer permanente eie kapitaal vereis.

Wat reserwes aanbetref, was dit duidelik dat slegs die algemene reserwe as 'n finansieringsmiddel kan dien. Dit is koöperatief gesien 'n vereiste dat die bedrag van die reserwes op lederekening oorgeskryf word, anders verselfstandig reserwefinansiering die koöperasie. Ons het tot die konklusie gekom dat reserwes slegs dien as 'n middel om die weerstandsvermoë van die koöperasie op te bou en as oorbruggingsfinansiering te dien. Daarom moet die reserwes likied wees. Indien die algemene reserwe op lederekening oorgeskryf word, kan dit 'n baie goeie bron van langtermynkapitaal word.

Roterende kapitaal pas baie goed aan by die proporsionaliteitseis en dus die koöperatiewe aard. Daarby is dit ook een van die beste metodes om die lid aktief by sy koöperasie te betrek. Die korter termyn vorme daarvan is geskik om saam met die reserwes die oorbruggingsfinansiering te behartig, asook die finansiering van die mediumtermynbehoefte. Die vorme wat eers by dood of uittrede roteer, is weer 'n goeie bron van langtermyn- en selfs permanente eie kapitaal.

Ten opsigte van lenings is die Landbanklenings die belangrikste. Die korttermynlenings van die Bank is uiters geskik vir gebruik by primêre bemarking en produksiekrediet, en word baie daarvoor gebruik. Langtermynlenings van die Landbank is egter nie van baie groot belang en omvang nie, hoofsaaklik omdat dit nie vir sekondêre verwerking gebruik kan word nie.

By huurfinansiering het dit ten slotte geblyk dat dit baie moeilik by geboue en sommige toerusting van toepassing kan wees as gevolg van die gespesialiseerdheid daarvan, maar dat dit hoofsaaklik vir bates van 'n meer algemene aard gebruik kan word. Huurfinansiering is dus nie belangrik by koöperasies nie.

HOOFSTUK 7.

DIE TOETSE VIR KOÖPERATIEWE FINANSIERING.

7.1. Inleiding.

In die voorafgaande hoofstukke is 'n poging aangewend om 'n ideaal tipiese model van landboukoöperatiewe finansiering daar te stel. Vervolgens is die taak om die praktiese finansiering van landboukoöperasies in Suid-Afrika te toets aan die hand van die beginsels wat deur die genoemde finansieringsmodel voorsien is. So 'n toetsing gee nie alleen 'n beeld van die verloop van die finansiële posisie van die betrokke groepe koöperasies nie, maar sal ook 'n aanduiding gee van die mate waarin die algemene finansieringsbeginsels wel op die Suid-Afrikaanse landboukoöperasies van toepassing is.

Voordat ons tot die ontleding van die werklike praktiese toestande kom, moet die metode van ontleding eers kortliks bespreek word.

7.2. Uitgangspunt by die analisemetodes.

Ons het in hoofstuk twee die koöperasie as 'n onselfstandige hulporgaan vir die beter uitvoering van die lid se ekonomiese aktiwiteite omskryf. Die koöperasie bestaan dus om 'n diens te lewer en die sukses daarvan word gemeet aan hoe goed hy hierdie taak verrig. Ons het verder in hoofstuk 4 (afdeling 4.2.) die uitgangspunt by koöperatiewe finansiering behandel. en gesien dat die finansiële struktuur 'n tweeledige aspek besit. Aan die een kant behels dit dat die koöperasie sy kapitaal op die mees ekonomiese (effektiewe) metode moet gebruik. Dit moet egter met die doelmatigheidsbenadering by die beplanning van die finansiële struktuur aangevul word. Die belangrikheid van laasgenoemde was veral duidelik by die praktiese implementering van die finansieringsplan (afdeling 4.4.). As ons die praktiese finansieringsverloop wil nagaan, moet ons dit doen na aanleiding van hoe ekonomies en doelmatig die genoemde koöperatiewe produksieproses (afdeling 3.3.2 in hoofstuk 3) gefinansier word.

Om dit te kan doen, maak ons van die metode van balansstaat-analise gebruik. Die metode van balansstaatverhoudingsyfers is

'n tegniek van ontleding wat baie algemeen gebruik word omdat dit 'n eenvoudige metode is om nuttige inligting te verkry. Maar dit moet in gedagte gehou word dat hierdie metode 'n vergelyking tussen twee groothede op 'n bepaalde tydstip is: dit gee dus slegs 'n momentweergawe in relatiewe terme. Dit is soms onbevredigend en selfs misleidend en daarom behoort hierdie metode deur ander metodes aangevul te word, sodat 'n beter beeld van die gang van die finansiële posisie verkry kan word. So sê Wessel¹⁾ byvoorbeeld van die balansstaatverhoudinge:

"Here we have a technique of presenting comparisons of the magnitudes of financial statement items in a simplified and meaningful manner. As such, it is a useful and perhaps indispensable part of the process of financial analysis. But we must emphasise that it is only a part of the process, a part which by itself in many instances could be quite inadequate and in some cases downright misleading. Only when employed in conjunction with other techniques, such as quantitative calculation of specific items, cash flow analysis and projection, and a study of the flow of funds, does it find its proper role."

'n Ander aspek van hierdie tegniek van balansstaatverhoudingsyfers is wat Foulke²⁾ die natuurlike besigheidsjaar noem. Hierdie natuurlike besigheidsjaar stel 'n tydperk van twaalf opeenvolgende maande voor wat eindig as die onderneming se jaarlikse siklus van aktiwiteite sy laagtepunt bereik. Daar is verskeie redes waarom Foulke noem dat dit wenslik is om die balansstaatsyfers by hierdie laagtepunt te gebruik om die verhoudingsyfers te bereken. Hulle is:

- 1) die balansstaatverhouding kom eers werklik tot sy reg as dit die analiseperiode as 'n eenheid kan neem. As die jaarlikse finansiële state dus op enige ander tydstip as die einde van die natuurlike besigheidsjaar opgestel en geanaliseer word, sluit dit dikwels die laaste helfte van die vorige jaar en die eerste helfte van die volgende jaar in. Geen duidelikheid word ten opsigte van een van die twee seisoene verkry nie;
- 2) die herhalende vermoë van die onderneming om telkens weer tot die seisoenale laagtepunt met die afsluiting van die natuurlike jaar te kom, is 'n duidelike bewys daarvan dat

1) Wessel, R.H. Principles of financial analysis. Macmillan Co., New York, 1961. p. 51.

2) Foulke, R.A. Practical financial statement analysis. Mc Graw-Hill Book Co., New York, 1961, p. 214.

die aard en omvang van die aktiwiteite, sowel as die kapitaal wat op hierdie laagtepunt van die jaar in die produksieproses opgesluit was, korrek was of nie;

3) finansiële state wat op die natuurlike jaar se laagtepunt opgestel word toon die vermoë van die onderneming aan om sy aktiwiteite aan die einde van die seisoen geheel af te handel en weer in 'n likiede vorm te bring.

Hierdie natuurlike-jaar analise raak by 'n landboukoöperasie nog belangriker as ons let op die seisoensverloop van die aktiwiteite van so 'n koöperasie. In hoofstuk 3 (afdeling 3.3.2) het ons gesien dat die koöperatiewe produksieproses gewoonlik 'n duidelike seisoensverloop vertoon. Die aktiwiteite van die koöperasie neem toe namate die produksieseisoen vorder en al meer produksiekrediet en boerderybenodigdhede aan die lede verskaf word. Die aktiwiteite bereik 'n hoogtepunt met die bemerking en/of verwerking van die produk. Daarna daal die omvang van die aktiwiteite geleidelik, totdat dit net voor die begin van die volgende produksieseisoen 'n laagtepunt en dus die einde van die natuurlike besigheidsjaar bereik. Hierdie verloop sal natuurlik verander indien die koöperasie meer as een produk hanteer wat in verskeie seisoene val. Die natuurlike besigheidsjaar sal dan minder duidelik en toepasbaar wees. Aangesien die praktyk wys dat die meerderheid landboukoöperasies se aktiwiteite om een hoofproduk draai en die ander produkte of aktiwiteite redelik nou by die hoofproduk aansluit, ook wat seisoensverloop aanbetref, kan ons aanvaar dat die natuurlike besigheidsjaar-analise wel hier van toepassing sal wees. Uit die analise van die praktiese finansiële verloop sal ons dan ook sien (hoofstukke 8 en 9) dat hierdie natuurlike besigheid-siklus wel van toepassing is op al die produkroepe wat in hierdie studie ondersoek word.

Die belangrikheid van die natuurlike besigheidsjaar balansstaat-analise word verder beklemtoon deur die feit dat hierdie laagtepunt die minimum kapitaal verteenwoordig wat in die verskeie balansstaatposte opgesluit is. Op die finansieringsplan toegepas, beteken dit dan ook die minimumkapitaal wat vir alle praktiese doeleindes van 'n langtermyn aard moet wees. Jones ¹⁾ kom ook tot hierdie konklusie. So gesien, kan balansstaatanalises wat aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar geneem word, van groot nut wees by die beoordeling van die

1) Jones, T.G op. cit., p. 42.

praktiese finansiële verloop.

Dit beteken dus dat, indien die balansstaat saamval met die natuurlike besigheidjaar se einde, wat dan gewoonlik ook die datum is wat die minimum kapitaalbehoefte in die verskeie poste behels, balansstaatanalises nie net 'n momentweergawe behels nie, maar eerder die finansiële verloop oor die hele natuurlike besigheidsjaar in ag neem, dit wil sê wat weer tot die natuurlike minimum terugkeer. Op hierdie stadium moet die finansiële struktuur dan ook uit ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt ten minste aan die eise van die beskrywe finansieringsplan beantwoord.

Dit het ook die verdere voordeel dat die balansstaatverhoudings vir 'n hele aantal jare met mekaar vergelykbaar is indien dit telkens aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar opgestel word. Sodoende kan dan ook baie beter gesien word of die finansiële struktuur uit 'n ekonomiteits- of doelmatigheidsoogpunt verbeter of nie en of dit dus tot 'n beter taakverrigting by die koöperasies lei of nie.

Wat balansstaatanalises in hierdie studie aanbetref, is hier van die natuurlike besigheidsjaar uitgegaan, omdat ons hier met produkte met duidelik onderskeibare seisoensverlope te doen het. Soos later by die individuele produkte-analises aangetoon sal word, is hulle balansstate wel op die minimum periode opgestel. Daar kom egter dié kompliserende faktor by dat baie min van ons landboukoöperasies slegs een produk hanteer. Die meerderheid hanteer ook ander produkte, soms selfs ander produkte waarvan die seisoenssiklus van die van die hoofproduk verskil. Omdat inagneming van al die verskillende produkte klassifikasie volgens tipe produktekoöperasie onmoontlik sou maak, is in navolging van die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings (hierna Registrateurskantoor genoem) die koöperasies volgens hulle hoofaktiwiteit verdeel. Dit bring mee dat die koöperasies in 'n sekere produk+egroep nie noodwendig net daardie produk se bemarking hanteer nie. Oor die algemeen is 'n koöperasie egter volgens sy hoofproduk ingedeel, dit wil sê volgens die produk wat meer as 70% van die totaal van sy bemarkingsaktiwiteite uitmaak. In hierdie natuurlike jaar-analise is dan ook slegs van die hoofproduk uitgegaan. Dit sal bykans 'n onbegonne taak wees om al die verskeie produkte in berekening te bring, veral omdat die koste van die verskeie aktiwiteite dikwels nie in die boekhouding geskei

word nie. As die volume van die hoof-bemarkingsaktiwiteit dus in ag geneem word asook die omvang van die ander aanverwante aktiwiteite, kan die natuurlike jaar-analise wel sonder enige noemenswaardige afwykings toegepas word. Dit gaan hier dan ook nie om 'n gedetailleerde finansiële analise van elke soort koöperasie nie, maar slegs om die algemeen geldende beginsels wat by die finansiering daarvan van toepassing is, te probeer blootlê.

7.3 Analismetodes gebruik

Die ondergenoemde balansstaatverhoudinge is gebruik om die praktiese finansiële verloop uit ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt te toets. Om die finansiële struktuur uit ekonomiteitsoogpunt te toets, sal ons eerstens moet let op die verdeling van die kapitaalstruktuur tussen eie en vreemde kapitaal. Onder eie kapitaal verstaan ons hier, na aanleiding van die bespreking in hoofstuk 6 van die koöperatiewe finansieringsvorme, nie net aandelekapitaal nie, maar ook reserwes en die verskeie vorme van die roterende kapitaal.

Daarna moet ons aandag gee aan die samestelling van die eie en vreemde kapitaal. Dit behels verder dat die bestanddele van die verskeie eie en vreemde kapitaalposte nagegaan moet word, byvoorbeeld die samestelling van die reserwes, roterende kapitaal en die kort- en langtermynlenings. Hieronder val ook die verhouding van die uitgerekte tot die opbetaalde aandelekapitaal. Hierdie analise is belangrik, gesien die wenslikheid van eie kapitaal in die bespreekte finansieringsplan.

Omdat hierdie balansstaatanalise op die laagtepunt van die finansiële jaar opgestel word, kan dit ook bepaal word of die finansiering aan die eise van die likiditeit en solvabiliteit beantwoord. Daarom moet op die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste, asook die verhouding van die netto bedryfskapitaal tot vlottende laste vir die bepaling van die likiditeit gelet word. Die vermoë om die vlottende laste uit die totale eiebelang te dek, dus die verhouding van die netto batewaarde tot vlottende laste, is ook belangrik in hierdie verband.

Laasgenoemde aspek het egter ook 'n langtermynimplikasie ten opsigte van die vermoë om die totale laste uit eie bronne te dek. Daarom moet ons ook op die verhouding van die netto batewaarde tot vaste bates let.

Dit behels veral die solvabiliteitsaspek van die finansiering. Omdat die solvabiliteitsaspek by 'n koöperasie veral die veiligheidsdoel behels, (sien afdeling 4.6) is die verhouding van vaste bates tot totale langtermynkapitaal, en veral die verhouding van vaste bates tot eie langtermynkapitaal hier 'n belangrike verhouding. Laasgenoemde dui veral aan of daar nie te veel bates uit langtermynleenkapitaal gefinansier word nie.

Om die praktiese finansiële struktuur uit 'n doelmatigheids oogpunt te toets, sal ons op die balansstaatposte per R100 omset en per lid let, asook op die samestelling van die reserwes per lid en die omvang van die lopende uitgawes per lid. Dit is egter nie volledig nie, aangesien hierdie doelmatigheids struktuuranalises eers sinvol word wanneer dit met die werklike omset van die verskeie lede vergelyk word. By gebrek aan die betrokke inligting, selfs by die koöperasies sal ons hier slegs van die gemiddeldes per lid vir die verskeie balansstaatposte uitgaan. Hierdeur kan ons ten minste sien of die struktuur uit 'n doelmatigheids oogpunt 'n verswaking of 'n verbetering ondergaan, veral gesien teen die grootte van die koöperasie en sy aantal lede.

7.3 Vergelykbaarheid van die verskeie koöperasies in die groepe en juistheid van die afleidings

Die verskeie koöperasies is nie in absolute terme vergelykbaar nie. Vergelykbaarheid is van belang omdat hier die finansiële verloop van die verskeie produktekoöperasies in terme van gemiddeldes beskryf word. Indien hulle dus onvergelykbaar is, kan dit ernstige misleidende afleidings meebring.

Die landboukoöperasies het gelukkig in 'n baie groot mate nie hierdie probleem van onvergelykbare syfers nie. Dit word veral teweeggebring deur die feit dat die Registrateurskantoor 'n mate van beheer oor al die koöperasies uitoefen en 'n baie belangrike rol speel in die koördinasie en standaardisasie van finansiële state (by gebrek aan 'n suiwer wetlike beheer soos die Agste Bylae van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet) asook dié kantoor se beleid met betrekking tot wat onder die verskillende poste op die balansstaat verstaan moet word. So-doende is uiteenlopende interpretasies vir dieselfde poste grootliks uitgeskakel. Vir vergelykingsdoeleindes het die registrateur se beheer dan ook meegebring dat die omset-aktiwiteite

veral boerderybenodigdhede, van 'n min of meer homogene aard by die verskeie soorte koöperasies is. Dit het ook meegebring dat 'n gemiddelde syfer ten opsigte van die finansiële struktuur van 'n sekere groep (soort) koöperasie in 'n groot mate gebruik kan word. Verder kan gemeld word dat al die syfers wat in hierdie studie vir balansstaatanalises gebruik word, verkry is van die opsommings van die Registrateurskantoor, wat op hulle beurt weer opgestel is uit die finansiële state van die individuele koöperasies. Vir vergelykingsdoeleindes kan die verskillende produkte van die verskillende koöperasies in die produktgroep saamgegroepeer word om sodoende 'n gemiddelde te vorm wat nie onvergelykbare aspekte insluit nie.

As ons 'n vergelyking oor tyd tref moet die gegewens op 'n vergelykbare basis geplaas word, en verder moet slegs vergelykbare jare vergelyk word. Die eerste aspek is veral van belang onder toestande van kruipende inflasie. Dit impliseer dat alle gegewens in reële terme vergelyk moet word. Indien vergelykings oor tyd nie in reële terme gedoen kan word nie, moet groei-analises versigtig benader word en kan hulle dikwels slegs van relatiewe waarde wees.

Hier word egter nie op groei-analises gekonsentreer nie; gevolglik was dit nie nodig om alle syfers in reële terme uit te druk nie.

'n Ander aspek van termynvergelykings is dat slegs vergelykbare jare vergelyk kan word. Daar is egter gepoog om die ondersoekjare redelik vergelykbaar te maak. Uit 'n oorsig oor die prys- en kosteverloop van die Suid-Afrikaanse landbou toon Van Waasdijk¹⁾ aan dat daar tot ongeveer 1950, veral as gevolg van die devaluasie van 1949, belangrike strukturele, prys- en kosteskommeling plaasgevind het. Die vertraagde effek hiervan is nog tot 1953 ondervind. Dit is duidelik dat daar eers vanaf 1953 'n meer gematigde verloop van pryse en koste begin intree het. Pryse en produksiekoste het daarna tot 1958 min of meer saambeweeg. Hiervandaan het die styging in produksiekoste effens vinniger begin toeneem, maar nog teen 'n gelykmatige tendens. Volgens grafiek 6 het hierdie neiging egter veral eers na 1963/64 duideliker geword, dus eers teen die einde van die gekose analiseperiode in hierdie studie. Dit wil dus lyk asof die periode van ondersoek, naamlik 1952/53 tot 1964/65,

1) Van Waasdijk, T. Agricultural prices and price policy. In South African Journal of Economics, vol. 22, 1954. pp. 165 - 170.

wel 'n aanvaarbare periode vir vergelykingsdoeleindes is. Dit wil egter nie sê dat die syfers van die verskeie jare in hierdie ondersoekperiode absoluut vergelykbaar is nie. Ten opsigte van die landbou met sy natuurgebondenheid en baie fisiese risiko's, kan ons baie min van absoluut vergelykbare syfers praat. So vind ons byvoorbeeld dat die groot omvang van die droogte in 1965 'n duidelike invloed op die omsetsyfers en gevolglik op heelwat van die finansiële verhoudings sal hê wat hierdie jaar nie direk vergelykbaar maak met die ander jare nie.

Dit volg dus dat, alhoewel die periode in ekonomiese sin vergelykbare jare bevat, dit in fisiese sin nie noodwendig die geval is nie. Om dus die analise op 'n jaar-vir-jaar basis met mekaar te vergelyk, of byvoorbeeld op 'n twee of drie jaar bewegende gemiddelde bied geen waarborg van 'n beter resultaat as in die geval waar ons byvoorbeeld slegs elke drie jaar se syfer vir analisedoeleindes neem soos wat wel in hierdie studie gedoen is nie.

Hierdie fisiese risiko's sal veral 'n invloed hê op die struktuuranalises uit 'n doelmatigheidsoogpunt, aangesien dit veral met die omset gemoeid is. Die gevolg is dat ons veral in hierdie verband nie so maklik van analises oor tyd (groei-analises) kan praat nie. Dit word vererger deur die feit dat ons hier met gemiddelde syfers per produktegroep werk. Groei-analises kan daardeur nog makliker onrealisties wees.

Om hierdie redes gaan dit in hierdie studie om die finansiële analise van die periode as geheel, en nie soseer om die veranderinge in die individuele poste of analises nie. Slegs in die gevalle waar duidelik waarnaambare tendense ten opsigte van sekere verhoudingsyfers of balansstaatposte oor die ondersoekperiode intree, word dit as struktuurveranderinge aangemerkt. Vir die res kan ons, as gevolg van die fisiese risiko's in die landbou en die feit dat ons hier met 'n gewone rekenkundige gemiddelde werk, dikwels slegs van tendense ten opsigte van die verskeie balansstaatposte- en verhoudings praat.

Die laaste saak ten opsigte van die vergelykbaarheid van die syfers per produktegroep is die feit dat slegs vergelykbare koöperasies vergelyk word om daaruit die normale finansieringstruktuur te bepaal. Dit is ook belangrik, aangesien ons nie 'n sekere soort produsentekoöperasie wat hoofsaaklik in die bemerking van 'n bepaalde produk spesialiseer, kan vergelyk met 'n ander een wat hoofsaaklik in die voorsiening van

die boerderybenodigdhede van daardie produk spesialiseer nie. So 'n gemiddelde is dikwels misleidend. Die vergelyking van die aktiwiteite-struktuur van die verskeie groepe sal by die werklike analyses aangetoon word. Dit kan hier egter gemeld word dat die onderskeie groepe min of meer homogene aktiwiteite verrig, hoewel daar 'n tendens by die groter koöperasies is om in 'n mate hulle bemarkingsaktiwiteite ten gunste van benodigdhede-aktiwiteite op te sê. Omdat dit by die kleiner koöperasies nie so opmerklik is nie, is daar verder 'n skeiding per grootte-groep gemaak.

7.4 Grootte-groepe per tipe produk-groep

Die praktiese finansiële verloop per produk-groep is verder per grootte-groep volgens die omset verdeel. Die redes hiervoor is drieledig van aard. In die eerste plek is dit gedoen om 'n meer homogene groep koöperasies per produk-groep te kry vir analisedoeleindes. Die aard en probleme van 'n groot koöperasie is tog dikwels verskillend van die van 'n klein koöperasie. Om almal dus saam na een gemiddelde syfer per balansstaatpos te herlei, sal net die probleem van onvergelykbaarheid van die syfers en die afleidings vererger.

In die tweede plek is dit gedoen omdat ons daardeur 'n beter beeld van die finansiële struktuur van die verskeie tipes koöperasies kan kry. Veral ten opsigte van die doelmatigheidsanalises van die finansiële struktuur kan ons deur 'n verdeling per grootte-groep 'n baie duideliker beeld kry van die finansiële struktuur in die betrokke produk-groepe. Dit is veral belangrik omdat die sukses van koöperatiewe finansiering 'n direkte invloed uitoefen op die sukses waarmee die koöperatiewe taak as hulporgaan van die lede uitgevoer word.

In die derde plek word hierdie verdeling gedoen omdat ons daardeur 'n baie meer realistiese beeld van die eksterne invloede op die betrokke koöperasies se finansiering kan kry, en veral daardeur kan sien in hoe 'n mate die finansiële struktuur in die toekoms in staat sal wees om hierdie invloede suksesvol te kan weerstaan. Hier dink ons veral aan die gevolge van landbou-ekonomiese groei en die toenemende eise wat dit aan die koöperatiewe finansiering gaan stel.

Die uitgangspunt by die verdeling was om min of meer groepe saam te stel wat opvallend klein of opvallend groot is.

Hierdie indeling is daarna bespreek met amptenare van die Registrateurskantoor asook met 'n aantal praktiese koöperateurs om enigsins 'n realiteitsbeeld daaraan te probeer gee.

Hierdie indeling moet egter nie in absolute sin opgeneem word nie. Dit moet meer as 'n verhouding van koöperasies tot mekaar gesien word, en nie as 'n vaste verdeling nie. Daarom is 'n koöperasie wat oor die meerderheid van die analisejare in een groep val nie sondermeer na 'n ander groep oorgeplaas as dit byvoorbeeld aan die einde van die periode so verander het dat dit in 'n volgende groep kon val nie. Gelukkig het hierdie probleem nie veel by die gekose indeling opgeduik nie, behalwe in 'n mate by die wynkoöperasies. Dit kan blykbaar toegeskryf word aan die vinnige tempo van vorming van wynkoöperasies in die afgelope dekade en die gepaardgaande snelle omsetverhoging. By die ander koöperasies, wat van 'n meer gevestigde aard is, was hierdie probleem nie onoorkomelik nie. Waar dit wel voorgekom het, is die koöperasie na 'n volgende groep oorgeplaas indien dit 'n permanente verandering geblyk te wees het. Verder het dit ook gebeur dat koöperasies gedurende dié periode gelikwider is of dat nuwes ontstaan het.

Wat die indeling self aanbetref, is dit per totale omset van die koöperasies gedoen vir die agt hoofprodukgroepe wat in hierdie studie ondersoek word. Die indeling is soos volg gemaak:

- 1) Koring :groep A : tot R2,000,000 omset.
 groep B : R2-10 miljoen omset.
 groep C : bo R10 miljoen omset.
- 2) Melies :groep A : tot R1,000,000 omset.
 groep B : R1-5 miljoen omset.
 groep C : bo R5 miljoen omset.
- 3) Tabak :groep A : tot R600,000 omset.
 groep B : bo R600,000 omset.
- 4) Sitrus :groep A : tot R 1,000,000 omset.
 groep B : bo R1,000,000 omset.
- 5) Wyn : slegs een groep.
- 6) Suiwel : groep A : tot R2,000,000 omset.
 groep B : bo R2,000,000 omset.
- 7) Vleis : groep A : tot R2, 000,000 omset.
 groep B : bo R2,000,000 omset.
- 8) Wol : slegs een groep.

Wat die wyn-en wolkoöperasies aanbetref, is daar geen verdeling per groottegroep gemaak nie. Die genoemde probleem van snelle stigting van nuwe wynkoöperasies die afgelope aantal jare is die rede daarvoor. In die geval van wol sou 'n verdeling daarop neerkom dat die een groottegroep slegs een koöperasie bevat. Die openbaarmaking van die gegewens van slegs een onderneming mag natuurlik nie gebeur nie.

7. . Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons die metodes van ontleding nagegaan wat ons sal volg om die praktiese verloop van die finansiering van landboukoöperasies in Suid-Afrika na te gaan. Die praktiese verloop van die finansiering moet ons nie net uit ekonomiteitsoogpunt ondersoek nie, maar ook uit doelmatigheidsoogpunt. Hierdie analyses sal met behulp van die metode van balansstaatanalise, asook die natuurlike jaar-analise gedoen moet word. Ons het verder gesien dat die laagtepunt van die natuurlike jaar ook sal saamval met die punt van minimum kapitaalbehoefte in die verskeie kapitale poste.

Omdat die aard en probleme van groot en klein koöperasies noodwendig van mekaar verskil, het ons elke produkgroep waar moontlik in groottegroepe ingedeel. Met hierdie groottegroepe word getrag om 'n meer realistiese beeld van die finansiële struktuur te verkry en die invloed van die eksternere faktore op die finansiering duidelik in ag te neem.

HOOFSTUK 8.

DIE FINANSIERING VAN LANDBOUKOÖPERASIES IN DIE PRAKTYK.

8.1. Inleiding.

In hierdie en die volgende hoofstukke word die praktiese verloop van die finansiering van die verskeie produktegroepe ondersoek. Die gedagte is nie om 'n ontleding in fyn besonderhede te gee nie, maar slegs om te konsentreer op die toepassing van die vernaaamste algemene finansieringsbeginsels in die praktyk van sekere koöperasies se finansiering. Hierdie analiese is hoofsaaklik op balansstaatanalises gegrond, aangevul deur middel van inligting verkry uit vraelyste en persoonlike besoeke aan koöperasies. Daar sal dus veral by die kwalitatiewe analises nie altyd spesifieke verwysingsbronne gegee word nie. Verder maak hierdie analises almal van gemiddeldes gebruik; gevolglik sal die afleidings nie altyd op elke koöperasie in die groep van toepassing wees nie.

Eerstens word daar 'n strukturele kapitaalanalise van elke produktegroep gemaak. Hierdie analise is op sigself egter nie genoegsaam nie. Dit sal daarom aangevul word met oorleefbaarheidsanalises, wat veral op die totale aktiwiteit van die produktegroep gerig is. Soos aangetoon, val dit ook onder die koöperatiewe struktuuranalises. Om hierdie strukturele analises te voltooi moet daar verder op die aspek van likiditeit gelet word.

Tweedens sal die finansiering dan in die breër ekonomiese raamwerk per produktegroep bestudeer word. Dit is veral van belang omdat dit met die langtermyn ekonomiese oorleefbaarheid van die koöperasie, en dus sy finansiële behoeftes, te doen het.

8.2. Die finansiering van die koringkoöperasies in Suid-Afrika.

8.2.1. Inleiding.

Hier word hoofsaaklik op koring as sodanig gelet, omdat dit die hoofproduk in hierdie groep vorm. Wat die koringbedryf betref, is dit ongelukkig so dat Suid-Afrika nie by uitstek 'n koringproduserende land is nie. Die streke in Suid-Afrika waar dit goed aard, of waarvoor geskikte variëteite bestaan, is redelik beperk. Daarby is die risikofaktor hoog in baie dele wat

tradisioneel koring produseer. Verder is die grondsoorte en die klimaatstoestande in die streke waar koring verbou word, heelwat uiteenlopend, sodat dieselfde variëteite nie orals ewe goed aard nie. Verdere kenmerke van die koringbedryf is dat dit in 'n baie groot mate in die Westelike Provinsie gekonsentreer is en dat plaaslike produksie nie genoegsaam vir die vraag is nie, wat meebring dat Suid-Afrika heelwat koring moet invoer.

8.2.2. Die aard van die koöperatiewe koringbedryf.


8.2.2.1. Seisoensverloop.

Wat hierdie groep koöperasies betref, bestaan hulle aktiwiteite hoofsaaklik uit die bemarking van koring (onder die eenkanaal-vasteprysskema) en in 'n mindere mate uit die verkoop van boerderybenodigdhede en die lewering van dienste aan lede. By hierdie koöperasies is daar 'n duidelike seisoen te onderskei, wat met die produksieseisoen van koring ooreenstem. Die koringkoöperasies se aktiwiteite bereik min of meer 'n hoogtepunt in April tot Mei waarna die aktiwiteite weer daal totdat dit hier teen Oktober-November 'n laagtepunt bereik. Daarna begin die totale aktiwiteite weer toeneem, eers in die vorm van boerderybenodigdhede (byvoorbeeld masjinerie) daarna vanaf Januarie in aspekte aanverwant aan die bemarking, soos onder andere saad en kunsmis. Die styging en daling in die seisoen is dus van relatief korte duur. Dit geskied veral omdat die vraag na koring die aanbod daarvan oortref, en daar dus gewoonlik dadelik 'n vloei vanaf die koöperasies na die meulens plaasvind. Die maksimum tyd wat die koring opgeberg word by die koöperasies, is dan gewoonlik ook nie langer as twee maande nie. Die normale verloop van hierdie seisoen kan uit grafiek 7 gesien word. Hier word die totale korttermyn- en seisoenslenings wat deur die Landbank aan die koöperasies toegestaan is, aangetoon.

Wat hierdie koöperasies se finansiële jaar aanbetref, word die balansstaat oor die algemeen by groep A en B in Junie opgestel, terwyl dit by groep C in November val. Uit die aard van die seisoensverloop is dit duidelik dat dit op of naby die natuurlike laagtepunt opgestel word, ten minste voor die volgende koringseisoen in November begin. Die rede waarom dit nie op die laagtepunt van die koringseisoen opgestel word nie, is omdat hierdie koöperasies ook heelwat benodigdhede van ander

Grafiek 7.

Landbankseisoenslenings aan koringkoöperasies vir verskeie
jare. (In RI,000,000)



produktegroepe hanteer wat in 'n ander seisoen as die koring val.

Uit die praktiese ondersoek blyk dit dat, hoewel die seisoensverloop van die bemarkingsaktiwiteit relatief kort en skerp is, die seisoensverloop weer verleng word deur die benodigdhede wat weer 'n relatief lang looptyd het. Laasgenoemde aktiwiteit bereik in Februarie sy hoogtepunt, om teen Augustus/September weer sy laagtepunt te bereik. Ten opsigte van die lopende kostes, wat hoofsaaklik uit salarisse en ander administrasiekoste bestaan, wissel dit nie juis veel deur die jaar nie. Debiteure, wat in Februarie sy hoogtepunt bereik, daal om in Junie weer sy laagtepunt te bereik. Hieruit volg dat die meeste seisoensaktiwiteite 'n laagtepunt in Junie/Julie bereik het, behalwe die graanbemarkingsvoorraad wat dan in elk geval heelwat benede sy hoogtepunt is, en buitendien dan hoofsaaklik korttermynlenings van 'n gewaarborgde aard verteenwoordig. Dit skyn dus asof die balansstaatdatum nie net grootliks die natuurlike minimum verteenwoordig nie, maar ook in 'n baie groot mate die punt is waar daar sprake van die minimum kapitaal is.


8.2.2.2 Samestelling van die omset van koringkoöperasies

8.2.2.2.1 Groep A

Wat groep A aanbetref, het volgens tabel 17 boerderybenodigdhede in 1965 die belangrikste aktiwiteit gevorm, naamlik 63% van die totale omset, terwyl produktebemarking slegs 34% gevorm het en dienste 'n minimale 3%. Dit blyk verder dat produktebemarking oor die ondersoekperiode in vergelyking met die totale omset heelwat gedaal het, terwyl die omset in benodigdhede persentasiegewys weer heelwat gestyg het. Daarenteen het dienste min of meer dieselfde omvang bly behou. Uit die omsetgegewens van die individuele koöperasies in die groep is min of meer dieselfde samestelling en struktuurverandering aangetref as wat die gemiddelde hier aantoon. Hierdie persentasiedaling in die produkte-omset moet nie as 'n absolute daling in gehanteerde bemarking beskou word nie (behalwe by groep A), maar eerder die gevolg van 'n volumevergroting van die benodigdhede, veral omrede die toenemende meganisasie in die koringbedryf asook ander landboubedrywe aan wie hierdie koringkoöperasies boerderybenodigdhede voorsien. Die praktiese koöperateurs sê dan ook dat die kapitale besteding deur die boere vir meganisasie oor die afgelope

Grafiek 8.

Korttermyn Landbanklenings aan alle koooperasies toegestaan vir boerderybenodigdhede. (In RI,000,000).



dekade baie toegeneem het. Die koöperateurs in die koringbedryf is egter van mening dat die meganisasie in die koringbedryf 'n redelike versadigingspunt bereik het en dat daar in die toekoms hoofsaaklik op onderhoud en vervanging gekonsentreer sal word.

8.2.2.2.2. Groep B.

Wat groep B aanbetref, is die voorsiening van boerderybenodigdhede die belangrikste aktiwiteit, naamlik 55% van die totaal en die bemerking vorm in 1965 sowat 43% van die totale aktiwiteit. Hier is nie so 'n groot verskil tussen die twee aktiwiteite nie. Uit tabel I7 blyk dat oor die betrokke periode die bemerking wel 'n taamlike dalende aandeel van die totale aktiwiteit gevorm het, terwyl dit weer by die benodigdhede stygend verloop het. Dienste het dieselfde gebly. Hierdie tendense en verloop is redelik verteenwoordigend van die omsetverdeling van die individuele koöperasies, hoewel daar 'n minderheid van hulle is (veral in die Kaapprovinsie) wat op die oomblik 'n taamlik lae bemerkingsomset van omtrent 20% het. Die meganisasieproses is ook hier van toepassing.

8.2.2.2.3. Groep C.

By groep C is die produkte-omset die belangrikste, naamlik ongeveer 65% teenoor die ongeveer 33% van die benodigdhede en die 1% van dienste. Daar was, opvallend genoeg, oor die ondersoekperiode geen werklike aksentverskuiwing tussen hierdie verskeie aktiwiteite nie. Die gemiddelde is verder 'n redelike weerspieëling van die situasie by die individuele koöperasies. Dit is egter van belang dat, waar die produkte-omset 'n belangrikerwordende deel van die totale omset word, dié koöperasies hoofsaaklik in die Oranje Vrystaat is. Aan die ander kant kry ons dat waar die boerderybenodigdhede 'n al belangriker deel van die totale omset word, die koöperasies in die Kaapprovinsie val. Dit is 'n weerspieëling van die feit dat die Kaapprovinsie se koöperasies heelwat benodigdhede aan ander produktegroepe verkoop.

8.2.2.2.4. Alle koöperasies.

Opsommend blyk dit dat by groep A die totale omset dalend

verloop het oor die ondersoekperiode, wat te wyte was aan 'n afname in die produkte-omset. By groep B was daar eers 'n toename en toe 'n daling in die totale omset. By groep C is daar in 1962 en 1965 'n groot toename in die totale en in die afsonderlike aktiwiteite. Hierdie groep het dan ook die grootste groei per omset gehandhaaf. Dit is verder interessant (tabel 16) dat produktebemarking, relatief tot boerderybenodigdhede, almeer deur hierdie groter koöperasies gehanteer word ten koste van die kleineres. Wat die benodigdhede aanbetref, is die styging na 1955 opvallend. Dit kom ooreen met grafiek 8 wat die totale kaskredietlenings wat aan koöperasies toegestaan is, aantoon. Dit is merkwaardig dat die verhoging van koöperatiewe bedrywighede in dié verband juis saamval met die begin van die nader-aan-mekaar-beweeg van produktepryse en die pryse van boerderybenodigdhede, die sogenaamde kosteknyptang. Dit word verder bevestig deur samesprekings met die amptenare van die Landbank.

Wat die ledetaltotale van die onderskeie groepe aanbetref, volg dit uit tabel 20 dat daar 'n taamlike daling by groep A is. By groep B bly dit min of meer konstant oor die periode, terwyl dit redelik stygend by groep C verloop. Opvallend is die feit dat die grootste ledekonsentrasie by groep B is.

8.2.3 Kapitaalstruktuur van koringkoöperasies

By die teoretiese analise van die koöperatiewe finansiering (hoofstukke 4 en 6) het ons gesien dat 'n analise van die kapitaalstruktuur by koöperasies uit 'n ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt moet geskied. Die kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt behels wat by die winshandel normaalweg onder die term kapitaalstruktuur verstaan word. Uit doelmatigheidsoogpunt behels dit 'n analise van die finansiering per omset en per lid. Dit toon terselfdertyd ook aan wat die finansiering van die koöperasie die lid kos.

Wat die doelmatigheidsanalise betref, is hier by die praktiese analise van finansiering dit slegs per omset gedoen, aangesien die benodigde gegewens per lid nie beskikbaar was nie. Om dié tipe analise op die totale lede en dus 'n gemiddelde te baseer, is sinneloos, omdat die resultate dan onvergelykbaar sal wees. Eerstens word die koöperatiewe proporsionaliteits-eis daardeur nie in aanmerking geneem nie. 'n Belangriker rede

is egter dat die verskeie lede van 'n koöperasie nie altyd vergelykbaar is nie. Gestel byvoorbeeld 'n koringbemarkingskoöperasie hou ook veeartsenymiddele aan vir die lede. 'n Koringboer wat sy hele oes deur die koöperasie bemark, se aktiwiteite verskil nie net van 'n varkboer s'n wat byvoorbeeld net veemedisyne van die koöperasie koop nie, maar die omvang van die koringboer se aktiwiteite is byvoorbeeld baie groter as die van die varkboer. Hierdie situasie is veral by die groter koöperasies wesenlik daar hulle gewoonlik meer as een aktiwiteit onderneem.

Om dus uit doelmatigheidsoogpunt met 'n kapitaalstruktuur-analise per omset te volstaan, lyk die aangewese weg. Omdat hierdie analise op die balansstaatdatum geskied, wat terselfdertyd saamval met die natuurlike jaar en die punt van minimum kapitaalbehoefte, asook die feit dat daaruit 'n neigingslyn ten opsigte van die kapitale koste per omset afgelei kan word, maak dit 'n geskikte analise vir die doel van ons studie.

8.2.3.1 Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt

8.2.3.1.1 Groep A

8.2.3.1.1.1 Eie kapitaal

Die totale eie kapitaal neem effens toe en het in 1962 ongeveer 43% van die totale kapitaal gevorm. Hierdie eie kapitaal bestaan hoofsaaklik uit reserwes, wat stygend verloop en in 1965 reeds 97% van die totale eie kapitaal gevorm het. Hierdie reserwes bestaan hoofsaaklik uit algemene reserwes (in 1965 ongeveer 79% van die totaal), en dit het taamlik gestyg oor die ondersoekperiode. Opbetaalde aandelekapitaal wissel oor die periode, maar dit bly min of meer dieselfde aandeel van eie kapitaal, naamlik ongeveer 2%. Roterende kapitaal daal redelik skerp en het in 1962 ongeveer 4% van die eie kapitaal gevorm. Hierdie aandelekapitaalposisie kan egter heelwat verbeter indien alle ingeskrewe aandelekapitaal opbetaald gemaak word. Uit tabel 24 volg byvoorbeeld dat die opbetaalde aandelekapitaal as persentasie van die ingeskrewe kapitaal, hoewel dit heelwat skommel, ongeveer 50% vorm. Tabel 25 toon verder die wanverhouding van die groot reserweworming tot die aandele. Dit is duidelik dat daar al meer reserwes in vergelyking met

aandele gevorm word. In 1960 was die verhouding alreeds R50 reserwes per R1 opbetaalde aandelekapitaal. Die posisie is natuurlik heelwat beter indien dit met die ingeskrewe aandelekapitaal vergelyk word. Dit wys dat hierdie groep koöperasies daarteen moet waak om nie 'n soort beleggingsbron vir die lede aan te neem nie, deurdat die aandele by likwidasië baie meer werd sal wees as hulle nominale waarde.

Uit tabel 22B is dit duidelik dat die roterende kapitaal min is en slegs tot heffingsfondse, wat van 'n korttermyn aard is, beperk is.

8.2.3.1.1.2 Vreemde kapitaal

Dit bestaan hoofsaaklik uit korttermynlenings (in 1965 ongeveer 96%), wat effens dalend verloop (tabel 21). Uit tabel 22A blyk dit dat dit vir ongeveer 97% uit Landbankseisoenslenings bestaan, en die res uit oortrokke bankrekening. Tabel 22A toon ook verder dat die langtermynlenings hoofsaaklik van die Landbank afkomstig is.

8.2.3.1.1.3 Totale kapitaal

Volgens tabel 21 was korttermynlenings tradisioneel die grootste, maar dit het heelwat gedaal en staan in 1962 op 27% en in 1965 op 14%. Laasgenoemde syfer lyk egter taamlik onrealisties. Reserwes, wat klein was, het taamlik gestyg en dit het in 1962 ongeveer 40% van die totale kapitaal gevorm. Aandelekapitaal het min of meer dieselfde gebly, op 4% tot 1959, maar daarna gedaal na 1%, terwyl die ledefondse gedaal het en in 1965 ongeveer 1% vorm. Langtermynlenings bly dieselfde, naamlik 1% van die totale kapitaal. Uit tabel 25 blyk dit dat die styging veral uit algemene reserwes bestaan wat in 1965 ongeveer 79% van die totale reserwes vorm. Daarenteen het die gebeurlikheidsreserwe gedaal tot ongeveer 7% terwyl die spesifieke reserwes effens gestyg het en in 1965 ongeveer 14% van die totale reserwes gevorm het.

Hier tree dus 'n duidelike tendens op tot meer eie kapitaal, bestaande uit algemene reserwes, en kleiner leenkapitaal as gevolg van kleiner oeslenings (langtermynlenings bly dieselfde). Omdat die balansstaat naby die natuurlike minimum opgestel word, moet die verskeie poste grootliks minimum kapitaal

verteenwoordig. In hierdie verband is die bogenoemde tendens dus te verwelkom, en dit is 'n tendens in ooreenstemming met die teoretiese analise in hoofstuk 3. Ons het die belangrikheid daarvan ook uit 'n veiligheids- en beheeroogpunt gesien. Koöperatief beskou, is 'n oormaat reserwevorming egter nie te verwelkom nie. Hierdie groter langtermynkapitaalneiging neem egter nie die feit weg dat die ontwikkeling van die mediumtermynkapitaal hier nie na wense is nie. Al dra die langtermynkapitaal op hierdie stadium al die aktiwiteite, is daar vir die seisoensverloop van die benodigdhede, wat almeer belangrik word, nie genoegsaam mediumtermynkapitaal teenwoordig nie en behoort daar meer in hierdie verband gedoen te word. Wat die res van die seisoensaktiwiteite aanbetref, word dit hoofsaaklik deur korttermynlenings gedek, en die relatief versekerde verkryging daarvan sal hier nie veel kapitaalprobleme skep nie.

Die groter permanente kapitaal is natuurlik in ooreenstemming met die groter aktiwiteite ten opsigte van die benodigdhede en die kleiner produkte-omset by hierdie groep. Dit vereis al meer langtermynfinansiering om die minimum voorrade te dra. Hierdie benodigdhede-aktiwiteit vra egter ook al meer mediumtermynkapitaal vir die seisoensverloop daarvan. Die gebrek aan laasgenoemde tipe kapitaal is egter opvallend, wat sekerlik in 'n groot mate verbind kan word met die Landbankbeleid in hierdie verband. Dit beklemtoon weer die groot behoefte aan mediumtermynkrediet asook fasiliteite vir die verdiskontering van die koöperasies se huurkoopkontrakte by die Landbank, daar die koöperasies dit dikwels moeilik by die winshandel verdiskonteer kry.

8.2.3.1.2 Groep B

8.2.3.1.2.1 Eie kapitaal

Uit tabel 21 blyk dit dat die eie kapitaal van hierdie groep stygend verloop en in 1965 54% van die totale kapitaal gevorm het. Reserwes vorm die belangrikste onderdeel en bly naastenby dieselfde oor die periode, naamlik ongeveer 64%. Ledefondse is min, maar dit verloop stygend (22% in 1965), terwyl die opbetaalde aandelekapitaal op ongeveer 15% bly. Uit tabel 23 is dit duidelik dat die reserwes grootliks uit algemene

reserwes bestaan (ongeveer 60%), maar dit verloop nie stygend nie. Gebeurlikheidsreserwes het daarenteen gedaal tot ongeveer 23%, terwyl die spesifieke reserwes gedaal het en tans ongeveer 12% vorm. Reserwes is hier egter nie oorheersend nie.

Tabel 24 toon dat die opbetaalde aandelekapitaal met ongeveer 55% verhoog kan word indien die ingeskrewe kapitaal ten volle opbetaal word. Dit sal die aandeleposisie baie verbeter. Die verhouding tussen die aandelekapitaal en die reserwes is by hierdie groep ietwat beter (.5:1), wat daarop dui dat die aandele hier belangriker is as by groep A. Uit tabel 22B volg dat die roterende kapitaal hoofsaaklik uit heffingsfondse bestaan, hoewel die meer langtermynfondse hier ook belangrik is.

8.2.3.1.2.2 Vreemde kapitaal

Vreemde kapitaal daal en het in 1965 ongeveer 46% van die totale kapitaal gevorm (tabel 12). Hierdie lenings bestaan hoofsaaklik (78% in 1965) uit korttermynlenings wat dalend verloop en die res uit langtermynlenings wat stygend verloop. Uit tabel 22A blyk dat die korttermynlenings hoofsaaklik uit Landbanklenings bestaan (ongeveer 70%), en die res uit bankoortrekkings, terwyl dit by die langtermynlenings vir alle praktiese doeleindes slegs uit Landbanklenings bestaan.

8.2.3.1.2.3 Totale kapitaal

Volgens tabel 22A vorm die korttermynlenings die belangrikste pos van die totale kapitaal, maar dit verloop dalend (35% in 1965). Reserwes was in 1965 netso belangrik, naamlik 35%, en dit toon 'n stygende neiging. Ledefondse is min (tans 11%), maar dit styg; aandele (7%) styg effens terwyl die langtermynlenings ook ietwat styg en in 1965 12% van die totale kapitaal gevorm het. In die geheel bestaan die neiging tot meer eie kapitaal, wat hoofsaaklik uit algemene reserwes bestaan hoewel roterende kapitaal al belangriker word. Roterende kapitaal bestaan vir 'n belangrike deel meer uit medium- en selfs langtermynkapitaal wat in 'n belangrike behoefte voorsien. Verder is hier ook 'n dalende tendens ten opsigte van die leenkapitaal, veral by die van 'n meer korttermynaard. Dit is in ooreenstemming met die tendens tot groter omset in die benodigdhede en die daling in die produkte-omset, wat dus vir 'n langer termyn finansiering vra. Interessant is die feit dat die langtermynkapitaal nie in so

'n groot mate van die reserwes afhanklik is nie.

8.2.3.1.3 Groep C

8.2.3.1.3.1 Eie kapitaal

Dit was 55% van die totale kapitaal in 1965, dit verloop sterk stygend en dit bestaan hoofsaaklik uit reserwes (64%) wat ook 'n stygende neiging toon. In 1965 het die ledefondse 21% en opbetaalde aandelekapitaal 15% van die totale kapitaal gevorm. Aandelekapitaal het skerp gedaal. Wat die reserwes betref, toon tabel 23 dat dit hoofsaaklik uit algemene reserwes bestaan (65%), terwyl die gebeurlikheidsreserwes daal (18%) en die spesiale reserwe styg om 16% van die totale reserwe in 1965 te vorm. Tabel 26 toon dat 68% van die ingeskrewe aandelekapitaal met nog 32% te verhoog. Wat die verhouding van die reserwes tot die aandele aanbetref, is daar 'n redelike skerp styging tot soveel as R4 per R1 aandeel in 1965.

8.2.3.1.3.2 Vreemde kapitaal

Dit verloop dalend en het in 1965 ongeveer 45% van die totale kapitaal gevorm (tabel 12). Hierdie lenings, wat tot 1962 vir ongeveer 80% uit korttermynlenings bestaan het en wat nie juis 'n verandering ondergaan het nie, bestaan volgens tabel 22A vir ongeveer 80% uit oeslenings en die res uit oortrokke banklenings. Die langtermynlenings, wat min of meer ook 'n konstante aandeel het, bestaan ten volle uit Landbanklenings.

8.2.1.3.3 Totale kapitaal

Korttermynlenings, wat gedurende 1953/1962 gemiddeld 60% van die totale kapitaal beloop het, het in 1965 tot 25% gedaal. Reserwes daarenteen styg en vorm tans 35% van die totale kapitaal. Ledefondse verloop stygend en vorm 11% van die totale kapitaal.

Dit is van belang om op te merk dat korttermyn roterende kapitaal se aandeel relatief laag is. Hier is dus nie 'n neiging tot die gebruik van meer mediumtermynkapitaal nie. In totaal bestaan hier egter ook 'n tendens tot die groter gebruikmaking

van eie kapitaal, waarin die algemene reserwes, en in 'n mindere mate die roterende kapitaal, 'n belangrike rol speel. Daarenteen daal die leenkapitaal, veral die van 'n meer korttermyn-aard. Hierdie daling is egter nie so groot as na die werklike syfers gekyk word nie. Hierdie tendens is grootliks in ooreenstemming met die vergrote omset van die totale aktiwiteite van hierdie groep koöperasies. Van belang is veral die verbetering in die eie kapitaal, en veral van die roterende kapitaal (wat koöperatief korrek is).

Uit die voorafgaande kry ons 'n beeld van die kapitaalstruktuur vir die finansiering van hierdie groep koöperasies. Dit is egter onvolledig, daar dit volgens hoofstukke 3 en 4, wat oor die teoretiese verloop van die koöperatiewe finansiering handel, aangevul moet word met doelmatigheidsanalises.

8.2.3.2. Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt.

8.2.3.2.I. Groep A.

8.2.3.2.I.I. Eie kapitaal.

Uit tabel 2^c blyk dit dat die totale eie kapitaal per omset skommel, maar min of meer dieselfde bly op R25. Die opbetaalde aandelekapitaal per omset neig dalend (tans R2), ook wat die werklike syfers in tabel 2I betref. By die reserwes is daar 'n effense styging per omset, met 'n skerp styging in 1965. Ledefondse per omset bly min of meer dieselfde, op RI per R100 omset. Relatief tot die omset is dit dus duidelik dat die eie kapitaal nie veel verander hier, alhoewel daar tog 'n neiging tot verskuiwing na die reserwes ten koste van die ander vorme is.

8.2.3.2.I.2. Vreemde kapitaal.

Langtermynlenings per omset bly min of meer dieselfde (RI), alhoewel dit effens daal wat die werklike syfers aanbetref. By die korttermynlenings kom 'n aansienlike daling vanaf R48 in 1956 tot RI4 in 1962, in verhouding met die omset voor.

8.2.3.2.I.3. Totale kapitaal.

In verhouding met die omset vertoon die totale kapitaal 'n dalende tendens, naamlik vanaf R75 in 1956 tot R44 in 1962. Dit gebeur hoofsaaklik as gevolg van die kleiner korttermynlenings, veroorsaak deur die kleiner produkte-omset. Dit lyk asof hier groter finansiële effektiwiteit ingetree het en dat die finansieringskoste ook gedaal het deurdat rentedraende kapitaal per omset verminder het. Die risikokapitaal het dan ook vergroot. Dit kom neer op 'n beter likwidasië tot die natuurlike minimum, en groter kans op finansiële oorleefbaarheid van hierdie groep koöperasies. Ter versterking hiervan, moet die verskeie poste se groei ook in vergelyking met mekaar nagegaan word. Die eie kapitaal se styging is relatief minder as die daling in die vreemde kapitaal. By die eie kapitaal is die daling in die aandelekapitaal relatief meer as die styging in die reserwes. Dit lyk verder asof die korttermynlenings vinniger daal as die reserwestyging.

8.2.3.2.2 Groep B

8.2.3.2.2.1 Eie kapitaal

Uit tabel 26 blyk dat die totale eie kapitaal per omset styg (R32 in 1965), maar dat die werklike syfers (tabel 18) konstant bly. Aandele per omset styg effens, (omtrent R4) maar daal wat die werklike syfers aanbetref (tabel 18). Ledefondse daal per omset (omtrent R7), maar nie juis wat die werklike syfers aanbetref nie. Reserwes per omset styg redelik (R21 in 1965), asook wat die werklike syfers aangaan. Dit beteken dat die styging in die eie kapitaal (totale omset styg hier nie juis nie) eerder geskied as gevolg van 'n redelike styging in die aandeel van die reserwes, as deel van die eie kapitaal.

8.2.3.2.2.2 Vreemde kapitaal

Wat die leenkapitaal betref, daal dit per omset (R28 in 1965). Korttermynlenings, wat die grootste aandeel het, daal ook per omset (R22 in 1965). Langtermynlenings styg effens per omset (R6 in 1965).

8.2.3.2.2.3 Totale kapitaal

In verhouding met die totale omset daal dit tot 1962, wat dus ook 'n groot doelmatigheid ten opsigte van die kapitaalverbruik impliseer. Die redes en gevolgtrekkings is hier dus dieselfde as by groep A. In vergelyking lyk dit of die eie kapitaal meer styg as die daling in die leenkapitaal. Wat die eie kapitaal aanbetref, is die styging in die reserwes ook relatief groter as in die aandele.

8.2.3.2.3. Groep C.

8.2.3.2.3.1. Eie kapitaal.

Totale omset per eie kapitaal bly min of meer dieselfde, (omtrent R3) maar sy aandeel in die eie kapitaal daal. Wat die roterende kapitaal aangaan, bly dit dieselfde op R3, terwyl die werklike syfers gestyg het. Reserwes het effens per omset gestyg. (tans omtrent R10), terwyl die werklike syfers ook verbeter het.

8.2.3.2.3.2. Vreemde kapitaal.

In die geheel het dit in 1962 en 1965 aansienlik per omset vanaf R33 tot R10 per omset gedaal. Dit geld ook vir die werklike syfers. Langtermynlenings het byvoorbeeld vanaf R7 in 1962 gedaal tot R3 in 1965, en korttermynlenings vanaf R26 tot R7. Dit geld ook vir die werklike syfers.

8.2.3.2.3.3. Totale kapitaal.

Hier vind ons 'n daling per omset, asook wat die werklike syfers aanbetref, wat dus 'n groter doelmatigheid ten opsigte van die finansiering betref. Dit vloei hoofsaaklik voort uit die daling in die korttermynlenings, ten spyte van die styging in die produkte-omset. Dit is verder ook van belang dat hier nie juis 'n styging van reserwes per omset optree nie, en dat die mediumtermynkapitaal hier aansienlik is.

8.2.4. Likiditeit van die koringkoöperasies.

8.2.4.1. Groep A.

Tabel 27 wys dat die likiditeitsposisie van groep A redelik is (min of meer 1.6:1) en steeds verbeter. Op die natuurlike laagtepunt kan die vlottende laste tot 'n groter mate gedek word omdat die netto vlottende kapitaal tot die vlottende laste redelik is en styg (.59:1). Die belangrikheid van goeie likiditeit, veral oor die langtermyn, spreek uit die feit dat die bedryfswaarde tot vlottende laste (.88:1) nie juis verskil van die verhouding van bedryfswaarde tot totale laste in 1965 nie (.86:1). Vlottende laste is dus die belangrikste alhoewel dit dalend verloop as gevolg van dalende korttermynlenings. Ver- al van belang is die dalende krediteure per omset (tabel 28). Die totale laste tot omset daal (tans .4:1), terwyl die totale vaste bates meer as tweemaal deur die eie langtermynkapitaal gedek word. Die feit dat daar wel langtermynlenings is en dat dit effens styg, is 'n verdere bewys dat hier heelwat langter- mynkapitaal (veral algemene reserwes) vir mediumtermynfinan- sierung gebruik word. Dit wil egter nog nie sê dat dit verkeerd is om langtermynkapitaal hiervoor te gebruik nie, maar die feit dat dit reserwes is, maak dit 'n ongesonde struktuurontwikkeling. Van belang is egter die teenwoordigheid van minimumkapitaal vir meer as die vaste bates. Samevattend is hier dus 'n tendens tot termynoreenstemming van die vermoë en die behoeftes soos dit uit die veranderde omsetstruktuur vloei.

8.2.4.2 Groep B

Uit tabel 27 blyk dit dat die korttermynlikiditeit laag is en nie juis verbeter nie (1.2:1). Die bedryfskapitaal tot vlot- tende laste is ook laag (.2:1) en dit verbeter nie juis nie. Die bedryfswaarde tot vlottende laste verbeter egter (.5:1 in 1962). Dit toon die belangrikheid van likiditeit by koring- koöperasies omdat die vlottende laste nie veel van die totale laste verskil nie. Die dalende korttermynlenings word veral in die totale laste tot omset verhouding weerspieël, wat re- delik laag is (.4:1 in 1965). Die feit dat die eie langtermyn- kapitaal omtrent dubbel die vaste bates is (.54:1 in 1965), en die verdere feit dat daar ook nog van langtermynlenings ge- bruik gemaak word, wys dat hier tog wel langtermynkapitaal vir 'n mediumtermyn gebruik word. Dit stem ook ooreen met die gro- ter aktiwiteit in die benodighede. Dit is egter goed dat daar in hierdie groep heelwat roterende kapitaal teenwoordig is,

sodat die mediumtermyn behoeftes in hierdie verband nie hoofsaaklik uit reserwes gefinansier word nie.

8.2.4.3 Groep C

Uit tabel 27 volg dat die korttermynlikiditeitsposisie van .94:1 in 1953 aansienlik verbeter het tot 3:1 in 1965. Bedryfswaarde tot die lopende laste is hier nie baie goed nie, maar dit verbeter (tans .4:1). Die totale laste tot die omset verminder. As die bedryfswaarde met die vlottende laste in 1953 vergelyk word, naamlik .14:1, dan blyk dit dat die vlottende laste veel groter as die bedryfswaarde was, met ander woorde dat hierdie groep koöperasies in 'n baie groot mate deur langtermynkrediet gefinansier is. Ons kan selfs hiervan aflei dat 'n deel van die vaste bates met die soort krediet aangeskaf is. Die verhouding van die bedryfswaarde tot die totale laste (naamlik .12:1) gee nog 'n donkerder prentjie. Hierdie wanverhouding tussen die eie en vreemde kapitaal, blyk ook uit kolom 5 van tabel 27, naamlik .32:1. Die toestand het egter mettertyd verbeter en in 1965 tref ons gesonde verhoudings aan. Byvoorbeeld die verhouding van die bedryfswaarde tot die vlottende laste en tot totale laste was 2.5:1 en 1.7:1 terwyl die eie tot vreemde kapitaal 1.2:1 was. 'n Ander verbetering wat ingetree het, was dat die totale laste per omset in 1965 aansienlik verminder het tot .20:1. Wat die belegging in vaste bates aanbetref, was die verhouding tot eie kapitaal tot 1962 ongeveer 1.6:1, wat beteken dat heelwat meer daarin belê is as wat die koöperasie aan eie kapitaal besit. Daar moes dus heelwat van leenkapitaal gebruik gemaak gewees het, oor die algemeen is tussen 80% en 90% van die totale kapitaal in geboue belê; in 1962 styg dit selfs tot 100%, maar in 1965 was die verhouding veel beter, naamlik .56:1 ten opsigte van die totale kapitaal en .76:1 ten opsigte van eie kapitaal. Dit wil voorkom of hierdie groep koöperasies 'n betreklike groot belegging in vaste bates het, soos ook blyk uit die verhouding van vaste tot vlottende bates, teweete 2.5:1 in 1962, wat verbeter tot 3.3:1 in 1965. 'n Te hoë belegging in vaste bates laat te min eie kapitaal vir bedryfsdoeleindes. Alhoewel hierdie groep koöperasies se posisie ten opsigte van eie kapitaal heelwat verbeter het, is 'n verdere versterking van die eie kapitaal wenslik.

8.2.5 Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op finansiering

Een van die belangrikste risiko's van koringbemarking naamlik die prysrisiko, word grootliks opgehef deur die bestaande eenkanaal vasteprysskema. Daarby is die koringproduksie in die gunstige posisie dat die vraag groter is as die aanbod, as gevolg waarvan die invloede van die ekonomiese fluktuasies vermindert. Dit bring mee dat die koringkoöperasies, veral wat die bemarking van die koring aanbetref, met vrag van lenings gebruik kan maak, veral daar die seisoen so kort is en die kapitaal dus slegs vir 'n kort tydjie benodig word. Wat hierdie aspek betref, is 'n baie gesonde likiditeitsposisie seker nie 'n voorvereiste vir voortgang nie. Die saak verander egter indien na die benodigdhede-afdeling gekyk word. Hier is daar dikwels geen versekerde afset nie, en die risiko van ou voorrade is wesenlik. Omdat dit veral by die kleiner koringkoöperasies belangrik is, moet die koöperasie se finansiële posisie op hierdie natuurlike minimum beslis likied wees. Die verhouding van vlottende bates tot vlottende laste, bedryfskapitaal en bedryfswaarde tot vlottende laste, behoort hier dus sterk te staan, veral by die kleiner koöperasies omdat hulle belangrikste aktiwiteit ten tye van die balansstaat juis op 'n minimum is. Uit tabel 29 blyk dat dit wel die geval is, veral by groep B. Wat groep C betref, lyk dit egter of dit ietwat aan die min kant is.

In die breër ekonomiese verband is die invloed van die sogenaamde markbeïnvloedende mag, en gevolglike integrasie in die bedryfskolom ter sprake. Wat die bemarkingsaktiwiteit aanbetref, volg dit uit die gewaarborgde aard van die vasteprysskema dat hierdie gevaar nie juis wesenlik in die koringbedryf is nie. Dit volg veral uit die aard van die beheerraad en die tekort aan koring hier te lande. Daarom hou bemarking op die oomblik geen wesenlike gevaar in nie, en gevolglik het integrasie ten opsigte van hierdie aktiwiteit (byvoorbeeld verwerking) nie veel sin nie. Wat die bemarkingaspek aanbetref, blyk dit dat die koste tot 'n groot mate direk met die omset variëer en hier nie faktore is wat die groot koöperasie noodwendig goedkoper laat funksioneer as die kleiner koöperasie nie. As gevolg van die kort bemarkingseisoen, en dus 'n relatief kort opbergingsperiode van koring, is daar nie 'n behoefte aan fasiliteite vir massaopberging nie. Dit sou buitendien onbetalend wees omdat dit 'n groot kapitale belegging sou vereis en dit volgens die

koöperateurs eers lonend is indien die massaopberging vir ses maande of langer kan geskied. Dit volg omdat die verkreë opberggeld, wat as 'n gemiddelde vir die hele land geneem word, en dus op koring en mielies gebaseer word, minder is as die opbergingskoste vir koring oor so 'n kort periode. Die bemarkingskoste bestaan dus grootliks uit veranderlike koste, wat direk met die omset verander.

Die saak verander as die koöperasies in die maalbedryf inbeweeg en dus die koring vir taamlike lang tye moet opberg. Wat die bemarkingsaktiwiteit aanbetref, is dit dus duidelik dat die huidige opset voldoende is en dat daar nie addisionele finansiële vermoë vir die bedryf nodig geword het nie.

In noue aansluiting by hierdie markbeïnvloedende mag is die verandering ten opsigte van die ekonomiese en landbou-ekonomiese groei asook die mededingingstruktuur in die koringbedryf wat die integrasieproses kan verhaas. Vir die koringkoöperasies is 'n sodanige ontwikkeling miskien nie nodig nie. Dit vloei voort uit die huidige opset van die bemerking waar die beheerraad die bedingingsposisie van die koöperasies feitlik waarborg. Dit mag verder ook nie altyd finansiëel moontlik wees nie, omdat die eerste stap in die integrasieproses, naamlik die maalbedryf, van 'n kapitaalintensiewe aard is waar die ekonomie van grootverbruik in 'n belangrike mate geld. Uit die geanaliseerde finansiële posisie van die koöperasies, is dit duidelik dat hulle moeilik op sigself daartoe in staat sal wees, en dat veral die klein koöperasies beslis nie die omset daartoe het nie. Hier moet egter nie net op die beskerming van die beheerraad ten opsigte van die mededingingstruktuur gelet word nie. Die ontwikkelende Suid-Afrikaanse situasie mag later probleme meebring; dink byvoorbeeld aan die feit dat een enkele firma in die winshandel tans 50% van die land se maalbedryf beheer. Daarom is dit van belang dat die bestaande koöperatiewe integrasie (na die kant van die maalbedryf) meer effektief deur die koöperasies gesamentlik ondersteun en uitgebou moet word. Dit lyk die logiese pad om dit deur middel van die bestaande sentrale uit te bou, eerder as wat elke koöperasie die aktiwiteit self onderneem. Dit lyk verder logies op hierdie stadium dat, gesien in die lig van die koöperatiewe omvang en finansiële sterkte, die koöperasies eerder net tot die maalbedryf in die integrasieproses moet gaan en nie soseer ook na die kleinhandel self oorgaan nie.

Die saak word moeiliker indien op die verkoop van boerderybenodigdhede gelet word. Die al groter omvang daarvan by die koöperasies, asook die groterwordende finansieringsprobleme daarvan, raak 'n wesenlike probleem. Dit is herhaaldelik aangetoon dat, benewens 'n gesonde kapitaalposisie, die aanpassing by die veranderde ekonomiese toestande een van die belangrikste oorleefbaarheidsfaktore is. Sonder om veel verder op die saak in te gaan, ontstaan die vraag of 'n nouer skakeling tussen die koöperasies, dus amalgamasie en selfs vertikale integrasie in die vorm van veral sterk sentrales om byvoorbeeld die boerderybenodigdhede te vervaardig en te distribueer, nie 'n oplossing bied nie. In hierdie verband word veral aan die skakeling met ander produkte gedink. Na hierdie aspek sal op 'n latere stadium teruggekeer word. Of dit 'n ernstige finansieringsfaktor in die toekoms van die koöperatiewe koringbedryf gaan wees, is ook nie so 'n uitgemaakte saak nie, omdat baie koöperateurs in die koringbedryf beweer dat die meganisasieproses sy toppunt bereik het.

8.2.6. Samevatting.

By al die groepe is die boerderybenodigdhede die belangrikste aktiwiteit. Die omsatstruktuur verander nie oor die periode nie, behalwe by groep A waar die aandeel van die produktebemarking daal. Dit blyk verder dat veral die groot koöperasies ten opsigte van die totale aktiwiteite 'n groei vertoon. Ten opsigte van die kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt, sien ons dat die eie kapitaal by al die groepe min of meer 50% is en stygend neig. In vergelyking met die teoretiese, is dit egter nog te laag. Op die natuurlike laagtepunt behoort dit heelwat hoër te wees. Dit word egter in 'n mate gekompenseer deur die feit dat die breër ekonomiese invloede, veral ten opsigte van bemarking, prysvorming en die mededingingstruktuur, nie so 'n goeie eie kapitaalposisie op hierdie tydstip nodig maak nie. Dit word verder geregverdig deur die feit dat hierdie koöperasies nie groot vaste koste ten opsigte van opbergingsfasiliteite moet aanhou nie, en dat groot produktevoorrade ook nie 'n belangrike rol daar speel nie. In dié verband sien ons dan ook dat die vaste bates ten minste uit eie kapitaal gefinansier word en dat hierdie verhouding steeds verbeter. Eerder moet die rede vir die relatief lae eie kapitaalposisie gesoek word in die feit

dat die meganisasiëproses in die koringbedryf in die verlede meegobring het dat heelwat korttermynlenings daarvoor gebruik is, wat teoreties nie te verantwoord is nie. Dit is iets wat by die groter koöperasies aan die afneem is, maar nie by die kleineres nie. Van belang is egter die feit dat die eie lang- en mediumtermynkapitaal by al die groepe sal moet toeneem aangesien die aktiwiteite al meer uit boerderybenodigdhede begin bestaan, wat 'n medium- en selfs langtermynaard het.

By groep A bestaan die eie kapitaal hoofsaaklik uit algemene reserwes, terwyl die ander kapitale poste ook belangrik by groepe B en C is. Ten opsigte van die kapitaalstruktuur uit doelmatigheids oogpunt, lyk dit in die algemeen of groep A meer eie en groep B en C meer leenkapitaal gebruik. Totale kapitaal per R100 omset gebruik, is min of meer dieselfde by al die groepe en dit verloop dalend. Daar is dus 'n tendens tot groter ekonomiese en finansiële effektiwiteit by hierdie koöperasies en kos die finansiering die lid ook meer. Ten opsigte van die likiditeit het ons gesien dat dit by al die groepe redelik is.

8.3. Die finansiering van die mieliekoöperasies.

8.3.1. Inleiding.

'n Spesifieke kenmerk van akkerbouproduksie in Suid-Afrika is die oorheersende rol wat mielies daarin speel. Mielies is dan ook die gewas wat op die mees uitgebreide skaal in Suid-Afrika verbou kan word. Hoewel 'n sekere hoeveelheid mielies in byna elke distrik van die land geproduseer word, is die ver- naamste produksiestreke in die sogenaamde mieliedriehoek en die aangrensende gebiede, wat almal in die somerreënvalgebied geleë is, en hoofsaaklik die noordelike Vrystaat, Suidoos-, Sentraal- en Wes-Transvaal, die oostelike helfte van Natal, die verre suidoostelike en noordoostelike dele van die Kaapprovinsie beslaan. Die mieliebedryf word gekenmerk deur hoë lopende koste en hoë eise wat aan die grondstruktuur en die grondvrugbaarheid gestel word. Verder tree die neiging al sterker op die voorgrond dat die gaping tussen die binnelandse verbruik en produksie al groter word, met 'n gevolglike uitvoersurplus.

8.3.2. Aard van die koöperatiewe mieliebedryf.

8.3.2.I. Seisoensverloop van die mieliekoöperasies.

By hierdie groep koöperasies bestaan die aktiwiteite hoofsaaklik uit mieliebemaking, met heelwat boerderybenodigdhede as 'n verdere aktiwiteit. Wat die bemarkingsaktiwiteite aangaan, val dit onder die eenkanaal-vasteprysskema in die beheerde gebiede, waaronder hierdie koöperasies dan ook resorteer.


By mielies is 'n duidelike seisoensverloop te onderskei wat min of meer teen Oktober sy hoogtepunt bereik, waarna dit weer daal om teen April/Mei die laagtepunt te bereik. In die verlede was hierdie daling naastenby tot die einde van die jaar, maar in die jongste tyd is daar al meer 'n tendens tot die uitrekking daarvan. Dit is die gevolg van oorproduksie in die afgelope jare wat die bemarking vertraag en soms meebring dat voorrade na 'n volgende jaar oorgedra moet word, waardeur kapitaal dus langer opgesluit lê. Hierdie tendens is egter nie in die droogtejare aanwesig nie.

Die algemene verloop by hierdie koöperasies is kortliks dat die totale aktiwiteite in Augustus begin styg wanneer boerderybenodigdhede sy hoogtepunt begin bereik. Die totale benodigdhede-aktiwiteit, tesame met die bemarkingsaktiwiteite, bereik in Oktober 'n hoogtepunt, waarna alles begin daal, Implemente en onderdele bereik reeds in Januarie die laagtepunt, terwyl die totale benodigdhede min of meer in Maart/April en die bemarkingsaktiwiteite in April/Mei die laagtepunt bereik. Grafiek 9, wat die kaskredietlenings deur die Landbank aan die mieliekoöperasies aantoon, illustreer hierdie seisoensbeweging. Verder blyk dit dat dié koöperasies se krediteure in Oktober sy hoogtepunt bereik, waarna dit begin te daal. Die debiteure bereik weer teen Januarie die hoogtepunt.

Die finansiële jaar van hierdie koöperasies wissel van koöperasie tot koöperasie, maar dit blyk tog of Januarie die gebruiklike afsluitingstyd is, hoewel sommige al in November en andere eers in Maart eindig. Dit spruit voort uit die praktyk dat sekere koöperasies ook produkte wat in ander seisoene val, addisioneel hantseer. Die aandeel daarvan in die totaal en die feit dat hierdie state jaarliks by almal op dieselfde tydstip opgestel is, bring mee dat daar in die geheel by hierdie koöperasies wel van die natuurlike jaar-analise uitgegaan kan word. Dit word versterk deur die feit dat daar by hierdie koöperasies heelwat voorraadvorming van mielies ten behoewe van die

Grafiek 9.

Seisoenslenings aan mieliekoöperasies deur die Landbank vir verskeie jare. (In RI,000,000).



beheerraad is, wat na die volgende jaar oorgedra word. In Februarie bereik die ander aktiwiteite 'n laagtepunt, hoewel dit nie die geval met die produktevoorrade is nie.

8.3.2.2. Samstelling van die omset by mieliekoöperasies.

8.3.2.2.1. Groep A.

Bemaking van mielies vorm die belangrikste aktiwiteit, naamlik 58% in 1965. Hierdie persentasie toon egter 'n dalende neiging oor die ondersoekperiode ten gunste van boerderybenodigdhede, terwyl dienste relatief klein bly. Hierdie struktuur en tendens word ook by die merendeel van die individuele koöperasies aangetref.

8.3.2.2.2. Groep B.

Bemaking is hier ook die belangrikste aktiwiteit en dit vorm 67% van die totale aktiwiteit in 1965. Dit toon ook 'n dalende neiging ten opsigte van boerderybenodigdhede. Hierdie tendens en struktuur geld ook ten opsigte van die individuele koöperasies in hierdie groep.

8.3.2.2.3. Groep C.

Die bemakingsaktiwiteit het hier effens gedaal, alhoewel dit nog die belangrikste aktiwiteit bly (70% in 1965). Die res van die aktiwiteite bestaan hoofsaaklik uit boerderybenodigdhede wat stygend verloop, terwyl die dienste min of meer dieselfde bly. Hierdie struktuur en tendens is dan ook verteenwoordigend van al die individuele koöperasies in hierdie groep.

8.3.2.2.4. Alle mieliekoöperasies.

Die verskeie onderafdelings toon 'n groot verskil (tabel I6) tussen groep C en die res wat die werklike syfers aanbetref. Die toename by groep C is meer opmerklik as by die ander twee groepe. Dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid van die aktiwiteite van die mieliekoöperasies by groep C val. By al die groepe gaan die dalende aandeel van die bemaking van mielies in die totale aktiwiteite nie met 'n daling in die absolute sy-

fers gepaard nie, maar dit het eerder gebeur as gevolg van die geweldige toename in boerderybenodigdhede ten gevolge van die voortgesette meganisasie in die mieliebedryf.

Opsommend blyk dit dat die totale aktiwiteit by groep A (tabel I6) geskommel het, maar redelik konstant gebly het, wat hoofsaaklik die gevolg was van 'n stygende benodigdhede- en 'n dalende bemarkingsomset. Die totale omset van groep B skommel ook (tabel I6), maar vertoon oor die algemeen 'n dalende neiging. By groep C kry ons 'n stygende totale omset, saamgestel uit 'n styging van al die komponente. Dit is duidelik dat al hierdie aktiwiteite, veral die bemarking, al meer deur groep C behartig word. Selfs die styging in die benodigdhede by groep A en B is relatief so klein tot die van groep C dat daar ook van 'n verskuiwing daarvan na groep C sprake is.

Wat die ledetotale aangaan, (tabel 2I), bly dit by groep A redelik konstant, by groep B skommel dit, maar daar is 'n dalende tendens. By groep C is die ledetal sedert 1956 redelik konstant. Die groot ledekonsentrasie by groep C is opvallend.

8.3.3. Kapitaalstruktuur van mieliekoöperasies.

8.3.3.I. Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt.

8.3.3.I.I. Groep A.

8.3.3.I.I.I. Eie kapitaal.

By groep A is daar 'n neiging dat die eie kapitaal effens toeneem, alhoewel dit nog maar min is en omtrent 20% van die totale kapitaal vorm. Eie kapitaal bestaan hoofsaaklik uit reserwes, wat omtrent dieselfde bly, naamlik 63% in 1962. By die reserwes is daar egter nie so 'n oormatige beklemtoning van die algemene reserwe nie: dit bly min of meer konstant op 33% van die totale reserwe (tabel 23). Dieselfde geld ten opsigte van die gebeurlikheidsreserwe, alhoewel dit miskien neig om belangriker te word en in 1962 42% te vorm. Die spesifieke reserwes vorm in 1965 32%. Verder bestaan die eie kapitaal uit 'n redelike hoeveelheid aandelekapitaal wat omtrent konstant bly op 35%. Van belang is verder die feit dat (tabel 24) die opbetaalde aandelekapitaal as persentasie van die uitgereikte aandelekapitaal stygend verloop en tans 80% vorm. Die volopbetaling van die

ingeskrewe kapitaal sal dus nie die eie kapitaalposisie veel kan verbeter nie. In hierdie verband blyk dit uit tabel 25 dat die reserweposisie tot die aandeleposisie nie opvallend groot is nie. Roterende kapitaal, wat min is, skommel heelwat (tabel 22B) en is ten volle in heffingsfondse gekonsentreer.

8.3.3.I.I.2. Vreemde kapitaal.

Die totale vreemde kapitaal in groep A bly nagenoeg konstant op 80%. Hierdie leenfondse bestaan deurgaans vir min of meer 90% uit korttermynlenings. Uit tabel 22A volg dat dit ongeveer om die helfte uit oeslenings van die Landbank en bankoortrekkings bestaan. Die res van die leenkapitaal bestaan uit langtermynlenings wat volgens tabel 22A hoofsaaklik Landbanklenings is.

8.3.3.I.I.3. Totale kapitaal.

Wat die verskeie kapitaalposte as persentasie van die totale kapitaal aanbetref, is dit duidelik dat die korttermynlenings, wat omtrent dieselfde bly, die belangrikste is, naamlik min of meer 75%. Reserwes, wat 'n geringe dalende tendens vertoon, volg daarna en staan tans op ongeveer 12%, terwyl die aandelokapitaal min of meer konstant bly op 7%. Langtermynlenings vorm die res, naamlik omtrent 5%.

Oor die algemeen bly die eie kapitaal min, neem dit effens toe en vorm die verskeie komponente nie 'n oorheersende aandeel nie. Daarenteen bly die korttermynkapitaal belangrik, asook taamlik konstant, ten spyte van die feit dat die omset in bemarking afgeneem het en die in benodigdhede toegeneem het. Dit lyk asof die bewering van die Landbank dat sommige van die koöperasie soveel moontlik oeslenings probeer verkry en dit dan so lank as moontlik hou om sodoende hulle benodigdhede oor die mediumtermyn daaruit te finansier, wel hier van toepassing kan wees.

As in aanmerking geneem word dat volgens tabel 22A die handelsvoorraad en debiteure 'n veel groter persentasie as die mielievoorraad van die totale vlottende bates vorm, dan wil dit voorkom of sekere koöperasies hulle voorraad benodigdhede deels met Landbankoeslenings finansier. Dit is 'n ongesonde praktyk, nie alleen omdat sodanige oeslenings nie vir hierdie doel aan-

gewend mag word nie, maar ook omdat korttermynfinansiering deels vir mediumtermynfinansiering en verder ook vir die finansiering van debiteure gebruik word. Dit is miskien ook die rede waarom die krediteure eers in Junie 'n laagtepunt bereik, terwyl die oesseisoenslaagtepunt reeds in April bereik word. Daar is dus 'n behoefte aan meer korttermyn eie kapitaal.

.3.3.I.2. Groep B.

.3.3.I.2.I. Eie Kapitaal.

Dit verloop effens stygend, maar vorm ongeveer 14% van die eie kapitaal. Eie kapitaal bestaan in 'n groot mate uit reserwes, wat min of meer konstant bly op 50%. Uit tabel 23 volg dat die reserwes hoofsaaklik uit algemene reserwes bestaan (83%) en dat die gebeurlikheids- en spesifieke reserwe min bly op respektiewelik 9% en 8%. Die eie kapitaal bestaan verder in 'n redelike mate uit aandelekapitaal wat skommel, maar min of meer op 35% gestel kan word. Dit is opvallend (tabelle 23 en 24) dat die opbetaalde aandelekapitaal in hierdie groep as persentasie van die ingeskrewe aandelekapitaal stygend verloop en in 1962 selfs 100% beloop het, wat meebring dat die verhouding van die aandele tot reserwes feitlik op een te staan kom. Wat die res van die eie kapitaal aanbetref, bestaan dit uit roterende kapitaal wat redelik stygend verloop en in 1962 12% van die eie kapitaal gevorm het. Dit bestaan geheel en al uit heffingsfondse.

.3.3.I.2.2. Vreemde kapitaal.

Dit skommel, maar vertoon 'n effens dalende tendens ten opsigte van die totale kapitaal. Leenkapitaal bestaan hoofsaaklik uit korttermynlenings wat omtrent konstant bly op 98%. Uit tabel 22A volg dat die korttermynlenings hoofsaaklik uit Landbanklenings bestaan en die res uit bankoortrekkings. Die langtermynlenings bestaan ook vir alle praktiese doeleindes uit Landbanklenings. Hierdie groep stem dus baie ooreen met die vorige.

.3.3.I.2.3. Totale kapitaal.

Dit bestaan hoofsaaklik uit korttermynlenings wat effens dalend verloop en tans op omtrent 85% staan. Daarenteen vorm die reserwes omtrent 7%. Aandelekapitaal verloop stygend en vorm tans min of meer 5%, terwyl die ledefondse asook die langtermynlenings onbeduidend klein bly.

In totaal bly die eie kapitaal min, alhoewel dit effens toeneem, terwyl die reserwes, en dan hoofsaaklik die algemene reserwe, die belangrikste komponent vorm. Aandelekapitaal vorm ook 'n redelike persentasie. Wat die leenkapitaal aanbetref, volg dit hier ook weer dieselfde tendens as by groep A, naamlik dat die bemarkingsomset ten gunste van die benodigdhede-omset deel, terwyl daar nie juis 'n ooreenkomstige daling in die korttermynleenkapitaal of styging in die langtermyn eie kapitaal is ter aanvulling van die mediumtermynkapitaal nie. Dit wil voorkom asof die afleiding ten opsigte van die ongesonde gebruikmaking van Landbankoeslenings ook op hierdie groep van toepassing is.

8.3.3.J.3. Groep C.

8.3.3.I.3.I. Eie kapitaal.

Dit bly min of meer konstant op 14% van die totale kapitaal. Dit bestaan hoofsaaklik uit reserwes wat heelwat skommel, maar min of meer 60% is. Die algemene reserwe (tabel 23) verloop min of meer konstant op 35%, die gebeurlikheidsreserwe verloop dalend en is 30% terwyl die spesifieke reserwe skommel maar min of meer op 30% gestel kan word. Verder bestaan die eie kapitaal ook uit aandele wat redelik dalend verloop en in 1962 6% gevorm het. Die opbetaalde aandelekapitaal (tabel 24) vorm dan ook 'n redelike klein persentasie van die ingeskrewe aandelekapitaal, naamlik 20%. Die aandeleposisie kan dus baie verbeter word indien die ingeskrewe aandelekapitaal opbetaald gemaak word. Dit is opvallend dat die verhouding van die reserwes tot die opbetaalde aandelekapitaal (tabel 25) redelik hoog is en selfs stygend verloop (9:1 in 1962), wat weer toon hoe afhanklik hierdie koöperasies van reserwes is.

'n Verdere komponent van eie kapitaal is roterende kapitaal wat min of meer 30% vorm (tabel 22B) en in 'n groot mate uit hefingsfondse bestaan.

8.3.3.1.3.2 Vreemde kapitaal

Die leningskapitaal by groep C bestaan hoofsaaklik uit korttermynlenings wat min of meer konstant verloop en 90% van die leenkapitaal vorm. Hierdie korttermynlenings bestaan hoofsaaklik uit oeslenings, naamlik 95% volgens tabel 22A. Hieruit volg weer dat hoe groter die koöperasie is, hoe meer is sy korttermynlenings tot oeslenings beperk en maak hy relatief minder van korttermynlenings vir finansiering van sy administrasie gebruik. Die langtermynlenings, wat feitlik konstant verloop, bestaan vir alle praktiese doeleindes net uit Landbanklenings.

8.3.3.1.3.3 Totale kapitaal

Wat die verskeie kapitaalposte in groep C as persentasie van die totale kapitaal aanbetref, blyk dit dat korttermynlenings, wat min of meer konstant bly op 80%, die belangrikste is. Daarna volg die reserwes wat min of meer konstant verloop op 10%, met aandelekapitaal dalend en tans min of meer 1%, terwyl die langtermynlenings dalend verloop en tans omtrent 3% vorm.

In die geneel is dit duidelik dat beide die bemarkings- en die benodigdhede-omset heelwat vergroot het, maar dat die aandeel van elk in die totaal nie juis verander het nie. Daarenteen het die aandeel van die eie sowel as die leenkapitaal nie juis veel verander nie. Dit lyk voorlopig nie asof daar in hierdie groep struktuurveranderinge ingetree het nie en dat daar hier nie 'n groeiende tendens bestaan om korttermynkapitaal vir mediumtermynbehoefte te gebruik nie. Interessant is die feit dat hierdie groep relatief al hoe belangriker word ten opsigte van die ander groepe en dus blykbaar die enigste groep met 'n groeipotensiaal is. Minder goed is egter die swak posisie van die eie kapitaal en die verswakkende aandeleposisie by hierdie groep, veral omdat die mielibemaking al meer neig om 'n groter minimumkapitaal as gevolg van die groterwordende oorskotte te vra. Dit word meegebring deur die feit dat die koöperasies nog die mielies namens die beheerraad moet hou. Die gencemde oorskotte bring dus mee dat die koöperasie se bemarkingsfasiliteite vir 'n al langer periode beset bly, soms selfs nadat die nuwe bemarkingsseisoen reeds begin het.

8.3.3.2 Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt

Tabel 26, wat die verskeie poste per R100 omset aangee, is hier van toepassing.

8.3.3.2.1 Groep A

8.3.3.2.1.1 Eie kapitaal

Uit tabel 26 blyk dat die totale eie kapitaal per R100 omset nie juis veel verander nie (tans min of meer R12), terwyl die werklike syfers toegeneem het (tabel 21). Wat die reserwes betref, verloop dit ietwat stygend per omset vanaf R5 in 1953 tot R8 in 1962. Die opbetaalde aandelekapitaal skommel per omset, maar dit lyk of dit op 'n gemiddelde van R4 gestel kan word. Die roterende kapitaal is min en verander so baie, dat dit nie hier 'n faktor van belang is nie.

Die eie kapitaal het wel toegeneem, maar relatief nie meer as die omset nie. Die groter omset het dus relatief nie groter eise aan die kapitaal gestel nie. By herhaling is dit duidelik dat die opbetaalde aandelekapitaal, hoewel dit toegeneem het, in werklikheid nie met die omset tred gehou het nie en ten gunste van die reserwes verklein het. Die verdere feit dat die eie kapitaal per omset nie juis toegeneem het nie, ten spyte van die feit dat hierdie groep almeer benodigdhede hanteer, is ook van belang.

8.3.3.2.1.2 Vreemde kapitaal

Uit tabel 26 volg dat die vreemde kapitaal ietwat stygend verloop, naamlik van R46 in 1953 tot R57 in 1962. As in ag geneem word dat die omset ook gestyg het, dan is dit duidelik dat hierdie groep koöperasies neig om toenemend van leenkapitaal gebruik te maak. Die ontleding van die komponente van die leenkapitaal toon dat die korttermynlenings per R100 omset van R44 in 1953 tot R52 in 1962 gestyg het, terwyl die langtermynlenings per omset maar klein is, naamlik R2. Korttermynlenings is nie alleen die belangrikste finansieringsvorm nie, maar dit neem ook in belangrikheid toe.

8.3.3.2.1.3 Totale kapitaal

Totale kapitaal neig om per omset toe te neem, naamlik

vanaf R54 in 1953 tot R69 in 1962. Dit is baie duidelik dat die korttermynleenkapitaal (’n groot gedeelte van die korttermynlenings is oeslenings) wel vir die finansiering van die benodigdhede, wat van ’n meer mediumtermynaard is, gebruik word. Dit is veral van belang as die tendens van ’n in verhouding kleinerwordende aandeel van die bemarkingsaktiwiteit ten opsigte van die benodigdhede in ag geneem word.

8.3.3.2.2. Groep B.

8.3.3.2.2.1. Eie kapitaal.

Totale eie kapitaal per omset neem toe (tans min of meer R15), asook wat die werklike syfers aanbetref. Wat die komponente van die eie kapitaal aangaan, blyk dit dat die reserwes per omset styg, (nou ongeveer R7) asook wat die werklike syfers aangaan (tabel 18). Die aandeleposisie het per omset min of meer dieselfde gebly (R5), maar die werklike syfers het ietwat toegeneem. (tabel 18). Roterende kapitaal skommel te veel om enige sinvolle afleidings te maak. By die eie kapitaal kry ons dus die tendens tot die vergrote gebruik daarvan, hoofsaaklik as gevolg van die groter gebruikmaking van die reserwes.

8.3.3.2.2.2. Vreemde kapitaal.

Per R100 omset neem dit toe en is dit tans omtrent R76 (tabel 26). Hierdie toename geld ook vir die werklike syfers. Wat die komponente betref, blyk dit dat die korttermynlenings per R100 omset toeneem en tans op R75 staan. Dit geld ook wat die werklike syfers aangaan. Die aandoel van die langtermynlenings bly minimaal. Verder is dit duidelik uit tabel 26 dat die totale kapitaal per R100 omset toeneem, en tans op R59 staan. Ons kry dus by groep B ook al meer die tendens tot groter totale kapitaal, maar veral korttermynleenkapitaal vir ’n omsetstruktuur wat miskien almeer na mediumtermyn neig. Hierdie mediumtermynkapitaalbehoefte verklaar deels die al groter gebruikmaking van kapitaal per omset omdat sekere boerderybenodigdhede duur is en meer boekskulde veroorsaak, sodat die minimum vlotgende kapitaal styg. Die afleidings ten opsigte van termyne en minimumkapitaal wat by groep A gemaak is, is dus hier ook geldig.

8.3.3.2.3 Groep C

8.3.3.2.3.1 Eie kapitaal

Dit styg effens per R100 omset teen 'n gemiddeld van R10. Hierdie styging het plaasgevind ten spyte van 'n toename in die omset, wat beteken dat die posisie van die eie kapitaal verbeter het. Die vernaamste komponente van die eie kapitaal was die reserwes met ongeveer R6 per R100 omset. Dit toon 'n stygende neiging per R100 omset. Opbetaalde aandele het daarenteen konstant gebly op R1, en dus tred gehou met die omsettoename. Die ledefondse het min of meer konstant gebly op R3 per omset. Alhoewel sekere komponente konstant per omset gebly het, het die eie kapitaal tog proporsioneel vinniger as die omset gegroei, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die reserwes sterker uitgebou word.

8.3.3.2.3.2 Vreemde kapitaal

Per R100 omset het die leenkapitaal nie veel verander nie en vorm dit tans min of meer R50. Wat sy komponente aangaan, blyk dit dat die korttermynlenings per omset min of meer konstant bly op R45, terwyl die werklike syfers tot 1962 toeneem het. Langtermynlenings, wat R5 per omset vorm, volg ook min of meer die verloop van die korttermynlenings. Die totale kapitaal per omset skommel heelwat, met 'n gemiddelde van R48 vir die vyf jaar, maar R60 as 'n meer verteenwoordigende syfer vir die huidige.

In die geheel verander die kapitaalstruktuur per omset nie juis veel nie, hoewel daar 'n neiging tot die dalende gebruik van aandele en korttermynlenings is. By laasgenoemde is dit egter nie veel nie. Ook by hierdie groep blyk dit dat die korttermynlenings in 'n mate vir die mediumtermyn gebruik word (gesien die struktuurverandering in die omset). Dit kan egter nie veel wees nie, omdat daar feitlik geen stygende tendens tot groter kapitaalgebruik per omset is nie. Dit vloei voort uit die feit dat, gesien die belangrikheid van korttermynlenings in die totale struktuur, 'n groter kapitaalgebruik per omset wys op die langer opsluiting van die korttermynlenings in die produksieproses.

8.3.4 Likiditeit van die mieliekoöperasies

8.3.4.1 Groep A

Uit tabel 27 blyk dit dat die verhouding van vlottende bates tot vlottende laste aan die swak kant is (1:2:1), en dat die verhouding van netto bedryfskapitaal tot vlottende laste swak is (.2:1). Die bedryfswaarde tot die vlottende laste (.31:1) en die bedryfswaarde tot die totale laste (.32:1) verloop baie dalend en verskil nie veel van mekaar nie. Dit wil dus lyk of hierdie groep koöperasies in 'n groot mate op die beskerming van die beheerraad en die outomatiese bemaking, asook die pandreg wat huile op die lede se produkte het, staatmaak, en dus nie ernstig strewe na 'n goeie likiditeitsposisie nie; nie eers op die natuurlike laagtepunt van die natuurlike besigheidsjaar nie. Dit toon ook verder weer dat die verpligtinge uit korttermynlaste bestaan en by hierdie groep almeer 'n neiging tot die groter gebruikmaking van korttermynleenkapitaal vir die behoeftes wat relatief langer is, te bespeur is. Dit word verder beklemtoon deur die feit dat die totale laste tot omset stygend verloop en tans op min of meer .6:1 staan. Die tendens tot gebrek aan genoegsame mediumtermynkapitaal word versterk deur die gebrek aan langtermyn eie kapitaal wat miskien hierdie funksies kan verrig, omdat die langtermyn eie kapitaal feitlik net die vaste bates dek (.9:1). Daar bly dus baie min eie lengtermynkapitaal oor vir die minimum behoefte aan bedryfskapitaal, wat dan in 'n groot mate deur korttermyn vreemde kapitaal aangevul moet word. Dit kan dus maklik gebeur dat mediumtermynbehoefte ook hiermee gefinansier word. Dit is 'n ongesonde praktyk, veral omdat die benodigdhede nie 'n gewaarborgde afset het nie. Dit word vererger deur die fluktuerende landbou. Dit wil dus lyk asof die begrip van periode-ooreenstemming van behoeftes en kapitaal meer net tot die langtermyn beperk is.

8.3.4.2 Groep B

Vlottende bates tot vlottende laste is redelik swak (ongeveer 1:1), terwyl die netto bedryfskapitaal tot die vlottende laste swakker is as die van groep A. Die bedryfswaarde tot die vlottende laste en die totale laste is ook swak, maar dit

styg effens (.18:1). Hiervolgens is hierdie groep koöperasies se skuld amper ses maal meer as die eie fondse. Gelukkig is die grootste persentasie van die korttermynlenings Landbanklenings, anders sou hierdie koöperasies baie kwesbaar gewees het. Die relatief groter gebruikmaking van leenkapitaal word versterk deur die feit dat die vaste bates nie deur die totale eie- of totale langtermynkapitaal gedek word nie. Dit wil dus lyk asof daar by hierdie groep nie 'n ooreenstemming van die termyne van kapitaalbehoefte en kapitaalverskaffing is nie.

8.3.4.3. Groep C.

By groep C (tabel 27) is die verhouding van die vlottende bates tot vlottende laste redelik swak (1.1:1). Die netto bedryfskapitaal tot vlottende laste is ook swak (.1:1), maar dit verbeter. Die belangrikheid van die vlottende laste, wat groot invloed op die likiditeit het, blyk hier ook weer duidelik uit die feit dat die bedryfswaarde tot die vlottende en die totale laste redelik min is en omtrent dieselfde vir beide is (.2:1). Dat in hierdie groep nie veel korttermynlenings vir ander gebruike aangewend word nie, word versterk deur die feit dat die totale laste (hoofsaaklik korttermyn) tot die omset nie veel verander nie en min of meer op .6:1 bly, dit ten spyte van die genoemde struktuurverandering in die omset. Dit word verder beklemtoon deur die feit dat die langtermynkapitaalbehoefte wel geheel uit die langtermyn eie, en veral die langtermyn totale kapitaal gefinansier word. Hierdie groep toon dus meer 'n ooreenstemming met die termyn van kapitaalbehoefte en die beskikbare kapitaal.

Dit lyk asof daar by hierdie groep ook blykbaar 'n gebrek aan minimumkapitaal in die sin van eie risikokapitaal is. Dit is egter hier nie van so groot belang as by groepe A en B nie, aangesien die vlottende bates op die balansstaatdatum in 'n groot mate uit produktevoorraad bestaan, wat onder die beheerraadstelsel hierdie risiko heelwat verminder. Nietemin vra die langer bemerkingseisoen almeer minimumkapitaal.

8.3.5. Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering.

Wat die ~~bemarkings~~risiko van mielies aangaan, is dit duidelik dat dit grootliks opgehef word deur die vasteprys-eenkanaalbemarkingskema, want dit bring 'n versekerde afset en dus

groter prysstabilisasie mee. Sodoende word die invloed van die eksterne faktore heelwat verminder. Tog is daar 'n mate van voorraadvorming by mieliekoöperasies, omdat daar as gevolg van oorproduksie voorrade oorbly wat na 'n volgende jaar oorgedra moet word en wat sekere risiko's inhou. Dit beteken dat die kapitaal vir langer periodes in die voorrade opgesluit word, iets wat nie geheel uit korttermyn Landbanklenings gedek kan word nie. Omdat die oordraging van voorrade in werklikheid van so 'n herhalende aard is, vereis dit 'n hoër minimumkapitaal wat liefst langtermyn eie kapitaal moet wees. Hierdie verskynsel vereis dus by hierdie koöperasies 'n beter likiditeitsposisie, in elk geval 'n beter een as by die koringkoöperasies.

Die saak word nog verder gekompliseer indien die benodigdhede in ag geneem word. By hierdie koöperasies, veral by die kleiner mieliekoöperasies, is daar almeer 'n beklemtoning van die benodigdhede ten koste van die bemerking met die gevolglik groter vraag na mediumtermynkapitaal. By groepe A en B is daar 'n verdere styging in die korttermynlenings, ten spyte van 'n daling in die bemerkingsomset. Dit dui op 'n stygende onvermoë om telkens weer tot die natuurlike minimumkapitaal op die balansstaatdatum te likwideer. Dit beteken dat die korttermynlenings almeer gebruik word om die benodigdhede-omset, waar die kapitaal soms 'n redelike tyd in debiteure opgesluit lê, te finansier. Dit word veral gestaaf deur die feit dat die vaste bates net deur die langtermynkapitaal gedek word en dat daar dus nie veel oorbly vir mediumtermynfinansiering nie. Bogenoemde tendens, asook die feit dat die korttermynlenings per omset toeneem, is egter nie by groep C teenwoordig nie. Ten spyte van die verminderde risiko onder die beheerraadstelsel, word die risiko weer verhoog as gevolg van die herhalende oorproduksie in die jongste tye. Dit bring dus mee dat daar by groep A en B definitief 'n verbetering van die langtermyn eie kapitaal, asook die meer korttermyn roterende kapitaal verkry sal moet word. Dit volg uit die feit dat die vergrote korttermynlenings per omset almeer 'n risikofaktor in hierdie oorproduksiesituasie meebring. Die konklusie geld egter nie souseer ten opsigte van groep C nie, aangesien hierdie tendens nie juis daar teenwoordig is nie. Die groter kapitaalvraag raak van al groter belang omdat die uitgebreide meganisasie in die mieliebedryf en veral ten opsigte van massavervoer, groter eise aan die koöperasie in die toekoms gaan stel. Die styging in die

aankoop van swaar implemente en sleepwaens waarmee die boere die mielies in groot hoeveelhede vanaf die plaas na die graansuiers vervoer, om sodoende sakke uit te skakel, is hier van groot belang, veral omdat dit vry algemeen beweerd word dat die kapitaalinvestering in die mieliebedryf vandag buite verhouding met die rentabiliteit daarvan gestyg het. Dit bring mee dat vandag almeer effektief geboer moet word. In hierdie verband kan die koöperasies baie behulpsaam wees in die verskaffing van goedkoper boerderybenodigdhede.

Die probleem van voorraadoordraging na 'n volgende bemarkingseisoen bring verdere implikasies mee. In hierdie verband is daar 'n toenemende tendens tot massa-opberging omdat dit nie net groter doeltreffendheid meebring nie, maar ook tot 'n gladder vloei van die bemarking lei. Nie alleen bring massa-opberging besparing ten opsigte van Bantoeerwerkers mee nie, maar die uitdrogingsfaktor van die graan, wat by die opberging van die graan onder seile wesenlik is, word hierdeur verminder. Om hierdie silo's op te rig, verg egter baie kapitaal. Oor wat die optimum grootte van so 'n silo moet wees, is daar blykbaar nog geen eenstemmigheid bereik nie. Sommige beweerd dat hier nog geen ekonomie van grootmaat optree nie, andere meen van wel. Oor die algemeen is dit egter logies dat die koste verbonde aan die bou van een silo in verhouding laer moet wees as die bou van 'n paar klein silo's. Van belang in dié verband is byvoorbeeld die volgende studie wat in die V.S.A. deur Kansas Universiteit ¹⁾ gemaak is:

<u>Sakkapasiteit</u>	<u>Jaarlikse koste per sak (in sente) by 50% en 100% opbergingskapasiteit</u>	
	<u>50%</u>	<u>100%</u>
50,000	14.4	9.3
100,000	13.3	8.7
150,000	12.5	8.2
200,000	11.9	7.9
250,000	11.6	7.7

Alhoewel hierdie studie onder Amerikaanse toestande gedoen is wat nie direk met ons situasie vergelykbaar is nie, is die tendens tog onmiskenbaar. Dit lyk of groot gesentraliseerde opbergingsfasiliteite die aangewese weg is. Dit word bemoeilik indien die koöperasie se lede oor 'n groot gebied versprei is,

1) Summit, W.R. The why's of flat grain storage costs, News for Farmer Cooperatives, 31/6/1964, p. 10 - 11.

sodat noodwendig ten opsigte hiervan gedentraliseer moet word. Verder is 'n enkele silo ook ongewens in die sin dat dit bottelnekke by die aflaai kan veroorsaak. Oor die algemeen lyk dit of die kapitaalkragtiger koöperasies met 'n relatief groter bemarkingsomset beter vir hierdie massa-opbergingsfasiliteite toegerus is.

'n Belangrike faktor by massahantering deur die silo's is die kwessie van onderbesetting daarvan. In hierdie verband is die skepping van sekere kapasiteite vir sekere periodes van belang. Die feit dat die groter silo's meer ekonomies is, die langer opbergingsperiodes as gevolg van die oorproduksie in die mieliebedryf, bring mee dat veral die roterende kapitaal in hierdie verband baie sal moet toeneem by hierdie koöperasies.

Wat betref die aspek van markbeïnvloedende mag, is die saak van verwerking hier baie belangrik. Dit vloei voort uit die oorproduksie en die stygende vraag na steeds meer verwerkte produkte. Dit gaan veral gepaard met die ekonomiese groei en verhoging in die inkomste van die bevolking, byvoorbeeld die relatief groterwordende aantal Bantoes wat mielies slegs in 'n verwerkte vorm verbruik. Dit is dus nie uitgesluit dat die koöperasies in die toekoms almeer tot verwerking sal moet oorgaan nie. As gelet word op die relatief groot kapitaalomvang en grootte van die mielieboer en die sterk georganiseerde winshandel in dié verband, sal die koöperasies moeilik in hierdie veld kan inbeweeg. Eerder moet hulle beperk bly tot die maalktiwiteite aangesien die groot mate van mededinging en kapitaalintensiteit in die verdere verwerkingsprosesse miskien op die huidige stadium bokant die koöperasies se vuurmaakplek is. Dit is ook nie so nodig nie, as gevolg van die bestaande bemarkingsstelsel, wat 'n redelik versekerde afset meebring. Nietemin kan die gevolge van ekonomiese groei en inkomstestygning 'n wesentliche invloed in die toekoms uitoefen. Wat die maalbedryf betref, is dit weer 'n geval van die ekonomie van grootmaat, sodat die kleiner koöperasies ook hierin minder doeltreffend kan meeding.

8.3.6 Samevatting

Die bemerking van mielies vorm nog die belangrikste aktiwiteit van hierdie groep koöperasies, maar die aandeel van die boerderybenodigdhede-aktiwiteit verloop stygend by al die

groepe. Beide aktiwiteite word egter in 'n al groter mate deur groep C onderneem.

By al die groepe vind ons dat die eie kapitaal op die balansstaatdatum redelik swak is, en dat dit grootliks uit reserwes bestaan. Die vreemde kapitaal bestaan by al die groepe hoofsaaklik uit korttermynlenings van die Landbank. Laasgenoemde vorm dan ook die belangrikste finansieringsmiddel in die totale struktuur, ten spyte van die feit dat die bemarkingsaktiwiteit se aandeel aan die afneem is. Dit beteken dat, veral by die kleiner koöperasies, korttermynkapitaal almeer vir die finansiering van mediumtermynbehoefte gebruik word.

Hierdie relatief swak posisie van die eie kapitaal word aan die een kant geregverdig deurdat die beheerraadstelsel die eksterne risiko's van prys en mededinging in 'n mate opskort. Aan die ander kant bring die groter oorskotte, groter produktevoorrade, die groter hantering van meganiese boerderybenodigdhede, en die eis tot verdere verwerking van die produkte mee dat die kapitaalbehoefte op die balansstaatdatum al meer van 'n langtermynaard word wat in 'n baie groter mate met eie langtermynkapitaal gefinansier moet word. Uit die koöperatiewe aard moet hierdie eie kapitaal ook in 'n mindere mate uit reserwes bestaan.

Die belangrikheid van verbetering van die eie kapitaalposisie uit die ekonomiteitstandpunt van die kapitaalstruktuur, word versterk deur die relatief swak likiditeitsposisie. Veral by die kleiner koöperasies is dit duidelik dat te veel op die beskermde posisie van die beheerraad staatgemaak word; vandaar dan ook die gebruik van korttermynlenings vir mediumtermynbehoefte en die gevolglike verswakte likiditeit.

Wat die finansiële struktuur uit doelmatigheidsoogpunt behels, vind ons dat by groep A die eie kapitaal min is en omtrent dieselfde bly. Dit bestaan hoofsaaklik uit reserwes, wat styg. Die klein omvang van die roterende en aandelekapitaal per omset is egter 'n verkeerde tendens, veral gesien die verandering in die omset na 'n almeer medium- en selfs langtermynaard. Die leenkapitaal is hier heelwat en dit neem steeds toe per omset. Dit bestaan hoofsaaklik uit korttermynlenings, wat dan ook die belangrikste komponent van die totale kapitaal per omset is. By groep B neem die eie kapitaal effens toe, maar dit bly min en bestaan hoofsaaklik uit reserwes. Die vreemde en totale kapitaal per omset neem ook steeds toe, en beide bestaan grootliks

uit korttermynlenings, ten spyte van die feit dat die aktiwiteite van die koöperasie almeer van medium- en selfs langtermyn-aard word. By groep C styg eie kapitaal per omset effens, maar dit bly min en bestaan hoofsaaklik uit reserwes. Roterende kapitaal as bron van mediumtermynkapitaal bly hier ook min. Die vreemde kapitaal is heelwat meer per omset en dit bestaan, netsoos die totale kapitaal, grootliks uit korttermynlenings. Hierdie vreemde sowel as totale kapitaal neig egter nie stygend per omset nie, ten spyte van die feit dat die omset vergroot. Hier word dus ten minste nie van al meer korttermynlenings gebruik gemaak vir die finansiering van aktiwiteite wat al meer 'n mediumtermynaard het nie. Uit doelmatigheidsoogpunt gesien, vind ons dat groep C per omset die minste eie, vreemde en totale kapitaal gebruik, terwyl dit weer die meeste by groep B is. Verder verloop die totale kapitaal gebruik per omset net by groep C konstant, sodat die finansiering van groepe A en B die lede al duurder kos.

8.4 Die finansiering van die Tabakkoöperasies

8.4.1 Inleiding

Tabakboerdery, wat hoofsaaklik in die Suid- en Oos-Kaap en die Transvaal voorkom, vorm vir baie kleinboere hulle hoofbron van inkomste. Die beskikbaarheid van water is een van die belangrikste voorvereistes vir tabakverbouing. Daarom is so 'n groot gedeelte van die tabakboere op die besproeiingskemas gekonsentreer. As gevolg van die aard van die produk, die verbouing en verwerking daarvan, speel arbeid 'n belangrike rol in die tabakbedryf. Omdat by tabakverbouing in 'n beperkte mate van meganisasie gebruik gemaak kan word, is die bedryf baie gevoelig vir arbeidsprobleme. Ten spyte van die feit dat tabak 'n luukse is, bly dit een van die aangenaamste genotmiddels en sit die bedryf oor die algemeen nie juis met groot probleme van onverkoopbare voorrade nie. By sekere soorte tabak is daar egter wel 'n oorskot wat uitgevoer moet word, terwyl daar weer tekorte aan sekere ander soorte is wat ingevoer moet word.

8.4.2 Aard van die koöperatiewe tabakbedryf

8.4.2.1 Seisoensverloop

Die aktiwiteite van hierdie groep koöperasies bestaan hoofsaaklik uit die verwerking en bemarking van tabak, met boerderybenodigdhede en dienste as 'n minder belangrike aktiwiteit. Bemarking geskied onder die verpligte eenkanaalpoelstelsel, via die sentrale tabakkoöperasie. Hierdie sentrale, asook die Tabakraad, doen geen fisiese hantering nie, maar allokeer slegs die tabakoes in die binne- en die buiteland, terwyl die plaaslike koöperasies self die verwerking, verpakking en fakturering doen. By die tabakkoöperasies is daar 'n duidelike seisoensverloop te onderskei, wat met die produksieverloop ooreenstem. Die aktiwiteite bereik in September/Okttober 'n hoogtepunt, waarna dit weer daal om in Maart 'n laagtepunt te bereik. Sover dit die finansiële verloop van die bemarking en die administrasie aangaan, vind ons dat Oktober die hoogtepunt en Maart die laagtepunt is. Die bemarkingsaktiwiteit daal nie dadelik na Oktober nie, aangesien die koöperasies die verwerkte tabak opberg totdat die fabrikante dit verwyder. Hoewel die koöperasies opberggeld daarvoor kry, duur hierdie opsluiting van kapitaal in voorrade 'n geruime tyd. Alle korttermyn finansiële behoeftes styg dus vanaf Maart tot September en begin teen Oktober weer te daal. Grafiek IO, wat die Landbankseisoenslenings aan hierdie koöperasies aangee, illustreer hierdie seisoen.

Die finansiële jaar van die tabakkoöperasies eindig in Maart. Dit is die geval omdat al die tabakkoöperasies hoofsaaklik net tabakbemarking onderneem en benodigdhede nie so 'n belangrike rol hier speel nie. As gevolg van die spesifieke seisoensverloop kan by dié koöperasies wel van die natuurlikejaar-analise uitgegaan word. Omdat die seisoen duidelik in Maart sy laagtepunt bereik en dit ook die tydstip is waarop die boeke afsluit, kan beweer word dat dit ook die tydstip is wanneer die koöperasie sy minimum kapitaalbehoefte bereik.

8.4.2.2. Samestelling van die omset.


Wat die samestelling van die aktiwiteite van die koöperasies in hierdie groep aangaan, word na tabel I7 verwys.

8.4.2.2.I. Groep A.

Dit blyk dat die bemarkingsaspek die belangrikste aktiwiteit vorm, maar dat daar 'n neiging tot 'n dalende verloop oor

Grafiek IO.

Landbankseisoenslonings aan tabakkoöperasies vir verskeie jare.
(In R100,000,00)



die ondersoekperiode voorkom; dit vorm tans min of meer 65% van die totale omset. Benodigdhede vertoon daarenteen 'n ietwat stygende tendens, en dit staan tans op 33%. Dienste bly 'n minimale persentasie van die totale aktiwiteite. Hierdie verloop is miskien nie so verteenwoordigend van al die koöperasies in die groep nie, aangesien veral die heel klein koöperasies 'n groot styging in die bemarkingsaktiwiteit ondervind het, en dat dit tans feitlik hulle uitsluitlike aktiwiteit vorm. Die insluiting van sekere groter koöperasies in hierdie groep is dus effens misleidend.

8.4.2.2.2. Groep B.

Die bemarkingsaktiwiteit is oorheersend en vertoon 'n ietwat stygende aandeel (tans min of meer 85%). Die benodigdhede-aktiwiteit verloop daarenteen dalend en vorm tans 12% van die totale aktiwiteite. Die dienste aktiwiteit is klein en verander nie veel nie. Bogenoemde gemiddeldes is verteenwoordigend van die individuele koöperasies in die groep. Een van die groter koöperasies, naamlik die M.K.T.V., is egter by groep B uitgelaat. Dit is gedoen omdat hierdie koöperasie so oorheersend is dat sy insluiting net die situasie in groep B sal skeeftrek. Verder moet die relatief groot aandeel van die bemarkingsaktiwiteit by tabakkoöperasie in ag geneem word. Dit volg gedeeltelik uit die feit dat die tabakkoöperasies 'n beleid van nie-medinging ten opsigte van dié aktiwiteit volg; hulle verkoop slegs daardie benodigdhede wat direk met die tabakbedryf te doen het, soos onder andere spuitstowwe, en laat die res van hierdie behoefte aan die graankoöperasies, waarvan die meeste tabakboere ook lede is, oor. Die meeste tabakkoöperasies handel dus byvoorbeeld nie met swaar implemente nie, met die gevolg dat min kapitaal in hierdie tipe voorrade opgesluit lê. 'n Verdere rede is miskien ook die relatief lae peil van meganisasie in die tabakboerdery. Daar bestaan vandag egter 'n al groterwordende neiging tot meganisasie omdat arbeidskoste 'n groot probleem geword het en dikwels buite vernouding met die ander uitgawes gestyg het. Daarom sal die omset in benodigdhede in die toekoms seker al meer styg.

8.4.2.2.3. Alle koöperasies.

Opsommend blyk dit dat by groep A die totale aktiwiteite asook sy komponente nie veel verander nie, maar dat dit eerder dalend neig ten opsigte van die bemarkingsaktiwiteit. By groep B neem die totale omset redelik toe. Dit lyk asof hier 'n verskuiving van die bemarkingaktiwiteit vanaf groep A na groep B plaasvind. Die verskil in die totale, en veral in die bemarkingsomset tussen groep A en B raak al groter met die verloop van die tyd. Dit is van belang omdat die koöperateurs in die algemeen reken dat tabakbemarking, en veral die verwerking daarvan, baie kapitaalintensief is en dat die prosesse so is dat die ekonomie van grootskaal hier van toepassing is, 'n Koöperasie met 'n klein omset sal dus moeiliker die mas opkom. Die benodigdhede-aktiwiteit verskil nie veel tussen die twee groepe nie.

Wat die ledetalle aanbetref, blyk dit uit tabel 20 dat dit by beide groepe effens skommel, maar gedurende die ondersoekperiode nie juis veel verandering getoon het nie. Van belang is die feit dat die verdeling van die ledetaltotale tussen die twee groepe min of meer gelyk is.

8.4.3. Kapitaalstruktuur van die tabakkoöperasies.

8.4.3.I. Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt.

8.4.3.I.I. Groep A.

8.4.3.I.I.J. Eie kapitaal.

Eie kapitaal is hier relatief hoog, maar vertoon 'n dalende neiging en staan tans op 80% van die totale kapitaal. Wat die komponente van die eie kapitaal betref, is die skerp dalende verloop van die reserwes opvallend en staan dit tans op min of meer 35%. Hierdie reserwes het in 'n groot mate bestaan uit algemene reserwes, (tabel 23) wat redelik dalend verloop en tans omtrent 41% van die totale reserwes vorm. Daarenteen verloop die gebeurlikheidsreserwe (tans 25%) asook die spesifieke reserwe (tans 34%), stygend. Hierdie reserwestruktuur moet dan ook uit 'n koöperatiewe oogpunt verwelkom word, veral die feit dat dit as aandeel van die eie kapitaal daal. Die aandelekapitaal vertoon 'n dalende verloop en vorm tans 8% van die totale eie kapitaal. Tabel 24 toon dat die aandeleposisie nie veel kan verbeter deur die ingeskrewe aandele opbetaald te maak nie.

Die feit bly egter dat aandele in klein onderdeel vorm en dat dit dalend verloop. Die roterende kapitaal is redelik hoog en dit verloop stygend (tans 57%). Uit tabel 22B volg dat dit hoofsaaklik uit langtermyn roterende fondse bestaan wat eers by dood of uittrede terugbetaal word. Hierdie fondse het blykbaar ontstaan deur in oorskrywing van die algemene reserwes na lederekenings. Dit kan uit tabel I8, wat die werklike syfers aantoon, afgelei word. Daarvolgens het die algemene reserwe vanaf 1956 tot 1959 opvallend gedaal, wat saamval met 'n ewe opvallende styging in die roterende kapitaal tussen hierdie twee jare.

8.4.3.I.I.2. Vreemde kapitaal.

Dit vertoon in ietwat stygende tendens (tans 20%). Die leenkapitaal bestaan hoofsaaklik uit korttermynlenings wat skommel, maar tog effens styg. Tabel 22A wys dat die vreemde kapitaal geheel en al uit bankoortrekkings bestaan. Die langtermynlenings skommel, maar kan op ongeveer 20% gestel word.

8.4.3.I.I.3. Totale kapitaal.

Wat die verskeie poste as aandeel van die totale kapitaal aanbetref, is dit duidelik dat die roterende kapitaal die belangrikste pos vorm en stygend verloop (48% in 1965). Reserwes, wat histories die grootste pos was, het heelwat gedaal, maar bly nou omtrent konstant op 30% in 1965. Daarna volg die korttermynlenings wat effens stygend verloop (14% in 1965), en blykbaar deur groter administrasiekoste meegebring word, te oordel aan tabel 22A se verdeling van die vlottende bates en laste. Aandelekapitaal volg daarna en beloop 7% in 1965. Hierdie al groter konsentrasie in langtermynfondse stem ooreen met die styging in bemerking wat in al meer kapitaalintensiewe bemerkingsproses impliseer. Dit toon verder dat hierdie koöperasie hulle aktiwiteite, na afhandeling van die seisoensverloop, in 'n groot mate tot die natuurlike minimum likwiedeer en dus nie in neiging toon om korttermynkapitaal vir meer langtermynbehoeftes aan te wend nie.

Die groter kapitaalintensiteit, wat al meer langtermynkapitaal vir vaste bates vereis, laat egter al hoe minder vir die minimum vlottende kapitaal oorbly, selfs al word die langter-

mynlenings bygetel. Die onvermoë van die kleiner koöperasies om die mas op te kom, spreek hieruit.

8.4.3.1.2 Groep B

8.4.3.1.2.1 Eie kapitaal

Dit verloop stygend en het in 1965 94% van die totale kapitaal gevorm. Wat die komponente hiervan aanbetref, is die reserwes, wat histories hoog was en redelik konstant op 'n heelwat laer vlak (47%) verloop, die belangrikste. Hierdie reserwes, wat voorheen hoofsaaklik uit algemene reserwes bestaan het, verloop nou ietwat stygend, maar op 'n heelwat laer vlak, te wete 48%. Gebeurlikheidsreserwes bly relatief laag en konstant op 7%, terwyl die spesifieke reserwe in die omgewing van 45% rondskommel. Wat die aandele betref, is dit relatief min (3%), en dit daal miskien effens. Uit tabel 24 blyk dat die aandeleposisie heelwat kan verbeter indien die ingeskrewe aandelekapitaal opbetaald gemaak word, daar dit nou maar 50% van die ingeskrewe kapitaal behels. Uit tabel 25 is dit duidelik dat die aandeleposisie baie swak is in vergelyking met die reserwes wat, soos genoem, 'n belangrike plek in die eie kapitaalstruktuur inneem.

Roterende kapitaal vorm 'n belangrike deel van die eie kapitaal, maar verloop ietwat dalend en staan tans op 50%. Dit vorm tans in gelyke mate saam met die reserwes die belangrikste komponente van die eie kapitaal. Uit tabel 22B volg dat hierdie roterende kapitaal hoofsaaklik uit langtermynfondse bestaan. alhoewel heffingsfondse ook voorkom. Interessant is die feit dat by beide groepe die roterende kapitaal dikwels uit fondse bestaan wat slegs by dood of uittrede terugbetaalbaar is en 'n soort pensioenfonds vir die lede opbou. Van belang is verder dat die werklike algemene reserwesifers (tabel 18), se daling ooreenstem met die tydperk van styging in die roterende kapitaal, wat dus waarskynlik weer 'n oorskrywing verteenwoordig.

8.4.3.1.2.2. Vreemde kapitaal

Leenskapitaal daal redelik by groep B, en het in 1965 6% van die totale kapitaal gevorm. Opvallend is die feit dat die

leenkapitaal in 1956 en 1959 ten volle uit langtermynlenings bestaan het, maar dat dit veral sedert die koms van die roterende kapitaal grotendeels uit korttermynlenings bestaan wat effens dalend verloop (80%). In 1966 het die langtermynleenkapitaal ten volle uit Landbanklenings bestaan.

8.4.3.1.2.3 Totale kapitaal

Wat die verskeie poste as persentasie van die totale kapitaal betref, is die ledefondse die belangrikste, alhoewel dit miskien effens daal en tans 45% vorm. Reserwes, wat histories die belangrikste was, verloop nou gelykmatig op 44%. Aandelekapitaal bly laag op 3%, terwyl die langtermynlenings, wat histories redelik hoog was, nou 3% vorm, en die korttermynlenings min of meer 5%. Dit is duidelik dat hierdie groep, ten spyte van 'n redelike omsetverhoging, nogtans sy posisie aan eie kapitaal kon uitbrei en daarin kon slaag om sy voorrade telkens tot die natuurlike minimum te likwideer; iets wat uit die geringe persentasie korttermynlenings blyk. Minder goed is die feit dat die reserwes hier nog 'n relatief te groot aandeel in die kapitaalstruktuur inneem, veral as dit met groep A vergelyk word waar die reserwes proporsioneel minder belangrik is. Verblydend is die verskynsel dat daar by beide groepe blykbaar 'n redelike verhouding tussen die kapitaalbehoefte en -aanbod se termyne bestaan, blykens die feit dat veral die korttermynvermoë telkens weer tot die natuurlike minimum gelikwideer word. Dit volg miskien daaruit dat hierdie koöperasies nie juis mediumtermynkrediet nodig het nie omdat die benodigdhede hier van sekondêre belang is. Ten opsigte van die langtermynkapitaalkan die posisie nog verder verbeter, daar die eie langtermynkapitaal tans slegs die vaste bates dek en daar nie veel oorbly vir die permanente minimum vlottende kapitaalbehoefte nie. Leningskapitaal word dus nog vir die finansiering van langtermynbehoefte gebruik.

8.4.3.2 Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt

8.4.3.2.1 Groep A

8.4.3.2.1.1 Eie kapitaal

Die werklike eie-kapitaal-syfers het toegeneem, maar die omsetsyfers het in 'n mate gedaal, wat gevolglik daartoe gelei het dat die omset per R100 heelwat gestyg het en in 1965 op R65 te staan gekom het. Wat die komponente van die eie kapitaal aangaan, blyk dit (tabel 18) dat by die opbetaalde aandele die werklike syfer geskommel het, maar nie juis verander het nie. Dit geld ook vir die opbetaalde aandele per omset (tans R5). By die roterende fondse (tabel 18) het die werklike syfers redelik gestyg, met die gevolg dat daar ook 'n styging per omset was, sodat dit R37 in 1965 beloop. Die reserwes per R100 het sedert 1962 op 'n hoër vlak as in die verlede verloop (min of meer R22). Die feit dat die reserwes nou konstant verloop, dui daarop dat die reserwes sy belangrikheid verloor. Nietemin bly die reserwes 'n belangrike bron van langtermynfondse vir die tabakkoöperasies, waarskynlik ook omdat die kapitaal-intensiewe aard van die prosesse al sterker op die voorgrond tree.

8.4.3.2.1.2 Vreemde kapitaal

Die werklike syfers (tabel 18) het aanvanklik heelwat gestyg, maar verloop nou heelwat konstant op 'n hoër vlak. Die leenkapitaal per R100 omset blyk (tabel 26) redelik stygend te verloop met R14 in 1965. Wat die komponente van die leenkapitaal aangaan, blyk dit (tabel 18) dat die korttermynlenings redelik styg sover dit die werklike syfers en per R100 omset aangaan. Hierdie soort lenings staan op ongeveer R10 per R100 omset, wat ook aandui dat die uitstaande bedrag korttermynlenings gering is op die balansstaatdatum. Hieruit kan egter nie afgelei word dat die tabakkoöperasies gedurende die jaar ook min van korttermynlenings gebruik maak nie. Langtermynlenings se bydrae per R100 omset is gering, naamlik R2.

8.4.3.2.1.3 Totale kapitaal

Die werklike syfers (tabel 18), asook die totale kapitaal per R100 omset styg redelik (omtrent R77), ondanks 'n wisselende totale omset. Dit dui op groter eise om die omset te hanteer. Dit is in ooreenstemming met die al sterkerwordende meganisering ten opsigte van die bemaking, wat ook blyk uit die steeds stygende verhouding van die vaste bates per R100 omset (tans

RI24), Dit ten spyte van die feit dat die bemerking in hierdie groep nie juis toegeneem het nie, maar dat hierdie aktiwiteite eerder aan groep B afgestaan is. Opvallend is die verskynsel dat hierdie buitengewoon groot stygings in die werklike syfers van die verskeie langtermynkapitaalposte en die vaste bates, asook by hierdie poste per RI00 omset, veral vanaf die laat vyftigerjare begin optree het. Dit stem ooreen met die al sterker optrede van die prys-kosteknyptang vanaf ongeveer 1958, die gevolglike kostestygings en daaruit voortvloeiend die almeer oorskakeling na meganisasie van die bemarkings- en verwerkingsproses. Dit is vererger deur die feit dat die koöperasies in hierdie tyd ook die oorskakeling vanaf die Ammarello na die Orinocotabak moes deurmaak. Omdat die bemarkingsproses almeer kapitaalintensief raak, en die ekonomie van grootmaat almeer geld, kan in beginsel reeds die al groterwordende druk op hierdie groep gesien word.

8.4.3.2.2. Groep B.

8.4.3.2.2.1. Eie kapitaal.

Volgens tabel 2I het die totale eie kapitaal vanaf 1959 sodanig gestyg dat dit per RI00 omset ook 'n redelike styging sedert 1959 toon, maar weer 'n groot daling in 1965 tot R48. Ten opsigte van die eie kapitaal se komponente, het opbetaalde aandelekapitaal se werklike syfers (tabel 18) redelik toegeneem, maar per RI00 omset het dit konstant gebly op R2. Die werklike syfers van die roterende kapitaal het effens toegeneem, (tabel 20). Per RI00 omset fluktueer dit, maar dit het tot R22 in 1965 gedaal, wat baie laer as groep A s'n is. Alhoewel die absolute syfers vir reserwes (tabel 18) veral sedert 1959 redelik gestyg het, het dit per RI00 omset redelik geskommel met 'n effense dalende neiging tot R24 in 1965. Dit is duidelik dat die groot omset in 1965 'n aansienlike daling in die kapitaalverciestes per RI00 omset meegebring het.

8.4.3.2.2.2. Vreemde kapitaal.

Per RI00 omset was die leenkapitaal se bydrae in 1962 redelik hoog, te wete RIO, maar dit het daarna aansienlik gedaal tot R3 in 1965, wat aan 'n groter omset en 'n afname in die leen-

kapitaal toegeskryf moet word. Korttermynlenings se aandeel was R2 in 1965, terwyl die langtermynlenings, wat redelik konstant gebly het, op slegs R1 te staan gekom het.

8.4.3.2.2.3 Totale kapitaal

'n Ontleding van die totale kapitaal se werklike syfers (tabel 21) toon dat dit sedert 1959 heelwat tot 1962 gestyg het, proporsioneel meer as die totale omset, soos blyk uit die omset per R100. In 1965 het die bedrag egter tot R51 gedaal, wat heelwat minder as vir groep A is. Dit kan beteken dat hierdie groep, wat in 1959 'n dergelike struktuurverandering ten opsigte van meganisasie as groep A ondergaan het, nou daarin geslaag het om sy omset teen 'n relatief laer belegging as groep A te hanteer.

8.4.4 Likiditeit

8.4.4.1 Groep A

Van belang is die opvallende verswakking van die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste sedert die struktuurverandering in 1959. Tabel 27 toon dat dit tans op 1.2:1 staan. Dit geld ook vir die netto bedryfskapitaal tot vlottende laste (omtrent .2:1), asook die bedryfswaarde tot die totale laste, wat nog steeds dalend verloop na 'n groot daling in 1959 en nou op .54:1 staan. Dit dui op 'n langtermynverswakking van die likiditeit as gevolg van sterk toename in die gebruik van leweransierskrediet. Die groep se koöperasies vind dit al moeiliker om na die seisoen weer tot die natuurlike minimum te likwideer. Dié verswakkende posisie word ook deur die al groterwordende verhouding van totale laste tot totale omset aangetoon, te wete 3.5:1. Terselfdertyd neem die debiteure 'n te belangrike plek in die totale vlottende bates in, naamlik 37% in 1966. Verder blyk ook uit tabel 26 die groterwordende onvermoë van hierdie groep om veral sedert 1959 sy vaste bates uit eie langtermyn of selfs uit totale langtermynfondse te dek, veral as in ag geneem word dat heelwat van hierdie fondse in werklikheid nie heeltemal langtermynfondse is nie. Dit beteken dat, ten spyte van die feit dat die eie kapitaal in hierdie groep oorheersend is en die struktuur daarvan redelik

in ooreenstemming met die koöperatiewe aard is, dit te min is vir hierdie koöperatiewe aktiwiteit. Dit lyk of daar gevolglik te veel geneig word tot korttermyn vreemde kapitaal, veral leweransierskrediet.

8.4.4.2 Groep B

Uit tabel 27 volg dat die vlottende bates tot vlottende laste verswak het, maar dat dit nou weer besig is om te verbeter (1.4:1). Dit geld egter nog nie vir die netto bedryfskapitaal tot die vlottende laste nie (.4:1). Verblydend is dit dat die bedryfswaarde tot vlottende en die totale laste, nadat dit voorheen verswak het, weer besig is om te herstel, en beide tans op 1.7:1 staan. Dit dui op 'n verbeterde langtermynlikiditeit. Dit word geaksentueer deur die feit dat die totale laste tot omset, veral in vergelyking met groep A, dalend verloop en redelik min is (.4:1). Die totale vaste bates, wat stygend per R100 omset verloop het, maar nou dalend neig en tans R50 is, word heel deur die eie langtermynkapitaal gedek. Daar is selfs 'n tendens tot verbetering daarvan.

Dit is duidelik dat die eie kapitaal verbeter en dat hierdie groep die kapitale struktuurverandering oorleef het en tans in 'n beter oorleefbaarheidsposisie as groep A staan. Die langtermyn verslegtende tendens wat tans by groep A voorkom, veroorsaak dat die kleiner koöperasies 'n hoër eenheidskoste het. Dit, tesame met die verskynsel dat die groeipotensiaal ten opsigte van die bemarking al meer na groep E oorgaan, dui daarop dat groep A nie by hierdie veranderde struktuur slegs via die verlaging van die lopende koste kan aanpas nie, daar hulle nie die nodige omset het nie. Blykbaar het die meganisasieproses ten opsigte van tabakbemarking die stadium bereik waar die ekonomie van grootmaat belangrik geword het.

8.4.5 Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op finansiering

By die bemarking van tabak is dit duidelik dat die individuele koöperasies se risiko's nie net heelwat deur die poelstelsel verminder word nie, maar ook deur die eenkanaal koöperatiewe bemarking daarvan. Dit is egter nie risikovermindering in die sin van gewaarborgde bemarking nie, maar eerder groter bedingingsmag deur die bundeling van die aanbod, veral onder Suid-Afri-

kaanse toestande waar nie iuis veel oorskotproduksie is nie. Dit bied 'n groter moontlikheid vir pryshandhawing. Die bemerking vorm die oorheersende aktiwiteit en dit neem nog steeds toe. In hierdie verband moet veral gelet word op die verwerking van die tabak en die stygende meganisasie, veral sedert die laat vyftigerjare. Volgens die praktiese koöperateurs word in 'n toenemende mate tot die ekonomie van grootskaal geneig. Dit is die resultaat van die feit dat die verwerkingsaktiwiteit van 'n kapitaalintensiewe aard is wat die verspreiding van die vaste koste oor 'n groter omset noodsaaklik maak, maar ook omdat bevind word dat die groter masjiene 'n beter kwaliteit en effektiewer diens lewer. Ondoeltreffendheid in die verwerkingsproses vind dan ook hoofsaaklik as gevolg van 'n te klein omset plaas. Aangesien die meganisasieproses met betrekking tot verwerking nog nie sy hoogtepunt bereik het nie, kan dit verwag word dat die optimum bemerkingseenheid in die toekoms nog groter gaan word. Hierdie tendens tot meganisasie hang veral nou saam met die stygende produksiekoste by die produksie van tabak wat weer hoofsaaklik aan duurder arbeidskoste toegeskryf kan word. Omdat die tabakproduksie self nog redelik min gemeganiseerd is, en nie baie kans op meganisasie bied nie, kan verwag word dat die boere in die toekoms almeer op die koöperasie vir hulp ten opsigte van besparing van koste in die produksieproses sal leun. In dié verband kan die moontlike koöperatiewe gebruik van implemente en oesspanne, veral op die kleiner besproeiingsplase in die toekoms 'n oplossing bied. Alhoewel dit die koöperasie se kapitale koste gaan verhoog, behoort sodanige gesamentlike aksies die eenheidskoste van die diens te verlaag, met die gevolglik groter winsmoontlikhede op die plaas self.

Die voorafgaande bespreking van die optimum bemerkingsaktiwiteit word ook gestaaf deur die praktiese situasie. Nie alleen vind ons dat die kleiner koöperasies, ten spyte van 'n min of meer gelykblywende omset, almeer kapitaal en vaste bates per R100 omset gebruik nie, maar dat die likiditeit ock ver-swak. Dit dui op 'n stygende onvermoë van die kleiner koöperasies om die struktuurverandering ten opsigte van die bemerking die hoof te bied. In hierdie opsig sal die toekoms ook groter eise aan hierdie groep stel. Dit wil voorkom asof die groter koöperasies hierdie struktuurverandering sonder eventuele verswaking sal kan deurstaan. As bewys hiervoor geld dat hulle kapi-

taal per omset, asook die likiditeit verbeter en gunstiger as by die kleiner koöperasies is.

Wat die benodigdhede-aktiwiteit aangaan, is dit beperk tot die lopende behoeftes van die bedryf, aangesien die implemente hoofsaaklik deur die ander produktegroepe se koöperasies verskaf word. Die tabakkoöperasies hou nie groot voorrade aan nie en hierdie afdeling bring dus nie 'n groot kapitaalbelegging mee nie. Dit behoort dus nie 'n faktor van groot betekenis in die toekoms te wees nie.

In die dinamiese proses is die invloed van die markbeïnvloedende mag as korreksie vir die skommeling in die bedryf van groot waarde. Hier word gedink aan die integrasieproses. Hierdie koöperasies besit reeds 'n sterk markbeïnvloedende mag in die vorm van die saambundeling van die aanbod via die sentrale. Dit bring mee dat die vraagkant nie so maklik 'n beheerende mag oor die produsente sal kan kry nie. Die koöperasie se mag word versterk deur die feit dat die tabak vir 'n lang tydperk opgeberg kan word. Op die oomblik is hierdie gevaar aan die vraagkant nie veel nie, omdat die fabrikant die totale oes kan hanteer en daar nie veel onverkoopbare voorrade by die koöperasies oorbly nie. Dit kan egter in die toekoms 'n gevaar word, omdat sekere van die fabrikante alreeds neig om heelwat tabak in te voer. Dit sal noodwendig die moontlikheid van binnelandse oorskot aanhelp. In hierdie lig gesien, is die verdere vertikale integrasie tot by die vervaardiging dus nie uitgesluit nie. As daar op die sterk mededinging en die kapitaalintensiteit by vervaardiging gelet word, sal dit moeilik anders as deur 'n sentrale aksie gedoen kan word. Dit sal dus nie direk op die kapitaalbronne van die koöperasies druk nie. Voorlopig lyk die bestaande opset en die bundeling van die aanbod genoegsaam en behoort dit alle steun, veral in die ontwikkelende situasie, te geniet.

Anders is die posisie egter ten opsigte van die integrasie op die horisontale vlak. Die groterwordende bemarkingsoptimum is reeds bespreek. Hier is sentralisasie dan ook van toenemende belang, veral in die lig van die kleiner koöperasies om die mas op te kom. Dit is van belang dat die praktiese koöperateurs dan ook bevind dat takke 'n verlies is en net as 'n diens aan lode in 'n wydverspreide gebied gesien kan word. Die amalgamasie van die kleiner plaaslike koöperasies sal dus almeer noodsaaklik word in die toekoms indien hulle nog 'n ekonomiese diens

aan hulle lede wil lewer.

Teen die agtergrond van die stygende koste in die tabakbedryf is die moontlikheid van die koöperatiewe gebruikmaking van onder andere implemente nie uitgesluit om in die toekoms die tabakboer se ekonomiese oorleefbaarheid te verseker nie. Dit sal 'n groter kapitaalbelegging deur die koöperasie vereis, wat 'n groter las op veral die kleiner koöperasies sal plaas, sodat hulle waarskynlik nie hulle dienste aan hulle lede sal kan uitbrei nie.

8.4.6 Samevatting

Bemaking is verreweg die belangrikste aktiwiteit van hierdie groep koöperasies, en dit word almeer deur groep B onderneem.

Die eie kapitaalposisie is by beide groepe goed. Dit toon egter 'n tendens tot daling by groep A en styging by groep B. By groep A vind ons dat veral korttermynleenkapitaal stygend neig, terwyl dit by groep B dalend verloop. Groep A se koöperasies vind dit al moeiliker om op die balansstaatdatum tot die natuurlike minimum terug te keer. Hierdie eie kapitaal bestaan by beide groep grootliks uit roterende kapitaal, wat tot dood of uittrede roteer, hoewel die algemene reserwes by groep B ook belangrik is. Uit ekonomiteitsoogpunt gesien, is die kapitaalstruktuur by beide dus redelik in ooreenstemming met die teoretiese analise.

Wat die kapitaalposte per omset betref, vind ons dat die kleiner koöperasies meer eie kapitaal asook vreemde kapitaal gebruik as die groteres. Verder styg die gebruik van kapitaal vir vaste bates per R100 omset by groep A en daal dit by groep B. Dit dui op die groter onvermoë van die kleiner koöperasies om die toenemende meganiese bemarkingsproses teen dieselfde eenheidskoste as die kleiner koöperasies te verrig. Dit word versterk deur die feit dat die kleiner koöperasies nie hulle vaste bates uit eie kapitaal kan dek nie, en dat die verhouding steeds verswak. Aan die ander kant kan die groter koöperasies dit wel doen en verbeter die verhouding van die vaste bates tot eie kapitaal aldaar. Dit is 'n stap wat al meer in ooreenstemming met die teoretiese verloop van die koöperatiewe finansiering is. Uit doelmatigheidsoogpunt gesien, neig die kapitaalstruktuur tot al duurder finansiering vir die lede van groep A

terwyl dit die teenoorgestelde geval by groep B is.

Wat die likiditeit aangaan, verswak dit by groep A, hoofsaaklik as gevolg van die groter leenkapitaal. Dit is gevaarlik, veral gesien die feit dat die beherrade nie alle risiko's in dié verband ophef nie. By groep B verbeter dit en is dit nou redelik.

8.5. Die sitruskoöperasies.

8.5.1. Inleiding.

Sitrus vorm vandag een van die belangrikste tuinbouprodukte in Suid-Afrika. Ekonomiese produksie van sitrus vind hoofsaaklik in subtropiese klimaatstreke plaas, alhoewel sekere variëteite daarvan ook in tropiese en gematigde streke geproduseer word. Daar is sewe erkende sitrusstreke in die Republiek, naamlik Oos-Transvaal, Wes- en Noord-Transvaal, die Westelike Kaap en Natal, net Noord-en Oos Transvaal en die oostelike Kaapse kusstreke as die belangrikste gebiede.

Water speel 'n belangrike rol by die produksie van sitrus. In sekere sitrusgebiede het die water 'n hoë krakinghoud, wat die grond met nadelige gevolge vir die bedryf aantast. Verder is die bedryf grootliks afhanklik van die uitvoermark, daar gemiddeld meer as die helfte van ons sitrus uitgevoer word. As gevolg van die aanwesigheid van sekere plae soos die vrugtevlug en die valskoddingmot, asook siektes soos swartverrotting en vergroening is baie lande nie geneë om Suid-Afrikaanse sitrus in te voer nie.

8.5.2. Aard van die koöperatiewe sitrusbedryf.

Bemaking vorm die belangrikste aktiwiteit van hierdie groep koöperasies, en wel deur middel van 'n sentrale bemarkingskoöperasie, naamlik die Suid-Afrikaanse Sitrusbeurs. Die bemaking geskied onder 'n eenkanaalpoelstelsel onder beheer van die Sitrusraad. Die sentrale bemarkingskoöperasie, asook die Raad se oorsese agente, tree as die sekretariaat van die Raad op, en is grootliks verantwoordelik vir die binnelandse en die buitelandse bemaking van sitrus. Die oesfinansiering geskied alles deur middel van die sentrale wat alles by die Landbank leen, en dan die verskil tussen hierdie lenings en

die opbrengs, minus die verskepings- en vervoerkoste, aan die plaaslike koöperasies uitbetaal. Die Landbanklenings word eers afgelos voordat die restant aan die plaaslike koöperasies uitbetaal word. Verder kry hierdie plaaslike koöperasies dan ook hulle pakmateriaal teen kosprys via die sentrale wat weer kontak met die vervaardigers het. Baie van die kunsmisaankope geskied ook via die sentrale. Daar moet egter op gewys word dat, hoewel die sentrale prakties feitlik die hele sitrusoes bemark, nie alles van koöperasies afkomstig is nie. Individuele pakkers, wat direkte seisoenslenings van die Landbank verkry, en wat sitrus aan die sentrale as agente van die Raad lewer, bestaan wel. Verder is sekere van hierdie plaaslike koöperasies ook niks meer as net 'n sekretariaat vir 'n aantal pakkers nie. Hulle staan ook bekend as 'n "loose co-operative" en besit geen geboue, hou geen voorrade en doen ook geen verkope nie.

8.5.2.I. Seisoensverloop.


'n Duidelike seisoen is by hierdie bedryfstak te onderskei. Dit volg vanweë die feit dat die aktiwiteite hoofsaaklik net tot die bemerking beperk is en dat die benodigdhede soos pakmateriaal direk daarmee in verband staan. Die totale aktiwiteite styg vanaf Januarie tot dit in Mei/Junie 'n hoogtepunt bereik, waarna dit weer daal om in Oktober/November 'n laagtepunt te bereik. Hierdie verloop word aangetoon deur grafiek II wat die seisoenslenings van die Landbank aan die sitruskoöperasies aantoon. Indien in aanmerking geneem word dat die sitruskoöperasies vir hulle korttermynbehoefte feitlik uitsluitlik van die Landbank gebruik maak en daar pakmateriaal die belangrikste benodigdhede-omset is, kan hierdie grafiek as verteenwoordigend van die seisoen geneem word.

As verder in ag geneem word dat hierdie koöperasies se balansstate hoofsaaklik in Desember/Januarie opgestel word, dus net voor die nuwe seisoen begin, kan die natuurlike-jaar-analise wel hier toegepas word en bereik die koöperasies hulle posisie van minimum kapitaal op hierdie stadium.

Ten opsigte van die ledetotale blyk dit uit tabel 20 dat albei groepe groei en dat daar nie juis veel verskil in die totale ledetal tussen die twee groepe is nie. Hoewel groep B se ledetal nie proporsioneel vinniger as die van groep A

Grafiek II.

Landbarkscisconslenings aan sitruskoöperasies vir verskeie jare.
(In RI, 000, 000).



gegroeï het nie, is groep B se totale omset, veral die bemarkingsomset, groter as die van groep A en word daar ten opsigte van hierdie groep alhoër na groep B beweeg.

8.5.2.2. Samstelling van die omset.

8.5.2.2.I. Groep A.

Dit blyk uit tabel I7 dat die bemarking die belangrikste aktiwiteit uitmaak (omtrek 85%), hoewel dit miskien offens dalend verloop in verhouding met die benodigdhede. Hierdie tendens is veral duidelik uit tabel I8 wat die werklike omset-syfers aantoon. Dit blyk ook uit 'n analise van die kleiner individuele koöperasies dat, waar heelwat van hulle geen benodigdhede-omset in 1953 gehad het nie, dit nou reeds op 19% staan. Dienste vorm ongeveer 2% van die totale omset.

8.5.2.2.2. Groep B.

Die bemarkingsomset was 94% in 1953, maar dit het sedertdien konstant op 90% gebly. Die benodigdhede-omset het egter toegeneem as persentasie van die totale omset en vorm tans ongeveer 8%, terwyl die omset van die dienste op 2% gestel kan word. Wat die individuele koöperasies aangaan, is daar ook 'n neiging by sommige om 'n groter benodigdhede-omset te hê, wat meer aan die kostestygings in pakmateriaal en kunsmis toegeskryf kan word. Oor die algemeen spruit die groter aktiwiteit in die benodigdhede egter uit die vergrote omvang van die sitrusbedryf voort. Die vergrote omvang is die resultaat van 'n relatief goeie oorsese mark sedert die begin van die vyftigerjare. Dit het egter ook dikwels tot vergrote skuldolaste gelei. Die styging in die benodigdhede-omset van die koöperasies is nie tipesond van hierdie tendens nie, omdat die bedryf grootliks arbeidsintensief is.

8.5.3. Kapitaalstruktuur van sitruskoöperasies.

8.5.3.I. Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt.

8.5.3.I.I. Groep A.

8.5.3.I.I.I. Eie kapitaal.

As persentasie van die totale kapitaal verloop die eie kapitaal stygend en dit vorm vandag 70% (tabel 21). Die belangrikste komponent van die eie kapitaal is die ledefondse, wat ook stygend verloop en tans 65% vorm. Aandelekapitaal is nog 'n belangrike deel van die eie kapitaal, hoewel dit redelik dalend verloop en tans omtrent 23% vorm. Uit tabel 24 volg dat die aandeleposisie baie kan verbeter as die uitgereikte aandelekapitaal volopbetaald gemaak word, aangesien dit in 1965 maar 17% van die ingeskrewe kapitaal uitgemaak het, en dat hierdie verhouding dalend neig. In vergelyking met die reserwes (tabel 25) is die opbetaalde aandele nog meer as voldoende (.5:1) alhoewel dit stygend verloop. Dit gebeur natuurlik omdat die reserwes so 'n relatief klein persentasie van die eie kapitaal vorm, naamlik 12%. Volgens tabel 25 het die reserwes in 1965 in 'n groot mate uit die algemene reserwes bestaan (71%), gebeurlikheidsreserwe het 25% gevorm, terwyl die spesifieke reserwes minimaal was. Laasgenoemde is klein, miskien omdat baie sitruskoöperasies nie gebou het nie (die loose co-operative en dus nie veel spesifieke reserwes hoef te skep nie. Die algemene reserwes neig egter om te styg.

8.5.3.I.I.2. Vreemde kapitaal.

Dit neig dalend en vorm tans 30% van die totale kapitaal (tabel 12). Wat sy komponente aangaan, vind ons 'n redelik duidelike klemverskuiwing. Waar dit voorheen hoofsaaklik langtermyn van aard was, het die korttermynlenings veral in die laaste tyd belangrik geword, en beslaan dit vandag meer as 50% van die totale lenings. Dit is veral toe te skryf aan twee feite.

Eerstens die feit dat verhoging in die benodigdhede-omset wat ten tye van die balansstaat (wat reeds in die nuwe seisoen is) 'n al meer stygende korttermynleningspos, veral ten opsigte van die pakmateriaal aantoon. Tweedens moet dit gesien word saam met die styging in die roterende kapitaal, wat dit moontlik maak dat die finansiering van die vaste bates (pakhuis) met eie kapitaal eerder as met leenkapitaal gefinansier word: wat 'n bemoedigende tendens is. Uit inligting wat nie in die tabelle vervat is nie, lyk dit of hierdie roterende kapitaal hoofsaaklik uit ledefondse bestaan, wat dikwels van 'n meer

mediumtermynnaard is, en dus nie so heeltemaal gunstig vir die finansiering van die vaste bates is nie. Die vaste bates is in 1965 wel geheel deur die eie kapitaal gedek, met 'n oorblywende bedrag vir vlottende kapitaal, maar die eie kapitaal is gewoonlik opgebou uit fondse wat nie 'n baie lang omlooptyd het nie en dus minder gewens is vir gebruik as langtermyn minimumkapitaal.

Korttermynlenings is, volgens die Sitrusbeurs, ook hoofsaaklik vanaf die Landbank afkomstig. Die handelsbanke hanteer oor die algemeen baie min van hierdie koöperasie se lenings, selfs nie eers vir administratiewe doeleindes nie.

8.5.3.I.1.3. Totale kapitaal.

Wat die verskeie poste se aandeel aan die totale kapitaal aanbetref, vorm die roterende kapitaal die belangrikste pos (45% in 1965), terwyl die lang-en korttermynlenings daarop volg en tesame sowat 28% van die totale kapitaal gevorm het. Aandele bly ongeveer konstant op 17%, terwyl die reserwes stygend verloop en 10% gevorm het.

8.5.3.I.2. Groep B.

8.5.3.I.2.1. Eie kapitaal.

Dit verloop redelik stygend en het in 1965 selfs 95% van die totale kapitaal gevorm. Roterende kapitaal het eers gestyg, maar is nou besig om te daal en het in 1965 ongeveer 50% van die eie kapitaal gevorm. So ook het die aandelkapitaal aansienlik gedaal tot 29%. Volgens tabel 24 vorm die opbetaalde aandelkapitaal ongeveer 60% van die ingeskrewe aandelkapitaal, sodat volopbetaling van die ingeskrewe kapitaal die posisie nie so baie sal verbeter as wat dit die geval by groep A was nie. Die reserwes neem toe, (21% in 1965) maar dit het nog nie tot 'n ongesonde hoogte in vergelyking met opbetaalde aandelkapitaal (.7:1) gestyg nie. Uit tabel 23 is dit duidelik dat daar in die jongste tyd 'n tendens tot vergroting van die algenene reserwes in vergelyking met die ander vorme is, hoewel dit by hierdie groep nie oorheersend is nie.

8.5.3.I.1.2. Vreemde kapitaal.

Dit het aansienlik gedaal tot slegs 5% in 1965 van die totale kapitaal. Korttermynlenings is die vernaamste komponent daarvan, maar dit neig om dalend te verloop.

8.5.3.1.2.3. Totale kapitaal.

Roterende kapitaal verloop stygend as persentasie van die totale kapitaal en dit is tans die belangrikste kapitaalpos. (39% in 1962). Aandelekapitaal skommel, maar styg ietwat en staan in 1962 op 22%. Reserwes styg ook en vorm in 1962 13%. Korttermynlenings verloop dalend en vorm 18% in 1962, terwyl die langtermynlenings daal. 'n Dalende langtermyn tendens kom ook by groep A, veral vanaf die laat vyftigerjare voor. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat waar baie van die boere voorheen self die sitrus verpak het, hulle dit almecr lonend vind om dit deur middel van koöperatiewe pakhuse te doen. Hierdeur word die langtermynkapitaalbehoefte dinooreenkomstig vergroot.

Volgens die praktiese koöperateurs is hierdie pakhuse hoofsaaklik opgerig met behulp van roterende kapitaal, waarskynlik omdat die idee ontstaan het dat die pakhuse sover moontlik uit die onset van die lede betaal moet word. Verder beweert hulle dat ons by verpakking die ekonomie van grootmaat kry sodat kleiner pakeenhede nie die laer eenheidskoste van die groteres kan handhaaf nie.

Hierdie bewering lyk van belang indien dit gesien word in die lig daarvan dat die kleiner koöperasies nie juis veel van 'n bemarkingsonsetverhoging ondergaan het nie, maar die grotes wel, en tog het die langtermynkapitaal en ook die bates (tabel I6) by beide heelwat gestyg. Van belang is ook die verskynsel dat by A die korttermynlenings, alhoewel die seisoen saam met die van groep A begin, stygend verloop, wat miskien 'n groeiende onnag impliseer om die lenings op die natuurlike minimumtyd te likwidoer in teenstelling met groep B.

Uit die kapitaalstruktuur blyk dat die heffingsfondse hier ook nie so oorheersend is nie, met die gevolg dat hier baie eerder van die teenwoordigheid van 'n minimumkapitaal gepraat kan word. Hier is dan ook 'n tendens tot ooreenstemming tussen die lengte van die behoeftes en die vermoë. Die feit dat die reserwes hier egter so belangrik is, maak hierdie ontwikkeling minder gewens.

8.5.3.2. Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt.

8.5.3.2.I. Groep A.

8.5.3.2.I.I. Eie kapitaal.

Uit tabel 2I blyk dat die werklike syfers van die eie kapitaal redelik gestyg het. Dit geld ook vir die eie kapitaal (tabel 26) per R100 omsot wat tans op ongeveer R37 staan. Eie kapitaal as aandeel van die totale kapitaal verloop ook stygend. Wat sy komponente betref, volg dit uit tabel 20 dat die opbetaalde kapitaal se werklike syfers effens toegeneem het. Per R100 omsot het dit min of meer konstant gebly op R7. As aandeel van die totale kapitaal het die roterende kapitaal 'n posisieverbetering ondergaan, veral vanaf die vorige helfte van die vorige dekade. By die reserwes het die werklike syfers gestyg. Dit geld ook vir die reserwes per R100 omsot wat tans R4 is. Wat die reserwes se aandeel van die eie en die totale kapitaal aanbetref, was daar ook 'n styging. Wat die eie kapitaal betref, word by herhaling gevind dat die styging daarin veral aan roterende kapitaal (hoofsaaklik ledefondse) gewyt moet word en dat dit dan ook vandag die belangrikste komponent van die eie en totale kapitaal is.

8.5.3.2.I.2. Vreemde kapitaal.

Uit tabel 2I blyk dat die werklike syfers eers gestyg het, maar veral vanaf 1956 begin daal het. Dieselfde tendens geld ten opsigte van die leenkapitaal per R100 omsot, wat tans op min of meer R16 staan. Dieselfde gebeur ook met die verhouding leenkapitaal tot die totale kapitaal. Ten opsigte van sy komponente (tabel 18) verloop die werklike syfers stygend. Per R100 omsot skommel dit, maar daar is 'n tendens tot 'n stygende verloop en dit staan tans op min of meer R13. Langtermynlenings vorm egter ten opsigte van die vreemde en die totale kapitaal 'n dalende aandeel. Alhoewel daar in werklikheid 'n styging in hierdie langtermynlenings plaasgevind het, het dit 'n al minder belangrike plek ten opsigte van die totale kapitaal begin inneem. By die korttermynlenings is daar 'n styging in die werklike syfers. Ten opsigte van die omsot skommel dit, maar dit bly ongeveer konstant op R12 per R100 omsot. Wat die kortter-

mynleenkapiitaal as deel van die leen-en totale kapitaal aangaan, het dit gestyg, en dit maak tans 'n belangrike deel van die totale kapitaal uit, hoewel dit tans 'n tendens tot 'n meer gelykmatige verloop begin vertoon.

8.5.3.2.1.3. Totale kapitaal.

Wat groep A aanbetref, is daar 'n stygende tendens in die totale kapitaal per R100 omset (tabel 26), wat in 1965 op R53 gestaan het. Dit het veral gebeur as gevolg van die groei in die roterende kapitaal vanaf die tweede helfte van die vyftiger jare, wat ook die begin was van die verskuiwing van die sitrusverpakking vanaf die individuele boer na die pakhuis. Die totale vaste bates per R100 omset (tabel 26) is 'n bewys hiervan. Dit verloop nog steeds stygend (tans R30), ondanks die feit dat daar 'n omsetvergroting ook by hierdie groep was ten opsigte van bemerking.

8.5.3.2.2. Groep B.

8.4.3.2.2.1. Eie kapitaal.

Alhoewel die eie kapitaal (tabel 2I- heelwat toegeneem het, het dit per R100 omset (tabel 26) redelik konstant gebly op R24, omdat die omset proporsioneel toegeneem het. 'n Ontleding van die bestanddele van die eie kapitaal toon dat die aandelekapitaal omtrent konstant op R7 per R100 omset gebly het. Die roterende kapitaal se bydrae was ongeveer R12 en dit verloop stygend; so ook die reserwes per R100 omset, maar dit is nog baie gering, te wete R5. Al die poste het absoluut toegeneem maar die reserwes, hoewel nog die kleinste, het proporsioneel die grootste toename ondervind naamlik 400% vanaf 1953 tot 1965. Die rede vir hierdie relatief groot toename spruit daaruit voort dat reserwes een van die maklikste metodes was om kapitaal vir die groter vaste batebelegging sedert die laat vyftigerjare te vind.

8.5.3.2.2.2. Vreemde kapitaal.

Soos vooreen opgemerk het die absolute syfers vir vreemde kapitaal tussen 1956 en 1962 baie min gedaal; dieselfde het

by die omset per R100 gebeur waar die bedrag omtrent R9 is. In 1965 het dit so laag as R1 gedaal. Leenkapitaal se bydrae is dus ongeveer een derde van die eie kapitaal. Van die R9 per R100 omset dra langtermynlenings ongeveer R2 en die korttermynlenings ongeveer R7.

8.5.3.2.2.3. Totale kapitaal.

Hier tree almeer 'n tendens tot vergroting van die langtermyn eie kapitaal na vore, terwyl die leenkapitaal, veral die korttermynleenkapitaal, in werklikheid verminder. Die feit dat die korttermynleenkapitaal se aandeel van die totale kapitaal, sowel as die werklike bedrag as per omset geneem, daal, dui veral op die feit dat groep B ten spyte van 'n vergrote omset, makliker tot die jaarlikse natuurlike minimum likwidoer. Dit kan aanvaar word dat die Sitrusbeurs tot hierdie gunstige posisie bygedra het. Die waarde van 'n sterk sentrale in dié verband, wat die ekonomie van grootmaat en 'n sterk markbeïnvloedende faktor meebring, is dus duidelik. Die langtermynkapitaal het, ten spyte van 'n groter kapitaalintensiteit van die bemarkingsaktiwiteit, nie juis vergroot nie. Dit word gestaaf deur die feit dat die vaste bates per R100 omset tans op R20 staan en meer gelykmatig verloop. Die totale kapitaal per R100 omset is besig om te daal (tans R23). Dit onderstreep die afleiding dat hierdie groep oor sy aanpassingsprobleme is ten opsigte van die groter benodigde kapitaalbeleggings.

8.5.4. Likiditeit van die sitruskoöperasies.

8.5.4.1. Groep A.

Volgens tabel 27 het die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste konstant op 1.2:1 gebly tot 1962 en in 1965 die gesonde verhouding van 2.6:1 bereik. Die verhouding van die bedryfswaarde tot die vlottende laste verloop stygend met 1.1:1 in 1962, asook die van die bedryfswaarde tot die totale laste, naamlik .7:1. Dit kan op die oomblik seker nog nie as 'n gevaarteken aangemerk word nie, veral daar dit lyk asof die totale laste tot omset eerder meer gelyk verloop op .3:1. Die vaste bates tot langtermyn eie kapitaal, alhoewel dit neig om te daal, het in 1962 nog op 1.2:1 gestaan, en

was eers gunstig as die langtermynlenings bygetel word. Aangesien so 'n groot deel van hierdie kapitaal vir die vaste bate van roterende fondse van 'n meer mediumtermynaard bestaan, kan hierdie posisie nie juis as baie gerusstellend beskou word nie. Daarby blyk dit dat die vaste bates per R100 omset 'n stygende neiging vertoon. Dit lyk dus of die termyne van behoeftes en kapitaal hier nie so streng toegepas word nie. Dit blyk dat 'n groot mate van die sukses van hierdie groep, gesien teen die stygende kapitale en lopende uitgawes in die produksie en die bemerking van die sitrusbedryf te danke is aan die effektiewe deurvoering van die ekonomie van grootmaat vanaf die sentrale na die plaaslike koöperasies.

8.5.4.2 Groep B

Blykens tabel 27 het die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste verbeter, en in 1962 op 1.6:1 te staan gekom. Dieselfde verbetering geld ten opsigte van die netto bedryfskapitaal tot die vlottende laste, wat .6:1 is. Belangrik is die verbetering in die verhouding van die bedryfswaarde tot die vlottende laste (1.7:1). Dit geld ook vir die bedryfswaarde tot die totale laste (1.4:1). Verblydend is die verhouding van die totale laste tot omset (.17:1). Die vaste bates word heeltemaal deur die eie langtermynkapitaal gedra, en die posisie verbeter selfs (tans .7:1). Dit beteken dus 'n al meer nouer ooreenstemming van die lengte van die behoeftes en die kapitaal. Hoewel die langtermynbehoefte in 'n groot mate deur mediumtermyn roterende fondse gedra word, vorm dit nie so 'n oorheersende faktor nie. Dit wil dus lyk asof groep B finansiële sterk staan en as 'n groep met groeipotensiaal aangemerkt moet word.

8.5.5 Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering

By die bemerking van sitrus word die risiko van die plaaslike koöperasies heelwat verminder deur die poelstelsel. Opheffing van die risiko in die sin van gewaarborgde afset is dit egter nie, aangesien die probleem van onverkoopbaarheid, gepaard met die nie-opbergbaarheid van die produk, wesenlike risiko's vorm. Dit is so omdat die meerderheid van die sitrus uitgevoer word en in die buiteland op 'n hoogs mededingende mark

moet meeding. Omdat die buitelandse verkope so 'n bepalende rol in die sitrusbedryf speel, is dit duidelik dat hier heelwat bemarkingsrisiko's is.

Die bemarkingsaktiwiteit vorm die belangrikste aktiwiteit van die sitruskoöperasies. In hierdie verband was daar oor die afgelope aantal jare 'n al sterker tendens tot die oprigting van of beter uitbouing van die koöperatiewe pakhuisse. Die doel is nie net om kostes te bespaar nie, maar ook om doeltreffendheid te verhoog. In dié verband tree daar 'n sterkerwordende tendens tot groter kapasiteit in die bemarkingsproses as gevolg van meganisasie op. Oor die algemeen stem die koöperateurs saam dat die groter koöperasies met 'n groter volume en groter masjiene dit teen 'n laer eenheidskoste kan doen, terwyl dit terselfdertyd ook 'n beter kwaliteit van bewerking meebring. Dit blyk dat die tendens tot sentralisasie van die pakhuisse en die ontmoediging van 'n aantal klein pakhuisse, of individuele pakkers, as 'n kosteverlagende faktor aangemoedig moet word. Die groter meganisasie ten opsigte van die bemarkingsaktiwiteit en die groter verwerkingsprosesse sal in die toekoms 'n groter kapitale las op die koöperasies plaas. Uit 'n historiese oogpunt gesien, lyk dit of hierdie kleiner koöperasies probleme in dié verband sal ondervind. Nie net gebruik die klein koöperasies meer kapitaal per omset nie, dit ten spyte van 'n gelykblywende bemarkingsomset, maar die vaste bates groei ook relatief vinniger as die omset. Hulle likiditeit verbeter nie, maar dit verswak ook nie. Die groter koöperasies sal egter moontlik hierdie struktuurverandering kan oorbrug.

Roterende kapitaal, wat hier hoofsaaklik uit heffingsfondse bestaan, kan 'n gevaarlike situasie skep omdat dit van 'n meer mediumtermyn en selfs korttermyn aard is, en dit gebruik word vir die finansiering van langtermyn vaste bates. Dit geld veral by groep A, omdat die roterende kapitaal daar soveel belangriker is. Dit lyk asof daar heelwat meer langtermyn roterende fondse verkry sal moet word om die balans in die finansiering van die bates te herstel. Dit moet beslis nie via groter reserwes geskied soos die neiging tans by die groter koöperasies begin ontwikkel nie.

Die bemarkingsaspek het ook 'n ander sy wat in die toekoms groter druk op die kapitaalbronne sal uitoefen, naamlik koöperatiewe optrede in die rigting van die boerse plaas. Daar is op gewys dat die sitrusbedryf taanlik arbeidsintensief is,

en dat dit met stygende koste en skerper oorsese mededinging te doen het. Ten einde die koste te verlaag en die kwaliteit te verhoog, is die tendens tot afskeiding van meer as net die tegniese funksie van bemarking deur die boer aan 'n koöperasie aan die orde van die dag. Dit kom daarop neer dat die koöperasie die sitrusbome gedurende die seisoen bespuit en berook, in massa na die pakhuis vervoer, en dit gradeer en verpak vir bemarking deur die sentrale. Dit bring byvoorbeeld mee dat die koöperasie die grootste en doeltreffendste bespuitingstoerusting kan aanskaf. Verder kan die sitrus in massa goedkoper na die pakhuis vervoer word. Praktiese koöperateurs beweer dat hierdie koöperatiewe aksie nie net goedkoper as die van die individuele boer is nie, maar dat daardeur ook 'n hoër opbrengs per individuele boom verkry kan word as deur die individuele paker. Hulle grond dit veral daarop dat al die aspekte van die sitrusbedryf soos vervoer, bespuiting en verpakking 'n hoë tegniese optimum het. 'n Kompliserende faktor in hierdie verband is die skaarste aan nie-blanke arbeid wat dit kan kortwiek, daar baie van hierdie arbeidsintensiewe bedrywighede gelyktydig op die verskeie plase aangebied moet word.

Hierdie ontwikkeling moet nie as kontrakboerdery beskou word nie. Die boer verloor geensins sy individualiteit nie en is nog volkome verantwoordelik vir sy boerdery. Dit is eerder in ooreenstemming met die koöperatiewe aard van afskeiding van die tegniese deel van 'n ekonomiese funksie, om in hierdie geval kosteverlagend op te tree. Soos reeds vermeld, is hierdie tendens as 'n kosteverlagende faktor te verwelkom en sal dit in die toekoms groter druk op die finansiële behoeftes van die koöperasie uitoefen as 'n middel om die ekonomiese toestand waarin die sitrusboer optree te probeer stabiliseer.

Hierdie optrede ten opsigte van produksiehulp word verder noodsaaklik gemaak deur die feit dat die boer se bemarkingskoste al hoe meer styg, maar dat die pryse behaal nie noodwendig in dieselfde verhouding styg nie. Hierdie stygende bemarkingskoste blyk uit die volgende koste-opname vir uitvoersitrus, wat van die Sitrusbeurs verkry is. Waar spoorvrag in 1950 4.09 sent per karton was, staan dit in 1966 op 8.90 sent per karton. In 1950 was uitvoerkoste 6.15 sent per karton, tans is dit 14.67 sent, hoofsaaklik as gevolg van duarder verkoelingsgeriewe. Skeepsvrag het vanaf 1950 tot 1966 vanaf 25.98 sent tot 61.06 sent per karton gestyg. Oorsese distribu-

siekoste het in dié tyd vanaf 11.45 sent tot 32.83 sent per karton gestyg. In die geheel het die kostes dus in die tydperk vanaf 50.02 sent tot 123.30 sent per 35lbs. karton gestyg. Die netto vry op spoor ontvangste van die boer het daarenteen vanaf R117.40 tot R106.70 per kanton in dié periode gedaal. Hieruit blyk die noodsaak tot die groter koöperatiewe aksie by die bemarkingsaspek. Die koöperasies beweeg dan ook steeds almeer in hierdie rigting. Hoewel hierdie syfers nie in reële terme is nie, toon dit tog die belangrikheid van die sentrale bundeling van die aanbod vir die deurgee van groter effektiwiteit aan die plaaslike koöperasies. Dit is duidelik dat baie van die kleiner koöperasies in hierdie situasie hulle voortbestaan beslis aan die sterk sentrale te danke het.

Dit bring ons by die vertikale integrasie as moontlike oplossing. Wat die rugwaartse integrasie, soos byvoorbeeld die vervaardiging van pakmateriaal en spuitstowwe aangaan, sal dit blykbaar in Suid-Afrika in 'n mate nie lonend wees in die lig van die relatief klein omvang van die sitrusbedryf en die proporsioneel klein benodigdhede-onset in hierdie verband. Die bedingingsmag van die sentrale koöperasie blyk, wat sulke benodigdhede aanbetref, vir die voorsienbare toekoms voldoende in hierdie situasie te wees.

Wat voorwaartse integrasie, soos verwerking van die sitrus aangaan, bestaan daar ook nie tans groot moontlikhede voor nie. Die kern van die saak is dat daar soveel moeite en koste aangegaan moet word om die sitrusvrug mooi en gesond daar te laat uitsien, dat dit baie winsgewender is om die vars vrug te verkoop. Dit sal dus eintlik nie lonend wees om sulke kwaliteitsvrugte te verwerk nie, want die eindproduk sal onverkoopbaar duur wees. Die inmaak- en verwerkingsbedryf is dan ook op die oorskotvrugte teen aansienlike laer pryse aangewys. Verder is die groot mag van die koöperatiewe sentrale en die relatief onbetaalbaarheid van die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse sitrus vir verwerking 'n sterk genoeg faktor om in die proses van industrialisasie en ekonomiese groei die koöperatiewe sitrusbedryf se oorleefbaarheid te verseker sonder dat by die plaaslike koöperasie veel meer druk op hulle finansiële bronne uitgeoefen word.

5.6. Samevatting.

Bemerking vorm die belangrikste aktiwiteit by hierdie groep koöperasies, maar die sandeel van boerderybenodigdhede, veral in die vorm van pakmateriaal, raak al minder.

Ten opsigte van die kapitaalstruktuur vind ons dat, veral by groep B, eie kapitaal baie belangrik is en dat dit toeneem. By die kleiner koöperasies is die roterende kapitaal baie belangriker, terwyl die reserwes, wat hoofsaaklik uit algemene reserwes bestaan, relatief kleiner is. By groep B is die roterende kapitaal nog die belangrikste, maar dit daal ten opsigte van die reserwes wat hoofsaaklik algemene reserwes is. Leenkapitaal daal by beide groepe en bestaan almeer uit korttermynleenkapitaal, hoofsaaklik om die vergrote volume pakmateriaal te finansier. Hierdie ontwikkeling ten opsigte van die eie kapitaal is dus almeer in ooreenstemming met die teorie ten opsigte van die kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt, veral aangesien hierdie groep koöperasies nie in so 'n groot mate op die opskorting van die eksterne risiko's deur die beheerraad kan staatmaak nie.

Per R100 omset blyk dit dat die eie en die vreemde kapitaal by beide groepe styg en dat groep A heelwat meer as groep B van beide gebruik. Dit beteken dat die kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt by beide groepe verswak en dat die finansiering veral by groep B die lid almeer per omset kos. Dit geld ook ten opsigte van die vaste bates per omset. Veral by groep A raak dit 'n groot kosteprobleem, as gevolg van die feit dat hulle kleiner omset nie die lae eenheidskoste kan handhaaf nie en in dié verband almeer aan amalgamasie sal moet dink. Dit word vererger deur die feit dat die koöperasie toenemend produksiehulp aan die lede sal moet gee; iets wat die groter koöperasies blykbaar ook teen 'n laer eenheidskoste kan verrig.

Wat die likiditeit betref, is dit redelik swak by groep A, maar redelik by groep B, en dit verbeter selfs by laasgenoemde groep. Dit wil lyk of die kleiner koöperasies in dié verband in 'n groter mate deur die sterk sentrale gedra word.

HOOFSTUK 9

DIE PRAKTIESE FINANSIERINGSVERLOOP VAN LANDBOUKOÖPERASIES (VERVOLG)

9.6 Die finansiering van die wynkoöperasies

9.6.1 Inleiding

Die wynbedryf is een van Suid-Afrika se oudste bedrywe. Die bedryf is tans hoofsaaklik tot Wes-Kaapland beperk, waar dit as gevolg van klimatologiese, topografiese en ander natuur-faktore geografies in twee hoofproduksiestreke verdeel is. Eerstens is daar die kusstreek, wat vanaf die Kaap tot aan die Drankensteinbergreeks strek, tweedens die Klein-Karoo-streek, wat vanaf die bergreeks tot by Oudshoorn strek.

Die produsente van die bedryf val primêr in twee klasse, naamlik stookwyn en goeiewyn. Onder stookwyn word wyn wat vir distilleringsdoeleindes bestem is, verstaan. Dit word nie as sodanig verbruik nie, maar word deur distillering in brandewyn en spiritus omgesit. Spiritus word met brandewyn vermeng om sodoende 'n "versnit" brandewyn te produseer wat aan die vereistes van die mark voldoen. Daarbenewens word brandewyn ook verbruik vir die versterking van sekere wyne en dien dit ook as basis vir die produksie van jenewers en likeurs.


Goeiewyn is alle wyn wat as sodanig verbruik word en nie aan distillering onderwerp word nie. Dit word verder onderverdeel in natuurlike en versterkte wyne (gefortifiseerde) waarby spiritus gevoeg word. Laasgenoemde kan of droog, dit wil sê vry van enige suiker, of semi-soet of soet wees, afhangende van die hoeveelheid natuurlike suiker wat gedurende die gistingproses en gedurende fortifikasie van die wyn nie in alkohol omgesit word nie.

Die totale produksie van wyndruiwe word streng beheer. Nietemin ontstaan daar tog jaarliks oorskotte, wat deur die K.W.V. verwerk en uitgevoer word. Die jaarlikse uitvoer word op tussen 12% - 15% van die totale jaarlikse oes gestel.

9.6.2 Aard van die koöperatiewe wynbedryf

Grafiek I2.

Landbankseisoenslenings aan wynkoöperasies vir verskeie jare :
(In RI,000,000)



Hierdie groep koöperasies word nie per groottegroep behandel nie. 'n Verdeling per omsetgrootte is hier moeilik, eerstens omdat die tegniese proses by die wynkoöperasies van oorheersende belang is, en alles daarvan afhang. Sodra die kelder goed toegerus is, raak die finansiële en koste-aspek van sekondêre belang. Die tegniese proses verskil van wyn tot wyn, bv. stookwyn kan op groot skaal gemaak word, terwyl dit nie die geval by goeiewyn is nie. Die beste goeiewyne word nie deur massaproduksie verkry nie. Omdat al die kelders nie dieselfde omsetstruktuur met betrekking tot hulle wyne het nie, sal 'n indeling per omsetgrootte hier nie wenslik wees nie. Tweedens kan 'n indeling per grootte hier nie gevolg word nie, omdat die wynbedryf 'n groot toename in die aantal kelders oor die afgelope aantal jare gehad het. Dit het ook meegebring dat die kelders se totale omset snel toegeneem het. Gevolglik sal baie kelders wat aan die begin van die analieseperiode in een groep val, aan die einde daarvan in 'n ander groep val.

9.6.2.1 Seisoensverloop

In Februarie begin die aktiwiteite skerp te styg en dit bereik in Meimaand sy hoogtepunt. Daarna begin dit te daal en die hele oes is teen die end van die jaar verwerk en dikwels verkoop. Die totale aktiwiteite bereik dan weer 'n minimum en bestaan hoofsaaklik uit boerderybenodigdhede wat weer op sy beurt in Maart 'n hoogtepunt bereik. Daar is heelwat verskil tussen die hoogte- en laagtepunte van die verskeie uitgawes gedurende die finansiële jaar, hoofsaaklik omdat alles op die oesinname en die verwerking daarvan gekonsentreer is. Verwerkingskoste, wat die grootste kostepos vorm, bereik min of meer in Maart/April sy hoogtepunt, met Desember as die laagtepunt. Grafiek 12, wat die Landbankseisoenslenings aan 'n aantal wynkoöperasies toon, illustreer hierdie seisoensverloop. Dit blyk dat die oorgrote meerderheid van die aktiwiteite reeds in Julie verby is. Oesfinansiering geskied gewoonlik deur die Landbank, hoewel sekere kelders van bankoortrekkings gebruik maak. Die omvang van die oeslenings hang grootliks af van die tempo waarteen die groothandelaars die wyn neem, bv. as hulle dit dadelik neem en kontant betaal, vind daar nie voorraadvorming plaas nie en is die seisoenslenings van korte duur. Dit gebeur egter dikwels dat die groot-

handelaars ontvangs uitstel om sodoende die eie opberging te beperk. Wat die res van hierdie seisoenskosteverloep aangaan, bestaan dit hoofsaaklik uit salarisse, wat ook in April sy hoogtepunt bereik, daarna daal dit totdat dit in September sy laagtepunt bereik. Dit is duidelik dat die seisoen in September grootliks verby is en dat die aktiwiteite en dus die kapitaalbehoefte daarvandaan tot ongeveer Februarie op hulle minimum is. Die balansstate van hierdie groep word hoofsaaklik vanaf September tot Januarie opgestel, met die meerderheid in November of Desember. Hier is sprake van 'n natuurlike jaaranalise omdat die balansstaat wel in die laagteperiode opgestel word wanneer die seisoen voltooi is en die aktiwiteite grootliks tot die minimum gelikwideer is.

9.6.2.2 Samestelling van die omset

Soos blyk uit tabel 17 bestaan die aktiwiteite by hierdie koöperasies feitlik geheel en al uit die verwerking van die druiwe en die bemarking van die wyn, en wel onder die wynbemarkingskema soos deur die K.W.V. geadministreer. Baie min van hierdie koöperasies handel in boerderybenodigdhede, en waar dit wel die geval is, is dit baie min en beperk tot die lopende benodigdhede vir die wynbedryf self. Die graankoöperasies hanteer die benodigdhede-afdeling van die wynkoöperasies, sodat die wynkoöperasies dikwels slegs uit die wynkelders self bestaan. Die benodigdhede-afdeling is ook net te vinde waar daar nie 'n graankoöperasie byderhand is nie.

Wat die ledetotale (tabel 20) betref, is daar 'n redelik konstante styging oor die ondersoekperiode. Dit is ook illustrerend van die toename in koöperatiewe kelders. Voorheen het heelwat wynboere hulle eie kelders gehad. As gevolg van stygende koste en die groter kapitaalintensiteit van die kelders, moes die boere noodgedwonge van private kelders na koöperatiewe kelders oorslaan.

9.6.3 Kapitaalstruktuur van wynkoöperasies

9.6.3.1 Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt

9.6.3.1.1 Eie kapitaal

Dit verloop stygend as aandeel van die totale kapitaal en staan tans op 71% (tabel 21). Wat die komponente betref, skommel die aandeelkapitaal, maar dit bly sedert 1959 min of meer op 40%. Die aandeelkapitaal kan heelwat verbeter indien die uitgereikte aandeelkapitaal opbetaald gemaak word, daar dit tans 40% van die ingeskrewe aandeelkapitaal uitmaak (tabel 24). Die verhouding van die aandele tot die reserwes (tabel 25) is goed, naamlik 1:1. Dit word meegebring deur die feit dat die reserwes nie so 'n oorheersende rol in die eiekapitaalstruktuur speel nie, maar (tabel 21) redelik konstant bly op 50%. Die algemene reserwes as aandeel van die totale reserwes skommel, maar kan op 70% daarvan gestel word. Dieselfde geld vir die gebeurlikheidsreserwe wat op 20% staan, en die spesifieke reserwe op 10% (tabel 23). Die roterende kapitaal verloop stygend en het in 1965 8% van die eie kapitaal gevorm. Volgens tabel 22B bestaan hierdie roterende kapitaal hoofsaaklik uit heffingsfondse, wat meer van 'n korttermynaard is.

9.6.3.1.2 Vreemde kapitaal

Uit tabel 21 blyk dat vreemde kapitaal se aandeel in die totale kapitaal al kleiner word. Wat die komponente betref, skommel die langtermynlenings, maar dit vorm min of meer 80% van die leenkapitaal. Die korttermynlenings vertoon dieselfde tendens en vorm ongeveer 20% van die leenkapitaal.

9.6.3.1.3 Totale kapitaal

As aandeel van die totale kapitaal vorm die reserwes die belangrikste komponent wat ietwat stygend verloop en tans 35% vorm. Daarna volg aandele wat ook effens styg en min of meer 30% vorm. Langtermynlenings skommel, maar neig dalend (tans 21%) asook die korttermynlenings wat 16% vorm. Roterende kapitaal vertoon 'n stygende tendens en vorm omtrent 6%. Daar is al meer 'n neiging na eie kapitaal, veral reserwes en aandele. Dit is in ooreenstemming met die stygende bemarkingsomset en die al groter kapitaalintensiteit wat bemarking meebring. Die toenemende belangrikheid van aandele word verkry deurdat baie van hierdie koöperasies se statuut bepaal dat die lid se aandeelkapitaal elke paar jaar in ooreenstemming

met sy omset by die koöperasie aangesuiwer moet word. Die aandelekapitaal is egter nog nie genoegsaam in vergelyking met die reserwes nie. By hierdie koöperasies word daar ook van bonusaandele gebruik gemaak.

9.6.3.2 Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt

9.6.3.2.1 Eie kapitaal

Die werklike syfers van die eie kapitaal (tabel 21) het redelik gestyg, maar volgens tabel 26 het dit per R100 omset gedaal en het dit op R40 in 1965 gestaan. Die aandelekapitaal se bydrae per omset was R17, terwyl die reserwes op R20 gestaan het en die roterende kapitaal slegs R3 per R100 omset in 1965 bygedra het. Eie kapitaal het dus minder as die omset toegeneem. Dit is hoofsaaklik veroorsaak deur die feit dat aandele en reserwes, wat dieselfde persentasie tot die eie kapitaal bly handhaaf, relatief stadiger as die omset gegroei het. Dit sou goed wees as die eie kapitaal aangevul kon word, onder andere deur die aandelekapitaal volopbetaald te maak, want dit blyk dat die vaste bates nie geheel deur die huidige eie langtermynkapitaal gedek is nie; die verhouding was byvoorbeeld R1.3 bates per R1 eie langtermynkapitaal in 1965 (tabel 25) en in 1953 en 1956 was die posisie nog ongunstiger.

9.6.3.2.2 Vreemde kapitaal

Alhoewel die werklike syfers van die eie kapitaal styg (tabel 18), blyk dit tog dat dit per R100 omset verminder en tans op R16 staan (tabel 26). Die koöperasies slaag dus daarin om hulle aktiwiteite voort te sit met relatief minder leenkapitaal. Langtermynlenings vorm nog die belangrikste element van die totale leenkapitaal, alhoewel dit met byna 100% gedaal het, naamlik vanaf R25 in 1953 tot R13 in 1965. Korttermynlenings het vanaf R7 tot R3 verminder, dus relatief meer as in die geval van die langtermynlenings. Volgens tabel 24A is dit duidelik dat hierdie korttermynlenings hoofsaaklik vir die finansiering van die wynvoorrade bedoel is. Die feit dat die bedrag so laag is, kan waarskynlik daaraan

toegeskryf word dat die wynkoöperasies daarin slaag om sy verpligtinge tot die jaarlikse minimum te likwideer.

9.6.3.2.3 Totale kapitaal

Daar het 'n aansienlike daling in die totale kapitaal per R100 omset plaasgevind, naamlik vanaf R76 in 1953 tot R56 in 1965, en dit ondanks 'n vermeerdering van meer as 200% in die totale kapitaal. Dit dui op groter effektiwiteit in die be-
marking.

9.6.4 Likiditeit van die wynkoöperasies

Die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste (tabel 20) verbeter en staan tans op 1.4:1. Dit geld ook vir die verhouding van die bedryfswaarde tot die lopende laste, tans .5:1. Dat die likiditeit hier nie so 'n oorheersende faktor vorm nie, word bewys deur die groot verskil tussen die bedryfswaarde tot vlottende en tot die totale laste. Dit beteken dat die langtermyn vaste laste hier die belangrikste is. 'n Gesonde verskynsel is dat die totale laste tot omset sedert die sestigerjare aansienlik gedaal en in 1965 op .38:1 gestaan het. Dit hang verder nou saam met die feit dat die verskeie kapitaalposte per omset dalend verloop, veral vanaf 1960. Dit dien grootliks as 'n bewys dat die wynkoöperasies oor hulle hoogtepunt ten opsigte van meganisasie is en nou al meer affektief begin word. Dit word verder gestaaf deur die feit dat die vaste bates per R100 omset (tabel 26) vanaf veral 1960, begin daal het en tans op R50 staan. 'n Ander gesonde verskynsel is die feit dat die vaste bates tot langtermyn eie kapitaal dalend verloop. Die vaste bates is nog hoër as die eie kapitaal, maar dit word wel ten volle gedek as langtermyn vreemde kapitaal ook in berekening gebring word. Dit wil dus voorkom asof hier al meer 'n tendens tot ooreenstemming tussen die lengte van die behoeftes en die duur van die vermoë begin optree.

9.6.5 Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering

Die bemerkingsaspek is oorheersend by hierdie koöperasies. Die benodigdhede-aktiwiteit van die wynkoöperasies is min en die finansiële vereistes daarvoor gewoonlik klein, sodat hierdie afdeling dus nie veel belang in die breër ekonomiese beskouings is nie.

Die regulerende mag van die K.W.V. skakel grootliks die risiko van die bemerkingsaktiwiteit van die koöperatiewe kelders uit. Die surplusverklarende funksie van die K.W.V. en die gevolglike verwerking van die surplusdruive, bring dit mee. Dit is duidelik dat die totale afset van hierdie kelders in 'n groot mate op gewaarborgde afset neerkom. Verder, die koöperatiewe bundeling via die K.W.V. aan die aanbodkant, verseker grootliks dat die afnemers nie deur bundeling van die vraag die aanbieders kan benadeel nie. Hierdie bewering moet egter gekwalifiseer word. Dit is nie altyd 'n geval van direkte vloei vanaf die produsent na die verbruiker nie; dikwels moet die koöperasies die wyn opberg, en soms vir 'n taamlik lang tyd. Hierdie opberg ruimte vereis heelwat kapitaal, veral waar 'n koöperasie 'n verskeidenheid goeie wyne bemark. Sulke wyne moet afsonderlik opgeberg word, wat dikwels 'n klomp klein opgaartenks meebring. By stookwyn kan dit alles saam opgeberg word, sodat tenks van 'n meer ekonomiese grcotte gebou kan word. Ten opsigte van goeie wyn, kan daar ook van hierdie proporsioneel goedkoper groter opberg ruimte gebruik gemaak word as die volume dit regveidig, aangesien massa-opberging blykbaar nie 'n slegte uitwerking op die goeiewyn het nie. Koöperasies maak ook soms van afnemerskrediet gebruik om die rentekoste ten opsigte van die voorraadvorming te verminder. Dit gebeur meer waar die koöperasies goeie kontak met die afnemers het, wat hulle dan 'n voorskot op die oes gee, maar dit is eerder die uitsondering as die reël. Opberging is dikwels hoofsaaklik tot die goeiewyne beperk, aangesien die stookwyn dikwels na verstoking direk aan die groothandelaars gelewer word. Indien die groothandelaars die wyn voor Junie koop, betaal hulle gewoonlik nie opberggeld nie, al kom hulle die wyn eers later haal. As dit egter tot Desember opgeberg word, betaal hulle gewoonlik daarvan dan af opberggeld. Daarom lyk dit nie of voorraadhouding baie addisionele vaste kapitaal sal meebring nie, veral omdat dit vir 'n relatief korte duur opgeberg word en dieselfde

fasiliteite vir 'n redelike groot volume per seisoen gebruik kan word.

'n Verdere faktor by hierdie bemerkingproses is die grootte van die verwerkingsproses self. Die optimumgrootte is veral van belang ten opsigte van die vraag na kapitaal, daar dit 'n kapitaalintensiewe proses is. Die optimum word egter bepaal deur die tipe wyn wat die koöperasie maak, eerder as deur die aard van die kapitale belegging. Die nie-ekonomiese faktore, soos onder andere kwaliteit en tipe produk, het ook 'n invloed. Hierdie nie-tegniese aspekte is dikwels belangriker as die ekonomiese en finansiële oorwegings by die bepaling van die optimumgrootte van verwerking. Dit kan dus wees dat die beste grootte nie altyd die minimum koste-grootte is nie. Dit gebeur veral wanneer die lede klein hoeveelhede van verskillende soorte druiwe lewer wat nie in aparte produksiebane verwerk kan word nie.

Hierdie verskynsel tree veral op by goeiewyn, waar die verskeie soorte apart berei moet word. Die verskeie soorte moet dus op aparte produksiebane geplaas word. Vir sodanige produksie lyk die kleiner masjiene voordeliger. Dit volg uit die feit dat die kleiner masjiene nie juis 'n swakker kwaliteit diens lewer nie, hoewel die groter masjien 'n goedkoper eenheidskoste kan handhaaf. Aan die ander kant, waar slegs een produksiebaan en een groot masjien vir 'n aantal soorte aangehou word, bring dit heelwat kosteverhoging mee weens die verlies aan tyd as gevolg van die oorskakeling vanaf die produksie van die een wynsoort na 'n ander een. By stookwyn is een groot masjien natuurlik beter omdat alles saam deur een produksiebaan kan gaan.

In hierdie verband is daar dus ook sprake van 'n grens na benede en as die omset laer as dit is, raak die proses onekonomies. Uit die produksiesyfers van een van hierdie kelders blyk dit dat hierdie minimumpunt ten opsigte van meganiese verwerking nie veel laer as 6000 ton druiwe behoort te daal nie. Daarby moet hierdie hoeveelheid dan ook nie oor 'n groot hoeveelheid wynsoorte versprei wees nie.

Wat die probleem van die optimum verwerkingsgrootte aangaan, is daar egter nog nie eenstemmigheid oor bereik nie. Daar is vandag heelwat soorte masjiene op die mark, maar baie van hulle is nog nie gestandaardiseer nie. Dit is nog nie

'n uitgemaakte saak waar die optimum ekonomiese grootte lê nie. As gevolg van die snelle meganisasie in die wynbedryf oor die afgelope aantal jare, is hierdie tegniese verwerking-proses by wynmakery nog nie na wense gestandaardiseer nie. Dit, plus die belangrikheid van die kwaliteits- en ander faktore by wynbereiding, bring tot 'n groot hoogte mee dat daar tans nog nie met sekerheid van 'n spesifieke omvang as die kelder met die mees ekonomiese grootte gepraat kan word nie. Op hierdie stadium kan net vir die stookwyn hierdie omvang met redelike juistheid bepaal word. Een ding is egter duidelik, naamlik dat die groter kapitaalintensiteit van die bewerkingsproses die kleiner koöperasies, wat op 'n groot aantal wyne konsentreer, voor 'n groterwordende kapitaalprobleem en stygende eenheidskoste stel. Aangesien daar egter 'n rasionaliseringsprogram aan die gang is in die sin dat al meer wynkelders slegs op 'n paar soorte goeiewyne konsentreer, word hierdie probleem se omvang verminder.

Dit blyk dat die bemarkingsaktiwiteit nie 'n baie groot druk op die bestaande kapitaalbronne van die kelders in die toekoms sal uitoefen nie. Dit word beklemtoon deur die feit dat die praktiese finansiële verloop wel 'n tendens toon dat hierdie koöperasies hulle aanpassingsprobleme ten opsigte van die meganisasie oorbrug het. Afgesien van die bogenoemde feite ten opsigte van die grootte van die kelder, moet onthou word dat die wynbedryf in 'n oorgangstadium is wat die bemerking aangaan. Hier dink ons veral daaraan dat baie individuele boere voorheen self die verwerking en die bemerking gedoen het. Die private kelders is egter vinnig besig om te verdwyn, as gevolg van die stygende arbeids- en meganisasiekoste. Die benodigde masjiene is dikwels te duur vir die individuele boere en hulle kan dit dikwels ook nie teen volle kapasiteit gebruik nie. Dit word bereken dat waar die koste aan vaste bates by wynbereiding in 1955 op tussen R15 - R20 per ton druiwe gestaan het, dit vandag op ongeveer R40 per ton druiwe te staan kom.¹⁾ Verder het arbeidskoste, en veral die van die tegniese personeel, by wynbereiding, geweldig toegeneem. Om hierdie redes kan ons in die toekoms verwag dat daar al meer boere by hierdie koöperatiewe kelders sal

1) Meegedeel deur ouditeure wat nou met die wynbedryf skakel.

aansluit. Die feit dat die kapitaaluitgawes per omset tans dalend neig, beteken nie dat die wynkoöperasies genoegsame kapitaal, veral eie, vir die toekoms het nie, maar eerder dat hierdie kelders hulle eerste meganisasiefase suksesvol voltooi het. Al die genoemde faktore dui daarop dat daar in die toekoms nog 'n groter vraag na kapitaal sal ontstaan, veral by die kleiner tipe koöperasies, afhangende van die tipe wyn wat hulle produseer.

In hierdie verband is die kapasiteitsvergroting van die kelders en die heffing van aandelepremies van belang. By die kelders is bemerking die oorheersende aktiwiteit. Dit is duidelik dat die grootte van die kelder by oprigting direk afhang van die omvang van sy lede se druiwe-oes wat die koöperasie moet verwerk. By die toetrede van nuwe lede, veral waar die kelder dan 'n kapasiteitsvergroting sal moet ondergaan, ontstaan daar 'n groot vraag na langtermynkapitaal. Dit, tesame met die feit dat die nuwe lede direk in die kapasiteit en die goeie naam van die wynkelder deel (wat by wyn baie belangrik is), maak die betaling van 'n premie op aandele glad nie onkoöperatief nie; dit is die nuwes se bydrae tot die tegniese afgeskeie kapasiteit (en hier ook die klandisiewaarde van die wyn) van die ou lede. Dit geld veral by die wynkelders omdat die beginsel van finansiering deur die lid volgens sy omset, hetsy deur die opneem van ekstra aandele of deur die uitreik van bonusaandele, 'n redelik gevestigde praktyk geword het. Daarom is vrywillige toe- en uitrede, maar nie verpligte opname van nuwe lede, en veral nie sonder die betaling van aandelepremies deur hulle nie, geregtig by wynkoöperasies. Wel kan daar in sulke gevalle diskriminasie teen nuwe lede kom, maar die Koöperatiewe Wet maak voorsiening dat sulke gevalle hulle op 'n hoër gesag kan beroep, soos byvoorbeeld die minister.

Hierdie optimumgrootte van kelders kan ook nie onbeperk uitgebrei word nie, aangesien afstandsfaktore hier beperkend inwerk. Om koste te bespaar, geskied die vervoer van die druiwe in 'n massa na die kelders deur vragmotors met wipbakke. Afstand teenoor tyd is hier van groot belang. Nie alleen laat ver afstande die kwaliteit van die druiwe daal nie, maar gisting en oksidasie ontstaan ook. Die maksimum afstand hang natuurlik af van die tipe pad waaroor die ver-

voer geskied, maar volgens die wynmakers lyk dit asof die afstand nie veel meer as 20 myl kan wees nie. Dit is veral om hierdie rede dat groter kapasiteit van kelders aan meer spesialisasie op minder tipes wyn gekoppel moet word. Al hierdie aspekte is egter afhanklik van die vraag na sekere wyne en die landbou-ekonomiese beginsel van eerste keuse van grondgebruik by die kweek van sekere soorte druiwe in 'n sekere gebied.

9.6.6 Samevatting

Die bemarkingfunksie is by hierdie groep koöperasies die hoofsaak. Hierdie bemarking bestaan hoofsaaklik uit goeiewyn en stookwyn. By goeiewyn is die tegniese proses van oorheersende belang. Daar bestaan geen eenstemmigheid oor die feit of veral by die produksie van goeiewyn die ekonomie van grootmaat geld nie. Om die twee redes word die wynkoöperasies ook nie per groottegroep geanaliseer nie.

Die eie kapitaal verloop stygend as persentasie van die totale kapitaal, en die verhouding is redelik goed. Aandelekapitaal vorm min of meer 40% van die eie kapitaal, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die lid se aandelekapitaal deur middel van bonusaandele aangevul word om in ooreenstemming met sy omset te bly. Reserwes vorm nog 'n redelik hoë aandeel van die eie kapitaal (50%), maar dit is nie oorheersend nie. Die reserwes bestaan grootliks uit algemene reserwes.

Die vreemde kapitaal, wat dalend verloop, bestaan hoofsaaklik uit langtermynlenings, wat aangegaan is vir die oprigting van die wynkelders. Uit ekonomiteitsoogpunt gesien, is die kapitaalstruktuur dus redelik en is daar in elk geval al meer 'n tendens tot verbetering in ooreenstemming met die teoretiese analise, veral gesien die feit dat die relatief min eksterne risiko's hier hie so baie langtermyn eie kapitaal noodsaak nie.

Ier R100 omset het die kapitaalverbruik aanvanklik gestyg, maar dit verloop nou weer dalend. Die rede is dat baie koöperatiewe kelders wat in die vyftigerjare gestig is, nou oor hulle aanvanklike oprigtingsprobleme is en nou meer effektief begin funksioneer, asook die feit dat elke kelder nou al meer net op 'n paar tipes goeiewyn begin spesialiseer.

Oor die algemeen lyk dit egter of die omset ietwat vinniger groei as die eie kapitaal. Vaste bates is dan ook nie geheel deur die eie kapitaal gedek nie, soos wat die teoretiese analise wel veronderstel nie. Die posisie is egter aan die verbeter, soos blyk uit die feit dat die verhouding van die omset tot die totale laste steeds verbeter. Die kapitaalstruktuur van die wynkōperasies op die natuurlike einde van die jaar lyk dus goed, veral in ag genome die feit dat die K.W.V. hier nie net die prys- en bemerkingsrisiko grootliks ophef nie, maar ook die invloed van die probleem van oorskotte, asook die mededingingstruktuur se invloed. Uit kōperatiewe oogpunt kan die samestelling van die eie kapitaal egter verbeter, naamlik weg vanaf die oormaat reserwes. Uit doelmatigheids-oogpunt gesien verbeter die kapitaalstruktuur dus en kos die finansiering die lede minder.

Wat die likiditeit van die wynkōperasies aangaan, veral in ag genome die feit dat die K.W.V. die genoemde risiko's in 'n mate opskort, is dit redelik. Daar is verder 'n tendens tot verbetering van die likiditeit.

9.7 Die finansiering van die suiwelkōperasies

9.7.1 Inleiding

Suiwel is 'n hoogs bederfbare produk wat doeltreffende, sindelike en vinnige hantering, vervoer, bewerking en bemerking noodsaaklik maak. Dit is 'n gespesialiseerde bedryf waar voortdurende toesig nodig is en die produksie van veral die varsmelk van dag tot dag kan varieer, hoofsaaklik as gevolg van fisiologiese toestande by die koeie.

Voorts bestaan daar in die praktyk twee duidelik onderskeibare tipes produsente, naamlik varsmelk- en nywerheidsmelkprodusente. Vir die varsmelkprodusent is die produksie van melk normaalweg sy vernaamste bron van inkomste, terwyl dit nie die geval by die meerderheid van die produsente van nywerheidsmelk is nie. Volgens die praktiese kōperateurs is die stadium in Suid-Afrika nog nie bereik waar die twee uiteenlopende markte deur dieselfde tipe produsent voorsien word nie.

'n Verdere kenmerk van hierdie bedryf is dat dit by beide die varsmelk en die produsente van nywerheidsmelk in die mees- te dele van die Republiek noodsaaklik is dat die suiwelkuddes dwarsdeur die jaar gevoer moet word om optimale produksie te bereik en te handhaaf. Veral in die winter bring die stygende voerkoste en die noodwendige laer melkproduksie 'n stygende eenheidskoste per gallon melk mee.

'n Verdere kenmerk van die bedryf is die bederfbaarheid van die melk wat die doeltreffende vervoer daarvan 'n voorver- eiste vir goeie kwaliteit maak. Alhoewel massavervoer hier reeds heelwat verligting gebring het, veroorsaak die soms lae digtheid van die melkboere per vierkante myl en dus die groot afstande ten opsigte van die vervoer dat die eenheidskoste van vervoer steeds hoog bly. Dit word op sy beurt weer in die laer inkomste van die boer gereflekteer.

9.7.2 Die aard van die koöperatiewe suiwelbedryf

Alhoewel ons hier met twee redelik uiteenlopende vertak- kinge van die suiwelbedryf te doen het, word hulle hier as 'n eenheid behandel. Dit volg daaruit dat die meerderheid van die koöperasies in elk geval albei hanteer, en hulle finan- siering in die koöperasies nie skeibaar is nie. By beide ti- pes suiwel kom, as gevolg van die werking van die bemarking- skemas in die verband, die bemarking daarvan op 'n soort van gewaarborgde bemarking teen vaste pryse neer. Dit verminder die bemarkingsrisiko wat van groot belang by 'n bederfbare produk is, baie. Hierdie "gewaarborgde" bemarking vind egter net in die beheerde gebiede plaas, dit wil sê die gebiede on- der jurisdiksie van die beheerraad. Daar die oorgrote meer- derheid van die bemarking in elk geval in sulke gebiede plaas- vind, word dit hier as van toepassing op die totale koöpera- tiewe omset beskou.

9.7.2.1 Seisoensverloop van die suiwelkoöperasies

Gedurende die wintermaande daal die melkproduksie in ver- gelyking met die van die somermaande, veral in die somerreën- valstreke. Aan die ander kant vind ons egter weer dat die

voorsiening van vcer aan die lede deur die koöperasies in die winter sy hoogtepunt bereik. Daar is dus 'n redelike gelykmatige verloop van die kapitaalbehoefte dwarsdeur die jaar. Die handelsaktiwiteite bereik teen Mei/Junie sy hoogtepunt, om dan weer teen Desember op sy laagtepunt te staan te kom. Grafiek 13, wat die totale Landbankseisoenslenings aan die suiwelkoöperasies aantoon, illustreer hierdie verloop. Wat die ander variërende kostes aangaan, vorm arbeid die belangrikste pos en dit verander nie veel deur die jaar nie, hoewel Junie die hoogtepunt vorm en dit daarna begin te daal. Die balansstaatdatum wissel hoofsaaklik vanaf Junie tot September, hoewel die meerderheid in Augustus opgestel word. Gesien teen die verloop van die suiwelbedryf, naamlik dat dit in die wintermaande neig om te daal, asook die feit dat die benodigdhede-aktiwiteite teen Junie hulle hoogtepunt bereik, is dit duidelik dat Augustus min of meer met die natuurlike laagtepunt ooreenstem, dus waar die kapitaalbehoefte op die minimum is. Waar die state vroeër opgestel word, gebeur dit blykbaar as gevolg van die klein omset in die benodigdhede.

9.7.2.2 Samestelling van die omset

9.7.2.2.1 Groep A


Bemaking is hier die belangrikste aktiwiteit, maar dit verloop effens dalend ten opsigte van die totale aktiwiteit en dit het in 1965 op 78% gestaan. Benodigdhede daarenteen het stygend verloop tot 20% van die totale omset, terwyl diens- te 2% was.

9.7.2.2.2 Groep B

Bemaking, wat die belangrikste aktiwiteit vorm, bly redelik konstant op omtrent 94%; benodigdhede en dienste vorm dus slegs 6% van die totale omset. Die verskil in die bemarkingsaandeel by die twee groepe is grootliks daaraan toe te skryf dat die groot koöperasies al effektiewer word en ten koste van die kleineres in die verwerking van nywerheidsmelk inbeweeg. Die benodigdhede-omset bestaan hoofsaaklik uit alle-

Grafiek I3.

Landbankseisoenslenings aan suiwelkoöperasies vir twee jare.
(In RI,000,000).



daagse goedere wat direk met die melkbedryf te doen het. Voer en voerproduserende materiaal, byvoorbeeld kunsmis, vorm by hierdie koöperasies meer as 70% van die totale benodigdhede-omset. Die koöperasies volg 'n beleid van nie-mededinging ten opsigte van die ander boerderybenodigdhede wat die suiwelboer gebruik, behalwe in die geval waar daar nie ander tipe koöperasies (bv. graankoöperasies) is van wie die boere hulle ander boerderybenodigdhede kan verkry nie.

Daar suiwel op 'n kontantbasis geskied, geld dit ook ten opsigte van die benodigdhede. Heelwat van die koöperasies volg die praktyk dat die skuldaankope van die lede wat deur die maand gemaak is, aan die einde van die maand van die lid se melktjek afgetrek word. Hierdie koöperasies sit oor die algemeen dus nie met die probleem van lang opsluiting van die kapitaal in boekskulde nie.

9.7.3 Kapitaalstruktuur van suiwelkoöperasies

9.7.3.1 Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt

9.7.3.1.1 Groep A

9.7.3.1.1.1 Eie kapitaal

Relatief tot die totale kapitaal het die eie kapitaal gestyg tot selfs 82% in 1965. Die belangrikste bestanddeel van die eie kapitaal is reserwes wat vanaf 25% in 1953 tot 55% in 1965 gestyg het. Volgens tabel 25 net die algemene reserwes toegeneem en 61% van die totale reserwes gevorm, terwyl gebeurlikheidsreserwes en spesifieke reserwes verminder het tot 21% en 18% onderskeidelik.

Die tweede element van die eie kapitaal, naamlik aandelekapitaal, het tot 34% verminder; 56% van die aandelekapitaal was opbetaald (tabel 24). Alhoewel die opbetaalde aandelekapitaal gestyg het, is dit duidelik dat dit nog heelwat kan verbeter word deur die verdere opbetaling van die ingeskrewe kapitaal. So 'n opbetaling sou die ongunstige verhouding van die aandelekapitaal tot reserwes (tabel 25) ook verbeter.

Die derde komponent van die eie kapitaal, naamlik die

roterende kapitaal, het gestyg, maar dit neig nou effens tot afplating (tans 11%). Uit tabel 24B volg dat die roterende kapitaal van die suiwelkoöperasies hoofsaaklik uit heffingsfondse bestaan, hoewel die ander langtermynfondse nie 'n onbelangrike faktor is nie.

9.7.3.1.1.2 Vreemde kapitaal

Die suiwelkoöperasies se vreemde kapitaal het op slegs 18% van die totale kapitaal in 1965 te staan gekom. In 1956 was dit so hoog soos 45%. Wat sy komponente aanbetref, het die langtermynlenings gedaal tot 42% van die leenkapitaal, terwyl die korttermynlenings vanaf 32% in 1953 tot 58% in 1965 gestyg het. Die lenings (tabel 24A) bestaan grotendeels uit Landbanklenings.

9.7.3.1.1.3 Totale kapitaal

Wat die verskeie poste se aandeel aan die totale kapitaal aanbetref, vorm die reserwes die belangrikste pos met 45%, aandele met 28%, roterende kapitaal met 10%, terwyl korttermynlenings op 10% en langtermynlenings op 7% gestel kan word. Daar is klaarblyklik 'n tendens tot dekking van die langtermynbehoefte uit eie kapitaal, wat al meer neig om uit reserwes te bestaan. Die styging in die korttermynlenings kan seker in 'n mate aan die groterwordende aandeel van die benodigdhede-omset toegeskryf word. As egter daaraan gedink word dat hierdie syfers redelik die laagtepunt van die seisoensverloop verteenwoordig, is dit duidelik dat hierdie minimumvoorraad hoofsaaklik deur die eie kapitaal gedra moet word, en nie deur korttermynlenings nie. Verder, die feit dat hierdie korttermynlenings ongeveer 80% uit oortrokke bankrekening bestaan, dui in 'n groot mate op 'n duurder administrasie en 'n onvermoë om tot die natuurlike laagtepunt te likwedeer. Dit word versterk deur die feit dat die debiteure, en nie die handelsvoorrade nie, op hierdie stadium die belangrikste deel van die vlottende bates is.

9.7.3.1.2 Groep B

9.7.3.1.2.1 Eie kapitaal

Blykens tabel 21 styg die eie kapitaal van hierdie koöperasies ook en vorm 81% van die totale kapitaal. Wat sy komponente aanbetref, is reserwes in 1965 die belangrikste, dit verloop stygend en het 73% van die eie kapitaal gevorm. Algemene reserwes verloop stygend en vorm 60% van die totale reserwes, met die gebeurlikheids- en spesifieke reserwes, wat dalend verloop, elk ongeveer 20%.

Opbetaalde aandele, wat die tweede belangrikste komponent van die eie kapitaal vorm, verloop dalend en staan op min of meer 24%. Tabel 24 toon dat hierdie aandeleposisie nie veel kan verbeter deur die volopbetaling van die ingeskrewe aandelekapitaal nie, daar die aandele alreeds 80% opbetaald is. Die verhouding van die aandelekapitaal tot reserwes is ongeveer 1:3 (tabel 25) en toon duidelik die oorheersende belangrikheid van die reserwes as finansieringsbron.

Die roterende kapitaal skommel heelwat, maar dit lyk of dit gering bly, naamlik 3%. Volgens tabel 22B is heffingsfondse die belangrikste element van die roterende kapitaal, maar die ander langtermynfondse het ook 'n faktor van belang geword. In die geheel vorm hierdie roterende kapitaal egter nog 'n te klein aandeel van die totaal.

9.7.3.1.2.2 Vreemde kapitaal

Die vreemde kapitaal het in 1965 slegs 19% van die totale kapitaal gevorm en dit neig om te daal. Hiervan het die langtermynlenings 45% en die korttermynlenings 55% gevorm. Langtermynlenings het sedert 1959 gestyg, alhoewel dit nog veel laer as in 1953 is. Korttermynlenings vorm dus nog die grootste deel van die leenkapitaal.

9.7.3.1.2.3 Totale kapitaal

Uit die oogpunt van die totale kapitaal gesien, het die reserwes in 1965 59% van die totale kapitaal gevorm, opbetaalde aandele 19%, roterende kapitaal slegs 4%, korttermynlenings 10% en die langtermynlenings 8%. Hier is dus 'n baie

duidelike tendens, netsoos by groep A, tot die gebruikmaking van meer eie kapitaal vir die langtermynbehoefte. Tabel 27 toon ook dat die eie kapitaal meer as die vaste bates is en dus 'n bedrag laat vir die finansiering van die minimum vlootende behoeftes. Dit wil voorlopig lyk asof hierdie groep beter daarin slaag om sy seisoensaktiwiteite tot die natuurlike minimum te likwideer.

9.7.3.2 Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt

9.7.3.2.1 Groep A

9.7.3.2.1.1 Eie kapitaal

Netsoos die werklike syfers, het die eie kapitaal per R100 omset eers dalend verloop, maar na 1956 begin styg en in 1965 op R29 te staan gekom en dit ondanks 'n toename in die totale omset. Die belangrikste komponent van die eie kapitaal is weereens die reserwes met R16 in 1965, wat effens meer is as die opbetaalde aandelekapitaal met R10 en daarna roterende kapitaal wat slegs R3 gevorm het. Die aandelekapitaal skommel, maar by die reserwes is daar 'n bestendige styging, wat toon dat daar baie duidelik getrag word om die reserwes te versterk.

9.7.3.2.1.2 Vreemde kapitaal

Die leenkapitaal was tussen 1956 en 1962 nogal betreklik hoog, naamlik ongeveer R15 per R100 omset, maar in 1965 het dit baie gedaal tot R7. Tot 1956 het die langtermynlenings 'n belangrike deel van die leenkapitaal gevorm, maar daarna was daar nie veel verskil tussen die aandeel van die korttermyn- en die langtermynlenings nie, behalwe dat die neiging effens in die rigting van die korttermynlenings was.

9.7.3.2.1.3 Totale kapitaal

In sy geheel gesien, het die totale kapitaal per R100

omset gewissel tussen R45 en R33, met R36 in 1965. Dit wil voorkom of die groter omset dus nie 'n proporsioneel swaarder las op die kapitaal geplaas het nie, maar ook geen vermindering gebring het nie. Die algemene neiging is om meer eie kapitaal te gebruik en ook meer kort- as langtermynlenings.

9.7.3.2.2 Groep B

9.7.3.2.2.1 Eie kapitaal

Die werklike syfers van die eie kapitaal en omset verloop stygend, maar ten opsigte van die omset per R100 omset skommel die eie kapitaal en het dit in 1965 op R18 te staan gekom, wat R6 meer as 1953 was. Dit toon dat die eie kapitaal toenemend belangrik word. Wat sy komponente aangaan, daal die aandelekapitaal effens en is dit ongeveer R45 per R100 omset. Per R100 omset is roterende kapitaal slegs R1 in 1965, terwyl die reserwes verreweg die belangrikste bestanddeel van eie kapitaal is, naamlik R13. Reserwes toon dus 'n geweldige styging.

9.7.3.2.2.2 Vreemde kapitaal

Die leenkapitaal daal per R100 omset en was R4 in 1965. Dit bestaan in 'n ongeveer gelyke mate uit langtermyn- en korttermynlenings.

9.7.3.2.2.3 Totale kapitaal

By groep B is daar 'n dalende tendens ten opsigte van die totale kapitaal per R100 omset (R22 in 1965). Dit is opmerklik dat die totale kapitaal wat groep B nodig het om R100 omset te hanteer veel laer is as wat groep A nodig het. Die grootte van die koöperasie het dus 'n invloed op die hoeveelheid benodigde kapitaal.

9.7.4 Likiditeit van die suiwelkoöperasies

9.7.4.1 Groep A

Volgens tabel 27 is die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste goed, naamlik 1.6:1, en dit neig om te verbeter. Die verhouding van die bedryfswaarde tot die vlottende laste naamlik 2.3:1, asook die bedryfswaarde tot totale laste 2.0:1 in 1965 is besonder goed en verbeter. Hierdie oorleefbaarheidsaspek word verder beklemtoon deur die feit dat die totale laste tot die omset ook daal, en tans .18:1 is. 'n Ander gesonde teken is dat die totale vaste bates toenemend deur die eie langtermynkapitaal gedek word en selfs 'n oorskot vir die minimum vlottende kapitaal laat. Dit lyk asof hierdie groep wel die posisie op die huidige stadium kan handhaaf en nie aan likiditeit en oorleefbaarheid inboet nie.

9.7.4.2 Groep E

Die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste is goed, naamlik 1.6:1 in 1965, en die verbeter. Die bedryfswaarde tot die lopende laste was 2.1:1 en die bedryfswaarde tot die totale laste 1.7:1. Dit kan as gesond beskou word, en buitendien verbeter dit. Dit geld ook vir die totale laste tot die omset wat min is, teweete .12:1 en besig is om te daal. Netsoos by groep A oortref die eie kapitaal die vaste bates, sodat daar 'n bedrag vir vlottende kapitaal oorbly.

9.7.5 Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering

Wat die totale aktiwiteite aangaan, is die bemerking (wat heelwat verwerking insluit), oorheersend by hierdie koöperasies. Wat die benodigdhede aangaan, kan ons in hierdie verband kort wees. Ons het gesien dat dit in 'n groot mate hier beperk is tot voer en voerproduserende materiaal, byvoorbeeld saad en kunsmis, behalwe waar daar nie 'n graankoöperasie in die nabyheid is wat in die meer kapitaalintensiewe behoeftes kan voorsien nie. 'n Faktor wat hier in die toekoms van belang kan word, is die installasie van massaver-

koelingseenhede op die plase vir gebruik by massavervoer. Hierdie installasies kos dikwels duisende rande, wat die boere dikwels nie self kan dra nie. Op die oomblik kry die boere wel hipoteeklenings hiervoor van die Landbank vir 7 jaar, maar die moontlikheid is nie uitgesluit dat die koöperasies die boere in die toekoms in hierdie verband sal moet help nie, veral namate massahantering en bemarking in die toekoms in 'n toenemende mate inslag vind. Dit sal dus 'n groter vraag na mediumtermynkapitaal meebring.

Wat die bemarkingsaspek aanbetref, wil dit lyk asof die kleiner koöperasies, hoewel hulle finansieel nie swak daaraan toe is nie, 'n te hoë kostestruktuur handhaaf. Die ondervinding van die praktiese koöperateurs is dat by al die verwerkingsprosesse van suiwel die optimumgrootte hoog is as gevolg van die kapitaalinvesterings in die verskeie prosesse. Daarby kom ook nog die feit van bederfbaarheid, wat vinnige bereiding noodsaaklik maak. Baie van die nywerheidsmelkprosesse, wat voorheen arbeidsintensief was, raak vandag al meer kapitaalintensief, met 'n al groter kapitaalinvesterings en die gevolglike optimumvergroting. Daarom kry ons vandag al meer die neiging tot groter en minder suiwelkoöperasies, en veral 'n tendens tot sentralisasie waar dit by verwerking kom. Die volgende syfers, wat deur die Suiwelraaie verstrek is en wat die vervaardigingskoste per pond botter aantoon, (uitgesluit die koste van die room), is illustreerend in hierdie verband.

Meer as 3 miljoen pond omset	3.27c per pond.
1 - 3 miljoen pond omset	3.40c per pond.
Kleiner as 1 miljoen pond omset	5.00c per pond.
Die heel groot koöperasies	onder 3.00c per pond.

Uit syfers van een van die koöperasies blyk dit dat hierdie tendens ook geld by die ander suiwelverwerkingsprosesse soos die maak van roomys, waar die addisionele faktor van die relatief kort seisoen met 'n konsentrasie van die vraag daarin, voorkom. Die groter masjien is hier ook van belang, as gevolg van die ekonomie van grootverbruik. Dit is duidelik dat hierdie vaste bates liewers uit langtermyn eie kapitaal gefinansier moet word.

'n Verdere saak van belang is hier die aspek van kwali-

teitsverlies by die vervoer van die suiwel. Veral by die varsmelkafdeling is hierdie saak van groot belang, daar bakterieë binne 'n uur na die melkproses begin, vorm, met die gevolglike kwaliteitsverswakking. Hierdie tendens geld selfs ook in 'n mindere mate vir bottervet, wat dus die kwaliteit van die verwerkte produk kan verswak. Dit is daarom wenslik dat die verkoelingsproses reeds op die plase geskied en die varsmelk daarvandaan net na die depots of die fabriek geneem word.

Hieruit voortvloeiende blyk die groterwordende belangrikheid van massavervoer van veral die varsmelk en die gevolglike beter kwaliteit en laer koste wat daarmee gepaard gaan. Die groterwordende tendens tot massahantering spruit primêr uit die warm klimaat in Suid-Afrika, wat bakterievorming aanhelp, asook die groot afstande. Ons het gesien dat die melkboere vandag hulle al meer op massaverkoelingsinstallasies op die plase toespits, ten einde die kwaliteit te verbeter. Hoewel hierdie aspek (en die massavervoer), 'n beter kwaliteit produk by die vars- sowel as nywerheidsmelk meebring, is hierdie varsmelkinstallasies meer net tot die varsmelkafdeling beperk. Dit is blykbaar tans nog net by hierdie afdeling ekonomies omdat die varsmelkplase dikwels gespesialiseerde suiwelplase is wat so 'n groot kapitale belegging regverdig. Soos aangedui, is sodanige spesialisasie by die nywerheidsmelk dikwels nie die geval nie, maar vorm dit slegs 'n onderdeel van die totale boerdery. Hierdie kapitale belegging is dus dikwels nie te regverdig nie. Massaverkoeling op die plase moet dan opgevolg word met massavervoer van die verkoelde produk, anders sal die ou metode van vervoer in kanne ook kwaliteitsverlies meebring.

Volgens die koöperateurs vereis die munisipale regulasies oor die algemeen dat die melk se temperatuur benede 50 grade F moet wees wanneer dit die munisipale grens binnekom. As dit per kan vervoer word, gebeur dit selfs in die winter dat baie van die varsmelk se temperatuur bo 50 grade F is, en in die somer tot selfs 90 grade F styg. Hierdie verskynsel tref ons ook aan by room.

Waar massatenks by vervoer gebruik word, kom die melk gewoonlik benede 50 grade F die gebied binne. Die kwaliteitsverbetering wat dit meebring, is duidelik. Sekere van hierdie

koöperasies bevinā dat die bakterietelling van die melk 60,000 en soms selfs minder is as dit by die koöperasie kom. Indien die telling onder 100,000 is, kry die boer 'n premie van die Melkraad.

Die beginsei van die ekonomie van grootmaat is natuurlik ook van toepassing op die massavervoer per vragmotor. Dit blyk duidelik uit die volgende tabel, wat die vervoertarief per gelling oor 'n afstand van 50 myl weergee. Hierdie syfers gee die volle, allesinsluitende tarief van een van hierdie koöperasies aan en kan as verteenwoordigend van die werklike situasie dien.

<u>Hoeveelheid</u>	<u>Tarief</u>
1,000 - 2,000 gelling	2c per gelling
2,100 - 3,000 gelling	1.9c per gelling
3,100 - 4,000 gelling	1.7c per gelling
4,100 - 5,000 gelling	1.5c per gelling
5,100 - 6,000 gelling	1.3c per gelling
6,100 - 7,000 gelling	1.2c per gelling
7,100 - 10,000 gelling	1.1c per gelling
10,100 - 12,000 gelling	1.0c per gelling
12,000 en bo gelling9c per gelling

Die toestand van die paaie waaroor die melk vervoer moet word (bv. in reënweer) asook die digtheid van die melkplase (melk kan nie met 'n groot vragmotor ekonomies in 'n ylbevolkte gebied versamel word nie), is verdere medebepalende faktore wat saam met die kapitale slytasie by die berekening van die tarief en die keuse van die mees ekonomiese vragmotor in ag geneem moet word. Die maksimum kapasiteit van die verkoelingseenheid in verhouding tot die afstand is hier ook 'n faktor van belang. Daar is gevalle waar koöperasies tenkers van tot 5,000 gelling het en wat die melk tot 150 myl ver ekonomies en nog binne die perke van goeie kwaliteit kan vervoer. Hierdie laer eenheidskoste van die groter eenheid by massavervoer geld ook dikwels by die vervoer van die verwerkte suiwelprodukte. So vind een van hierdie koöperasies dat die grootte en lopende koste van die verkoelingseenheid self by roomysvervoer vir 'n 3 en 'n 7 ton vragmotor nie veel verskil

nie, met die gevolglike verskil in die kapasiteit en eenheidskoste.

Die werking van die beginsel van die ekonomie van grootmaat word al meer sigbaar by nie net die nywerheidsmelkafdeling nie, maar ook by die varsmelkafdeling. Dit is die rede waarom die kapitale koste per omset by die groter koöperasies soveel minder is as by die kleineres. Hierdie tendens tot massavervoer raak ook al sterker, veral in die suidelike deel van die land, en in 'n mindere mate in die noordelike deel. Massahantering vereis egter 'n groot kapitaalinvestering wat 'n groot druk op die kapitaalbronne sal plaas.

9.7.6 Samevatting

Bemaking is die belangrikste aktiwiteit by hierdie groep koöperasies. Die benodigdhede-afdeling is klein en meesal beperk tot die lopende behoeftes van die suiwelbedryf. Voeren voerproduserende materiaal is dan ook die belangrikste onderdeel alhier.

Wat die eie kapitaal aanbetref, is dit by beide groepe hoog en dit vertoon 'n stygende tendens. By beide groepe vorm die reserwes die belangrikste onderdeel en hierdie reserwes bestaan grootliks uit algemene reserwes. Die leningskapitaal is by beide groepe laag en dit daal, met die korttermynlenings as die belangrikste onderdeel. Hierdie korttermynlenings vertoon 'n stygende tendens by groep A, maar nie by groep B nie. Ten opsigte van die totale kapitaal is die reserwes die belangrikste pos, en dit neig stygend by groep A. By groep A vind ons verder 'n groter onvermoë om jaarliks tot die natuurlike minimum te likwideer; ons sien dit veral uit die stygende aandeel van die debiteure op die balansstaatdatum. Hierdie probleem sal met die tyd vererger, deurdat die koöperasies al meer die oprigting van massatenks vir verkoeling op die plase moet finansier, iets wat al meer mediumtermynkapitaal sal vra. By groep B lyk dit of die koöperasies beter daarin slaag om tot die natuurlike minimum te daal, hoewel die verskaffing van mediumtermynkrediet vir massatenks ook hier 'n probleem kan meebring. Die verskaffing van die opbergingsfasiliteite aan die lede kan dus by beide groepe 'n probleem word, aangesien

die bestaande hoeveelheid mediumtermynkapitaal (naamlik rote-rende kapitaal) by beide groepe min is en nie juis stygend ver-loop nie. Uit ekonomiteitsoogpunt is daar dus 'n tendens tot verbetering van die kapitaalstruktuur, behalwe vir die feit dat mediumtermynkapitaal hier heelwat sal moet verbeter.

Wat die finansiering per omset betref, sien ons dat groep B ten opsigte van die eie, vreemde en die totale kapitaal heel-wat minder kapitaal as groep A gebruik. By groep B is daar 'n neiging tot dalende kapitaalgebruik per omset; by groep A toon dit geen duidelike neiging nie. Dit wil dus lyk asof die meganisering van die bemarkings- en verwerkingsproses by sui-wel al meer van so 'n aard word dat die groter koöperasie al meer teen 'n laer eenheidskoste as die kleiner koöperasies kan optree. Uit doelmatigheidsoogpunt beskou, is daar dus 'n verbetering in die kapitaalstruktuur van groep B, maar nie van groep A nie. Die finansiering kos die lid by groep B ook al minder, terwyl dit nie die geval by groep A is nie. Wat die likiditeit by beide groepe betref, is dit goed en toon dit selfs 'n tendens tot verbetering.

9.8 Die finansiering van die vleiskoöperasies

9.8.1 Inleiding

Die feit dat so 'n groot deel van Suid-Afrika vanweë sy topografie en klimaat vir niks anders geskik is as veeboerdery nie, toon die belangrikheid van hierdie bedryf in Suid-Afrika. In hierdie afdeling sal net oor die vleisbemarkingsaspek van die veebedryf gehandel word, dus die bemarking van bees-, skaap- en varkvleis. Die wolbemarking, wat ook onder die veebedryf ressorteer, word onder 'n aparte groep behandel.

Ons kry die volgende kenmerkende eienskappe van die veebedryf, wat ook die verskil daarvan met die akkerboubedryf aantoon:

1. Die betreklik lang produksieproses, veral by die bees- en skaapbedrywe. By die varkbedryf is hierdie produksieproses egter van relatief korte duur. Hierdie lang produksieproses bring 'n stadige omloop van die belegde kapitaal mee, wat op sy beurt weer die risiko wat aan die bedryf verbonde is, verhoog.
2. Die hoë kapitaaluitgawes wat nodig is om 'n bepaalde inkomste te verkry.
3. As gevolg van die gereelde bemarking dwarsdeur die jaar kry ons hier 'n meer gereelde inkomste, veral waar die boere op die veebedryf spesialiseer.

'n Kenmerk van die Suid-Afrikaanse veebedryf, veral die beesboerdery, is die groot aantal vee wat in besit van Bantoes is. So bevind die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie ¹⁾: "Van die 12.5 miljoen beeste in die land gedurende 1961 was slegs sowat 7.5 miljoen, of 60% van die totaal in blanke besit. Omdat die Bantoe die besit van vee tradisioneel as 'n kapitaalgoed beskou het, is dit duidelik dat die slagomset van Bantoe-

1) S.A.L.U. Memorandum aan die kommissie van ondersoek na die Landbou, Mei 1967, p. 222.

vee uit die aard van die saak baie stadiger is as wat dit die geval by die blankes is. Die voorsiening in die land se vleisbehoefte berus dus grootliks by die blankes. Vir die afgelope aantal jare kan nie in die Republiek se vleisbehoefte, veral aan beesvleis, uit die plaaslike produksie alleen voorsien word nie. Suidwes-Afrika is een van ons belangrikste aanvullende bronne in dié verband.

9.8.2 Aard van die koöperatiewe vleisbedryf

9.8.2.1 Seisoensverloop

Grafiek 14, wat die Landbankseisoenslenings aan 'n groep vleiskoöperasies aantoon, is hier van toepassing.

Dit is duidelik dat, wat die bemerking aangaan, hier nie so 'n groot seisoensiklus sal wees nie, hoewel die aktiwiteite tog in die winter afneem en teen Junie/Julie 'n minimum bereik. Die handelsaktiwiteite, dit wil sê verkoop van benodigdhede, bereik gewoonlik teen Oktober-Desember 'n hoogtepunt, waarna dit weer daal om teen Junie/Julie 'n laagtepunt te bereik. Salarisse en administrasiekoste vorm die belangrikste deel van die res van die seisoenskoste. Hierdie uitgawes varieer nie veel deur die jaar nie, maar waar dit wel die geval is, vorm Oktober/November die hoogtepunt met Mei/Julie die laagtepunt. Dit lyk asof hierdie koöperasies se aktiwiteite teen Julie 'n redelike laagtepunt bereik, alhoewel die verskaffing van voer dan relatief hoog is. Dit volg dat hierdie groep se balansstate, wat by die oorgrote meerderheid hier teen Julie opgestel word, wel die natuurlike minimumkapitaalbehoefte weerspieël.


9.8.2.2 Samestelling van die koöperatiewe vleisbedryf

Die vleiskoöperasies kan volgens hulle aktiwiteite in die volgende vier groepe verdeel word:

1. Koöperasies wat versameling en versending van die vee onderneem en terselfdertyd boerderybenodigdhede aan die lede verskaf. Hierdie groep vorm die oorgrote meerderheid van die

Grafiek I4.

Landbankseisoenslenings aan 'n groep vleiskoöperasies vir 'n aantal jare. (In RI, 000, 000).



plaaslike koöperasies. Waar hierdie groep koöperasies tradisioneel tot die vleisbemarking beperk was, raak die bemarking van die lede se graan en die verskaffing van boerderybenodigdhede nou van al groter belang.

2. Koöperasies wat plattelandse veeveilings waarneem. Dit is die sogenaamde streekskoöperasies, en hulle is maar 'n paar. Daar is van die vorige groep se koöperasies wat ook hierdie funksie verrig. Sekere van die koöperasies in hierdie groep is ook bemarkingsagente vir lede in die beheerde gebiede.

3. Koöperasies wat vleisprodukte vervaardig. Hulle is net twee en is in hierdie statistiese deel van die studie uitge laat, omdat hulle kapitaalbehoefte so geheel verskillend van die vorige twee groepe is.

4. Koöperasies wat die kleinhandelsdistribusie van vleis beoefen. Hieronder val net twee koöperasies.

Wat die indeling in hierdie studie aanbetref, is die koöperasies in groep 1, op een na, in groep A geplaas. Hierdie een uitsondering, plus die koöperasies in groep 2, is in groep B geplaas. Dit is duidelik dat hierdie twee groepe nie sondermeer vergelyk kan word nie, en dat hulle eerder apart as in vergelyking met mekaar gesien moet word.

Uit tabel 17 kan ons aflei dat groep A se bemarking, hoewel die werklike syfers na 1959 gestyg het, 'n skommelende en 'n effens dalende aandeel in die totale aktiwiteit vorm; in 1965 was dit 58%. Die afset van die benodigdhede het ook skommeling en 'n effense styging ondervind, en vorm 39%, terwyl die res uit dienste bestaan. Die totale aktiwiteite van groep A het gestyg. By groep B het die totale aktiwiteite feitlik geheel en al uit bemarking bestaan, wat uit die aard van hierdie koöperasies logies is. Die werklike omsetsyfers in hierdie groep het ook aansienlik gestyg.

Die bemarking kan volgens 'n paar skemas geskied. Dit kom egter hoofsaaklik neer op die beheerde markte en die plattelandse verkope. Deurdat al hierdie vleisbemarkingskoöperasies weer saamgetrek is in 'n sentrale koöperasie (Vleissentraal) is die beleid al meer dat die plattelandse (onbeheerde gebiede) pryse op graad en gewigsgrondslag van die pryse in

die beheerde gebiede afgelei word. Hierdie sentrale optrede op die eindmarkte skakel nie net die onderlinge verdeling van die kragte en sodoende ongewenste onderlinge mededinging uit nie, maar dit bring ook laer bemarkingskoste mee. Die feit dat hierdie sentrale direk of deur onderlinge ooreenkoms voorsienings vir koöperatiewe bemarking op die eindmarkte maak, hou die verdere voordeel in dat dit sonder uitsluitlike verbintenis met spesifieke markte, produsente op slegs die meriete van die mark self kan adviseer insake die voordeligste mark op daardie tydstop. Oor die algemeen hanteer die plaaslike koöperasies nie self die vleis nie, maar verrig hulle net die versamelingsfunksie ten behoeve van die sentrale. Laasgenoemde neem die fisiese hantering en verkope op die eindmarkte waar. Nadat die sentrale of sy affiliasies sy vleis verkoop het, betaal dit die koöperasies na aftrek van die uitgawes, waarna die plaaslike koöperasies dan weer hulle lede vir die gelewerde vee uitbetaal. Die voorraadvorming en die gevolglike opsluiting van fondse berus dus hoofsaaklik by die sentrale self. Ietwat anders is die posisie wanneer die bemarking uit veilings bestaan, aangesien die praktyk leer dat hierdie koöperasies dikwels krediet aan die veekopers moet verleen, totdat die vee deur laasgenoemde vir bemarking aangebied word.

Wat die benodigdhede-aspek aangaan, is die grootste omset toegespits op gewone artikels wat direk met die beesboerdery te doen het, soos spuit- en dipmiddels. In sekere gevalle hou hulle ook die gewone artikels vir die ander vertakkinge van die lede se boerdery aan, byvoorbeeld kunsmis en saad vir die verbouing van lusern. Sekere van hierdie koöperasies hou egter alle benodigdhede van die boer aan. Ons vind dit veral in die Karoo waar daar nie graankoöperasies is waaraan die boere behoort en welke koöperasies die duurder kapitale toerusting kan behartig nie. Dit lyk egter of baie van hierdie koöperasies slegs die lopende items in voorraad hou, en dat die goedere van 'n meer kapitale aard slegs op bestelling van die lede verkry word. Nietemin vorm voorrade egter 'n belangrike pos. Verder vorm voer ook 'n belangrike onderdeel van die vleiskoöperasies se totale benodigdhede-aktiwiteite.

9.8.3.1 Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt

9.8.3.1.1 Groep A

9.8.3.1.1.1 Eie kapitaal

Volgens tabel 21 het die eie kapitaal in 1965 sowat 45% van die totale kapitaal gevorm. Die persentasie skommel baie en 60% sou miskien meer verteenwoordigend wees. Die reserwes het tot 64% van die eie kapitaal in 1959 gestyg, maar daarna tot 44% in 1965 gedaal. Hierdie reserwes bestaan hoofsaaklik uit algemene reserwes (tabel 25), wat effens stygend verloop en tans 79% vorm. Gebeurlikheids- en spesifieke reserwes kom op min of meer 21% te staan. Die opbetaalde aandelekapitaal het in 1965 as persentasie aansienlik gestyg; gewoonlik skommel dit romdom 34%. Die aandeleposisie sal nie veel verbeter deur die opbetaling van die ingeskrewe aandelekapitaal nie, daar reeds meer as 80% van die ingeskrewe aandelkapitaal opbetaald is. Behalwe in 1965 het die reserwes nie juis vinniger as die aandele toegeneem nie, en die verhouding van die aandele tot die reserwes het min of meer konstant gebly op 2:1. Die roterende kapitaal se bydrae tot die eie kapitaal is minimaal.

9.8.3.1.1.2 Vreemde kapitaal

Gewoonlik vorm vreemde kapitaal min of meer 35% van die totale kapitaal. In 1965 het dit egter tot 55% gestyg. Die langtermynlenings het gestadig tot 57% in 1962 gestyg, maar in 1965 tot slegs 12% van die leenkapitaal gedaal; die korttermynlenings het toe nie minder as 88% bygedra nie.

9.8.3.1.1.3 Totale kapitaal

Wat die verskeie poste as aandeel van die totale kapitaal aangaan, lewer die reserwes die grootste bydrae, naamlik 40% indien die groot daling in 1965 buite rekening gelaat word. Daarna volg die korttermynlenings met ongeveer 23%, opbetaalde

aandele met naastenby 20%, terwyl die langtermynlenings min of meer 15% en die roterende kapitaal 2% van die totale kapitaal vorm.

Die gebrek aan mediumtermynkapitaal in die vorm van roterende kapitaal is opvallend. 'n Groter bedrag roterende kapitaal sou verkieslik wees om die volgende redes: die skulde van die lede vir boerderybenodigdhede neem soms lank voordat dit betaal word, aangesien baie boere dit eers na die bemerking van die vee betaal. Ongeveer een derde van die totale omset bestaan uit die lewering van boerderybenodigdhede (tabel 17). Hierdie hele tendens word deels deur tabel 24A gestaaf wat aantoon dat 73% van die vlottende bates in 1966 uit debiteure en 23% uit handelsvoorraad bestaan het. Hierdie kapitaalbenoefte vergroot baie as die koöperasies ook nog veilings hou, soos duidelik by groep B blyk. Hierdie omstandighede vereis 'n hoër minimum vlottende kapitaal, wat nie deur korttermynkapitaal gefinansier moet word nie. Daarom moet die relatief klein aandelekapitaal as 'n minder goeie verskynsel beskou word. Die feit dat die reserwes die belangrikste kapitaalpos is, bevestig dit. Dit moet wel genoem word dat hierdie groep sy vaste bates blykbaar maklik in 1962 en 1965 uit eie langtermynkapitaal gefinansier het, sodat daar heelwat vir die minimum vlottende kapitaal oorgebly het. Die finansieringsbehoefte vir vaste bates by hierdie groep is egter relatief min. Die behoefte aan mediumtermynkapitaal word verder verhoog omdat hierdie koöperasies 'n proporsionele kapitaalstorting tot omset by die sentrale moet hê, aangesien laasgenoemde so 'n groot deel van die plaaslikes se bemerkingsfunksie oorgeneem het. Die herhalende aard van die bemerking (meer as eenkeer per seisoen) vereis 'n medium- en selfs langtermynkapitaal by die sentrale. Hierdie groep het dus wel genoegsame kapitaal vir sy eie aktiwiteite, maar dra nie genoegsaam tot die gesamentlike sentrale aktiwiteit by nie.

9.8.3.1.2 Groep B

9.8.3.1.2.1 Eie kapitaal

Die persentasie eie kapitaal het tot 1962 effens gedaal

en dit het normaalweg ongeveer 35% van die totale kapitaal be-
dra. In 1965 het 'n groot verbetering ingetree tot dit tot
65% gestyg het. Die reserwes is die belangrikste onderdeel
van die eie kapitaal en het van 38% in 1953 tot 60% in 1965
gestyg. Volgens tabel 21 het die algemene reserwes ongeveer
64% van die totale reserwes gevorm, terwyl die spesifieke re-
serwe, wat die res vorm, effens styg. Die verhouding van die
aandele tot die totale neig om te daal, en dit was 39% in 1965.
Omtrent die helfte van die ingeskrewe aandelekapitaal is opbe-
taal (tabel 24). Die roterende kapitaal is baie min en bestaan
hoofsaaklik uit heffingsfondse.

9.8.3.1.2.2 Vreemde kapitaal

Daar is volgens tabel 21 toenemend van lenings gebruik
gemaak tot 72% in 1962. In 1965 het dit egter tot 38% gedaal.
Dit blyk dat daar baie ruim van die korttermynlenings gebruik
gemaak word en dat die langtermynlenings ongeveer 20% van die
totale leenkapitaal vorm.

9.8.3.1.2.3 Totale kapitaal

In verhouding tot die totale kapitaal blyk dit dat die
korttermynlenings die belangrikste is, maar neig om te daal
en tans omtrent 45% vorm. Reserwes en opbetaalde aandelekapi-
taal het elk ongeveer 20%, langtermynlenings 14% en die rote-
rende kapitaal slegs 1% tot die totale kapitaal bygedra. Dit
blyk dus dat hierdie groep koöperasies ruimskots van leenka-
pitaal, meestal korttermynlenings gebruik maak. In die jong-
ste tyd tree daar by hierdie koöperasies al meer 'n behoefte
na mediumtermynkapitaal na vore. Hierdie groter vraag na me-
diumtermynfondse word veral meegebring deur die feit dat die
veilingstelsel al meer kredietverskaffing aan die kopers mee-
bring. Hoewel die verklaarde verkoopsterme by die veilings
kontant by oorhandiging van die vee is, geskied talle trans-
aksies op krediet, wat soms tot 'n jaar lank deur die koöpe-
rasies gedra moet word. Dit volg hoofsaaklik uit die feit
dat die produksieseisoen by beesboerdery redelik lank is, en
die meeste boere nie die fondse het om dit self te finansier

nie. Private afslaaers gee dan produksiekrediet aan die boere indien hulle op sy veilings koop. Dit kom daarop neer dat hulle eers die afslaaers betaal wanneer die diere op die eindmarkte weer deur hulle bemark word. Hierdie praktyk geld uiteraard hoofsaaklik by die beesbedryf met sy relatief lang produksieperiode.

Dit is duidelik dat die krediet wat die afslaaers so aan die boere verleen, meer as net suiwer veilings- of leweransierskrediet behels; dit is eerder 'n vorm van produksiekrediet. Dit is dié tweeslagtige aard van hierdie soort krediet wat sake vir die koöperasies baie bemoeilik. Aan die een kant bepaal die statute 'n maksimum van drie maande krediet aan die lede, maar prakties is dit onmoontlik om die vetmaakproses binne drie maande te voltooi; dit neem gewoonlik een tot twee jaar. Aan die ander kant blyk dit uit die omvang van die pos korttermynlenings asof hierdie bron egter al meer daarvoor gebruik word; iets wat eerder met mediumtermynkapitaal gefinansier moet word.

Hierdie groep het dus nie net 'n groter kapitaalbehoefte as groep A nie, maar dit geld veral ten opsigte van die bemarkingsfinansiering, wat in hierdie situasie 'n hoër minimumkapitaal vereis, aangesien hierdie proses aaneenlopend van aard is en groot bedrae in die debiteure opgesluit lê. Dit is dus duidelik dat die bestaande Landbankbeleid sodanig gewysig moet word dat hierdie koöperasies deur middel van Landbanklenings in staat gestel sal word om vir 'n tydperk van tot 18 maande produksiekrediet aan die beesboere te kan verleen, op dieselfde basis as wat graankoöperasies dit tans aan hulle lede gee.

9.8.3.2 Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt

9.8.3.2.1 Groep A

9.8.3.2.1.1 Eie kapitaal

Volgens tabel 26 het die absolute eie kapitaal asook die eie kapitaal per R100 omset gestyg, en het dit in 1965 op R20 gestaan. Hiervan het die reserwes R9, die opbetaalde

aandelekapitaal R11 en die roterende kapitaal minder as R1 tot die eie kapitaal per R100 omset bygedra.

9.8.3.2.1.2 Vreemde kapitaal

Die vreemde kapitaal per omset was betreklik laag, minder as die eie kapitaal, maar dit styg en het in 1965 selfs 25% van die totale kapitaal uitgemaak. Langtermynkapitaal net R3 en die korttermynkapitaal het R22 per R100 omset bygedra. Gedurende 1953 en 1962 het die korttermynlenings slegs tussen R2 en R6 geskommel, wat maar gering was.

9.8.3.2.1.3 Totale kapitaal

By hierdie groep is daar 'n tendens om meer totale kapitaal per R100 omset te benodig. Die groter gebruikmaking van veral langtermynkapitaal is in die genoemde situasie nie onvanpas nie. Koöperatief gesien, geld dit egter nie ten opsigte van die leningskapitaal in die fluktuierende veebedryf nie. Verder kan die relatief sterk reserweposisie uit 'n koöperatiewe oogpunt nie goedgepraat word nie, hoewel die stygende aandeleposisie gesond is. Omdat hierdie groep se aktiwiteite nie van 'n kapitaalintensiewe aard is nie, dui die groter gebruikmaking van kapitaal hier op 'n tendens van groter onvermoë tot likwidasië tot die jaarlikse natuurlike minimum. Die stygende vlottende bates per R100 omset, vanaf R17 in 1953 tot R52 in 1962 (volgens tabel 22A bestaan hierdie bates hoofsaaklik uit debiteure), staaf hierdie bewering, alhoewel dit tog genoem moet word dat daar 'n aansienlike daling in 1965 was.

9.8.3.2.2 Groep B

9.8.3.2.2.1 Eie kapitaal

Die eie kapitaal per R100 omset het feitlik konstant gebly, wat toon dat, alhoewel die omset baie toegeneem het, die groep nie met proporsioneel minder eie kapitaal kon klaarkom nie. Wat wel opmerklik was, is dat groep B veel minder eie

kapitaal per omset gebruik as groep A. Wat die komponente van die eie kapitaal aangaan, het reserwes en opbetaalde aandelekapitaal min of meer in gelyke mate bygedra, terwyl die roterende kapitaal in verhouding tot die omset onbeduidend klein was.

9.8.3.2.2.2 Vreemde kapitaal

Die vreemde kapitaal is per omset aansienlik meer as die eie kapitaal en het bowendien tot 1962 tot R12 gestyg. In 1965 het dit egter tot slegs R2 gedaal. Alhoewel die korttermynlenings 'n veel belangriker komponent van die vreemde kapitaal is, en tot 1962 gestyg het, lyk dit tog of die langtermynlenings vinniger tot 1962 gestyg het, maar in 1965 feitlik afgelos was.

9.8.3.2.2.3 Totale kapitaal

Ondanks 'n groot toename in die omset het groep B tot 1962 'n proporsioneel groter behoefte aan kapitaal ondervind, wat veral deur leningskapitaal aangevul is. Hierdie groep se aktiwiteite is nie kapitaalintensief nie, en die toename in die kapitaalbehoefte moet dus primêr daaraan toegeskryf word dat heelwat produksiekrediet verskaf word. Tabel 24A toon byvoorbeeld dat die debiteurepos soms meer as 90% van die vlottende bates vorm.

9.8.4 Likiditeit van die vleiskoöperasies

9.8.4.1 Groep A

Die likiditeitsposisie van hierdie groep (tabel 27) het vanaf 1953 tot 1965 verbeter tot 2.47:1, maar in 1965 het die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste tot .60:1 gedaal, waarskynlik as gevolg van die groot toename in die korttermynlenings. Die verhouding van die bedryfs-waarde tot vlottende en tot totale laste het tot 1962 aansienlik verbeter, maar in 1965 ook baie gedaal. Hierdie verswaking in 1965 merk ons ook by die verhouding van die totale

laste tot die omset op. Samevattend lyk dit asof daar by hierdie groep 'n tendens tot swakker likiditeit en selfs finansiële oorleefbaarheid is. Dit lyk volgens die omsetsyfers in tabel 18 of hierdie groep nie tot 'n werklike groeigroep behoort nie. Hierdie redelik konstante omset is grootliks die rede waarom daar nie 'n duidelike tendens by hierdie groep se finansiering te bespeur is nie.

9.8.4.2 Groep B

Vlottende bates tot die vlottende laste het langsamerhand tot .93:1 in 1962 verswak, maar in 1965 het dit egter tot 2.5:1 verbeter weens 'n aansienlike daling in die leenkapiitaal. Die jaar 1965 het ook die verhoudinge van die bedryfs waarde tot die vlottende en die totale laste (wat tot 1962 ernstig verswak het), weer in 'n gesonde posisie geplaas. Dieselfde verskynsel is ook in die verhouding van die totale laste tot die omset waarneembaar. In totaal lyk dit dus asof groep B al meer daarin slaag om op die natuurlike minimum geheel tot die minimum te daal.

9.8.5 Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering

Die bemarkingsaspek van die vleiskoöperasies word deur 'n sentrale uitgeoefen. Die plaaslike koöperasies se bemarkingsaktiwiteite behels gevolglik hoofsaaklik lopende kostes wat direk met die bemarkingsomset varieer. Die gebrek aan 'n kapitaalintensiewe bemarkingsprogram bring mee dat die ekonomie van grootmaat nie juis hier geld nie. Dit blyk dus dat hier geen direkte faktore optree wat 'n sekere minimumgrootte as 'n ekonomiese grootte noodsaaklik maak nie. Faktore soos die relatiewe welvaart van 'n distrik, en sy bevolkingsdigtheid, tesame met die behoefte aan voorrade by die koöperasie, is wel belangrik.

Die bemarkingsituasie verander sodra daar tot die verwerking oorgegaan word. Volgens die koöperateurs lyk dit asof die verhouding van kapitaal met 'n kort looptyd tot totale kapitaal die kleinste is by koöperasies wat vleisprodukte ver-

vaardig en dit daarna in die kleinhandel distribueer, en die grootste is by die veeveilings- en veebemarkingskoöperasies. Die omgekeerde geld weer vir die langtermynkapitaal. Dus, vleisbemarking verg baie meer langtermynkapitaal teenoor die situasie by veebemarking, want eersgenoemde is baie meer kapitaalintensief. Daarom moet die koöperasies eers baie sterker aan die aanbodkant staan (ook finansieel), alvorens hulle na die verwerkingsaspek kan corgaan. Verder is die mededinging in die verwerkings- en kleinhandelsafdeling baie skerp, sodat dit moeilik sal gaan en baie kapitaal sal verg om sodanig vertikaal te integreer. Die huidige metode om die vee te versamel en deur die sentrale te bemark, is blykbaar vir die voorsienbare toekoms die beste metode om die voortbestaan van hierdie koöperasies onder toestande van ekonomiese ontwikkeling te verseker. Waar die prysvorming by die veilings dikwels bepaal word deur die optrede van enkele kapitaalkragtige kopers en ringe, is dit duidelik dat hierdie sterker koöperatiewe optrede aan die aanbodkant 'n belangrike rol by prysvorming en veral ten opsigte van korttermynstabilisasie van die bedryf sal speel. In hierdie verband beweer die S.A.L.U.¹⁾ dan ook: "Sodra die boer deur middel van sy koöperatiewe bemarkingsorganisasies sterk genoeg in die bedryf staan, glo die Unie dat dit in die boer se voordeel sal wees om nog steeds kragtens 'n gewaarborgde minimumprysstelsel, oor te gaan tot 'n stelsel van onderhandelde pryse op die korttermyn, aangepas by die heersende produksie-, aanbod- en marktoestande."

Hierdie situasie kan egter nie as genoegsaam beskou word vir die verdere toekoms nie. Dit is 'n bekende feit in die vleisbedryf dat daar vandag in Suid-Afrika een enkele maatskappy is wat, benewens sy groothandelondernemings in die agt beheerde gebiede, ook nog oor 247 slaghuise beskik. Die feit dat dit as groothandelsorganisasie 'n geweldige houvas op die kleinhandel het, word versterk deur die verskynsel dat hierdie organisasie 75% van die vleis van die vleis van die afdelingswinkels wat voorafverpakte vleis verkoop, voorsien. Die bedreiging wat hierdie mag in die toekoms vir die boere kan word, bring mee dat, om dit te temper, die inbeweeg van

1) S.A.L.U. memorandum, op cit. p. 227.

die koöperasies in die kleinhandel in die toekoms nie meer uitgesluit is nie. Die mees waarskynlike weg om hierin te slaag is deur middel van 'n sentrale aksie en kapitaalbydrae deur die plaaslike koöperasies.

'n Verdere aspek wat in hierdie integrasieproses moontlik 'n groter druk op die koöperasies se kapitaalbronne sal uitoefen, is die verdere afskeiding van boerderyfunksies deur die boer, byvoorbeeld die vervoer van die vee vanaf die plase na die stasie en/of die markte. Hier word veral gedink in terme van kwaliteitsverbetering en kwaliteitsbesparing. Hierby moet deeglik in ag geneem word dat dit vervoer in lewende vorm is, wat dus heelwat spesiale aanpassings verg. Dit lyk nie of koöperatiewe vervoer in hierdie opsig lonend sal wees nie, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat dit vir die koöperasies 'n geweldige kapitale uitleg sal meebring om al die diere, veral in die spitsbemarkingstye, te kan vervoer. Heelwat van hierdie kapitaal sal dan op ander tye van die jaar onbenut staan, byvoorbeeld wanneer die boere na goeie reëns hulle vee terughou. Daarenteen kan die privaatkontraakteurs blykbaar die vervoer goedkoper verrig, omdat hulle meer op volbesette kapasiteit dwarsdeur die jaar kan staatmaak, vanweë die feit dat hulle, benewens die vee, ook heelwat ander vervoerwerk behartig. Dit lyk asof koöperatiewe massavervoer by die versamelingsfunksie nie die kapitale koste daaraan verbonde sal loon en die addisionele druk wat dit op die finansieringsbronne sal meebring, regverdig nie.

'n Saak wat ook in hierdie breër ekonomiese verband van belang is, nie soseer uit 'n finansiële oogpunt nie, maar eerder ten opsigte van groter effektiwiteit, is die kwessie van tegniese en ander hulp deur die sentrale aan die plaaslike. Hierdie tegniese advies aan die boere (deur die koöperasies), insake teel, voer, uitvoerontwikkelings, bemarkingsdienste, produksievereistes, kan dikwels nie meer deur die boer self onderneem word nie, en daar bestaan 'n groot vraag daarna. Dit kan lei tot groter effektiwiteit ten opsigte van die aktiwiteite van die koöperasies.

Voortvloeiend hieruit is die poging van die sentrale tot uitskakeling van onnodige veilings, veral in die lig van die groot veilingsrisiko's in die droogtetye. Dit kom daarop neer dat die sentrale koöperasie inligting oor sekere tipes vee en

die pryse daarvan aan sy lede beskikbaar stel, om sodoende hierdie vee in gewillige kopers se hande te plaas en dit nie op spekulante af te laai nie. So gebeur dit dat die sentrale 'n lid wat sekere soort vee soek, by die regte aanbieder daarvan kan plaas. Sodoende help die sentrale nie net in die droogtetye om die vee van die mark af weg te hou nie, maar dra dit sekerlik ook by tot die stabilisasie van die koöperasies en tot verlagings van hulle kostes.

9.8.6 Samevatting

Wat hierdie groep koöperasies aanbetref, vind ons dat by groep A die versameling en versending van die vee na die hoofmarkte die hoof funksie is. Boerderybenodigdhede is hier van 'n redelike omvang, maar hoofsaaklik beperk tot die lopende behoeftes van die veebedryf. Daar is egter 'n tendens tot die insluiting van ander items, omdat die beesboere al meer hulle aktiwiteite begin diversifiseer. By groep B, wat hoofsaaklik streekskoöperasies is, is veeveiligings en die bemerking van die vee die oorheersende aktiwiteit; boerderybenodigdhede is hier nie juis 'n faktor van belang nie.

Wat die eie kapitaal betref, skommel dit by groep A, maar dit vorm gemiddeld meer as die helfte van die totale kapitaal. Die reserwes as aandeel van eie kapitaal skommel, maar dit bly die belangrikste komponent en bestaan hoofsaaklik uit algemene reserwes. Die bydrae van die roterende kapitaal bly minimaal. Wat die eie kapitaal en sy komponente by groep B betref, vind ons dieselfde verskynsels as by groep A. Ten opsigte van die vreemde kapitaal vind ons by beide groepe dat dit skommel as aandeel van die totale kapitaal, maar dat hierdie leenkapitaal al meer uit korttermynlenings bestaan.

Ten opsigte van die totale kapitaal vind ons by groep A dat reserwes die belangrikste pos is, met korttermynlenings wat daarna volg. By groep B is korttermynlenings weer die belangrikste en die reserwes volg daarna. Die gebrek aan roterende kapitaal as mediumtermynfinansieringsbron is by beide groepe opvallend. Dit is geen goeie ontwikkeling nie, daar die bemerkingsaspek aan die een kant as gevolg van die langer looptyd van produksiekrediet en aan die ander kant die benodigdhedeaspek wat van 'n al groter omvang word 'n al groter

behoefte aan mediumtermynkapitaal meebring. Op die oomblik word hierdie behoefte deur korttermynlenings gedra. Wat dus die finansiële struktuur uit ekonomiteitsoogpunt beskou betref, is daar by beide groepe al meer 'n tendens dat dit nie met die teoretiese analise in hierdie verband ooreenstem nie naamlik dat dit vir hierdie ontwikkelings in die struktuur van die omset al meer mediumtermyn- en selfs al meer langtermynkrediet vra.

Wat die aktiwiteite per R100 omset aangaan, kry ons by groep A 'n tendens tot stygende gebruik van eie en veral korttermynleenkapitaal. Ons vind ook verder dat die reserwes per omset al meer styg wat beslis as iets onkoöperatiefs aange-merk kan word. Dit wil lyk asof die koöperasies in groep A se aktiwiteite al minder effektief onderneem word en dat hierdie aktiwiteite die lede al meer per omset kos. Dit beteken dus dat die kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsocgpunt 'n ver-swakking ondergaan. Wat groep B aanbetref, kry ons dat, ten spyte van 'n groot toename in die omset, die kapitaalgebruik per omset nie gestyg het nie. Die leenkapitaal (veral korttermynlenings) is hier per omset meer as die eie kapitaal. Die totale kapitaal by groep B per omset gebruik is egter minder as dié by groep A gebruik. Uit doelmatigheidsocgpunt wil dit dus lyk asof die finansiering van die koöperasies in groep B meer effektief geskied as die finansiering van die koöperasies in groep A en dat die finansiering in groep B ter minste die lede nie duurder kos nie.

Wat die likiditeit van die vleiskoöperasies aangaan, is dit by beide groepe swak. Daar is selfs 'n neiging tot verdere verswakking daarvan, veral as gevolg van die al meer gebruikmaking van korttermynleenkapitaal. In hierdie verband wil dit al meer lyk asof die vleiskoöperasies op die sentrale koöperasie en die redelik gewaarborgde bemarking van die be-markingsraad steun.

9.9 Die finansiering van die wolkoöperasies

9.9.1 Inleiding

Die wolbedryf, wat vandag een van Suid-Afrika se grootste

bedrywe en sy grootste landbou-uitvoerproduk vorm, se produksie is oor die hele land versprei, hoewel die suidelike deel van die land die konsentrasieplek van hierdie bedryf is.

'n Belangrike kenmerk van hierdie bedryf is dat wol en vleisproduksie in Suid-Afrika grootliks onafskeidbaar is, sodat daar groot eise aan die bedryf gestel word ten opsigte van die voorsiening van aanteelwee om vir hierdie slagtingsvoorsiening te maak. Een van die vernaamste probleme van die bedryfstak is daarin geleë dat die beste wol skaap nie noodwendig die beste vleisskaap is nie, en omgekeerd. Dit, tesame met die wisselvallighede van die wolmark, het tot gevolg dat vleisramme wat deur gekleurde haarbesmetting die wolbedryf groot skade aanrig, dikwels gebruik word.

Hierdie verband tussen wol- en slagskape word hoofsaaklik meegebring deur die onstabiele wolpryse, en die feit dat wol gewoonlik 'n eenmalige opbrengs vir die boer gee. Wat produksie betref, vertoon die jaarlikse produksie 'n besonder egalige verloop. Daarenteen het die gemiddelde prys per pond wol heelwat geskommel, sodat die inkome daaruit verkry heelwat anomalieë vertoon. Die mededingende sintetiese vesel daarenteen is gewoonlik nie aan sodanige abnormale prysskommeling onderhewig nie, omdat die kwaliteit en die kwantiteit beter gereguleer kan word.

Die feit dat die wolinkomste slegs eenkeer per jaar ontvang word, stel besondere eise aan die kort- en die mediumtermynfinansiering van hierdie bedryf. Dit kan hoofsaaklik aan die hoë koste van die veevoorraad op 'n skaapplaas gewyt word. Dit bemoeilik dikwels pogings om die lang- sowel as korttermynproduktiwiteit op die skaapplase te verhoog.

Hierdie bedryf word verder gekenmerk deur die feit dat die uitvoere verreweg die belangrikste komponent van die totale opbrengs is, en dat die Suid-Afrikaanse produksie maar 'n klein gedeelte van die wêreldproduksie uitmaak. Dit bring mee dat die bemerking van wol in die eerste plek van die reaksies op die wêreldmark afhanklik is. Dit word verder bemoeilik deur die feit dat die kopers wêreldwyd in 'n paar groot kopershuise saamgesnoer is.

Hierdie groep koöperasies bestaan uit slegs drie koöperasies, gevolglik kan hier dus nie 'n verdeling per groottegroep gemaak word nie.

Hierdie koöperasies se hoofkantore en aktiwiteite is in die kusstede gekonsentreer, waar hulle as wolmakelaars optree. Verder het hierdie koöperasies ook takke dwarsdeur hulle gebiede, wat die grootste deel van die land insluit. Hierdie takke is hoofsaaklik gestig vir die voorsiening van boerderybenodigdhede in die vorm van skeerbenodigdhede en veemiddels aan die lede. Verder het hierdie takke ook opgeleide skaap- en wolbemaptes om die lede van tegniese en ekonomiese hulp te voorsien. Hierdie takke hanteer die bemarkingsaktiwiteit fisies nie self nie; dit word slegs deur die hooftak gedoen.

9.9.2.1 Seisoensverloop van die wolkoöperasies

Die seisoensverloop by hierdie koöperasies val hoofsaaklik saam met die bemarkingsverloop. Die wolseisoen begin teen November met die eerste wolskeersels te styg, en duur dan tot Maart/April wanneer die eerste wolveelings min of meer afgehandel is. Die benodigdhede het weer min of meer die teenoorgestelde verloop en bereik hulle hoogtepunt gewoonlik net voor die bemarkingseisoen begin. Grafiek 15, wat die totale kas-kredietlenings van die Landbank aan hierdie groep koöperasies aantoon, illustreer hierdie verloop. Daaruit blyk dat die hoogtepunt in Maart/April en die laagtepunt in Desember/Januarie val. Die styging van die kurwe vanaf April tot November is grootliks aan die verloop van die benodigdhede en die toestaan van produksiekrediet te wyte. Die rede vir die produksiekrediet is geleë daarin dat hierdie bedryf 'n eenmalige inkomste per jaar het, terwyl die skaapkudde dwarsdeur die jaar in stand gehou moet word, met die gevolglike gebrek aan kapitaal ter finansiering van die produksieproses, totdat die inkomste ontvang is. By gebrek aan die gewenste instelling, vervul die wolmakelaars (dus ook die koöperasies) die funksie van verskaffing van produksiekrediet aan die boere, op sterkte van die volgende skeersel. Die voorskotte word oor die algemeen bereken op 'n persentasiebasis van die verwagte opbrengs van die boer se skeersel. Hoewel dit varieer van makelaar tot makelaar en selfs van boer tot boer by dieselfde makelaars,

is die gemiddelde voorskot gewoonlik nie meer as die helfte van die verwagte volgende wolopbrengs nie.

Hierdie voorskotte word dwarsdeur die jaar aangevra, en dit gebeur soms dat 'n voorskot op die volgende skeersel aangevra word onmiddellik nadat die boer betaling vir die huidige skeersel ontvang het. Die aansoeke bereik 'n hoogtepunt net voor die skeertyd, maar die gemiddelde tydperk van die voorskotte is min of meer ses maande. Daar word gewoonlik 'n redelike rentekoers gehef, en die voorwaarde by die skeersel is dat dit uit die opbrengs van die volgende skeersel betaal moet word. Dit is logies dat die boer dan aan die kredietgewende makelaar gebonde is vir lewering van sy wol aan hom.

Daar hierdie groep se balansstate jaarliks in Junie opgestel word, lyk dit asof ons hier nie die natuurlike jaaranalise kan toepas nie. Hoewel die koöperatiewe leningsaktiwiteit op die balansstaatdatum nie op sy minimum is nie, is dit gewoonlik wel die geval met die voorrade; iets wat onder die nie-gewaarborgde bemerking van wol 'n belangrike aspek is. Verder volg uit die grafiese verloop dat die seisoenslenings teen Junie nog nie te veel gestyg het nie. Daarom kan Junie in 'n groot mate as die minimumpunt beskou word, tensy die koöperasie voer aan die lede moet verskaf.

9.9.2.2 Samestelling van die omset

Uit tabel 17 volg dat die bemerkingsaktiwiteit verreweg die belangrikste is, maar dat dit neig om te daal ten gunste van die afset van benodigdhede. By hierdie groep moet daar met groot versigtigheid van tendense gepraat word, aangesien die wolpryse van jaar tot jaar baie skommel. 'n Tendens kan slegs uit die gegewens van 'n hele aantal jare waargeneem word. Dit is veral hier van toepassing omdat wol op die ope mark verkoop word sonder enige staatsbeheer van die pryse, wat gevolglik baie varieer.

9.9.3 Kapitaalstruktuur van wolkoöperasies

9.9.3.1 Kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt

9.9.3.1.1 Eie kapitaal

Die aandeel van die eie kapitaal aan die totale kapitaal skommel met 'n effens dalende tendens tot 34% in 1965. Reserwes neem toe en het nie minder as 88% van die eie kapitaal gevorm nie, wat op sy beurt weer vir 88% uit die spesifieke reserwes bestaan het (tabel 23); die res was hoofsaaklik algemene reserwes. Hierdie groot konsentrasie in die spesifieke reserwe staan in direkte verband met die produksiekrediet aan die lede. Aandelekapitaal, wat effens dalend verloop, vorm die res van die eie kapitaal en het in 1965 op 12% van die eie kapitaal te staan gekom. Verder volg uit tabel 24 dat die opbetaalde aandelekapitaal min of meer die helfte van die ingeskrewe kapitaal vorm, sodat volopbetaling van die ingeskrewe aandelekapitaal die posisie van die aandelekapitaal heelwat kan verbeter.

9.9.3.1.2 Vreemde kapitaal

Die totale leenkapitaal skommel, maar styg effens en het 66% van die totale kapitaal in 1965 gevorm. Wat sy komponente aangaan, het dit voorheen geheel uit korttermynlenings bestaan, maar dit het nou gedaan na 77% van die leenkapitaal, terwyl die langtermynlenings die res vorm.

9.9.3.1.3 Totale kapitaal

Wat die verskeie poste as aandeel van die totale kapitaal aanbetref, is die korttermynlenings, wat skommelend verloop, die belangrikste en vorm dit tans min of meer 55%. Reserwes volg daarna met 'n effens dalende tendens op 30%. Langtermynlenings vorm 16% van die totale leenkapitaal, terwyl die opbetaalde aandele slegs 4% van die totale kapitaal vorm. Wolkoöperasies doen dus hulle finansiering hoofsaaklik met reserwes en leenkapitaal.

9.9.3.2 Kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt

9.9.3.2.1 Eie kapitaal

Die eie kapitaal per R100 omset (tabel 26) het aanvanklik gestyg, maar dit neig nou om konstant op ongeveer R8 te bly. Min eie kapitaal word dus vereis om R100 omset te behartig. Die aandelekapitaal dra slegs R1 tot die eie kapitaal by, terwyl die reserwes se bydrae ongeveer R7 is. Daar was geen roterende kapitaal nie.

9.9.3.2.2 Vreemde kapitaal

Die vreemde kapitaal was R15 per R100 omset in 1965, en dit het 'n stygende neiging. Die vreemde kapitaal was dus amper tweemaal soveel as die eie kapitaal. Korttermynlenings was die vernaamste bestanddeel van die vreemde kapitaal en het tot R11 in 1965 gestyg, terwyl die langtermynlenings betreklik konstant op R4 gebly het.

9.9.3.2.3 Totale kapitaal

In sy geheel gesien, blyk dit dat die afset van wol 'n stygende gebruik van kapitaal vereis, veral reserwes. Die wolkoöperasies slaag ook nie daarin om die afset met relatief minder kapitaal te laat geskied nie. Dit word beklemtoon deur die stygende verloop van die vlottende bates (wat hoofsaaklik uit debiteure bestaan), per R100 omset. Nie alleen behoort hierdie behoeftes in 'n groter mate uit die eie kapitaal bevredig te word nie, maar veral uit eie langtermynkapitaal omdat hierdie produksiekrediet grootliks 'n langtermyn minimum vlottende kapitaal vereis. Die feit dat die prys en bemerkingsrisiko's hier heelwat is, maak leenkapitaal vir hierdie doel minder gewens. Die gebruik van eie langtermynkapitaal vir hierdie doel word verder versterk deur die feit dat hierdie koöperasies heelwat vaste kapitaal in die vorm van wolskure moet hê. Hierdie wolskure dien slegs vir opberging gedurende die seisoen, sodat dit vir 'n redelike deel van die jaar onbenut staan. Die geweldige kapitaalinvesterings daarin, asook die risiko's verbonde aan die landbou as sodanig maak die gebruik van lenings vir hierdie doel minder gewens. Die hefingsvorm van die roterende kapitaal kan hier nie met soveel vrug gebruik word nie, omdat die koöperasielende dan minder

uitkry as die nie-koöperasielêde. Roterende kapitaal opgebou uit die bcnusse van die lede, kan van groot hulp in hierdie verband wees.

Uit tabel 27 blyk dat die langtermyn eie kapitaal die vaste bates geheel dek. Ons het egter ook gesien dat die reserwes, wat die belangrikste onderdeel van hierdie eie kapitaal is, hoofsaaklik uit spesifieke reserwes bestaan, wat in werklikheid meer van 'n voorsienings- en nie van 'n reserwe-aard is nie. Dit wil dus lyk of hierdie vaste bates nie geheel deur eie vaste langtermynkapitaal gedek word nie. Daar is 'n stygende tendens tot die groter gebruikmaking van produksielenings, wat 'n groter mate van onvermoë van die koöperasies impliseer om tot die natuurlike minimum te likwideer.

Nie alleen plaas hierdie lenings 'n groot druk op die koöperasies se finansiële bronne nie, maar uit die aard van die saak is hierdie koöperasies ook nie altyd toegerus vir die toestaan van sodanige krediet nie. By gebrek aan die gewenste instellings, vervul hierdie koöperasie 'n belangrike funksie waarvoor hulle nie behoorlik ingerig is nie in die sin dat hulle geen gespesialiseerde kredietinstelling is nie.

Dit blyk ook dat daar oor die algemeen nie te diep ingegaan word op die doelstellings waarvoor die boer die geld wil gebruik nie, want alles word per pos gedoen. Verder het die koöperasies ook nog met die onafhanklikheidsin van die mens te doen, naamlik as die koöperasies enigsins huiwerig is om die boer te help, die boer altyd na 'n ander makelaar sal gaan wat maar te gretig sal wees om die hele skeersel vooruit te koop. Dat hierdie situasie ongesonde praktyke in die koöperasies se finansiering meebring, is duidelik.

9.9.4 Likiditeit van die wolkoöperasies

Volgens tabel 27 was die verhouding van die vlottende bates tot die vlottende laste redelik en konstant op ongeveer 1:1. Die verswakking van die eie kapitaal en styging van veral die korttermynlaste blyk uit die verswakkende verhouding van die bedryfswaarde tot die lopende laste (tans .5:1), van die bedryfswaarde tot die totale laste (tans .4:1) en die totale laste tot die omset (tans .2:1). Dit kan alles grootliks teruggevoer word na die feit dat die wolboere in

'n al groter mate van produksiekrediet gebruik maak, en dat die boere tans al gouer na die seisoen 'n voorskot op die volgende skeersel vra as wat voorheen die geval was.

9.9.5 Invloed van die breër ekonomiese raamwerk op die finansiering

Die bemarkingsaktiwiteit bring die belangrikste kapitaalbehoefte by hierdie groep koöperasies mee. Verder is ook daarop gewys dat hierdie bemarkingsaktiwiteit oor 'n baie kort tydperk versprei is, wat nie net 'n opeenhoping van die aktiwiteite meebring nie, maar ook groot vaste bates vir hulle beskikbaarheidsnuttigheid ten opsigte van die opberging van die wol voor die veilings meebring. Hierdie bergplekke moet tegnies met betrekking tot onder andere lig, van 'n baie hoë standaard wees. So beweer een van hierdie koöperasies dat die beligting in een van hulle opslagplekke so goed is dat kleurfoto's sonder die hulp van kunsmatige beligting daarin geneem kan word.

Hier het ons reeds die eerste faktor wat die omvang van so 'n wolkoöperasie se kapitaalbehoefte bepaal. Die verspreidheid van die wolboere oor die land en die aanhou van takkantore en tegniese beamptes dwarsoor die land, tesame met die genoemde produksiekrediet, bring mee dat die kapitaalbehoefte baie is en dat 'n klein koöperasie nie noodwendig dieselfde effektiwiteit as die groot koöperasies sal openbaar nie. Bowendien is die wolkopers in enkele groot kopershuise saamgetrek, wat die bedingingsmag van 'n klein koöperasie minder effektief maak. Al die koöperasies in hierdie groep is dan ook van 'n redelike omvang. Dit is duidelik dat hierdie bemarkingsaspek tans nie veel meer kapitaal van die koöperasies sal vra nie, behalwe die genoemde produksiekrediet. Die saak verander as ons na moontlike elementêre verwerking kyk, soos later aangetoon sal word.

Die benodigdhede-afset is nie veel nie en dit is grootliks tot skeerbenodigdhede en veemiddels beperk. Dit lyk nie of hierdie afdeling veel meer kapitaal kan vra nie, behalwe deur die langer opsluiting van die kapitaal in die debiteure.

Wat die bemarkings- en veral die mededingingstruktuur in hierdie verband, asook die daaruit voortvloeiende integrasie-

proses aanbetref, kan hierin heelwat veranderinge verwag word. Dit vloei hoofsaaklik voort uit die bemarkingsrisiko's, veral die feit dat die wol grootliks uitgevoer word en die vraag in 'n paar kopers se hande gekonsentreer is. Gesien die mededinging van die kunsvesel en die groeiende vraag daarna, lyk dit asof die noodsaak tot verwerking van die ru-produk nie uitgesluit is nie. Aangesien die meeste oorsese fabriek die verskeie verwerkingstadia binne een fabriek integreer, sal dit nie altyd moontlik wees om 'n deel van die verwerkingsproses binneland af te handel nie. Daar die wolverwerking 'n langdurige proses met 'n hele aantal tussenprosesse is, voordat die voltooide produk uiteindelik die verbruiker bereik, tesame met die fluktuasies in die wolpryse, bring verwerking baie kapitaalrisiko's mee. Die feit dat die winshandel baie sterk staan in die verwerking (veral ten opsigte van die kunsvesels), maak individuele optrede van die koöperasies in hierdie verband minder gewens. Alhoewel so 'n ontwikkeling wenslik is vir die toekoms, lyk dit egter nie vir die voorsienbare toekoms die beste weg te wees nie, veral gesien vanuit die oogpunt van die finansiering. 'n Nouer skakeling via die Suid-Afrikaanse Wolraad met die Internasionale Wolsekretariaat vir die bundeling van die aanbod, lyk meer gewens onder die huidige omstandighede. Ons wil dan ook saamstem met die S.A.L.U.¹⁾ wat beweer: "Dit spreek vanself dat die beste moontlike oplossing van die situasie een sou wees waar die bemarking van wol op internasionale vlak deur beter konsolidasie van die wêreldaanbod gerasionaliseer sal word deur 'n ewerediger verspreiding van die toevoer tot die markte en deur 'n mindere of 'n meerdere mate van beheer oor die bemarkingstelsel self." Dit volg veral daaruit dat ons wolskeersel, wat hoofsaaklik uitgevoer word, so 'n klein deel van die wêreldaanbod vorm. Dit wil dus lyk asof hierdie aspek voorlopig nie veel meer druk op die kapitaalbronne van hierdie groep koöperasies gaan uitoefen nie.

9.9.6 Samevatting

1) S.A.L.U. memorandum, op cit. p. 265.

Die wolbedryf is een van ons grootste landboubedrywe en oor die hele land ten opsigte van die produksie daarvan versprei. Ons totale wolproduksie word in 'n groot mate uitgevoer, wat gevolglik groot bemarkings- en prysrisiko's meebring. 'n Verdere kenmerk van die wolbedryf is dat die produksie van wol- en vleisskape onafskeidbaar is.

Die aktiwiteite van die koöperasies bestaan grootliks uit die bemarking van wol. Boerderybenodigdhede is beperk tot die lopende behoeftes van die veebedryf. Verder vorm dienste in die vorm van tegniese voorligting aan die boere ook 'n aktiwiteit van hierdie koöperasies.

Die eie kapitaal as persentasie van die totale kapitaal skommel, maar dit daal effens en is redelik swak, veral as dit met die teoretiese analise vergelyk word. Die reserwes neem toe en is verreweg die belangrikste onderdeel van die eie kapitaal. Die reserwes bestaan grootliks uit spesifieke reserwes. Die gebrek aan mediumtermynkapitaal is hier opvallend en verkeerd, aangesien die produksiekrediet se omvang nie net baie toeneem nie, maar ook die duur daarvan verleng word. Hierdie produksiekrediet is in die verlede hoofsaaklik met behulp van korttermynlenings gefinansier, soos blyk uit die feit dat dit nie net die belangrikste komponent van die leenkapitaal vorm nie, maar ook van die totale kapitaal. Daar hierdie produksiekrediet vir al langer termyne benodig word, selfs vanaf die stadium direk na afhandeling van die huidige wol-skeersel, begin dit al meer 'n medium- en selfs langtermynaard verkry, wat nie met korttermynlenings gefinansier kan word nie, veral in die lig van die groot bemarkingsrisiko's in die wolbedryf. Uit 'n ekonomiteitsoogpunt gesien, moet die finansiële struktuur dus 'n verbetering ten opsigte van meer eie medium- en selfs langtermynkapitaal ondergaan.

Ten opsigte van die kapitaalgebruik per omset, bly die eie kapitaal min of meer dieselfde, maar die leenkapitaal, veral die korttermynlenings, styg per omset. Die leenkapitaal per omset is ook heelwat meer as die eie kapitaal per omset. Uit 'n doelmatigheidsoogpunt beteken dit dat die finansiering van die koöperasies die lede al meer kos en dat hier dus 'n neiging tot groter finansiële oneffektiwiteit optree. Die stygende aandeel van die reserwes as deel van die eie kapitaal per omset kan ook nie uit 'n doelmatigheidsoogpunt geregverdig

word nie. Wat die likiditeit van die koöperasies aangaan, vertoon dit redelik swak en is daar 'n tendens tot verdere verswakking daarvan, wat grootliks aan die volume van die korttermynlenings toegeskryf moet word.

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

10.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is dit gestel dat 'n studie van landboukoöperatiewe finansiering, met spesifieke verwysing na die praktyk in Suid-Afrika, veral om drie redes nodig is. So 'n studie is eerstens nodig omdat, wat die landboukoöperatiewe finansiering aanbetref, daar nog nie duidelikheid oor die geldigheid of doeltreffendheid van die huidige praktyke bestaan nie. Tweedens bestaan daar 'n mate van onduidelikheid oor veral die langtermyn taak en finansiele behoeftes van veral die landboukoöperasies en of hulle wel die mas sal opkom. Derdens, en miskien die belangrikste, is so 'n studie van belang omdat daar dikwels in die praktyk geen normatiewe benadering ten opsigte van die koöperatiewe finansiering en die beoordeling daarvan, veral soos gesien teenoor die winshandel, bestaan nie.

In hierdie hoofstuk wil ons nou die resultate van die koöperatiewe finansieringsmodel saamvat en die praktiese finansieringsverloop dan daarmee vergelyk. Sodoende sal nie net die vraag kan beantwoord word in hoeverre die landboukoöperatiewe finansiering in Suid-Afrika aan bepaalde norme beantwoord nie, maar ook in hoe 'n mate dit doeltreffend is en of die finansiering van so 'n aard is dat die landboukoöperasies oor die langtermyn hulle taak sal kan uitvoer. Eerstens moet dan nou kortliks die bespreking oor die aard van 'n koöperasie, die koöperatiewe finansieringsmodel en die inwerking van die breër ekonomiese invloede daarop saamgevat word. Tweedens moet ons dan die resultate van die praktiese ondersoek hiermee vergelyk, en derdens moet aanbevelings uit hierdie studie voortvloei, gemaak word.

10.2 Die aard en omvang van 'n koöperasie

Wat die aard van 'n koöperasie aanbetref, het ons gesien dat die koöperasie eerstens 'n ekonomiese orgaan is wat as 'n

onselfstandige hulporgaan vir die beter uitvoering van sy lede se ooreenstemmende ekonomiese aktiwiteite optree.

Die primêre doel van die verskeie tipes koöperasie is markbeïnvloeding. By 'n bemarkingskoöperasie word die bemarkingsfunksie van die deelnemende individuele ekonomiese eenhede op die koöperasie afgeskuif om dan deur gesamentlike optrede en deur vergroting van die omvang om die optimum verrigting daarvan te verkry en die koste van bemarking te verminder. By 'n verwerkingskoöperasie gaan dit om die verdere uitbouing van die bemarkingsfunksie. Deur die produkte in 'n bewerkte vorm te bemark, kan die boer meer uit die bemarking van sy produkte verdien, omdat die produkte teen 'n hoër prys verkoop kan word. By 'n dienskoöperasie word die verskaffing van 'n bepaalde diens soos finansiering, assuransië, elektrisiteitsvoorsiening, ensovoorts op 'n gesamentlike basis op die koöperasie afgeskuif met die doel om hierdie diens vir die individuele lede goedkoper te verrig.

Die sekondêre doel van die koöperasie bestaan daarin om 'n teenmag op die mark vir sy lede as groep te vorm, om so doende die primêre doel oor die kort- sowel as die langtermyn te laat slaag. Hierdie groepsverband (die sosiale aspek) is besonder belangrik, want 'n sterk groepsverband onder die lede is 'n noodsaaklike voorvereiste vir suksesvolle ekonomiese optrede. Die rede hiervoor is tweeledig. Eerstens vereis die afnameplig van die koöperasie dat dit al die aangebode produkte van al die lede moet neem, selfs ten tye van groot oorskotproduksie. Tweedens, omdat die koöperasie ten opsigte van die bemarking moet meeding, met die winsonderneming, wat volle beheer oor die produk na aankoop kry en dit kan koop of verkoop wanneer die mark daarvoor gunstig is kan ontroue lede ten tye van oorproduksie groot skade aanrig.

Hierdie teenmag via die groep is egter nie net om suiwer ekonomiese redes van belang nie. Maar ook juis as gevolg van die groep kry aspekte soos demokrasie en hulp aan my ekonomies swakkere naaste weer nuwe betekenis.

Daar kan egter nie tot die gevolgtrekking gekom word dat die sosiale aspek van die koöperasie die oorheersende en bepalende faktor is nie. In die moderne ekonomie moet die koöperasie homself op ekonomiese gronde kan regverdig. Dit is in die eerste instansie geen welsynsorganisasie vir 'n deel van

sy lede sodat hulle op die ekonomies sterkere lede kan teer nie. Die groepsvorming by koöperasie is primêr tot die motief van ekonomiese voordele te herlei, en sekondêr tot sosiale motiewe van helpmekaar en naasteliefde. Die sosiale aspek is dus ondergeskik aan die ekonomiese.

As gevolg van die feit dat die koöperasie primêr 'n ekonomiese hulpporgaan van die lede is, moet die strewe wees om ekonomiese proporsionaliteit ten opsigte van die finansiering, bonusbetaling, stemreg, ensovoorts deeglik in ag te neem, dit wil sê die lid se voordele en verpligtinge moet in ooreenstemming met sy omset wees. Maar as gevolg van die sosiale aspek van koöperasie kan dit nie as 'n koöperatiewe beginsel geld nie, maar moet net as die ekonomies mees billike metode van doen van sake gesien word.

Wat die koöperasie-lid-verhouding aanbetref, is dit onselfstandig. Dit beteken dat die koöperasie nie van die lid kan inkoop nie. Die koöperasie tree egter na buite op die in- en verkoopsmarkte selfstandig op, omdat die ekonomiese situasie waarin die koöperasie optree, dit vereis. Daaruit blyk dit dat die juridiese status van die koöperasie tweeslagtig van aard is, dit wil sê, onselfstandig na die ledesy, maar selfstandig na die marksy.

Die koöperasie kan nie al die aktiwiteite van die lede onder een dak uitvoer nie; slegs ooreenstemmende aktiwiteite wat deur al die lede onderneem word, kan onder een dak saamgebring word. Dit kom daarop neer dat indien die koöperasie aktiwiteite verrig wat nie eie aan al die lede is nie, raak die bonus op sodanige aktiwiteite wat deur slegs 'n paar lede onderneem word, maar aan al die lede verdeel word, van 'n beleggingsaard vir daardie lede wat nie hierdie aktiwiteite onderneem nie. Hieruit volg dan ook dat, waar 'n koöperasie meer as een aktiwiteit onder een dak verrig, die betaling van differensiële bonusse koöperatief korrek is. Dit word verder versterk deur die proporsionaliteitseis.

Laastens is ook aangetoon dat, wat die praktyk van handelsbeleggings deur 'n koöperasie of die stigting van 'n maatskappy op winsgrondslag deur die koöperasie aanbetref, dit koöperatief heeltemal te verantwoord is. Dit moet egter onderworpe aan die volgende voorwaardes wees:

1. Dit moet 'n suiwer handelsbelegging wees, dit wil sê ter verdere uitbouing van die doel waarvoor die lede die koöperasie gestig het.
2. Ten minste meer as die helfte van die maatskappy se omset moet met die betrokke koöperasie wees, indien die koöperasie self die maatskappy stig. Dit is logies dat indien 'n aantal koöperasies 'n maatskappy stig vir die verdere verwerking van 'n produk, maar die oorgrote meerderheid van die ruproduk wat verwerk moet word, moet van non-lede gekoop word, dit nie meer as 'n suiwer handelsbelegging ten opsigte van die inkomste daaruit verkry kan wees nie.

In hierdie lig gesien, is daar tot die slotsom geraak dat 'n koöperasie omskryf kan word as 'n onselfstandige hulporgaan vir die beter langtermynuitoefening van sy lede se ooreenstemmende bedryfs- of verbruikshuishoudinge in 'n groepsverband.

10.3 Die aard en omvang van koöperatiewe finansiering

Met hierdie koöperatiewe model as agtergrond, is daar oorgegaan tot 'n analise en 'n omskrywing van die koöperatiewe finansiering, en veral hoe dit met die beginsels van die koöperasie in ooreenstemming gebring kan word.

By die finansiering gaan dit om die verkryging en aanwending van kapitaal in die lig van die ekonomiese doel en struktuur, asook die juridiese struktuur van die koöperasie. By die beoordeling van die finansieringsprogram gaan dit derhalwe nie net om die ekonomiteitsprinsiep (die metode van finansiering) nie, maar ook om die doelmatigheidsprinsiep (die doel van finansiering). Dit gaan dus in die finansiering nie net om die verkryging en aanwending van fondse op sigself of om die laagste koste van finansiering te handhaaf nie, maar om die finansiering volgens die ekonomiese prinsiep (ekonomieit) te verrig, insoverre dit met die ekonomiese doel en struktuur, asook die juridiese struktuur van die onderneming ooreenstem. Finansiering geskied tog om 'n sekere doel te dien en die verrigting van hierdie doel word in 'n sekere juridiese vorm, dus 'n ondernemingsvorm, ingeklee.

Die landboukoöperasie se aktiwiteite en die verloop van die koöperatiewe produksieproses is normaalweg fluktuerend en seisoenaal van aard. Die kapitaalbehoefte bereik dus normaalweg op verskeie tye 'n maksimum en minimum hoogte. Hierdie fluktuasies verminder egter namate die aktiwiteite al meer oor die jaar versprei word. Hoe meer die aktiwiteite oor die jaar versprei word, hoe groter word die behoefte aan permanente kapitaal in die produksieproses. Dit is die gevolg van die werking van die diversiteitsbeginsel by finansiering, waardeur opvolgende prosesse uit die vrykomende fondse van die vorige proses gefinansier word, selfs in so 'n mate dat kapasiteitsuitbreiding uit die vrykomende fondse gedra kan word.

Dit is dus duidelik dat die aard van die koöperatiewe produksieproses bepalend is by die aard en duur van die finansiële behoeftes. Daarom is kennis vooraf nodig oor die aard, omvang en duur van die koöperatiewe produksieproses. In hierdie verband is dit byvoorbeeld duidelik dat, indien dit buite die seisoen val, die byvoeging van verdere aktiwiteite tot die koöperasie nie proporsioneel meer aan finansiering sal kos nie. Dit beteken dat die algemene beginsel dat finansieringsmiddele aangetrek moet word vir die duur van die betrokke behoeftes, nie noodwendig te alle tye moet geld nie. Veral in die geval waar die aktiwiteite oor die jaar versprei is, en mekaar snel opvolg (byvoorbeeld die bemerking van drie afsonderlike produkte in verskillende seisoene), is dit logies dat dit in sulke gevalle nie verkeerd is nie, maar soms prakties meer uitvoerbaar is om behoeftes van 'n kort lewensduur met langtermyn beskikbare fondse te finansier. Die korttermynbehoefte volg mekaar hier so snel op dat dit eerder die aard van 'n langtermynbehoefte begin kry.

Die werking van die proporsionaliteitsidee ten opsigte van die finansiering van die produksieproses sal in die praktyk egter sekere probleme ondervind, wat sal meebring dat addisionele aktiwiteite, hoewel nie proporsioneel nie, tog 'n verhoging in die kapitaalbehoefte sal meebring. Eerstens sal die verskeie aktiwiteite mekaar tog gewoonlik in 'n mate oorvleuel. Dit is eerder die uitsondering as die reël dat verskillende aktiwiteite geheel in aparte tye van die finansiële jaar sal plaasvind. Tweedens is dit onwaarskynlik dat die verskeie aktiwiteite, byvoorbeeld bemerking en verwerking van

verskeie produkte, presies dieselfde masjinerie en toerusting sal gebruik. 'n Gedeelte van die kapitaal sal dus tog addisioneel verkry moet word.

Uit die aard van die saak geld hierdie diversifikasiebeginsel nie net by die lopende produksieproses self nie, maar ook ten opsigte van die behoeftes aan vaste bates. Indien die verskeie vaste bates wat benodig word opeenvolgend aangeskaf word, kan addisionele vaste bates gedeeltelik uit die vrygekome waardevermindering gefinansier word, wat beteken dat die bedryfskapasiteit uitgebrei word sonder 'n proporsionele verhoging in die behoefte aan langtermynkapitaal.

Die werking van hierdie beginsel is verder ook net moontlik indien die kapitaal wat gebruik word vir 'n onbepaalde termyn ter beskikking van die koöperasie staan. Indien hierdie bates byvoorbeeld geheel of gedeeltelik uit lenings gefinansier word, sal uitbreiding moeilik uit die vrygekome waardevermindering kan geskied, omdat dit vir die aflossing van die lenings gebruik moet word. Dit beteken dat hierdie beginsel, veral onder risikotoestande, slegs goed sal werk indien hierdie bates met eie kapitaal gefinansier word. Hoe groter die bedrag eie kapitaal, en wel sodanige kapitaal wat vir 'n onbepaalde tyd vir die finansiering van die vaste bates gebruik kan word, hoe groter is die moontlikheid vir die toepassing van hierdie beginsel.

By die verdere bespreking van die koöperatiewe finansiering is gevind dat die optimum kapitaalstruktuur en finansieringsplan 'n kompromie tussen die ekonomiteits- en doelmatigheidsbeginsel van finansiering sal wees.

Die ekonomiteitstrewende behels by enige ondernemingsvorm die metode van handeling, maar die doel van handeling by die verskeie ondernemingsvorme verskil. Verder is ook aangetoon dat die winsdoel by die winsonderneming die metode van handeling in 'n tegniese vorm is. Die doel en metode stem dus ooreen by die winsonderneming, terwyl dit by die koöperasie verskil. Dieselfde geld ten opsigte van die finansiering. Die metode van finansiering by die winsonderneming, naamlik so ekonomies moontlik, stem ooreen met die doel van finansiering aldaar, naamlik maksimum opbrengs op kapitaal. Die kapitaalstruktuur wat die doel vereis, sal dus ooreenstem met die kapitaalstruktuur wat die metode vereis.

By die koöperasie daarenteen is die doel en metode van finansiering verskillend. Die metode bepaal dat die kapitaalstruktuur 'n sekere samestelling moet hê om die finansiering so ekonomies moontlik te maak. Die ekonomiese doel van 'n koöperasie vereis nie noodwendig dieselfde kapitaalstruktuur nie.

Die ekonomiteitseis berus op die kapitaalsoptimum-beginsel. In die algemeen sal dit die voordeligste wees indien die kapitaal slegs aangetrek word vir die duur van die betrokke kapitaalbehoefte, dit wil sê dat die korttermynbehoefte deur korttermynkapitaal gedek moet word, en die langtermynbehoefte deur langtermynkapitaal. Dit is egter moontlik dat dit goedkoper sal wees om die korttermynbehoefte gedeeltelik met langtermynkapitaal te finansier. Dit sal gebeur indien die rentekoers vir die langtermynkapitaal laer as die korttermynrentekoers is, terwyl die koers, waarteen hierdie korttermynkapitaal gedurende die tyd wat dit nie benodig word nie, buite die koöperasie belê kan word, redelik is en die korttermynbehoefte van 'n betreklik lang termyn is. Dit beteken dat ons, inagnemende die rentekoers oor die kort- en die langtermyn, die kritiese termyn moet bereken waarna dit meer ekonomies sal wees om alle behoeftes met 'n langer looptyd met langtermyn kapitaal te finansier.

Wat die toepasbaarheid van die kapitaalsoptimumbeginsel in die praktyk aanbetref, sal die fisiese landbou-aard en die gevolglik wisselende omvang en duur van die verskeie kapitaalbehoefte dit verminder. Daarom is dit logies dat in die praktyk meesal net die permanente en langtermynbehoefte met permanente en langtermynkapitaal gefinansier sal word, en die res met korttermynkapitaal.

Wat die doelmatigheidsbeginsel aanbetref, is daarop gewys dat die lid uit die koöperatiewe aard onbeperkte risiko moet dra en dus in beginsel alle finansiering self moet onderneem, en wel verkieslik in ooreenstemming met die proporsionaliteitseis. Aan die ander kant blyk dit dat uit 'n suiwer koste-oogpunt gesien die totale behoefte aan kapitaal uit leningskapitaal kan bestaan indien die koste daarvan goedkoper is as die koste van eie kapitaal. Uit die koöperatiewe doelmatigheidsoogpunt is dit egter nie korrek nie. Gesien veral die afnameplig en die voorsorgmotief (wat die finansiële

onafhanklikheids- en veiligheidsdoel behels) by 'n koöperasie, asook die fisiese risiko's verbonde aan die landbou, moet ten minste die behoefte aan permanente kapitaal deur eie kapitaal gefinansier word. Die hoeveelheid eie kapitaal vir permanente behoefte sal egter by die verskillende tipes koöperasies verskil, afhangende van die aard van die produksieproses en die aard en omvang van die risiko's daaraan verbonde. By 'n koöperasie onder 'n vasteprys-eenkanaalbemarkingskema sal hierdie bedrag aan eie kapitaal noodwendig laer wees as die geval by 'n koöperasie wat sonder hierdie pryssteun op die oop mark moet meeding. Die finansiering deur eie kapitaal vir hierdie behoefte sal nog groter wees by die koöperasie wat byvoorbeeld slegs een produk bemark, aangesien die verskeie aktiwiteite mekaar dan nie kan steun nie. Verder, aangesien baie min leningskapitaal vir 'n permanente termyn beskikbaar is, sal die gebruik van eie kapitaal vir hierdie behoefte die aangewese wees.

Wat die behoefte aan langtermynkapitaal betref, moet dit verkieslik ook uit eie kapitaal gefinansier word. Die gebruik van leningskapitaal hiervoor is egter nie verkeerd nie, mits dit in die stilteperiode voordelig buite die koöperasie herbelê kan word. Die gebruik van leningskapitaal vir hierdie behoefte sal egter ook deur die omvang en risiko van die betrokke produksieproses bepaal word. Verder is die gebruik van lenings alhier ook afhanklik van die feit of daar wel op die eie langtermynkapitaal rente betaal moet word. Indien die proporsionaliteitseis geld ten opsigte van finansiering, hoef sodanige eie kapitaal nie rente te dra nie en is die gebruik van eie kapitaal vir hierdie behoefte ook uit 'n koste-oogpunt geregverdig.

Indien hierdie langtermynbehoefte uit eie kapitaal gefinansier word, hoef die kapitaal nie noodwendig van 'n langtermynaard te wees nie. Dit kan ook selfs met vrug met mediumtermyn eie kapitaal gefinansier word. Dit sal gebeur wanneer roterende kapitaal van 'n mediumtermynaard gebruik word. Alhoewel so 'n roterende fonds net vir 'n paar jaar tot die koöperasie se beskikking staan, sal die herhalende aard van die fondse (dit word na aflossing weer nuut geskep) dit prakties langtermynfondse maak. Dit geld natuurlik met die veronderstelling dat die betrokke fonds ter geleëner tyd afgelos

en 'n nuwe fonds weer in sy plek geskep word.

Wat die behoefte aan korttermynkapitaal betref, sal dit uit 'n koste-oogpunt uit korttermynleningskapitaal bestaan, aangesien dit uit die seisoensaard van die meeste koöperasies gewoonlik vir 'n korter periode as die kritiese termyn benodig word. Dit sal veral die geval wees waar die risiko-element nie so sterk teenwoordig is nie, byvoorbeeld waar die koöperasie onder die vastepryseenkanaalbemarkingskema ressorteer. Indien die proporsionaliteitseis en gevolglik geen rentebetaling geld nie, kan hierdie behoefte ook uit langtermyn eie kapitaal gefinansier word. Uit 'n koöperatiewe doelmatigheidsoogpunt is dit egter nie korrek nie, aangesien dit die boer dan eie kapitaal ontnem wat hy miskien voordeliger op sy eie plaas in 'n ander faset van sy boerdery as die bemarking kon aangewend het, byvoorbeeld meganisasie van die produksieproses. Dit kan ook gebeur dat die boer dan sy meganisasie op krediet teen 'n baie hoër rentekoers moet finansier as die rentekoers waarteen die koöperasie geld kan leen.

Vanuit die standpunt van die ekonomiese doelmatigheidseis is die leningskapitaal nie teenstrydig met die koöperatiewe aard nie. Indien die gebruik van lenings meer ekonomies in 'n sekere geval is en nie met die doelmatigheidseis in botsing kom nie, is die gebruik van leningskapitaal uit 'n koste-oogpunt verkieslik. Die omvang van die leningskapitaal hang egter nie net van die ekonomiteitsbeginsel af nie, maar ook van die doelmatigheidsprinsiep.

Die beste metode om in die praktyk die optimum finansieringsplan met die koöperatiewe model in ooreenstemming te bring is die aangepaste roterende kapitaalplan.

As uitgangspunt moet geneem word dat die korrekte implementering van die koöperatiewe model die sover moontlike toepassing van die proporsionaliteitseis vra, dit wil sê dat die lid se finansieringsbydrae in ooreenstemming met sy omset by die koöperasie moet wees. Die aangepaste roterende plan kom hoofsaaklik daarop neer dat eerstens die gemiddelde behoefte aan vlottende kapitaal wat met roterende fondse gefinansier word, vir 'n paar jaar bepaal word. Die gemiddelde benodigde bedrag per gehanteerde fisiese eenheid (byvoorbeeld per pond, per ton, per sak, ens.) word dan bereken; byvoorbeeld R100,000 kapitaal word benodig en in totaal word 10,000 sak

per jaar gehanteer. Dit wil sê daar is 'n kapitaalbehoefte van R10 per sak. Hierdie vlottende kapitaalbehoefte per sak word dan vir elke lid vermenigvuldig met die gemiddelde aantal sakke per jaar wat hy lewer, om so sy totale bydrae tot die vlottende kapitaal te bereken. As 'n lid byvoorbeeld gemiddeld 500 sak lewer, is sy aandeel in die finansiering R5,000. Daarna word dan bepaal hoeveel die lid alreeds deur middel van roterende fonds-aftrekkings bygedra het. Sodoende word dan bepaal hoeveel kapitaal per gelewerde sak van elke lid afgetrek moet word, of aan hom terugbetaal moet word indien hy alreeds meer as die vereiste hoeveelheid kapitaal via roterende fondse bygedra het. Daarna word hierdie basis, wat periodiek hersien word, jaarliks deurlopend toegepas om die lid se roterende kapitaalbydrae in ooreenstemming met sy omsetverandering te bring.

Hierdie plan bied heelwat voordele. Eerstens is dit dus duidelik dat met hierdie benadering die klem by die finansiering tereg op die koöperasie as hulporgaan van die lid val en nie op die kapitaalstruktuur as winsopbrengsmedium nie. Tweedens word hierdeur die tweeledige aard van die koöperatiewe finansieringstruktuur, naamlik die ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt, as 'n eenheid in die finansieringsplan saamgevoeg. Derdens sal nuwe aktiwiteite of die uitbreiding van bestaandes hierdeur nie net op kostebasis (ook ten opsigte van die finansiering) geregverdig of afgekeur kan word nie, maar ook of dit ten opsigte van die lede ekonomies regverdigbaar is of nie. Vierdens dien hierdie plan as 'n maatstaf van effektiwiteit ten opsigte van finansiering en taakverrigting van die koöperasie. Vyfdens verminder hierdie plan die onmiddellike groot las wat veral nuwe lede tot die finansiering moet bydra, deurdat die kapitaal in 'n mate met sy omset self betaal word.

Maar 'n koöperasie wat aansienlik uitbrei en gevolglik heelwat krediet benodig, sal die toepassing van hierdie plan baie bemoeilik. Ook die gedurige toetrede van nuwe lede sal dit bemoeilik, veral as gevolg van die baie administrasiewerk wat dit meebring. Verder sal hierdie plan ook byvoorbeeld onprakties wees vir seisoensbenodigde kapitaal wat byna van week tot week en in elk geval van seisoen tot seisoen wissel.

Die aanpasbare finansieringsplan het sy grootste toepas-

singswaarde waar die aktiwiteite van die koöperasie 'n redelike mate van stabiliteit bereik het. Dit beteken egter nie dat jong uitbreidende koöperasies nie na hierdie struktuur as die ideaal moet strewe nie en reeds vroeg al die elemente van hierdie plan in hulle finansieringsplan moet inbou nie, al is dit slegs ten opsigte van sekere onderdele van die totale finansieringsplan. Namate die aktiwiteite van die koöperasie al hoe meer gestabiliseer raak, moet al meer elemente van die plan ingevoer word.

Laastens is aangetoon dat likiditeit en solvabiliteit in aanmerking geneem moet word by die opstelling van die finansieringsplan.

Wat die likiditeit betref, het ons aan die een kant gesien dat weens die leweringplig wat die lid aan die koöperasie het, (iets wat versterk word deur die pandreg en dus die outomatiese betaling van die lede se skuld by die koöperasie) likiditeit nie so belangrik by 'n landboukoöperasie is nie. Dit is veral die geval by koöperasies wat onder 'n vasteprys-beheerraad werk waar die afset feitlik gewaarborg is, sodat die betrokke verpligtinge feitlik versekerd afgelos kan word. So gesien, sal likiditeitshandhawing dus nie so 'n bepalende faktor wees by die keuse van die tipe kapitaal wat gebruik word om hierdie tipe aktiwiteite mee te finansier nie; hoewel die doelmatigheidseis weer bepaal dat leenkapitaal nie hier belangrik mag wees nie.

Teoreties gesien sal likiditeitshandhawing selfs nie by 'n tipe bemarkingskoöperasie waar geen staatsgewaarborgde afset is, van deurslaggewende belang in die keuse van die kapitaalstruktuur wees nie. Dit volg uit ons koöperatiewe model waar uit 'n ideale oogpunt die lid 'n leweringplig teenoor die koöperasie ten opsigte van bemarkeing het en 'n afnameplig ten opsigte van boerderybenodigdhede.

Daar is egter ook 'n ander sy van die saak wat die likiditeitsposisie wesenlik beïnvloed en likiditeitshandhawing baie belangrik maak. Dit is die afnameplig van die koöperasie. Die afnameplig, met die daaruit voortvloeiende voorsorgmotief en tesame met die riskante aard van die landbou kan as gevolg van die fisiese risiko's baie maklik versteurings in die normale vloei van die gesinkroniseerde produksieproses meebring. As hierdie risiko-element nie net tot produksie beperk is nie,

maar daar ook baie bemerkingsrisiko's is, byvoorbeeld onsekere afset as gevolg van bemerking van 'n produk op 'n poelgrondslag op die ope mark, sal likiditeitshandhawing 'n baie groter vraag na eie kapitaal veroorsaak. Dié neiging sal versterk word indien hierdie produk ook 'n verwerkingsproses moet ondergaan. So gesien, vra likiditeitshandhawing dus al hoe meer eie kapitaal, veral indien verwerking belangriker word.

Wat die solvabiliteit betref, hou dit by 'n koöperasie in werklikheid in dat die weerstandsvermoë van die koöperasie vir langtermynvoortgang gehandhaaf moet word. Dit beteken dat daar 'n groter behoefte aan eie kapitaal sal bestaan om sodoende aan die solvabiliteitsvereis te voldoen. Dit sal veral die geval wees by seisoensbelywre waar die kapitaal net vir 'n deel van die jaar benut word. Die vaste rentelas van leningskapitaal, gekoppel aan die risiko-aard van die landbou, bring mee dat die solvabiliteitshandhawing meer eie kapitaal sal vra vir finansiering van veral die permanente en langtermynbehoefte.

Hierdie risiko-element spruit natuurlik uit die groot omvang van die fisiese en ekonomiese risiko's in die landbou, asook die afnameplig by die koöperasie. Hierdie risiko-elemente is onder die veiligheidsdoel van finansiering by koöperasies geressorteer. Hierdie doel vereis veral dat, vir solvabiliteitshandhawing, die kapitaalstruktuur in 'n groot mate uit eie kapitaal moet bestaan. Slegs sodoende kan die weerstandsvermoë van die koöperasie sodanig verhoog word dat dit die koöperatiewe aktiwiteite oor die langtermyn kan vervul. Eie kapitaal vir solvabiliteitshandhawing is verder belangrik omdat kapitaal wat vir die langtermyn beskikbaar is, gewoonlik permanent in die produksieproses belê is en dus nie maklik realiseerbaar is vir handhawing van die solvabiliteit nie. Indien hierdie permanente behoeftes dan grootliks deur vreemde kapitaal met 'n vaste rentelas gefinansier word, sal die risiko-aard van die landbou slegs die weerstandsvermoë van die koöperasie verswak.

Ten opsigte van die optimum finansieringsplan is daar tot die slotsom geraak dat dit uit die ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt, sowel as uit die standpunt van likiditeit en solvabiliteit gesien, heelwat eie langtermynkapitaal vir die lang-, medium- en korttermynbehoefte vra.

10.4 Die eksterne invloede op die finansieringsplan

Finansiering geskied nie in 'n vakuum nie; heelwat eksterne faktore beïnvloed die optimum finansieringsplan en dit is nodig om ook aandag aan die resultaat van hierdie invloede te gee.

Eerstens kan genoem word dat die landbou oor die korttermyn 'n baie lae vraag- en aanbodselastisiteit het. Dit beteken dat die produksie oor die korttermyn nie maklik op veranderinge in die vraag reageer nie, en andersom.

Die lae aanbodselastisiteit van landbouprodukte bring mee dat die bemarkingsfasiliteite so moet wees dat dit ten alle tye 'n redelik konstante aanbod moet kan opneem. Die lae vraagelastisiteit veroorsaak verder dat, indien die vraag na die produk daal as gevolg van byvoorbeeld inkomstedaling, of as daar 'n oorskot ontstaan as gevolg van 'n goeie reënjaar, die koöperasie met 'n oorskotproduksie opgeskeep sit. Dit word verskerp deur die afnameplig van die koöperasie, veral waar daar geen vasteprysbeheerrade is nie. Indien hierdie oorskotte gereeld verwerk of opgeberg moet word, kan die gebruik van leenkapitaal hiervoor nie net heelwat koste meebring nie, maar ook finansieringsrisiko's.

Soos reeds genoem moet die koöperasie normaalweg vir 'n vaste aanbod bemarkingsfasiliteite skeep. As gevolg van die onbeheerbare fisiese risiko's van produksie kan dit egter ook gebeur dat die koöperasie in droogtetye met oorskot fasiliteite bly sit. Indien dit met leningskapitaal gefinansier is, verhoog dit nie net die koste van die koöperasie as hulporgaan nie, maar kan dit ook die likiditeitsposisie van die koöperasie in gevaar stel. In die tweede plek oefen die invloed van die landbou en algemene ekonomiese ontwikkeling heelwat invloed op die finansieringsplan uit. Hierdie aspek behels die invloed van inkomstestyging en meganisasie. In die algemeen gebeur dit dat 'n inkomsteverhoging by die laer inkomstegroepe 'n proporsionele verhoging in die uitgawes op voedsel meebring. Met verdere styging in die inkomste word die bedrag wat op voedsel gespandeer word al minder in verhouding tot die inkomstestyging. By die hoër inkomstegroepe kry ons al meer 'n verandering in die samestelling van die vraag na landbouprodukte vanaf die basiese landbouprodukte na

die al meer verwerkte vorme daarvan. Dit beteken dat die landboukoöperasie al meer tot die verwerkingsaktiwiteit sal moet toetree indien dit nog effektief sy funksie van hulporgaan aan die lede wil verrig. Omdat sulke aktiwiteite dikwels kapitaalintensief is, sal dit heelwat meer langtermynkapitaal vereis. Die bemarking van hierdie verwerkte produkte sal ook heelwat meer langtermyn kapitaal vra, omdat die beskerming van die bemarkingsrade dan verdwyn. Dit versterk die feit dat hierdie behoefte aan kapitaal vir verwerkingsaktiwiteite, en veral die gepaardgaande voorrade by die bemarking daarvan, soos aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar vereis, met eie langtermynkapitaal gefinansier moet word.

Die landbou-ekonomiese groei oefen ook via die produksie- sy 'n invloed uit, en wel as gevolg van groter meganisasie, groter vaste koste, die groter ingewikkeldheid van die produksieproses wat dikwels tegniese en ekonomiese kennis (en soms apparaat) bo die individuele boer se vermoë vereis. Ons het gevind dat die koöperasies in die toekoms al meer hulp in hierdie verband sal moet verleen.

Hierdie groter betrokkenheid van die koöperasie by produksie vra nie net meer personeel nie, maar dikwels ook tegniese fasiliteite soos proefplase of laboratoria, wat as gevolg van die fisiese risiko's in die landbou verkieslik sover moontlik uit langtermyn eie kapitaal gefinansier moet word. Dit is veral nodig omdat aanbodelastisiteit laag is en hierdie dienste dus ook sal benodig word ten tye van swak ekonomiese toestande en gevolglike oorproduksie. Groot vaste rentelaste kan in sulke tye gevaarlik wees, veral uit likiditeitsoogpunt. Dit versterk die konklusie dat die langtermynkapitaalbehoefte aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar ten minste uit eie langtermynkapitaal moet bestaan.

Die groterwordende meganisasie bring egter ook vergrote kapasiteite vir langer termyne mee. Dit blyk dat die landbou, anders as die industrie, nie so maklik sy produksie inkrimp ten tye van verswakke ekonomiese omstandighede nie, maar eerder aanhou om die geskepte kapasiteit ten volle te benut. Dit beteken dat die boer nog sal aanhou om die normale hoeveelheid produksie te lewer, selfs nadat swakke ekonomiese toestande ingetree het. Die koöperasie sal dus daar-

voor ekstra voorsiening moet maak omdat sy bemerkingsfasiliteite soos aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar vereis met eie langtermynkapitaal gefinansier moet word.

'n Derde eksterne invloed op die finansieringsplan is die ontwikkelende mededingingstruktuur in die landbou wat al meer neig na 'n monopolisties georganiseerde vraag (veral ten opsigte van verwerkingsaktiwiteite) terwyl die aanbod redelik volledig mededingend bly. In hierdie verband is dit duidelik dat die koöperasies al meer as teenmag in hierdie verband sal moet optree. Die primêre doel van die koöperasie, naamlik die bereiking van ekonomiese voordele, kan slegs verkry word via die lede as gevolg op die mark. So gesien, het die koöperasie die taak van teenmagvorming in hierdie ontwikkelende monopoliesituasie. Om hierdie taak doeltreffend te kan uitvoer, sal die langtermynkapitaalbehoefte van die koöperasie, ten minste aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar, uit eie langtermynfondse moet bestaan. Dit word versterk deur die afnameplig van die koöperasie.

In die vierde plek het ons die invloed van die bemerkingsrade op die finansieringsplan nagegaan.

Die eerste tipe raad is die eenkanaal-vasteprysskemas waaronder mielies, koring en nywerheidsmelk in hierdie studie ressorteer. Oor die algemeen blyk dit dat hierdie rade aan die een kant die bemerkings- en prysrisiko's in 'n mate ophef en gevolglik die gebruik van leenkapitaal vir die betrokke permanente en langtermynbehoefte meer aanvaarbaar maak. Aan die ander kant blyk dit weer dat selfs hierdie rade nie die toenemende risiko's van finansiering wat met ekonomiese groei en meganisasie gepeard gaan, kan uitskakel nie. Dit wil dus lyk asof ons algemene konklusies ten opsigte van die finansieringsplan self, asook ten opsigte van die eksterne invloede daarop, veral ten opsigte van die produksie, boerderybenodigdhede en verdere verwerking al hoe meer van toepassing word, naamlik soveel moontlik eie permanente en langtermynkapitaal. Dit sal veral die geval aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar wees.

Die tweede tipe beheerraad is die eenkanaal-poelskemas, waaronder sitrus, tabak en varsmelk in hierdie studie val. In die geheel vind ons dat die aard van hierdie beheerrade nie veel van die finansieringsrisiko's ophef nie, behalwe

miskien ten opsigte van die ontwikkelende mededingingstruktuur. Daarom is dit nodig dat by die koöperasies onder hierdie tipe bemarkingrade die finansiering van die permanente en langtermynkapitaalbehoefte uit eie permanente en langtermynkapitaal, veral aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar, hier baie belangrik bly.

Die derde tipe beheerraad wat hier van toepassing is, is die vloerpryskema, waaronder vleis in hierdie studie val. Ten opsigte van die primêre bemarking verminder hierdie tipe rade wel die finansieringsrisiko, maar dit kan nie veel aan die invloed van die eksterne faktore op die finansiering doen nie. Dit geld veral ten opsigte van die mededingingstruktuur, wat 'n wesenlike faktor in hierdie bedryf is. Dit wil dus lyk asof die algemene gevolgtrekkings ten opsigte van die finansieringsplan hier grootliks netso van toepassing is. Dit sal beteken dat die behoeftes aan permanente en langtermynkapitaal, veral aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar aangedui, ten minste uit permanente en langtermyn eie kapitaal gefinansier moet word.

Die vierde tipe beheerraad wat hier van toepassing is, is die kwotastelsel vir wynbemarking. In die geheel wil dit lyk asof hierdie bemarkingsstelsel die finansieringsrisiko's ten opsigte van bemarking en die invloed van die eksterne faktore ophef, en dat die behoeftes aan permanente en langtermynkapitaal hier in 'n groter mate as wat die finansieringsmodel veronderstel uit leenkapitaal gefinansier kan word.

Die laaste tipe beheerraad wat ons wil noem, is die bemarkingsraad vir wol. Hier bring die Wolraad weinig vermindering in die bemarkings- en die eksterne risiko's op die finansieringsplan mee. By die bemarking van hierdie produk geld dus al die afleidings van die finansieringsmodel, asook die afleidings ten opsigte van die eksterne invloede op die finansieringsplan. Die behoeftes aan permanente en langtermynkapitaal sal dus hier sover moontlik uit eie kapitaal gefinansier moet word.

10.5 Die koöperatiewe finansieringsvorme

Na afhandeling van die model van finansiering en die invloede van buite daarop, kan die aard van die verskeie finan-

sieringsvorme nagegaan word, veral ten opsigte van hulle koöperatiewe geskiktheid al dan nie.

In die eerste plek moet aandele as 'n koöperatiewe finansieringsvorm ontleed word. Funksioneel gesien, is dit duidelik dat die aandelevorm een van die beste vorme van langtermyn, eie of risikokapitaal in die koöperasie vorm. Dit bly in die koöperasie solank as wat die betrokke lid en dus die funksie daar is. As die aandelekapitaal bygedra word in ooreenstemming met die omset, vorm dit nie net 'n goeie bron van eie kapitaal nie, maar ook 'n heelwat goedkoper een vir die koöperasie, want die rentelas verval dan as gevolg van die proporsionaliteitseis. Hoewel hierdie kapitaal na die lid moet teruggaan na sy uittrede, is dit logies dat daar 'n beperking op die onmiddellike terugbetaling daarvan kan wees.

Wat reserwes as 'n koöperatiewe finansieringsmiddel betref, moet ons eerstens 'n onderskeid tref tussen reserwes en voorsienings. Laasgenoemde is 'n bekende las waarvan die omvang nog nie bepaal kon word nie. Die algemene reserwes word eerstens gebruik om die finansiële posisie van die koöperasie teen algemene ekonomiese fluktuasies te versterk, en tweedens kan algemene reserwes as finansieringsmiddel gebruik word.

In sy gewone vorm, dit wil sê as 'n fonds wat opgebou is deur die terughouding van 'n gedeelte van die surplus by 'n koöperasie, kan dit nie as 'n koöperatief korrekte finansieringsmiddel gesien word nie. Die rede is dat die koöperasie as 'n onselfstandige hulporgaan beskryf is en reserwes as finansieringsmiddel wat nie op lederekening staan nie, maar slegs as 'n fonds binne die koöperasie bestaan, dra dus net by tot selfstandigmaking van die koöperasie. Wel kan die algemene reserwe as 'n finansieringsmiddel dien (veral as permanente of langtermynkapitaal) maar dan moet dit op lederekening oorgeskryf word soos bonusaandele of roterende fondse wat eers by dood of uittrede terugbetaalbaar is. Dit is dan egter nie meer 'n reserwe nie. Indien dit op lederekening oorgeskryf word, kan dit ook as 'n goeie hulpmiddel dien om die beginsel van die gewysigde roterende kapitaalplan op ledefinansiering toe te pas.

Ten opsigte van die reserwe as middel om die koöperasie se weerstandvermoë op te bou, kan daar, fundamenteel gesien

eintlik nie van 'n koöperatiewe reserwe in die gewone sin van die woord gepraat word nie, omdat alle risiko's op die lede moet neerkom. Selfs kapasiteitskorreksies of moontlike verliese wat die koöperasie mag ly, moet van die lede gevorder word. Dit is egter duidelik dat so 'n siening in die moderne gekompliseerde ekonomie met al sy risiko's tot chaos sal lei en dat geen koöperasie sal kan bestaan nie. Dit beteken dat 'n koöperasie wel reserwes mag hê om die weerstandvermoë van die koöperasie te verbeter en om as oorbruggingsfinansiering vir ekonomiese en ander konjunktuurkorreksies te dien. So gesien, kan reserwes selfs vir 'n redelik lang termyn as oorbruggingsfinansiering gebruik word. Indien die algemene reserwe byvoorbeeld as oorbruggingsfinansiering gebruik word nadat 'n gebou afgebrand het, kan dit vir 'n taamlik lang tyd daarvoor gebruik word, maar dan word dit permanent in die gebou belê. In so 'n geval moet die algemene reserwe weer dadelik aangevul word om sy werklike doel te kan dien en om daarvoor beskikbaar te wees. Hieruit volg dit dat die algemene reserwe altyd sover moontlik in 'n likiede vorm moet wees.

Die roterende kapitaal is 'n belangrike bron vir die finansiering van behoeftes van 'n mediumtermynaard. Dit is veral die geval met die meer korttermynvorme daarvan, naamlik heffingsfondse. Veral is dit geskik vir die groterwordende boerderybenodigdhede-aktiwiteit by die meeste koöperasies. Nie net moet hierdie aktiwiteite deur die koöperasie self gedra word nie, maar ook die daarmee gepaardgaande voorrade, daar die Landbank nie hierdie tipe aktiwiteite finansier nie.

Dit wil egter nie sê dat roterende kapitaal net as 'n mediumtermynfinansieringsmiddel gebruik kan word nie. Die ledeheffingsfonds, asook die uitgestelde bonusbetalingsfonds, roteer gewoonlik eers by die dood of uittrede van die lid en is as sodanig langtermyn- en selfs permanente kapitaal, veral indien die boer lank 'n lid van die koöperasie bly. Veral om die uitbreiding van geboue of die skeep van nuwe fasiliteite mee te finansier is hierdie vorme baie geskik, veral omdat dit ook goed inpas by die aanpasbare roterende fondsbeginneel.

'n Verdere aspek van roterende fondse is dat dit nie net die risikokapitaal van die koöperasie verhoog nie, maar ook die lid se kredietwaardigheid proporsioneel met sy omset laat verander. Dit vorm saam met sy aandelebesit 'n basis vir

kredietverskaffing aan die lid.

Wat lenings as 'n verdere vorm van koöperatiewe finansieringsmiddel aanbetref, is daar eerstens die Landbanklenings. Die Landbanklenings aan koöperasies word verdeel in korttermyn- of sogenaamde kaskredietlenings, en paaientlenings (langtermynlenings). Mediumtermynlenings word nie aan koöperasies gegee nie.

Die korttermynlenings is nie slegs bedoel om voorskotte of betalings te maak ten opsigte van produkte wat deur produsente gelewer word nie, maar ook om lede van koöperasies te voorsien van saad, bemestingstowwe, insektedoders, pakmateriaal, berokingsmiddele en ander primêre produksiemiddele. Hierdie lenings is dus hoofsaaklik om die koöperasie met die bemarkingsproses te help. Behalwe in uitsonderlike gevalle word hierdie lenings nie vir die betaling van bedryfsuitgawes toegestaan nie. Ook word dit nie toegestaan vir verwerking of die finansiering van aankope van implemente, ens. deur die lede nie.

Die sekuriteit vir hierdie korttermynlenings is redelik omvattend. Dit is in elk geval duidelik dat daar nie veel sekuriteit vir ander buitelenings van korttermynaard naas dié by die Landbank oorbly nie. Vir so 'n koöperasie wat hiervoor van die Landbank gebruik maak, sal addisionele buitekrediet dus hoofsaaklik op die kredietwaardigheid van die koöperasie via sy bestuur moet berus.

Wat die langtermynlenings van die Landbank aanbetref, is dit beperk tot die sogenaamde paaientlenings. Hierdie lenings word aan koöperasies toegestaan vir die doel om vaste eiendom of kapitaal bates aan te skaf, soos byvoorbeeld grond, geboue, masjinerie, ens. Hierdie tipe lenings is dus net vir die kapitale toerusting van die koöperasie bedoel, en dan ook net vir die verrigting van primêre funksies, dus daardie funksies wat die boer andersinds self sou moes verrig het. Die aankoop of finansiering van duur kapitale toerusting vir sekondêre verwerking of ten behoewe van hulle lede is nie hieronder inbegrepe nie.

Om dus saam te vat: wat die korttermynlenings deur die Landbank aanbetref, is dit 'n uiters geskikte bron vir die finansiering van primêre bemarking en die voorsiening van produksiekrediet aan lede. Die langtermynlenings is egter slegs

geskik vir periodes van nie langer as 20 jaar nie. Die Landbank is dus geen bron van kapitaal vir permanente finansieringsbehoefte nie. As bron van langtermynkapitaal neem die Landbank egter 'n redelik belangrike plek in, veral ten opsigte van die finansiering van massahantering- en opbergingsfasiliteite.

Wat die handelsbanke aanbetref, is hulle uit hulle aard net op die finansiering van korttermynbehoefte gerig en kan hulle ook nie aangepaste krediet aan die landbou verleen nie.

'n Laaste bron van finansiering is die huurfinansiering. Alhoewel die huurkontrak nie net spesifiek 'n koöperatiewe finansieringsvorm is nie, kan die belangrikheid daarvan vir die koöperasie nie geïgnoreer word nie. Die huur van vaste bates soos grond, geboue en bedryfstoeusting bring mee dat heelwat minder vaste kapitaal benodig word, en sodoende word meer bedryfskapitaal vrygestel wat weer die likiditeit en weerstandvermoë van die koöperasie kan vergroot.

Daar is egter ook heelwat probleme verbonde aan die huur van toerusting, ens. As gevolg van die feit dat die koöperasie se toerusting dikwels baie gespesialiseerd is, byvoorbeeld graansuiers of tabakverwerkingsmasjinerie, sal dit nie maklik te huur wees nie. Verder is heelwat van 'n koöperasie se geboue op die platteland gevestig (veral takke en depots), waar die moontlikhede vir herverhuring baie skraal is. Verhuring sal dan waarskynlik te duur wees om nog ekonomies te wees.

Nadat die koöperatiewe finansieringsmodel opgestel en die middele ter finansiering daarvan nagegaan is, is toe aandag aan die finansiering van die landboukoöperasies in Suid-Afrika gegee. Om die praktiese verloop beter te verstaan en meer realisties te maak, is die verskeie produktegroepe nie net apart behandel nie, maar is die produktegroepe ook per grootte-groepe verdeel. Dit is gedoen omdat die verskeie produkte van mekaar verskil ten opsigte van hulle finansiering, maar ook omdat ons weer binne dieselfde groep koöperasies ook weer verskille ten opsigte van die verskeie grootte koöperasies kry.

By die finansiële analise van die praktiese verloop is van die beginsel van die natuurlike jaar-analise uitgegaan, daar dit nie net die jaareindsyfers verteenwoordig nie, maar

ook die minimum kapitaalbehoefte per produk. Die natuurlike jaar-analise is veral uit 'n doelmatigheidsoogpunt ook in ooreenstemming met die aanpasbare roterende kapitaalplan, omdat dit die finansiële effektiwiteit per omset, en veral die veranderinge daarin, aantoon. Die statistiek was egter nie sodanig beskikbaar om die aanpasbare roterende kapitaalplan ook per lid toe te pas nie.

10.6 Die praktiese verloop van die koöperatiewe finansiering

10.6.1 Koringkoöperasies

By hierdie koöperasies bestaan die aktiwiteite hoofsaaklik uit bemarking, hoewel boerderybenodigdhede 'n al belangriker onderdeel begin uitmaak. Veral as gevolg van die feit dat die vraag die aanbod van koring gereeld elke seisoen oortref, vind hier dus baie min voorraadvorming plaas. Kapitaal word dus nie vir lang tydperke vas belê in die produksieproses nie, hoewel die stygende benodigdhede-aktiwiteit hierin 'n verandering begin bring.

Wat die kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt betref, vind ons dat die eie kapitaal by hierdie groep koöperasies effens styg, maar dat dit nog maar min of meer die helfte van die totale kapitaal aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar uitmaak. Die posisie is by die groter koöperasies beter as by die kleineres. Hierdie eie kapitaal bestaan hoofsaaklik uit reserwes, en die reserwes hoofsaaklik uit algemene reserwes, iets wat koöperatief heeltemaal verkeerd is. As ons in aanmerking neem dat hierdie syfers die posisie aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar verteenwoordig, dan moet ons by hierdie groep beslis meer langtermynkapitaal vir die minimumbehoefte in hierdie verband kry. Dit is veral die geval omdat boerderybenodigdhede al belangriker word, en dus ook die gepaardgaande voorrade. Nie net moet die koöperasie hierdie aktiwiteit op eie risiko onderneem nie, maar moet dit ook grootliks met eie fondse onderneem word omdat die Landbank dit nie finansier nie. Dit beteken dus dat die balansstaatsyfer al meer langtermynbehoefte impliseer wat met eie kapitaal gefinansier moet word. Gesien teen die

stygende boerderybenodigdhede, moet ook mediumtermynkapitaal vir die finansiering van die lopende behoeftes by boerderybenodigdhede veral in die vorm van roterende kapitaal, hier dus heelwat verbeter. Dit is veral die geval by die kleiner koöperasies. Op die oomblik wil dit voorkom of by sekere koöperasies korttermyn leenkapitaal van die Landbank in 'n mate vir die finansiering van hierdie mediumtermynbehoefte gebruik word, hoewel hierdie saak aan die verbeter is by die groter koöperasies.

Uit ekonomiteitsoogpunt sal die finansieringstruktuur van hierdie koöperasies dus moet verander, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat boerderybehodigdhede, waar die risiko heelwat meer is as by bemarking van die produkte onder 'n gewaarborgde prys van die beheerraad, al belangriker word. In hierdie verband is meer eie kapitaal noodsaaklik, maar dan moet dit vir 'n baie kleiner gedeelte uit reserwes bestaan. Aan die anderkant sien ons egter dat die gewaarborgde afset by bemarking van koring, veral as gevolg van die binnelandse tekort, en dus die relatief kort seisoen, nie so baie eie kapitaal vra nie. Die feit dat die huidige eie kapitaalposisie by hierdie groep redelik is en aan die verbeter is, moet dus as bemoedigend beskou word. Nietemin sal eie kapitaal nog moet verbeter aangesien die verhouding van vaste bates tot eie kapitaal op die natuurlike minimum redelik swak is en nie juis verbeter nie.

Wat die koringkoöperasies uit doelmatigheidsoogpunt betref, is daar 'n verbetering. Die totale kapitaal per R100 omset gebruik, is aan die daal, veral ten opsigte van vreemde kapitaal. Die stygende gebruik van eie kapitaal per R100 omset, wat hoofsaaklik spruit uit die groter behoefte aan langtermynkapitaal ter finansiering van boerderybenodigdhede, bestaan egter hoofsaaklik uit reserwes, veral algemene reserwes. Aandelekapitaal en roterende fondse hou dus minder tred met die styging in en verandering van die omset as wat dit die geval met reserwes is. Dit is iets wat as onkoöperatief beskou moet word.

Wat die likiditeit en solvabiliteit van die koringkoöperasies aangaan, is dit redelik. Daar die oorgrote meerderheid van die aktiwiteite op gewaarborgde bemarking neerkom en die koringtekort en mededingingstruktuur nie verdere verwerk-

ing deur hierdie koöperasies vra nie, lyk dit nie of hierdie koöperasies probleme in hierdie verband gaan kry nie.

Dit lyk dus asof die koringkoöperasies se kapitaalstruktuur uit ekonomiteits- en doelmatigheidssoogpunt aan die verbeter is. Daar is egter nog heelwat ruimte vir verbetering, veral ten opsigte van meer permanente en langtermynkapitaal. Ook moet die vergrote aandeel van reserwes hieraan verminder word, en die bestaande algemene reserwe moet in elk geval sover moontlik op lederekenings oorgeskryf word.

10.6.2 Mieliekoöperasies

Hierdie koöperasies se aktiwiteite bestaan meesal uit bemarking, maar dit daal effens verhoudingsgewys tot boerderybenodigdhede. Bemarking bly egter die belangrikste aktiwiteit. As gevolg van die groterwordende tendens tot oorskotte by mielies, kry ons dat die seisoen al langer gerek word, met die gevolglik vergrote voorrade wat na 'n volgende seisoen oorgedra word. As gevolg van die vergrote belangrikheid daarvan kry ons dat voorrade van boerderybenodigdhede ook vergroot word. Dit bring alles mee dat kapitaal vir al langer periodes in die produksieproses opgesluit word.

Wat die kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt betref, vind ons dat die eie kapitaal aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar taamlik swak is en nie juis verbeter nie. Hierdie eie kapitaal bestaan hoofsaaklik uit reserwes, en dan veral uit algemene reserwes by die groter koöperasies. Aandelekapitaal en roterende kapitaal is min en verbeter nie juis as aandeel van die totale eie kapitaal nie. Op die natuurlike minimumpunt vorm korttermynlenings van die Landbank die belangrikste finansieringspos, en hierdie posisie verbeter nie juis nie. Dit is heeltemal verkeerd, want 'n al groter deel van hierdie voorrade is boerderybenodigdhede, wat die minimum belegging daarin verteenwoordig. Dit beteken dat korttermynleningskapitaal van die Landbank vir die finansiering van medium- en selfs langtermynbehoefte van die koöperasies gebruik word. Dit is veral by die kleiner koöperasies die geval.

Koöperatief gesien, moet eie kapitaal by hierdie groep

beslis heelwat verbetering toon en beslis ook uit minder reserwes bestaan. By die natuurlike minimum word vaste bates wel grootliks deur eie langtermynkapitaal gedek (hoewel grootliks reserwes), maar daar bly nie juis veel langtermyn eie kapitaal oor vir die minimum belegging in boerderybeno-dighede, voorrade, ens. nie. Dit kan in die toekoms 'n groot probleem skep, want hierdie koöperasies sal in die toe-koms al meer moet begin verwerk. Sodanige verwerking sal heelwat risiko meebring omdat dit nie onder 'n gewaarborgde vaste prys geskied nie en dus heelwat meer eie kapitaal sal vra. Verder bring die lae aanbodselasticiteit en die groter oorskotte al meer mee dat daar produktevoorrade is wat 'n permanente kern begin vertoon. Die finansiering hiervan sal met eie langtermynkapitaal moet geskied.

Wat hierdie groep se kapitaalstruktuur uit doelmatigheids-oogpunt betref, bly die eie kapitaal per omset min of meer dieselfde. Leenkapitaal, veral die van 'n meer korttermyn-aard, verloop egter stygend by die klein- en middelgroep koö-perasies maar by die groot koöperasies bly dit min of meer dieselfde. Die kleiner koöperasies se totale kapitaal per omset word dus al duurder, iets wat nie die geval by die gro-ter koöperasies is nie. Die groter koöperasies gebruik ook minder totale kapitaal per R100 omset as die kleiner koöpera-sies.

Die likiditeit en solvabiliteit van die mieliekoöpera-sies is relatief swak. Veral by die kleiner koöperasies is dit duidelik dat te veel op die beskerming van die beheerraad gesteun word; vandaar dan ook die gebruik van korttermynka-pitaal vir die finansiering van mediumtermynbehoefte, en die gevolglik verswakte likiditeit.

Wat die mieliekoöperasies oor die algemeen aanbetref, lyk die kapitaalstruktuur uit ekonomiteits- en doelmatigheids-oogpunt nie te goed nie, en is daar ook nie juis 'n tendens tot verbetering daarvan nie. Dit geld veral by die kleiner koöperasies. Eie langtermynkapitaal moet dus by hierdie groep heelwat vergroot word, veral in die vorm van reserwes en ro-terende kapitaal. Ook moet mediumtermynkapitaal by hierdie groep beslis verbeter word, veral eie kapitaal in die vorm van roterende kapitaal.

10.6.3 Tabakkoöperasies

Hierdie groep koöperasies se aktiwiteite bestaan grootliks uit die bemarking en verwerking van tabak, terwyl boerderybenodigdhede 'n minder belangrike rol speel. Die bemarkingseisoen duur egter redelik lank omdat die verwerking oor 'n lang periode uitgestrek word en die fabrikante nie altyd dadelik die verwerkte produk kom verwyder nie. Kapitaal word dus vir 'n geruime tyd in die produksieproses opgesluit.

Wat die kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt betref, vind ons dat die eie kapitaal aan die einde van die natuurlike besigheidsjaar baie goed is. Die posisie verbeter selfs by die groter koöperasies, maar verswak effens by die kleineres. Eie kapitaal bestaan by hierdie koöperasies hoofsaaklik uit roterende fondse wat tot dood of uittrede roteer, en dit vorm dan ook die belangrikste onderdeel van die totale kapitaal. Aandelekapitaal is nie belangrik nie, terwyl die reserwes ook redelik laag bly. Van belang is die feit dat die langtermyn leenkapitaal by hierdie groep al meer met langtermyn eie kapitaal vervang word. Vaste bates word dan ook geheel uit eie langtermyn kapitaal gefinansier, en hierdie verhouding verbeter steeds. Ons vind egter dat die korttermynlenings by die kleiner koöperasies stygend neig, blykbaar as gevolg van duurder administrasie.

Wat die kapitaalstruktuur uit 'n doelmatigheidsoogpunt betref, blyk dit dat die kleiner koöperasies al meer totale kapitaal per omset gebruik, ten spyte van die feit dat hulle omset nie juis verhoog nie. Dit weerspieël 'n onvermoë om die meganiese verwerking van tabak finansiëel suksesvol te onderneem. By die groter koöperasies daal die kapitale poste per R100 omset. Dit lyk dus asof die groter koöperasies beter in staat is om jaarliks tot die natuurlike minimum te likwideer en sodoende hulle funksie doeltreffender te verrig.

Wat die likiditeit en solvabiliteit van hierdie groep koöperasies aangaan, verswak dit by die kleiner koöperasies, maar is dit redelik en verbeter by die groter koöperasies.

In sy geheel gesien is die kapitaalstruktuur van die tabakkoöperasies uit ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt goed en dit verbeter veral by die groter koöperasies in die groep. Veral verblydend is die feit dat die finansierings-

praktyk grootliks in ooreenstemming is met die koöperatiewe model van finansiering, veral ten opsigte van die aangepaste roterende kapitaalbeginsel. By die kleiner koöperasies egter verswak die posisie, iets wat gevaarlik is omdat bemarking by hierdie koöperasies onder toestande van groot direkte risiko's vir die koöperasies geskied.

10.6.4 Sitruskoöperasies

Die aktiwiteite van hierdie groep koöperasies bestaan hoofsaaklik uit bemarking, alhoewel die aandeel van boerderybenodigdhede al meer begin styg. Boerderybenodigdhede hang hier egter baie nou saam met die bemarkingsaktiwiteit, omdat dit grootliks uit pakmateriaal bestaan. Die seisoen is dus redelik kort van duur, sodat kapitaal nie vir baie lang periodes daarin opgesluit word nie.

Wat die kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt aanbetref, is die eie kapitaal belangrik, en dit styg selfs. Dit bestaan grootliks uit roterende kapitaal, maar wat slegs oor 'n medium termyn roteer. Aandelekapitaal is besig om te daal, terwyl die reserwes, veral die algemene reserwes, besig is om te styg. By hierdie koöperasies kry ons gevolglik toenemend die tendens dat die langtermynlenings besig is om te daal, en dat die vaste bates al meer met eie kapitaal gefinansier word. Hierdie stygende eie kapitaal is egter in 'n groot mate van 'n meer mediumtermynaard. Eintlik word eie kapitaal veral van 'n langtermynaard, belangriker by hierdie groep koöperasies, omdat die verpakking van sitrus al meer vaste bates benodig. Ook die toenemende hulpdienste van die koöperasie by produksie en bemarking vereis al meer langtermyn eie kapitaal, veral aangesien die bemarkingsrisiko groot is. Die feit dat die vergrote belangrikheid van koöperatiewe pakhuise juis met roterende fondse gefinansier word, is koöperatief gesien 'n stap in die regte rigting. 'n Minder goeie tendens is egter die feit dat die korttermynlenings veral by die kleiner koöperasies stygend verloop, wat dui op 'n neiging om langtermynbehoefte met korttermynfondse te finansier.

Wat die kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt betref, vind ons dat die totale kapitaal per R100 omset by die kleiner koöperasies stygend verloop, veral as gevolg van die

vergrote behoefte aan pakhuisfinansiering. By die groter koöperasies daal die kapitaal gebruik per omset egter. Dit wil dus lyk asof die groter koöperasies die kapitaal meer effektief gebruik en die kleiner koöperasies al minder effektief. Die kleiner koöperasies sal dan ook langsamerhand moet amalgameer om die stygende meganisasiëekoste die hoof te bied.

Samevattend blyk dit dat die sitruskoöperasies se kapitaalstruktuur uit ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt redelik is, behalwe dat die eie kapitaal uit meer langtermynvorme soos aandele en uit minder reserwes moet bestaan. Verder lyk dit of die kleiner koöperasies al meer aan effektiwiteit inboet, en dus net deur die sterk sentrale gedra word.

10.6.5 Wynkoöperasies

By hierdie groep bestaan die omset feitlik geheel en al uit die bemarking en verwerking van die druiwe, met boerderybenodigdhede as 'n klein onderdeel van die totale aktiwiteite. Die bemarkingseisoen is redelik kort, maar die voorraadhouding van die wyn rek die seisoen weer uit, sodat kapitaal dikwels vir 'n redelik lang termyn in die koöperasie opgesluit lê.

Wat die kapitaalstruktuur uit ekonomiteitsoogpunt betref, is die eie kapitaal die belangrikste en neig dit om te verbeter. Die reserwes is nie net die belangrikste deel van die eie kapitaal nie, maar ook van die totale kapitaal. Die verhouding van die reserwes tot die eie kapitaal styg effens, maar dit is nie baie groter as die aandeel van aandelekapitaal nie. Leenskapitaal, wat hoofsaaklik uit langtermynlenings bestaan, neig egter dalend. Daar is dus 'n neiging tot groter langtermyn eie kapitaal by hierdie groep. Dit is in ooreenstemming met die stygende bemarkingsomset en die groter kapitaalintensiteit wat bemarking meebring. Die vaste bates word dan ook in totaal uit eie kapitaal gedek. Die behoefte aan langtermyn eie kapitaal sal in die toekoms nie baie uitgebrei by hierdie groep nie, aangesien verdere verwerking nie nodig is nie, en die K.W.V. as genoegsame teenmag teen enige monopolistiese toestande wat die koöperasies mag bedreig, kan optree. Die toenemende belangrikheid van aandele by hier-

die groep koöperasies kan verklaar word deur die feit dat baie van hierdie koöperasies se statuut bepaal dat die lid se aandelekapitaal elke paar jaar in ooreenstemming met sy omset by die koöperasie aangesuiwer moet word. Die aandelekapitaal is egter nog nie genoegsaam in vergelyking met die reserwes nie.

Wat die kapitaalstruktuur uit doelmatigheidsoogpunt aangaan, gebruik die wynkoöperasies al minder eie en vreemde kapitaal per omset. Veral lang- en korttermynleenkapitaal het per omset heelwat gedaal. Nie alleen is dit 'n koöperatief gewenste ontwikkeling nie, maar raak die finansiering by hierdie groep ook al meer doelmatig.

Die likiditeit en solvabiliteit van hierdie groep koöperasies is goed en dit verbeter, en dit ten spyte van die feit dat die beskerming wat die K.W.V. aan hierdie koöperasies bied likiditeit en in 'n mindere mate solvabiliteit nie so belangrik maak nie.

Wat die wynkoöperasies dus aanbetref, blyk dit dat die kapitaalstruktuur uit ekonomiteits- en doelmatigheidsoogpunt korrek is en dat dit verbeter. Die belangrikheid van algemene reserwes moet egter verminder word.

10.6.6 Suiwelkoöperasies

